D I E

N A S I O N A L E E N P O L I T I E K E

B E W U S W O R D I N G

V A N D I E

A F R I K A N E R I N M I G R A S I E

E N

S Y O N T L U I K I N G I N T R A N S G A R I E P

T O T 1 8 5 4

deur

M. C. E. VAN SCHOOR, M.A.(S.A.), M.Ed.(S.A.)

Akademiese proefskrif
ter voorlegging vir die graad Doctor Litterarum
in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan
die Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O.
Promotor: Prof. dr. D.W. Krüger, M.A., D.Litt.

1961

Opgedra aan Mamma wat so veel moes opoffer en so lank moes wag, en aan Marina, Tienie, Chrisjan en Isabeth wat so dikwels vir Pappa moes ontbeer.

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

VOORWOORD .. .. v - viii

HOOFSTUK I

„EERSTE GOEDE BOEREN....." .. .. 1 - 53

Nederland as bakermat - Afwenning van Nederland - Duitse en Franse aanwas - Selfstandige en afgesonderde veeboer-bestaan - Reaksie teen die Kompanjies-beleid - Die Patriotbeweging - Open-like verset teen die Kompanjiesbewind - Die vormaanneming van 'n Afrikanervolk teen die einde van die 18de eeu - In-vloede van die eerste Britse bestuur - Uitwerking van die Bataafse bestuur.

HOOFSTUK II

„STRYDIG MET DEN MURG DER AFRICAANDERS" .. 54 - 89

Konsolidasie en sentralisasie van Brit-se staatsgesag oor die Kaapkolonie - Uitwerking van die verengelsingspro-ses - Verskille in uitkyk op rasse-verhouding en grensbeleid - Ontluik-ing van 'n vryheidsdrang.

HOOFSTUK III

„SOO SULLEN WY DAAR TOT EEN VOLK WORDEN" .. 90 - 142

'n Vryheidstrewe gaan in vervulling - Die roepingsgedagte by die Emigrante - Daarstelling van eie bestuursinstel-linge - Voortgesette afkeer aan die Britse gesag en inmenging - Formulering en toepassing van 'n eie inboorlingbe-leid - Uitwerking van inboorlingbe-dreiging - Volksgevoel en -eenheid in die smeltkroes.

HOOFSTUK IV

„TOT ANDERKANT UIT....." .. .. .. 143 - 183

Onderskeid tussen Trekker en Trekboer - Prikkelinge vir 'n sterk volksgevoel

by die Trekboere ontbreek - Vestiging Trekboere in Transgariep - Lojaal- versus republikeinsgesindes - Reaksie teen Britse inmenging en anneksasie - 'n Loutering van ideale.

HOOFSTUK V

„WY BEHOORT AAN EEN EN DEZELFDEN ZAAK" .. .. 184 - 243

Verset teen Britse opdringing en beskouinge - 'n Gewapende demonstrasie - Differensiëring van politieke groeperinge - Gemeenskaplike grondslae en faktore vir die geleidelike konsolidering van die Afrikaner in Transgariep - Die Britse inboorlingbeleid en die omvorming van lojaalgesindes tot republikeinsgesindes - Republikeine steeds in verset.

HOOFSTUK VI

„DE ZAAK IS ZEER GEWIGTIG" .. .. 244 - 295

Die Britse hand trek terug - Vrugtelose pogings om die Britse gesag ten suide van die Vaal te konsolideer - Onderliggende faktore wat tot verdere volksvorming bygedra het - Uitwerking van 'n Britse bevolkingselement - Die koms van Clerk - 'n Smeulende volksgevoel kom tot ontwaking.

BIBLIOGRAFIE .. .. 296 - 311

REGISTER .. .. By eventuele publikasie.

V O O R W O O R D

„Political nationality is a very complicated matter as it depends on a sufficient degree of national consciousness which cannot be observed and measured by exact methods." - F. Herz.[1]

Toe hierdie studie in die loop van 1948 aangepak is, was die oogmerk 'n ontleding van die politieke oriëntering van die Afrikaner in die Oranje-Vrystaat vir die tydperk 1854 tot 1881. Dit het spoedig geblyk dat die begrip „politieke oriëntering" eers sinvol begryp kan word as dit deur 'n studie van die Afrikaner se ontluikende nasionale bewussyn voorafgegaan en in die lig daarvan beskryf word. Skrywer hiervan het dus 'n geruime aantal jare vóór die verskyning van dr. F.A. van Jaarsveld se werk, Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, hom met dieselfde onderwerp besig gehou. Waar dr. Van Jaarsveld se werk die klem op die tydperk van 1868 tot 1881 laat val, die tydperk waarbinne 'n Afrikaanse nasionale selfbewuswording s.i. hom vir die eerste keer kennelik openbaar,[2] en hy die tydperk van 1836 tot 1868 slegs as inleiding aangebied het, het die skrywer van hierdie verhandeling die probleem van die ontluiking van 'n nasionale en politieke bewuswording, volksgevoel of volksbewussyn teruggevoer na sy embrionale stadium in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die gedagte was aanvanklik dat dit slegs 'n inleiding tot politieke oriënteringe in die Oranje-Vrystaat moes dien, maar dit het mettertyd so 'n omvang aangeneem dat dit tot 'n

---

1) Hertz, F., Nationality in History and Politics, (Londen, 1944), p.3.

2) Dat skrywer hiervan nie tot dieselfde gevolgtrekkinge as dr. Van Jaarsveld kom nie, sal uit die vervolg op hierdie proefskrif blyk.

selfstandige onderwerp uitgegroei het en wel met die titel waaronder dit nou aangebied word, nl. Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854. Die titel van die werk dui daarop dat die studie, ten spyte van sy omvangryke „inleidende" karakter, steeds op die Oranje-Vrystaat gerig bly. Dit betrek nie die Afrikaners wat in die Kaapkolonie agtergebly of hulle wat na Transvaal deurgetrek het nie, en bly dit dus desiderata wat die intensiewe aandag van historici moet geniet. Die voortgesette studie, Politieke oriëntering in die Oranje-Vrystaat, met die by-titel, Die ontluiking van die Afrikaner se politieke en nasionale bewussyn in die Oranje-Vrystaat, wat as sentrale probleemstelling geld, is reeds tot by die jaar 1864 voltooi en sal binnekort ter publikasie voorgelê word, vandaar dat hierdie proefskrif nie 'n samevatting of beredeneerde gevolgtrekking aan die einde insluit nie. Gevolgtrekking sal voorasnog uit die behandeling van die stof self moet spreek, en aan die eindpunt van die studie, wat tans op 1902 of selfs 1910 gestel word, sal 'n finale en omvattende samevatting en besluit verstrek word.

Hoe die probleem van die ontluiking van 'n nasionale en politieke bewussyn by die Afrikaner voor en tydens sy vestiging in die landstreek tussen die Oranje- en Vaalriviere behandel is, sal uit die verwerking van die historiese bronne en materiaal vanself moet spreek. Daar word volstaan met die opmerking dat die skrywer hiervan van die standpunt uitgegegaan het dat die begrip „nasionale bewussyn" of „volksbewussyn" sy ontstaan, ontluiking of ontwaking aan veel meer gekompliseerde en dikwels verskuilde faktore te danke het as wat historici tot dus ver in aanmerking geneem het. Skrywer hiervan is kennelik bewus dat die laaste woord nog lank nie gespreek is t.o.v. wat 'n Afrikaanse nasionale bewussyn laat ontstaan het nie, en as hy hom wel soos ander daaraan skuldig gemaak het om die ontluiking van hierdie nasionale bewussyn

te veel vanuit 'n „politieke" hoek te benader, is dit naas persoonlike onvermoë om alle gesigspunte raak te sien, ook aan die feit toe te skryf dat hy voortdurend met die jammerlike gebrek aan 'n omvattende geestes- en sosiale geskiedenis van die Afrikaner moes worstel.

* * *

Aan my promotor, prof. dr. D.W. Krüger, wie se geduld ek so tot die uiterste beproef het, is ek ontsaglik veel te danke vir sy wetenskaplike leiding, akademiese voorligting, persoonlike aanmoediging en die feit dat hy die leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing so sterk by my ingeskerp het. Ek ag dit 'n eer en voorreg om as een van sy talryke promovendi gereken te word.

My dank aan my kollega, dr. J.J. Oberholster, vir die samesprekinge wat ons dikwels oor my studie gevoer het, maar veral vir die persoonlike opofferinge wat hy sowel as die hoof van die Departement van Geskiedenis van die U.O.V.S., prof. dr. C.J. Uys, hul getroos het om my akademiese verpligtinge en verantwoordelikhede so in te deel dat ek in staat gestel is om my studies af te rond.

Voorts my dank aan mnr. A.J.H. Maree, wat intussen met pensioen uit die diens van die Vrystaatse Staatsargief getree en soveel bygedra het om my navorsing nie 'n las nie, maar 'n lus te maak, omdat sy lewe daaruit bestaan het om die publiek en by uitstek die historiese navorser te dien. Ook dank aan die hulpvaardigheid van argiefamptenare in ander depots. Ek is ook veel verskuldig aan dr. F.I.J. van Rensburg en mnr. S.I. Malan by wie ek tydig en ontydig om taalkundige hulp en raad kon aanklop. Kollegas soos mnre. P.C. Fourie en A. Reitsma, en my destydse skoolhoof, mnr. A.G.S. Meiring, sal ook sonder opgaaf van redes weet waarom ek hulle nie by my dankbetuigings vergeet nie.

My navorsingswerk is veral moontlik gemaak deur 'n finansiële toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing en 'n beurs van die Voortrekker Gedenkfonds. Daarsonder sou navorsingswerk sonder geldelike bekommernisse nie moontlik gewees het nie. Dank ook aan die Registrateur en administratiewe personeel van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. vir hul vriendelike en bedagsame optrede ten spyte van die feit dat ek as 'n „verwyderde" student vir hulle heelwat bykomende laste moes besorg het.

Ten slotte betuig ek my erkentlikheid teenoor verskeie leermeesters van my skool- en studentejare en veral my vader en moeder wat, naas die goeie Gewer van alle dinge, by my 'n liefde vir die Geskiedenis en 'n historiese sin gekweek het.

M.C.E. van Schoor.

Bloemfontein,
10 Oktober 1961.

H O O F S T U K I.

„EERST GOEDE BOEREN ....."

'n Eeu vóór die vestiging van 'n blanke nedersetting aan die Kaap in 1652 was daar van 'n Nederlandse volkstaat in die moderne sin van die woord nouliks enige sprake. „Terwijl het hartstochtelijk besef van een eigen volk te zijn, opbruist in de Geuzen-liederen," verklaar prof. J. Huizinga, „zocht Oranje nog moeizaam en schier zonder uitzucht op welslagen naar den vorm, waarin een staat der Nederlanden, hoe dan ook, zich zal kunnen handhaven..... En dan staat daar opeens die jonge, nieuwe staat gebrekkig gegrondvest op de Unie van Utrecht."[1]

Verskeie faktore het tot die ontluiking van 'n Nederlandse nasionale bewussyn en die vorming van 'n eie volkskarakter meegewerk. Weens sy hidrografiese bodemgesteldheid was Nederland voorbeskik om 'n land van seeliede, vissers, kooplui en kleinboere te word en het dit van die staanspoor 'n demokratiese karakter aan sy nasionale vorming verleen. Die ontstaan van klein en talryke gemeenskappies het die opkoms van 'n sterk feodale adel en groot grondbesit verhinder, asook die groei van 'n sterk sentrale gesag vertraag, tot 'n tydstip toe die individualistiese karakter reeds gevorm was.[2] Hierbenewens was daar ook die eeu-oue stryd teen die see wat individuele verantwoordelikheid verskerp, en die omvangryke visserbedryf wat veral op persoonlike inisiatief berus het. Ook die snelle opbloei van die handel en skeepvaart, wat vanself groter selfstandigheid in die hand gewerk het, het die vroeë ontwikkeling van die stede tot gevolg gehad. Binne enge grense is 'n veelheid van klein stede gehuisves waarin elke gemeenskap „hun eigen recht kregen en min of meer hun

---

1) Huizinga, J., Nederland's Beschaving in de Zeventiende Eeuw (Haarlem, 1941), pp.13-14.
2) Romein, J., In Opdracht van de Tijd (Amsterdam, 1946), pp.156-157.

eigen leven leefden."[3]

Met hierdie milieu as voorvorm het die Nederlandse volksbesef en karakter in die loop van die 16de eeu só 'n beslag verkry dat die Nederlander se persoonlike en politieke vryheid, tydens die Tagtigjarige-oorlog in die daarstelling van die eerste moderne republiek van Wes-Europa, tot volle ontplooiing gekom het. Hiermee is die enge middeleeuse vryheidsbegrip ook omvorm tot wat Huizinga uitdruk as „een idee van same streven en samen lijden, een idee die beperkter en gebondener was dan de vryheidsidee der achtiende eeuw, maar zeker niet minder zuiver en noch minder effectief."[4]

In teenstelling met die toenmalige staatsabsolutisme het die Republiek van die Verenigde Provinsies hom veral onderskei vanweë sy gedesentraliseerde stedelike outonomie, provinsiale bestuur en kleiner gedifferensineerde gesags- en bestuurskringe wat aan hierdie staatsvorm 'n besonder verligte burgerlike en demokratiese inslag verleen het. Die bewuste handhawing van hierdie vryheid teenoor die uitbreiding van onbeperkte staatsgesag was van die staanspoor dan ook één van die kern-probleme van die jong Republiek, wat later tot 'n felle stryd ontbrand het.[5]

Naas die grondvesting en heroïese verdediging van die onafhanklikheid van die vrye Noordelike Provinsies teen die magte van Filips II, het hierdie oorwinning oor die Katolieke Kerk die oppermag en vryheid van die Protestants-Christelike godsdiens in Nederland verseker. Hierdie verbreking van die middeleeuse Katolieke-eenheid en losmaking uit 'n universele Kerk het nie slegs die Nederlander se nasionale selfstandigheid versterk nie, maar trouens ook 'n nasionale krag geword.

---

3) Huizinga, op. cit., pp.39-40.
4) Ibid., p.40.
5) Geyl, P., Geschiedenis van de Nederlandse Stam. Deel I. (Amsterdam, 1930), p.009; vgl. ook Huizinga, op. cit., pp.40-43.

Veral die invloed van Calvyn se leerstellinge was 'n beslissende faktor vir die voortgang en behoud van hierdie nuwe en vrye staat. Naas die geloofskrag, vertroue en selfstandigheid wat dit vir die enkeling sowel as die maatskappy ten grondslag gelê het, het die godsdienspraktyk van die Calvinisme ook 'n onvermydelike demokratiese vorm aangeneem. „Uit het volk gesproten," skryf Huizinga, „spraken de predikanten het Woord Gods met de stem des volks..... Uit de Kerk drong in het raadhuis het geluid van een niet-aristokratisch volksbesef door."[6]

* * *

Gedurende die eerste kwart-eeu ná die stigting van die verversingspos aan die Kaap in 1652, was die lede van die jong gemeenskap aan die voet van Tafelberg en omgewing van dieselfde geestelike dampkring van die 17de eeuse „Neder-Duitse" beskawing afkomstig.[7] Nederlanders het die grootste getal van die siele aan die Kaap uitgemaak, maar die Duitse liede, wat ook 'n aansienlike getal uitgemaak het, was uit 'n kultuurgebied afkomstig wat noue aansluiting met dié van die Nederlanders gevind het.[8] Daar is geen aanduiding of bewyse dat hierdie Duitse element hul ooit afsonderlik wou handhaaf of laat geld nie. Hoe dit ook al sy, hierdie mense was die produk van 'n Wes-Europese Christelike beskawing „wat selfbehoud en selfhandhawing steeds gesoek het in die najaag van vryheid in elke opsig."[9] Nieteenstaande die twee besondere

---

6) Huizinga, op. cit., p.76, pp.91-92 en pp.96-97.
7) Louwrens, J.E., Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die H.O.I.K.(Ms. D,Phil.- Verhandeling, Universiteit Stellenbosch, 1954), pp.72-75; p.92, pp.237-8 en bylae's 3, 4 en 5.
8) Bokhorst, M., Nederlands of Duits in Historiese Studies, Jaargang 2, nrs. 1 & 2, pp.104-110, ook Muller, J.W., De uitbreiding van ons taalgebied in de seventiende eeuw in De Nieuwe Taalgids, deel XV, pp.161 e.v., vgl. ook Hoge, J., Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806 in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Negende Jaargang, 1946.
9) Boshoff, S.P.E., Volk en Taal van Suid-Afrika (Pretoria, 1921), p.30; Van der Westhuizen, H.M., Die Kultuurbewuswording van die Afrikaner in die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel III,(Kaapstad, 1950), pp.45-46.

elemente waaruit die Kaapse samelewing van die begin af bestaan het, nl. die meer geletterde Kompanjiesdienare en die vryburgergemeenskap met sy samestelling van minder ontwikkelde handearbeiders, ontslane matrose en soldate, en innerlik-stabiele boere, het almal reeds in hul geboorteland tot die aanvaarding van 'n eie kultuur en volkseie-lewensbeskouing gekom. Hulle moes dus tot 'n groot mate volksbewus gewees het en sou hierdie besef van verwantskap en trou aan die moederland aanvanklik sterk op die voorgrond gestaan het, maar tereg is daarop gewys dat die patriotisme en nasionaliteitsgevoel van die 17de en 18de eeu in die algemeen nie soseer in die gedagte nie, maar meer in die sfeer van die gevoel en instink geleef het.[10]

In teenstelling met ander koloniale besittings van Nederland het talryke faktore aan die Kaap meegewerk tot die vervaging en uiteindelike verdwyning van die verwantskapsgevoel met die Nederlandse volk. Dieselfde stel faktore het egter ook gedien as prikkeling vir die strewe na selfverwesenliking by die Kaapse koloniste.

Die Nederlander se kenmerkende neiging om selfstandig sy weg te gaan, is reeds openbaar toe daar besluit is om na die Kaap te verhuis en daar 'n heenkome te soek. Terwyl die eerste koloniste, trouens ook die meeste wat hul later sou volg, nie besonder welgesteld was nie, kan hul verhuising stellig vertolk word as 'n begeerte „om metterhaest de sacken vol te rapen," maar daarby sou die 17de eeuse dadedrang „om uit te vaar en die wêreld te sien" ongetwyfeld ook aanwesig gewees het.[11] Die amptenare wat hul mettertyd vanweë hul karige salarisse uit die Kompanjiesdiens losgemaak en hul op die boerdery toegelê het, kon dit ook terwille van groter

---

10) Van der Westhuizen, op. cit., pp.46-47; Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encyclopaedie, Deel III (Amsterdam, 1947), p.181.

11) Godée Molsbergen, E.C., De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck (Amsterdam, 1912), p.109, en Boshoff, op. cit., pp 25-26.

materiële gewin gedoen het, maar die begeerte om hul van hul strenge diensvoorwaardes los te maak en 'n onafhanklike bestaan te voer, het hom ook ongetwyfeld laat geld.

Één van die belangrikste grondslae van die Afrikaner se selfstandigheidsin moet veral gesoek word in die feit dat die eerste vryburgers aan die Kaap boere geword en hul nakomelinge in hierdie beroep sodanig bestendig het dat die grootste gedeelte van die Afrikanerbevolking vir meer as twee eeue ten nouste en so te sê uitsluitlik daaraan verbonde was. Kommissaris van Goens het met sy rype insig ook die vormende karakter van die boerdery-beroep ingesien en verklaar: „Wij connen hier geen Edel Lieden werden voor dat eerst goede Boeren geweest syn....." Uit sy woorde moet ook afgelei word dat die vryburgers almal van dieselfde stand was en derhalwe mekaar as hul gelykes beskou het. Klasseskeiding was dus nie alleen van die begin af afwesig nie, maar die vorming daarvan is noodwendig deur die beoefening van 'n gemeenskaplike bedryf teengewerk.

Die vryburgers was nie net boere in die gewone sin van die woord nie, maar hulle was bewus en innerlik aangespoor om op 'n nuwe bodem vir hulle 'n vaste woonplek te maak waar hulle met hul gesinne 'n selfstandige bestaan kon voer. Die selfvertroue wat voortspruit deur eie grond te besit en daaruit so ver moontlik 'n selfstandige bestaan te maak, sou die vryburgers spoedig in 'n skerpe teenstelling stel met die meeste Kompanjiesamptenare wat bevordering na Batavia of Nederland verkies het. Weliswaar het somminge gefaal in die moeilike stryd om te bestaan en gevolglik weer tot die Kompanjiesdiens toegetree of na Patria teruggekeer, maar diegene wat in die boerdery volhard het, is in hul aanpassingsvermoë so gestaal dat hulle hul vryburgerskap weldra meer as net op hul grond sou beoefen.[12]

---

12) Godée Molsbergen, op. cit., p.123; Boshof, op. cit., p.36.

Aan die begin was die vryburgers meer in naam as in daad werklik vry, want vir baie jare sou hulle niks anders as voedsel-produserende „amptenare" van die Kompanjie bly nie. Dat hulle egter nie bereid was om langer as sy handlangers beskou te word en met sy onbuigbare monopolistiese handelsbeleid in te val nie, het binne 'n jaar na hul vestiging geblyk, toe hulle gedwing was om by die Kommandeur oor die toestande te kla en hulle uitdruklik verklaar het dat „wij gheen Compagnies slaven willen wesen." Ook die gebesigde woorde dat hulle „de beschermers van ons landt zijn," openbaar 'n wesensbelangrike faktor in die ontplooiing van 'n eie volksbewussyn, nl. dat hulle van hul materiële en geestelike vryheid bewus was.[13]

Die sewentiende eeuse boereplaas as 'n selfstandige en selfonderhoudende woonplek van die boere-huisgesin met sy gesonde patriargale gesinslewe, vaste tradisies en die boerderybedryf met sy strenge eise en aanspraak op deursettingsvermoë, aanpassing, beplanning en selfstandige oordeel, het dus van die staanspoor as een van die sterkste faktore in die vorming van die Afrikaner se karakter en sy volksbewussyn gedien. Gemeenskaplike beroepsbelange, die moeilike taak om die grond bewoonbaar te maak, al die inspanning en onnugteringe om hul in die akkerbou te handhaaf, sowel as die stryd om hulle as 'n klein gemeenskappie teen 'n onsimpatieke en kapitalistiese handelsinstelling te handhaaf, sou alles mettertyd bydra om die nodige solidariteits- en samehorigheidsgevoel by die vryburgers te kweek in 'n samelewing wat van die staanspoor georden en binne beperkte grense gekonsentreer was. Met reg is daarop gewys dat die boereplaas-idee 'n wesenlike band gevorm het „wat uiteenlopende elemente van die sewentiende eeu in-

---

13) Dagverhaal van Jan van Riebeeck, Commandeur aan de Kaap de Goede Hoop, Deel II (1656-1658), Werken van het Historisch Genootschap gevestigd te Utrecht, Nieuwe Serie No.58 ('s-Gravenhage, 1892), pp.595-611; en Boshoff, op. cit., p.36

nerlik nader byeengebring en dieper saamgesnoer het."[14]

* * *

Danksy die kolonisasieywer van Simon van der Stel het die verversingspos weldra die karakter van 'n kolonie aangeneem en het verskeie nedersetters hul in die valleie van die Eerste- en Bergrivier gevestig. Die uitbreiding en toename is verhaas deur die koms van die Franse Hugenote waardeur ook 'n nuwe en belangrike element by die Kaapse samelewing gevoeg is.

Afkomstig uit families, wat vir verskeie geslagte reeds die stryd teen die Katolisisme en opkomende koninklike absolutisme in Frankryk aangeknoop het, en afkomstig uit die kringe van stedelike handelaars, nyweraars en handearbeiders het hierdie Franse vlugtelinge dieselfde mate van kultuurbewustheid en -agtergrond as die Nederlandse vryburgers besit. Ten spyte van hul andersoortige volksaard het hulle besonder bevrugtend op die Nederlandse en Germaanse tradisies ingewerk, en het hul sterk ontwikkelde selfstandigheidsin, individualisme, geloofsvolharding en innerlike godsvertroue baie daartoe bygedra om die ontluikende onafhanklikheidsgevoel en selfbewussyn van die Kaapse koloniste te stimuleer.

Terwyl die vryheidsgedagte by die Nederlanders 'n kenmerkende burgerlike inslag verkry het, het dit by die Hugenote veral om persoonlike gewetensvryheid gegaan, sodat die vryheidsdrang by die Afrikaner uit twee kragtige bronne gevoed is. Naas hierdie versterking van die Kaapse koloniste se vryheidsin moet die Franse se onverdeelde trou aan die Kaap die Goeie Hoop as enigste vaderland as hul grootste bydrae tot die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse volksbewussyn beskou word. Sneller as by die Kaap-Hollandse vryburgers,

---

14) Van der Westhuizen, op. cit., pp.49-51; en Van der Merwe, P.J., Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842 (Kaapstad, 1938), pp.1-8.

wat Nederland nog altyd as hul bakermat en Patria beskou het, waarheen hul desnoods kon terugkeer, was by die Hugenote die gedagte vooropgeset dat die Kaap eens en vir altyd hul woon- en werkplek sou wees. Omstandighede het derhalwe bepaal dat die band met Frankryk vir goed verbreek sou word.[15]

Waar die Hugenote as 'n aaneengeslote rassegroep na die Kaap gekom het, moes hul solidariteitsgevoel beslis sterk gewees het. Hul besliste eise om 'n eie kerk en skool, om die erkenning van hul taal en om saam te woon, gee daarvan kennelik blyke, maar ontbindingsfaktore het egter van die staanspoor reeds op hul selfstandige voortbestaan begin inwerk. Die bewuste pogings van die owerheid om hulle te verhollands; die feit dat hul beperkte getalle nooit weer aangesterk is nie; die eed van getrouheid wat hulle aan die Kompanjie moes aflê en waardeur hulle volle burgerreg verkry het; bloedvermenging en gemeenskaplike beroeps- en geloofsbande wat hulle met die reeds gevestigde koloniste verbind het - dit alles het daartoe meegewerk dat die Franse Hugenote reeds binne die bestek van 'n enkele geslag met die res van die bevolking een in sin, gedagte en selfs volkstrewe geword het.

Aanvanklik het die Franse nedersetters se bewuste strewe na nasionale selfbehoud 'n stroewe en selfs vyandige verhouding tussen hulle en die ander vryburgers geskep. Bowendien het die Goewerneur se ernstige pogings om hulle te denasionaliseer nog verdere verbittering en verwydering veroorsaak. In die gemeenskaplike en hardnekkige stryd teen die despotisme en korruptiewe optrede van Willem Adriaan van der Stel - waar dit veral die koloniste se beroepsbelange geraak het - is alle rasseverskille egter opsy gestoot en die gemeenskapsin van

---

15) Bosman, F.C.L., Die Invloed van die Hugenote op die Afrikaanse Volkskarakter en Kultuur in Historiese Studies, Jaargang I, No.3, p.4; vgl. ook Van der Walt, A.J.H., Die Agtergrond in Die Huisgenoot, 15.9.1939, p.16; en Malan, F.S., Wat ons aan die Hugenote verskuldig is in Die Huisgenoot, 15.9.1939, p.15.

die twee bevolkingselemente geweldig versterk.[16]

Sedert die stigtingsjare is die Kaapse bevolking ook voortdurend deur Duitsers aangewas. Hulle was meesal soldate, matrose en amptenare wat uit die diens van die Kompanjie getree het om hul as vryburgers aan die Kaap te vestig. Aangesien hul koms oor meer as 'n anderhalf eeu versprei was, verteenwoordig hulle noodwendig verskillende kultuurfases van die Duitse volk. Teen die helfte van die 17de eeu het die Renaissance en Hervorming al bykans twee eeue lank bevrugtend op die Duitse kultuur ingewerk, wat hom o.m. openbaar het in die afkeer by Lutherane aan die gebondenheid wat die Katolieke Kerk op die lewe gelê het, en in 'n wending na die eiewaarde en -reg van die persoonlikheid van die indiwidu.[17]

Die Duitsers aan die Kaap het hoofsaaklik uit die stand van kleinhandwerkers en kleinboere gestam - mense wat onder die godsdiensoorloë, veral die Dertigjarige Oorlog van 1618-1648, die meeste gely, maar niks aan innerlike krag verloor het nie. Hierdie stand met sy armoed-beskeidenheid en drang na sedelike volmaaktheid het as kultuurdraers van hul volk dan ook 'n betekenisvolle rol vervul. Vanweë hul gehardheid en armoede was die meeste Duitsers wat hul as koloniste aan die Kaap gevestig het, net soos die ander vryburgers uitsluitlik op hul eie persoonlike waarde en talent aangewys, wat in pionierstoestande soveel geleentheid vir ontwikkeling gehad het.[18]

Omdat die Duitsers nie soos die Franse Hugenote as 'n noodlotsgroep na die Kaap verhuis het om aan die begin 'n aparte gemeenskap te vorm nie en hulle in verskillende tyd-

---

16) Van der Westhuizen, op. cit., p.51; Van der Merwe, P.J., Die nuwe Vaderland in Die Huisgenoot, 15.9.1939, p.111; Fouche, L., Het Dagboek van Adam Tas, 1705-1706, (Londen, 1914), p.xivi en p.356 et seq.; vgl. ook Beyers, C., Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei in Die Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel I (Kaapstad, 1941), p.12.

17) Schmidt, W., Der Kulturaanteil des Deutschtums am Afbau des Burenvolks (Hannover, 1938), p.35.

18) Ibid., pp.46-47.

vakke aan die Kaap gevestig het om met vroue van Nederlandse en Franse afkoms in die huwelik te tree, het hulle van die staanspoor af met die bestaande volksgroepe geassimileer. By hulle, net so min as by die Franse, was daar geen sprake van om na hul vaderland terug te keer nie, en die geredelike taalooreenkoms, geloofsverwantskap en lotsbestemming aan die Kaap het snel tot die afwenning van hul vaderland bygedra.[19] Weinig faktore het dus die ineenvlegting van die Duitsers met die verwante Dietse volksgroep, die Nederlanders, in die weg gestaan.

Die snelle afwenning van die koloniste se gehegtheid aan die lande van hul geboorte moet as één van die beslissendste faktore beskou word, wat tot die ontluiking van die Afrikaner se volksbewussyn bygedra het. Aardrykskundige verwydering, isolement, bloedvermenging en 'n nuwe bestaanslewe het mettertyd alle lewende kontak en emosionele bande met die vaderland verbreek, sodat reeds die kinders van die eerste geslag nie dieselfde geneentheid vir hul stamland as hul ouers geopenbaar het nie. By baie was die gedagte aan 'n gemeenskaplike vaderland reeds vertroebel en dit het weldra geblyk dat hulle hele lewensbestaan vir altyd aan die Suid-Afrikaanse bodem verbonde sou wees, en tot so 'n mate dat die daaropvolgende geslag hulself Afrikaners begin noem het. Dit is dan waarskynlik in hierdie gees dat Hendrik Bibault in 1707 uitgeroep het: „'K ben een Africaander."[20] Waar nog lojaliteitsgevoel teenoor Patria of die State-generaal betuig is, moet dit eerder aan 'n vae pligsbesef as aan enige sterk deurleefde gevoel vir Nederland toegeskryf word.[21]

* * *

19) Ibid., p.287; Coetzee, J.A., Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie (Johannesburg, 1941), pp. 9-10; Boshoff, op. cit., p.25.
20) Franken, J.L.M., Hendrik Bibault - 'n Opkoms van 'n volk in Die Huisgenoot, 21.9.1928.
21) Theal, G.M., History of South Africa from 1795 to 1872, Vol.II (Londen, 1926), pp.285-286; Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes (Stellenbosch, 1938), p.52.

Reeds teen die einde van die 17de eeu was daar 'n groot aantal koloniste wat hul bestaan buite die akkerbou begin soek het. Teenoor die ongewildheid van die landbou, wat grotendeels aan die nadelige handelsmonopolie van die Kompanjie, misoeste, vervoermoeilikhede oor die Kaapse vlaktes en gebrek aan die nodige arbeidskragte toegeskryf moet word, het die voordelige beeshandel met die Hottentotte en die aantreklike en onweerstaanbare jagvelde gestaan.[22] Dis ook nie onwaarskynlik nie dat die onbekende en fabelagtige binneland die dadedrang van die Nederlander om meer van die wêreld te sien, weereens wakkergeroep het. Die oorskakeling van die landbou na die veeteelt sou die blanke-uitbreiding na die binneland verhaas en 'n nuwe volkselement aan die Kaap laat ontwikkel, nl. die veeboer en allengs die trekboer, wat nie alleen so te sê finaal alle kulturele bande met die stamlande verbreek het nie, maar ook die bande wat hulle met die Kasteel verbind het. Vanweë hul geleidelike en toenemende isolasie het die herinneringe aan hul geboorteland al vaer en die strewe om selfstandig hul weg te gaan al sterker geword.[23]

Talle vryburgers wat deur die teenslae van die landbou totaal verarm is, kon hul spoedig as veeboere rehabiliteer, sodat hierdie ekonomiese herstel baie daartoe bygedra het om hul selfstandigheidsin te versterk.[24] Die ontwikkeling van die selfstandige veeboerdery het vanself die koloniste genoodsaak om dieper die binneland in te trek en is aangemoedig deur die feit dat die binneland genoegsame weiveld en volle geleentheid vir jag en veeruil gebied het, terwyl die leningsplaasstelsel hierdie nomadiese pionierstoestande goed te pas gekom het.[25] Hierdie geografiese verwydering het nie slegs

---

22) Van der Walt, A.J.H., Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung, 1700-1779 (Berlin, 1928), pp.6-8 en pp.9-16.
23) Van der Merwe, P.J., Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842 (Kaapstad, 1938), pp.29 et seq.
24) Ibid., pp.20-23.
25) Ibid., p.49.

die koloniste buite die bereik van die Kompanjie se onsimpatieke kontrole geplaas nie, maar die veeteelt was oor die algemeen veel minder aan die grille van die Kompanjie se handelsbeleid en wisselvalligheid van die Kaapse mark gekoppel.

Dit sou die lotsbeskikking van hierdie veeboer-pioniers wees om in die loop van 'n anderhalf eeu die stille uitbreiding in die ongetemde binneland te lei en één van die vernaamste speerpunte van die Westerse beskawing in Suid-Afrika te word. Dat die veeboere groter vryheid as die akkerbouers rondom Kaapstad geniet het, spreek vanself en terwyl hulle beroep aan die een kant aan die algemeen-menslike behoefte na 'n selfstandige bestaan voorsien het, het hul afgesonderheid in die binneland aan die ander kant, soos dr. P.J. van der Merwe dit stel, „tot veelsydigheid en tegniese vaardigheid gedwing, waardeur selfstandigheid en onafhanklikheid van die buitewêreld aan die hand gewerk is."[26]

Waar die trekboere se isolement primêre lewenstoestande afgedwing het, het hulle, nieteenstaande die feit dat met die beroeps- en handelstradisies en suiwer kultuur- en taalvorme van die stamlande gebreek is, tog die beskawende en behoudende krag van 'n sterk tradisionele godsdienssin bly behou, en onder inwerking van die veeleisende natuur 'n eie volksaard ontwikkel. Tereg is van die veeboer gesê dat „in eensaamheid van sy ‚ver afwoonentheijd' het hy homself geword - 'n Afrikaanssprekende Afrikaner."[27]

Hierdie afsondering in die binneland en voortdurende wagstaan oor lewe en besittings het, naas baie ander karaktertrekke, uiteraard 'n besonder persoonlike selfstandigheid en onafhanklike optrede gekweek en onderskraag deur 'n Calvinistiese tradisie, wat deur die Statebybel en huisgodsdiens gevoed is, het dit innerlike stukrag aan die gestadige vorming

---

26) Ibid., p.50 en p.204.
27) Nepgen, op. cit., p.56.

van 'n onderskeidende volkskarakter verleen.

By die afwesigheid aan kerke en skole was dit veral die Woord van God wat die beskawingsfunksie moes vervul. Ook is daarop gewys dat die bestudering van die Bybel, meer as enige kerklike voorligting wat die trekboer mag geniet het, die bron van Lig was, „wat in sy wordingstydperk aan hom sy rigting aangewys en inhoud en kleur aan sy denkwêreld gegee het." Nie net sy geesteslewe nie, maar ook sy tydelike aardse bestaan wou hy in die raamwerk van die Skrif inrig.[28] Daar is ook egter die skadusy, want daar is diegene wat getuig dat 'n hele aantal pioniere nie volgens die algemene christelike norme gelewe het nie.[29]

Omdat hul eie pionierslewe in so baie opsigte met die lotgevalle van Israël ooreengestem het, het veral die ou Testament vir hulle 'n besondere bekoring gehad. Soos Israël vanouds het hulle hul ook geroepe gevoel om die godsdiens van 'n één enig God in die wildernis voort te dra en te beoefen.[30] Die kerngedagte dat ook hulle, na analogie van Israël, 'n volk met 'n eie roeping was, moes reeds vroeg in die loop van die 18de eeu tot die veeboere as 'n gemeenskapsgroep deurgedring het. Wel sou hulle nooit hierdie gedagte rasioneel verantwoord het dat hulle doelbewus besig was om 'n nuwe volk te vorm nie, maar daar sou tog 'n stille wete wees dat hulle pioniers- en baanbrekersbestaan besig was om aan 'n hoër roeping te beantwoord. Hierdie bepaalde roepingsgedagte was immers die grondmotief van die Afrikaner se ganse nasionale bewuswording.

Die veeboere se oorheersende Calvinistiese godsdienserfenis het hierdie roepingsideaal ewe sterk beklemtoon, want ook die Calvinis se hele lewe en persoonlikheid is gewy aan die uitvoering van sy godsgestelde roeping. Te midde van

---

28) Ibid., p.61, vgl. ook p.59 en p.63 en verder Van der Merwe, op. cit., p.253.
29) Van der Walt, op. cit., pp.98-99.
30) Nepgen, op. cit., p.71 en pp.94-95.

die ongetemde natuur en onbeskaafde inboorlinge het die veeboer-kolonis na sy geestelike besittinge gegryp om hom in 'n geestelike sin teen hierdie bedreginge te verweer, en so van homself as draer van 'n hoër geestelike waarde, kultuur en 'n bepaalde volksaard bewus geword.[31] Dr. A.J.H. van der Walt verklaar: „Dank ihrem Rassenstolz, behaupten sie sich moralisch gegen die Eingebornen und die individualistische Glaubensfassung der Kalvinisten trug nicht wenig zur Behauptung der Religion und ihrer Lebensprinzipien unter ihnen bei."[32]

By die indiwiduele veeboer sou hierdie roepingsgevoel waarskynlik al vroeg in die loop van die 18de eeu waargeneem kon word en mettertyd, ten spyte van die afsondering waarin die verskillende families geleef het, sou die onafhanklike en algemene voorkoms van hierdie roepingsgedagte 'n gemeenskaplike kenmerk van die veeboer-gemeenskap word. Die besondere geestelike verbondenheid en sterk rassebewussyn, selfs tot 'n groter mate as by die aaneengeslote koloniste in en rondom Kaapstad, wat onder hierdie vanmekaar geïsoleerde veeboere aan te tref was, moet juis aan hul roepingsgevoel toegeskryf word.

Aanvanklik was daar geen handhawing van 'n kleurskeidslyn onder die vryburgers of die Kompanjiesdienare nie en het huwelike tussen blank en bekeerde slawe en Hottentotte selfs kerklike inseëning weggedra. Die godsdienstige-, kulturele en algemene beskawingsverskille tussen die blankes en die inboorlinge van die Kaap sou egter van die begin af skerp teenoor mekaar afgeteken staan, en die vuil en agterlike lewe van die Hottentotte sowel as die Boesmans sou noodwendig en natuurlik 'n skeiding tussen die Europeaan en die ander etniese groepe meebring, maar dit was waarskynlik eers teen die tweede geslag dat intuïtief teenoor bloedsvermenging of

---

31) Ibid., p.83.
32) Van der Walt, op. cit., p.100.

enige vorm van maatskaplike gelykstelling gereageer is. Naas estetiese besware sou ook etiese en godsdienstige besware geld wat tot 'n bewuste rasseskeiding sou bydra en verbastering en gelykstelling met die inboorlinge ten sterkste sou afkeur. Dit is 'n opvallende verskynsel dat Protestante wat gedurende die 16de en 17de eeue na Afrika of die Ooste verhuis het, sterk op die beginsel gestaan het dat christene nie met heidene meng of vermeng nie. Soos dr. G.D. Scholtz dit tereg gestel het: „'n Onderskeid tussen hulle (blankes) en die nie-blankes wat hulle daar gevind het, het hulle aanvanklik nie getref omdat hulle tot verskillende rasse behoort het nie, maar wel omdat hulle Christene was en die nie-blankes dit nie was nie."[33]

Die bewussyn dat die blanke koloniste se voortbestaan alleen gewaarborg was deur hul godsdienstige en kulturele meerderwaardigheid te handhaaf, het al sterker op die voorgrond getree, met die gevolg dat rassesuiwerheid as 'n bewuste lewenshouding reeds vroeg al 'n inherente deel van die Afrikaner se lewenspatroon geword het. Bloedsuiwerheid as waarborg vir blanke selfbehoud het dan ook één van die mees geldende faktore geword om die geestelike groepsbande van die wyd- en ylverspreide veeboere te versterk.[34]

* * *

Die ontplooiing van 'n vae politieke bewussyn in die loop van die 18de eeu moet aan die wisselwerking van verskeie faktore toegeskryf word. Die grootste stukrag was ongetwyfeld die ekonomiese en politieke beleid van die Kompanjie. Gedurende sy bestuur van nagenoeg anderhalf eeu aan die Kaap het hierdie kapitalistiese en monopolistiese handelsinstel-

---

33) Scholtz, G.D., Die Ontstaan en Wese van die Suid-Afrikaanse Rassepatroon, 'n referaat in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Jaargang 9, No.4.

34) Van der Merwe, op. cit., pp.255-257; Nepgen, op. cit., p.233 et seq.; Theal, op. cit., Vol.II, p.247; Colenbrander, H.T., De Afkomst der Boeren (A.N.V., 1902), p.119.

ling, wat met outokratiese gesag beklee was, vanselfsprekend die ekonomiese winsmotief vooropgestel. Afgesien van enkele goewerneurs wat na die geestelike en stoflike wel en wee van die koloniste omgesien het, het die profytbeginsel van die Kompanjie feitlik deurgaans met die belange van die vryburgerbevolking gebots. Die enigste politieke instelling en gesag wat die koloniste geken het, was dus outokraties in sy wese en geensins terwille van die algemene welsyn van die ganse Kaapse bevolking ingerig nie.

Hierdie groeiende ontevredenheid met die „despotique handelswijze der Compagnie," wat met die verloop van jare tot 'n diepgewortelde grief ontwikkel het, het verskeie vorms aangeneem. Botsings tussen die goewerneurs en die Kompanjiesdienare aan die een kant, wat hul despotiese mag misbruik het, en die koloniste aan die ander kant was dus onvermydelik. Die uitwerking wat dit op laasgenoemde gehad het, was enersyds 'n afkerige en onwelwillende houding teenoor alle politieke- of staatskontrole en andersyds 'n begeerte om hervormend en protesterend op te tree met die doel om ten minste 'n mate van politieke seggenskap in die bestuur van die Kolonie te verkry.

Wat die koloniste se afkeer vir die owerheid betref, het die verskynsel hom vry algemeen voorgedoen om die regering as 'n instelling te ag wat belastings wou afpers en die vryheid van sy onderdane aan bande wou lê. Hierdie geesteshouding, wat onder invloed van ander gebeure en faktore verstrek is, is tot diep in die 19de eeu nog by die twee Boere-republieke te bespeur.[35] Waar hierdie afkeer teenoor die Kompanjie soms so sterk was dat dit die koloniste beweeg het om, naas ander meewerkende faktore, die gevare en ongerieue van die binneland te trotseer om daar van die gehate

---

35) Theal, History.....before 1795, Vol.III, p.249 en p.373; vgl. ook Pelzer, A.N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare (Kaapstad-Amsterdam, 1950), p.49 et seq.

toesig van 'n onsimpatieke owerheid so veel as moontlik vry te wees, was dit egter nooit 'n doelbewuste poging om onder die gesag van die Kompanjie uit te kom en in die wildernis in bandelose vryheid te gaan leef nie. Hulle gehegtheid aan 'n heilsame bestuur, is meermale al afdoende bewys.[36] Van besonder belang is egter die feit dat hierdie teësin in die Kompanjiesbestuur tot die selfstandigheid van die veeboer in die binneland moes bygedra het.

Andersyds het die koloniste nie weerloos teenoor die dwingelandy van die Kompanjie gestaan nie. Aanvanklik sou dit slegs die vorm van eerbiedige versoekskrifte en geskrewe proteste aanneem, maar in die stryd teen die outokratiese W.A. van der Stel het daar reeds 'n aansienlike mate van politieke selfstandigheid na vore getree, en hoewel die verset hoofsaaklik om ekonomiese aangeleenthede gegaan het, het dit waardevolle ondervinding in hul latere strewe na selfbestuur gebied. Daar steek veel waarheid in dr. Leo Fouché se opmerking: „De navorscher, die in onze geschiedenis zoekt naar de eerste sporen van politiek leven onder de kolonisten, naar de eerste kiemen van een nationaal bewustzijn, zal ze zonder twijfel vinden in de beweging van 1705 ..... Adam Tas en de mannen van 1705, die de rechten en voorrechten der kolonisten zo onmiskenbaar geformuleerd en zo dapper gehandhaafd hebben mogen die met recht genoemd worden de grondlegger van ons politieke zelfbewustzijn."[37]

Hoewel die stryd geen agitasie was om die regeringstelsel te wysig nie, het die politieke betekenis daarin gelê dat die koloniste juis hul bestaande ekonomiese en politieke regte, wat openlik deur die Goewerneur en sy dienare negeer is, gehandhaaf wou sien. Die koloniste het deur hul optrede

---

36) Van der Merwe, P.J., Trek (Kaapstad, 1945), pp.91-93 (vn.10), vgl. ook Nepgen., op. cit., p.116; Walker,E., The Frontier Tradition in South Africa (Oxford, 1930), p.8; Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II,(Kaapstad, 1951), p.41.

37) Fouché, op. cit., p.362.

minstens 'n bewuste wil en vermoë getoon om hul gesamentlik in die samelewing te handhaaf. Die krag van hul verenigde optrede en hul sukses teen die arbitrêre dade van die Kaapse gesagsdraers het hul die nodige selfvertroue vir die toekoms gegee om dié mate van politieke vryheid wat deur die bestaande bestuursinstellinge gewaarborg was, te bly handhaaf. Die innerlike betekenis van hul oorwinning het dan ook tot aan die einde van die 18de eeu sy krag behou en hulle het self telkens daarna verwys.[38]

Die uitsluiting van enige handelsregte, wat die Kompanjie vir homself behou het; die griewe wat uit die afhanklike posisie van die Raad van Justisie teenoor die Goewerneur voortgespruit het en die arbitrêre mag van verbanning wat deur die Goewerneur beoefen is, het reeds van die vroegste jare 'n begeerte by die koloniste laat ontstaan om ook in die hoogste sentrale bestuursliggaam, die Politieke Raad, direk verteenwoordig te wees. Origens was hul belangstelling in konstitusionele en politieke aangeleenthede so gering dat daar van 'n waarneembare politieke bewussyn nouliks enige sprake was.[39]

Die bestuursreëlinge van die Kompanjie was ook nie daarop bereken om enige politieke selfstandigheid by die koloniste te kweek nie. As 'n maatskappy met suiwer monopolistiese handelsoogmerke was die Here Sewentien beslis nie geneë dat vrye koloniste aan die Kaap 'n oorheersende posisie in die bestuur of reëling van administratiewe sake sou verkry nie. in ooreenstemming met die demokratiese tradisie van die Nederlanders en die staatkundige grondbeginsels van die Verenigde Provinsies is daar egter reeds vanaf die stigting van die Kaap vir die desentralisasie van bestuursmagte voorsiening

---

38) Vgl. Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, (Stellenbosch, 1924), Deel I, p.138.
39) Eybers, G.W., Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910 (Londen, 1918) p.xx.

gemaak en 'n mate van medeseggenskap aan die koloniste in die plaaslike besture toegestaan.

In die Raad van Justisie is daar byvoorbeeld vir die verteenwoordiging van vryburgers voorsiening gemaak en in hierdie hoedanigheid, asookas lede van die Burgerraad, het hulle hul as die mondstuk van die burgers by die sentrale regering beskou en in die reël in hulle belange opgetree. Mettertyd het die Kompanjie ook hierdie aanspraak erken en is hierdie sogenaamde burgerverteenwoordigers selfs by besprekinge in die Politieke Raad toegelaat waar dit die doen en late van die koloniste geraak het.[40] Eers teen die einde van die Kompanjiesbewind, nl. in 1792 is hierdie Burgerrade wel as 'n aparte liggaam erken ten einde die burgers by die sentrale regering te verteenwoordig, maar die wyse waarop hulle benoem is en die feit dat hulle slegs uit die Kaapse distrik afkomstig was, het meegebring dat hulle nouliks as vrye volksverteenwoordigers in die volle sin van die woord beskou kon word. Hoewel daar dus 'n kanaal bestaan het waardeur die koloniste se griewe aan die Goewerneur bekend gemaak is, was die kontak tussen hierdie verteenwoordigers en die koloniste egter nie so heg dat na hulle as ware volksverteenwoordigers opgesien is nie.[41] In 'n memorie wat tydens die eerste Britse bewind oor die Kaap opgestel is, skryf E. Bergh o.m. : „De Burgeren zagen het voorstaan hunner belangen opgedragen aan lieden die noch hunne liefde, noch hunnen achting, noch ook hun vertrouwen bezaten, en denzelver representanten waren geworden, niet door een vrije verkiezing, maar door directe aanstelling van den Gouverneur, dat hun als afhangelingen, dikwels tot werktuigen maakte der ongerechtigheid, ter schra-

---

40) Vgl. Oberholster, J.J., Die Burger-Senaat, 1795-1828, (Ms. M.A.-verhaling, Universiteit van Stellenbosch), pp.1-2, pp.5-6, pp.10-13, pp.15-16 en p.43.

41) Dr. Oberholster beweer: „Hulle was alleen verteenwoordigend in soverre as hulle die middel, die kanaal was waardeur die belange van die inwoners van die hele Kolonie voor die aandag van die hoogste mag in die volksplanting gebring is. (Vgl. Oberholster, op. cit., p.43).

ging van onwettig gezag of misbruikten invloed, waardoor zij wel eens meer eigenaartig de vervolgers en verdrukkers dan wel de voorstanders der Burgerij werden genoemd."[42]

Naas faktore soos die algemene Westerse verskynsel van die 18de eeu dat wysiginge moeilik in gevestigde instellinge teweeggebring word; die yl bevolking aan die Kaap wat onderlinge samewerking en samesnoering van kragte bemoeilik het; die afwesigheid van 'n openbare pers; die koloniste se gebrekkige kennis van van hul eie beskawingsgeskiedenis en die ontwikkeling en betekenis van algemene staatkundige begrippe; hul ietwat sorgelose en trae lewenswyse en die voortdurende gevaar van aanvalle van die kant van die inboorlinge waarop hulle voorberei moes wees, moet die koloniste se passiewe politieke belangstelling, volgens dr. G.W. Eybers, aan die besondere gewildheid van hul kleinere rade toegeskryf word waar groot verantwoordelikheid ten opsigte van plaaslike sake aan hulle opgedra is.[43] Nederburgh en Frykenius beweer egter die burgers is oor die algemeen, „zeer geneigd om de daaden van het publiek bestuur altijd in een meest ongunstig ligt te beschouwen en door gebrek aan genoegsame besigheden maar al te veel in de gelegentheid om er zig meede te bemoeien."[44]

Veral by die instelling van die gewilde kollege van landdros en heemrade is die plaaslike regspraak en selfbestuur naas die gesag van die landdros, wat 'n Kompanjiesamptenaar was, tot 'n groot mate aan die burgers self toevertrou. Hulle het wel nie die heemrade direk verkies nie, maar deur die koöpsie-stelsel was hulle tog direk in die beoefening van plaaslike gesag betrokke. Belangrik is dus die feit

---

42) Ibid., p.xxiv; Theal, G.M., Belangryke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, Deel III (Londen, 1911), pp. 113-114, Memorie over de Kaap de Goede Hoop van E. Bergh; Gie, S.F.N., Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel I, p.80 en p.97; Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p.37; Boeseken, A.J., Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap in Argief-jaarboek, Sewende Jaargang, 1944, pp.38-39.

43) Eybers, op. cit., p.xx.

44) Aangehaal by Oberholster, op. cit., p.14.

dat die burgers in hierdie kollege „'n deel van hulself gesien het" en deur hierdie liggaam hul plaaslike sake bestuur en geskille besleg het. In 'n ander werk verklaar dr. Eybers tereg dat die kolleges hulle politieke ideale beliggaam het, dat die kolleges van jaar tot jaar in daaglikse aanraking met en onder invloed van die koloniste was, en dat die reëls „waren voor de burgers opgesteld onder de invloed van de burgers zelf, en werden in ieder distrikt uitgevoerd door de histories langzaam opgegroeide instellingen van de burgers zelf."[45]

Die aantal diensdoende en afgetrede heemrade sou in die loop van die agtiende eeu wel 'n geringe persentasie van die burgerbevolking uitmaak, maar hul kontak met allerlei bestuurspligte, soos bv. die siviele regspleging, fiskale en munisipale sake, verdediging, landbou en weë, moes in 'n aansienlike mate tot hul politieke rypwording bygedra het, en die besondere status wat hulle in die burgerlike samelewing geniet het, moes noodwendig ook in die algemeen stimulerend op die gestadige politieke bewuswording van die koloniste ingewerk het.[46] Ook die „veldwachtmeester," wat tot die latere veldkornet ontwikkel het, aan wie verskeie pligte in die onderskeie wyke opgedra is en 'n ewe gesiene amp as die heemrade het, moes veel tot die verskerping van 'n burgerlike verantwoordelikheidsin bygedra het wat vanselfsprekend onbewus ook die drang na politieke medeseggenskap in die landsbestuur bevorder het.

Aanvanklik het die binnelandse verdediging van die Kolonie uitsluitlik by die Kompanjie berus en is daar slegs op die vrywillige dienste van die vryburgers staatgemaak, maar

---

45) Theal, Belangryke Historische Dokumenten, III, pp.59-60; Venter, P.J., Landdros en Heemrade, 1682-1827, in Argief-jaarboek, Derde Jaargang, 1941, Deel II, pp. 178-179 en 186-187; en Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p.42.

46) Venter, op. cit., p.153 en p.178 et seq. Vgl. ook Van der Walt, A.J.H., op. cit., pp.93-96.

tot so 'n omvang dat laasgenoemde reeds in 1658 met trots verklaar het dat „wij de beschermers van ons landt zijn."[47] Na 1700 het 'n nuwe fase in die verdediging van die Kolonie ingetree toe die uitoefening daarvan al hoe meer aan die burgers self oorgelaat is, aangesien die Kompanjie se gebrekkige milisie-stelsel en bewakingsposte nie die lewens en eindomme van die koloniste genoegsame beskerming teen die inboorlinge gewaarborg het nie. Die wete dat die Kompanjie te swak was en ook dikwels deur 'n weifelende houding sy onwilligheid getoon het om met beslistheid teen die Boesmangevaar op te tree, het uit praktiese ondervinding tot die ontstaan en oprigting van burgerkommando's gelei.[48]

Die burgerkommando's, wat veral na 1715 al hoe groter selfstandigheid aan die dag gelê het en teen die einde van die Kompanjiesbewind feitlik die enigste middel was om die roofsugtige inboorlinge die hoof te bied, het waarskynlik meer as enige ander faktor en instelling tot 'n gees van selfstandigheid, wat op 'n gemeenskaplike grondslag berus het, onder die koloniste bygedra. Elke weerbare burger was uit eie beweging in 'n gemeenskaplike groepsorganisasie ingeskakel wat sy lewe en dié van sy afhanklikes, sy grond en sy eiendom beskerm het. Tereg merk dr. S.F.N. Gie op dat 'n bevolking „wat onder sy burgerlike leiers sy land help verdedig reeds ver op die weg van selfregering gevorder het."[49]

Van besondere belang was die reëling van die Kompanjie om die koloniste hul eie offisiere by die samestelling van die kommando's te laat kies, want daardeur het nie alleen 'n gesonde demokratiese beginsel gegeld nie, maar is ook mede-

---

47) Daghregister Jan Antonisz van Riebeeck, (V.R.V.-uitgawe, Kaapstad,1955), II, p.441.

48) Roux, P.E., Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die H.O.I.K., 1652-1795, (Kaapstad, 1925), pp.125-138.

49) Gie, op. cit., I, p.161; Die Kultuur Geskiedenis van die Afrikaner, III, p.53; Eybers, G.W., Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop (1805) in Werken uitgegeven door het Historisch Genootschap (Amsterdam, 1922), p.57. Vgl. ook Van der Walt, op. cit., p.96.

verantwoordelikheid en 'n sin vir selfstandigheid geskep. Namate die Xhosa op die oosgrens as 'n gedugte en gemeenskaplike vyand na vore getree en die Kompanjie blyke gegee het dat hy deur sy eie onmag nie in staat was om die koloniste te beskerm nie, is die onafhanklike optrede van die koloniste al hoe meer versterk.

Die feit dat die bestaande vorm van plaaslike bestuur, d.w.s. die sake en aangeleenthede waarmee die koloniste daagliks te doen gehad het, hul behoeftes en wense geslaagd en harmonies behartig het, verklaar moontlik waarom daar in die loop van die agtiende eeu geen drang bestaan het om die stelsel te verander nie.[50] Dit is ook opvallend dat ná Adam Tas en vóór Adriaan van Jaarsveldt geen sterk leierspersoonlikheid onder die koloniste na vore getree het om op die bestaande politieke of ekonomiese struktuur hervormend in te werk nie. Die politieke dampkring van hierdie tydperk het trouens geen leiers vereis nie.

Terwyl die koloniste binne die gereformeerde kerkverband en hul Calvinistiese godsdiens op die innerlikste wyse as Christelike geloofsgenote aan mekaar gebind was en dit tot hul diepste eenheidservaring en geestelike samesnoering meegewerk het, het die kerklike bestuur of organisasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as sodanig weinig daartoe bygedra om sy lede op sekulêre gebied te konsolideer. Dit moet egter aan verkeie faktore gewyt word, o.m. die erg losse verband met die moederkerk in Nederland; die ondergeskikte posisie van die Klassis van Amsterdam, onder wie se toesig die Kaapse gemeentes gestaan en wat geen regstreekse gesag oor die Kaap uitgeoefen het nie; die yl en verspreide bevolking in die binneland, en die oorheersende posisie van die N.O.I.K. in kerklike aangeleenthede aan die Kaap. Die Kompanjie het

---

50) Hoe geheg hulle aan hul plaaslike instellings was, word geïllustreer deur die feit dat met die oprigting van die Republiek Natalia in 1838 onmiddellik daarna teruggekeer is.

in die eerste plek alle sieketroosters en predikante aangestel, besoldig en verplaas, wat hul in 'n posisie van uitvoerende amptenare geplaas het. 'n Volkome houvas op die kerkrade is verkry deur die vrye keuse van kerkraadslede op meer as een wyse te beperk; die aanstelling van Politieke Kommissarisse op die kerkrade en deur allerhande beslissings op die kerkrade af te dwing. Selfs in die buitedistrikte, waar nuwe gemeentes eers teen die laaste helfte van die 18de eeu deur inisiatief van die burgers self tot stand gekom het, het kerkrade onder hierdie toestande dus weinig kon doen om die mate van solidariteitsgevoel in hul eie gemeentes te versterk. Van die volksplanting het die Kompanjie ook stelselmatig 'n eie en gemeenskaplike kerkbestuur aan die Kaap teengewerk, aangesien so 'n liggaam sy gesag in kerklike sake kon kortwiek. Tussen 1745 en 1759 het daar wel so 'n Klassikale of Gekombineerde Kerkvergadering van al die Kaapse gemeentes bestaan om algemene kerksake te bespreek, maar omdat dit nie sonder die Kompanjie se goedkeuring besluite kon neem nie, was die invloed daarvan nooit verreikend nie. Die Classis van Amsterdam, sowel as die Kompanjie self, het egter meegewerk om die voortbestaan van hierdie vergadering te beëindig.[51]

Hierdie voorgemelde plaaslike instellinge sou egter vanweë hul beperkte invloedsfeer nie daartoe in staat wees om die koloniste tot 'n hegte eenheid, soos in die geval van 'n sterk sentrale bestuur, saam te bind nie, en boonop sou die algemene diensbaarheid en tevredenheid wat dit verskaf het ook nie die koloniste tot hoër politieke denke prikkel nie. Tog het hierdie instellinge as 'n onontbeerlike voor-kennis en leerskool vir die koloniste se gestadige politieke ont-

---

51) Moorrees, A., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873 (Kaapstad, 1937), pp.64-65 en pp. 193-197; Boeseken, op. cit., p.46. Skrywer van hierdie verhandeling verskil dus van dr. A. Murray se stelling: „Die kerk.... bly 'n magtige faktor wat die eenheidsgevoel onder die burgery bevorder..." (Vgl. Die Volksraad (pretoria, 1939), p.39); vgl. ook Van der Walt, op. cit., pp. 97-98.

waking gedien. Dit was onteenseglik die kollege van landdros en heemrade, die veldkornet stelsel, die burgerkommando's en die kerkrade wat die grondslag van die demokratiese staatstruktuur van die latere Boere-republieke gelê en waarin die aanvaarding van volle seggenskap en verantwoordelikheid in die landsbestuur só sterk op die voorgrond getree het.

* * *

Omdat die Kaapse koloniste teen die einde van die 18de eeu geleidelik besig was om van hul lotsbepaling as 'n eie soortige volksgemeenskap bewus te word, openbaar die aanwesige mate van volksgevoel by die koloniste sigself o.m. ook in 'n strewe na staatsordening waarin hulle regstreekse seggenskap in die algemene landsbestuur geëis het. Wesenlik was dit die staatkundige vormaanneming van hul volksbewussyn en as sodanig 'n belangrike stadium in die ontluiking daarvan. Hierdie natuurlike groeiproses van plaaslike tot algemene selfbestuur is egter verhaas deur die groeiende ontevredenheid met die Kompanjiebestuur aan die een kant, en deur die invloed van buitelandse gebeurtenisse en beskouinge op staatkundige gebied aan die ander kant.

Tot aan die einde van sy bewind aan die Kaap sou die Kompanjie hardnekkig in die kortsigtige beleid volhard om sy eie handelsbelange bó die van die toenemende burgerbevolking te stel. Die Kompanjie se gedragslyn wat die koloniste feitlik alle handelsvryheid ontsê en aan ekonomiese uitbuiting blootgestel het, sou hulle noodwendig vroeër of later in openlike verset bring. Terselfdertyd het die Kompanjie se snelle agteruitgang en verbrokkeling vanaf die sewentiger jare daartoe gelei dat die gesag en orde aan die Kaap nie na behore gehandhaaf is nie en die koloniste al hoe meer op hulself aangewys was om dit te doen. Hierdie toestande sou weldra op die Patriotbeweging in die westelike dele van die kolonie en die openlike verwerping van die Kompanjie se gesag

in die distrikte Graaff-Reinet en Swellendam uitloop.

Met die Patriotbeweging is aan die volksbewussyn, na 'n stil en onbewuste groeiproses van ruim sewentig jaar, vir die eerste keer op 'n bewuste en waarneembare wyse daaraan uitdrukking en gestalte gegee. Dit moet egter nie uit die gedagte verloor word nie dat hoewel hier oënskynlik 'n sterk groepsbewussyn en volksgevoel na die oppervlakte dwing, wat die welsyn van alle burgers en hul voorregte en vryhede in 'n gemeenskaplike vaderland wou bevorder, was baie uitinge daarvan veels te kunsmatig en te beredeneerd om as 'n spontane beweging van volksbewuste persone beskou te word. Aan die ander kant moet ook wel in aanmerking geneem word dat namate die enkeling van sy selfstandigheid binne 'n onbewusgevormde gemeenskap bewus word teenoor 'n bestuursmag wat sy vryhede aan bande lê, gaan hy dikwels rasioneel te werk om sy regte en vryhede te verdedig. Waar die Patriotte ook kontak met die intellektuele strominge van die buiteland gehad het, verbaas dit dan ook nie dat hul optrede die rasionalistiese inslag van die Eeu van Verligting gedra het nie. Al ontbreek dit die Patriotbeweging aan sterk innerlike en selfs impulsiewe handelinge, waardeur 'n volksgevoel onder innerlike en uiterlike druk gewoonlik geopenbaar word, lê die betekenis van die beredeneerde stukke van die beweging daarin dat dit tog op 'n buitengewone wyse aan die volksbewussyn van daardie tyd intellektuele rekenskap gee.

In die behartiging van gemeenskaplike ekonomiese, politieke en maatskaplike belange openbaar die Patriotbeweging 'n groot mate van samehorigheidsgevoel. Derhalwe word in hul anonieme geskrifte en burgerpetisies ook geen seksionele belange bepleit nie. Hulle hele aksie het deurgaans berus op die bevordering van die algemene welsyn van „hunner Medeburgeren en Vaderland." Ofskoon die welsynsgedagte altoos tiperend van die ou bewind in Nederland was, sou die beginsel onder buitelandse invloed by die Bataafse en Kaapse Patriotte

nou ook as 'n plig vir elke mens in die besonder geld. Deur die bevordering van die algemene welsyn van die enkeling sou die algemene welsyn, volgens hulle, tot sy reg kom en omgekeerd sou die algemene welsyn weer die welsyn van die enkeling bevoordeel.[52]

Die besondere gehegtheid wat daar vir land en volk openbaar is, getuig dat hierdie groepswelsyn ook vir terreine hoër as die bloot ekonomiese gegeld het. Nie alleen kom uitdrukkinge van vaderlandsliefde telkemale in hul geskrifte voor nie, maar voortdurend is daar na hulself as 'n „burger-" of „volkstaat" verwys, en die afwenning van die stamland het al so sterk deurgewerk dat na die Kaap as „ons dierbaar Vaderland" verwys is. Ten spyte van hierdie gehegtheid aan hul eie geboortegrond het die beweging ook blyke gegee dat by 'n groot gedeelte van die Kaapse koloniste nog te veel 'n gevoel van trou aan en verwantskap met die Nederlandse volk bestaan, sodat dr. A. Wypkema tereg besluit: „Vóór er een algemeen besef van saamhorigheid bestond, als resultaat der gevoelens van verwantschap en trouw, algemeen tot uiting komende in de verkondiging der beginselen van burgerlijke vrijheid en gelijkheid, ja vóór men als één groep aaneengebonden werd door grote gemeenschappelike daden in het verleden en het heden, kon er in die Kaap nog geen sprake zijn van het bestaan van een Afrikaanse natie."[53]

Dit ly geen twyfel nie dat die opvattinge van vryheid wat deur die Kaapse Patriotte gehuldig is, sterk onder die invloed van die nuwere denkbeelde van die Patriotte in Nederland gestaan het, soos veral deur J.D. van der Capellen gefundeer en geformuleer is.[54] Nieteenstaande die uiterlike

---

52) Wypkema, A., De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A.Republiek tot 1881 (Pretoria, 1939), pp.50-51; Beyers, C., Die Kaapse Patriotte, 1779-1791 (Kaapstad, 1929), Bylae A, p.203 en pp.154-155.

53) Wypkema, op. cit., p.61; vgl. ook Beyers, op. Cit., pp. 164-167; Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.174.

54) Beyers, op. cit., p.169-173.

beïnvloeding en aanvoeling met die beweging in Nederland, moet die diepere grondslag van die beweging in die algemene drang na groter burgerlike, ekonomiese en politieke vryheid en in die weersin in die arbitrêre optrede van die Kompanjie met sy amptenare-regering en verouderde merkantilistiese begrippe gesoek word. Die Kaapse koloniste was altyd besonder bewus van die voorregte wat hul vryburgerskap ingehou het, soos ook in die loop van die 18de eeu herhaaldelik blyk uit petisies en stukke wat aan die Kompanjie gerig is. Onder druk van plaaslike toestande en onder aansporing van die beweging in Nederland het hierdie vryheid vir hulle egter 'n veel groter betekenis en omvang verkry. Veral nadat hul petisie van 1779 verwerp is, was hulle hele aksie gemik teen „een schandelijke, en voor de Menschelijke Natuure onteerende Slavernij" waarin hulle sogenaamd gedompel was.[55]

Die Patriotbeweging in sy totale omvang het dus noodwendig die ontwikkeling van die volksbewussyn van die Kaapse koloniste sterk beïnvloed en, in die woorde van dr. C. Beyers, „is dit heel begryplik dat die stryd wat die burgers gedurende soveel jare volgehou het, hul geledere digter aaneen sou gesluit het en die gemeenskapsin sterker dan ooit tevore sou doen gevoel het."[56] Die beweging was dus nie net 'n oppervlakkige en verbygaande belangstelling in die landsbestuur nie, maar 'n eerlike poging om die verhouding van die burger teenoor die owerheid en omgekeerd te deurdenk en te peil. Gebore uit die begeerte om hulle vir die heil van die burgerlike maatskappy, vir 'n regverdige landsbestuur en regspleging en vir 'n vrye ekonomiese bestaan te beywer, moes die Kaapse Patriotte se leerstellinge en optrede bevrugtend op die volksdenke en -bewussyn ingewerk het.

Van besondere betekenis vir die versterking van hierdie bewussyn was die begrippe wat om die gedagte van volkssoewe-

---

55) Ibid, pp.156-157; Geskiedenis van Suid-Afrika, II, pp. 173-174.
56) Beysers, op. cit., p.201.

reiniteit gesentreer het, nl. die reg om verteenwoordiging van die vryburgerbevolking in die landsbestuur, vrye verkiesings en die volkstem-idee. Deur die toepassing van hierdie begrippe wou hulle hul politieke vryheid en onafhanklike ekonomiese bestaan verseël, want verklaar hulle „wij hebben nog te veel edel bloed om ons onmiddelyk te buygen onder 't Juk der Slaverny....."[57]

Die Patriotte het nie net die handhawing van die beginsel van volksverteenwoordiging en mede-seggenskap in die hoogste bestuur aan die Kaap bepleit nie, maar die beginsel ook binne die geledere toegepas toe 'n permanente liggaam, „'s Volks Representanten" gekonstitueer en 'n gevolmagtigde bestuur, die „Gecomiteerde Representanten," in die lewe geroep is. Waar die gedagte dat die gewone burger kon bepaal hoe hy bestuur moet word in die Westerse wêreld met sy feodale begrippe van onderdaanskap nog maar swak ontwikkel was, het die Kaapse Patriotte reeds die verbasende insig getoon om, op grond van hul oud-Nederlandse republikeinse tradisie en in aansluiting met die Rewolusionêre tydstroom, dit bewus as grondvoorwaarde vir 'n heilsame staatsbestuur te stel.[58]

In aansluiting met die voorafgaande is ook op die beginsels van vrye verkiesings en die volkstem klem gelê. Die ou Nederlandse gebruik is opnuut bevestig dat die koloniste oor die vryheid moet beskik om self hul verteenwoordigers te kies in liggame wat hul belange behartig, maar vry van alle dwang, invloed of selfs bemoeiing van die kant van Kompanjiesdienare.[59] In navolging van die Bataafse Patriotte, wat sterk onder die invloed van die staatsopvattinge van Rousseau gestaan het, en onder inwerking van die oud-Nederlands-Christelike opvatting

---

57) Beyers, Die Groot Trek....ens., in Argief-jaarboek, Vierde Jaargang 1941, Deel I, p.6.
58) Beyers, Kaapse Patriotte.... ens., p.160, Wypkema, op. cit., p.39.
59) Ibid., p.40 en Beyers, Kaapse Patriotte.... ens., p.161.

van vox populi, vox Dei het die Patriotte vir die eerste keer die volkstem-idee, as uiting van die wil en begeerte van die volk, op Suid-Afrikaanse bodem ingedra. Die volkstem-idee, hoewel geen eg-Calvinistiese gedagte nie, het op die kolonis-te met hul sin van burgerlike gelykheid en bewuswording van bestuursvraagstukke 'n besonder houvas verkry en tot so 'n mate dat dit in die loop van die negentiende eeu één van die belangrikste grondslae van die Afrikaner se republikeinse ge-dagte sou uitmaak.[60] Die snelle ontluiking van die volkstem-idee getuig ook van die merkwaardige vorm wat die begrip „volk" al in die bewussyn van die koloniste begin aanneem het.

Hoewel die Kaapse Patriotte geen noemenswaardige sukses in die praktyk behaal het nie, lê die groot betekenis vir die ontpboiing van 'n volksgevoel in die feit dat hulle na soveel jare van lydelike onderwerping tot aksie oorgegaan het, nl. deur hul openlik en innerlik georganiseerd teen die onbillike handelinge van die Kompanjie en sy amptenare te verset, waar-deur ook 'n sterker gevoel van samehorigheid gekweek is, en ook die feit dat hulle die verhouding tussen owerheid en volk met begrippe soos volksoewereiniteit en algemene welsyn be-vrug het.

* * *

Teen die jaar 1780 het reeds meer as tienduisend blankes tussen die Broë- en Visriviere 'n lewensbestaan in die vee-teelt gevind. Met hierdie oormatige verspreiding van sy koloniste kon die gesag van die Kompanjie nie tred hou nie, met die gevolg dat 'n doeltreffende administrasie in die buitedistrikte feitlik geheel en al ontbreek het. Natuur-likerwys het dit die kenmerkende selfstandigheidsin van die koloniste verder versterk veral waar dit reeds deur hul on-

60) Wypkema, op. cit., p.40 et seq. en Wypkema, A., Die Volkstemidee in Suid-Afrika in Historiese Studies, Jaargang I, No. 1, pp.48-59.

afhanklike bestaan as veeboer-pioniere gedra was en die feit dat die verdediging van die grense teen die gevaarlike Boesmans uitsluitlik op hulle skouers gerus het. Op die lang duur het innerlike sowel as uiterlike faktore die koloniste bekwaam om hul eie moeilikhede op te los.

Hierteenoor het die groeiende afkeer in die ganse Kompanjiesbestuur toegeneem juis omdat baie koloniste, veral in die afgesonderde dele, vir meer as dertig jaar van behoorlike kerklike bediening, onderwys en plaaslike bestuur verstoke was, terwyl dit terselfdertyd nog van hul verwag is dat hul steeds hul fiskale verpligtinge teenoor die Kompanjie moet nakom. Die verbod op ruilhandel met die inboorlinge; die vasstelling van koloniale grense, waardeur onbelemmerde gronduitbreiding teengewerk is, en die verpligte bywoning van militêre oefeninge op die verafgeleë Stellenbosch, terwyl hul afhanklikes onbeskermd op die plaas agtergelaat is, is maar enkele plakkate en praktyke wat die gevoel van ontevredenheid nog verder aangewakker het. Ook die feit dat die Boesmans die koloniste genoodsaak het om groot streke te ontruim, het die opgekropte gevoelens nie gekalmeer nie.[61]

Hierdie misnoeë met die Kompanjiesbestuur wat al byna tradisioneel geword het, het by sommige koloniste die uitwerking gehad om so ver moontlik onder die Kompanjie se beheer uit te kom. Daar sou dus ongetwyfeld talle geharde en selfstandige veeboere gewees het wat in 'n geestelike sin die Kompanjie se gesag verwerp het en by wie onwillekeurig die vraag opgekom het of die Kompanjie werklik groter morele of selfs de jure aanspraak op die onbewoonde en grenslose binneland kon maak as hulle wat dit vir geslagte reeds met

---

61) Lichtenstein, H., Travels in Southern Africa, 1803-1806, Vol.I (Van Riebeeck-Vereniging, No.10, Kaapstad, 1928) p.455; vgl. ook Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.129, Boeseken, op. cit., p.6, en pp.96-97; en Van der Merwe, P.J., Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842 (Den Haag, 1937), pp. 35-64.

goed en bloed vir hulself en hul kinders oopgestel het. Nieteenstaande hierdie geesteshouding van afkerigheid en die onverskillige optrede van die Kompanjie, het die meeste koloniste nog die wesenlike belangrikheid van politieke gesag en kerklike bestuur vir hul wêreldlike en geestelike welsyn ingesien en daadwerklike gesagsuitbreiding van die Kompanjie verlang. Dit het trouens ook geblyk uit die herhaalde versoeke om 'n landdros en 'n predikant aan die oosgrens.[62]

Die moeilike stryd om 'n daaglikse bestaan in en teenoor die natuur en die bedreiging van Boesmanstropers sou voortdurend die drang na persoonlike selfbehoud op die voorgrond dwing, maar die kontak met die magtige Bantoe-migrasiestroom sou vanweë die reële bedreiging van 'n moontlike verswelging en uitwissing metter tyd die drang na selfhandhawing as 'n blanke gemeenskap finaal en seker uit die onderbewuste lig. Nie net fisiese gevare en ekonomiese ondergang nie, maar ook die feitlike teenoormekaarstelling van twee vyandige rassegroepe met radikaal verskillende en onversoenbare geestesbeskouinge en kulture moes die koloniste meer as ooit van die andersheid en roeping van hul blankeskap bewus gemaak het. Naas hul eie besondere tradisies, wat reeds vir meer as 'n eeu in 'n eie milieu vorm aangeneem het, en die algemene ontevredenheid met die Kompanjiesbewind, het die allesoorheersende en gemeenskaplike stryd om oppergesag aan die oosgrens voortaan deurslaggewend geword om die koloniste as 'n eiesoortige volksgroep tot 'n geestelike eenheid saam te snoer. Met die opdamming van die blanke bevolking in die Kolonie namate gesinne aangewas en die Boesmans en Bantoe verdere uitbreiding belemmer het, sou sterker samelewingsverhoudinge ook noodwendig afgedwing word.

Verskeie faktore sou egter meewerk om die bestaansmoontlikhede van die blanke grensbewoners as enkele sowel as 'n

---

62) Vgl. Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.128; Van der Merwe, Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie...ens., pp.147-151 en p.153; Boeseken, op. cit., p.58.

gemeenskapsgroep so volkome te bedreig dat hulle, uit louter selfbehoud en na voorbeeld van buitelandse gebeurtenisse, gedwing is om tot 'n rewolusionêre handelwyse oor te gaan. So sou die gebrek aan grond, kapitaal en 'n algemene onsekerheid van bestaan hul stoflike bestaan ernstig bedreig en hul geestelik ook diep aangryp.[63]

Aan die vrye uitbreiding en verwisseling van grond is deur die koms van die Bantoe heelwat paal en perke gestel, terwyl die finansiële agteruitgang van die Kompanjie die koloniste ekonomies swaar getref het. As gevolg van Van de Graaff se ekonomiese en politieke wanbestuur was klinkende munt feitlik nie meer in omloop nie en het die waarde van vaste eiendom skrikwekkend gedaal. Ook Nederburgh en Frykenius se drastiese besuinigingsmaatreëls, wat gewoonlik lynreg teen die ekonomiese belange van die koloniste ingedruis het, het nie die „gemor van alle zijden" en algemene verbittering teen die Kompanjie verminder nie. Finansiëel was die koloniste nie langer in staat om die Kompanjie se verpligtinge na te kom nie en geestelik was hulle nog minder bereid om daaraan te voldoen.[64]

'n Bestendige en veilige bestaan aan die oosgrens is mettertyd onmoontlik gemaak toe 'n beleid van territoriale segregasie, eers vanweë die gebrek aan finansies en later die gestadige indringing van Franse filantropiese idees by Kompanjiesdienare, deur 'n kompromis-houding van „vrede teen elke prys" vertroebel is. Dit het spoedig op 'n onbesliste hantering van die grensvraagstuk uitgeloop met die noodlottige gevolg dat die grensboere aan die ergenis van inboorlingplakkers en aanhoudende rooftogte blootgestel is. Toe die koloniste se herhaalde pleidooie om doelmatige beskerming in

---

63) Vergelyk die werk van Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek (Kaapstad, 1948), p.52 et seq. wat hierdie faktore volledig op die toestande van die Groot Trek toepas.

64) Geskiedenis van Suid-Afrika. I, pp.175-177; Boeseken, op. cit., p.36; Lichtenstein, op. cit., pp.455-456.

die wind geslaan en hulle feitlik aan hul eie lot oorgelaat is, verbaas dit nie dat hulle alle vertroue verloor het in die bestuur wat hulle tot dusver deur hulle trou en belastings in stand help hou het nie. Nog veel dieper het die misnoeë hul aangegryp toe hulle uit eie krag die haglike toestande in die grensdistrikte wou verhelp en hulle verbied is om op enige georganiseerde wyse die vyandige inboorlinge van hul plase te verdryf. Boonop moes hulle ook die vernedering smaak dat hulle by die owerheid ten onregte die blaam vir al die grensmoeilikhede dra.[65]

Hoe omvangryk die koloniste se ontevredenheid met die politieke en ekonomiese gedragslyn van die Kompanjie oor al die jare ook al was, het die onvergenoegdheid vir hulle in werklikheid nooit oor prinsipiële sake gegaan nie, maar bloot oor die konsekwente miskenning van hul praktiese bestaansbehoeftes. Die afkeer in die Kompanjie se grensbeleid, veral in die laaste dekade van sy bewind aan die Kaap, het daarenteen veel dieper gegaan. Die grensbewoners was nie net gegrief oor die feit dat die Kaapse bewindhebbers geen praktiese oplossing vir die vraagstuk gehad het nie, maar die hele benadering van die inboorling het diepgaande verskille oor lewensuitkyk en -beskouinge meegebring. Op grond van hul eie histories-gevormde opvattinge van differensiasie en skeiding aangaande die inboorlinge as 'n onmondige ras het die koloniste hul kragdadig verset teen die filantropiese gedragslyn van Kompanjiesdienare wat uiteindelik tog op gelykstelling sou afstuur. Die bedreiging wat 'n vreemde lewensbeskouing van buite af vir 'n eie gevormde lewensopvattinge ingehou het, bring onvermydelik die bewuswording van sodanige opvattinge mee en moet as 'n noodsaaklike stap in die ontwikkeling van die volksbewussyn van 'n volk beskou word.

---

65) Vgl. Geskiedenis van Suid-Afrika, I, pp.128-137; Van der Merwe: Geskiedenis van die Trekboer....ens. pp.259-317; Van Biljon, P., Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika (Kaapstad, 1947), pp.9-16.

Primêr het die strewe na onafhanklike staatsordening nie die opstande in Graaff-Reinet en Swellendam ten grondslag gelê nie. Daar was ook geen innerlike begeerte tot gesagsverwerping nie, maar uit die noodtoestand wat aan die oosgrens ontstaan het, het daar tog die drang ontstaan om na voorbeeld van Amerika en Frankryk 'n soort van een onafhanklijke eigen Constitutie in te voeren zonder die uit het moederland te willen afwachten." Na die verjaging van die landdros van Graaff-Reinet is deur die algemene volkstem 'n aantal verteenwoordigers verkies om „burger belangen, saaken en regten" te behartig en is die nodige ampsdraers aangestel. In Swellendam is ook 'n „Nationale Conventie" in die lewe geroep wat sy gesag aan die volkstem of „Nationale Burgers" ontleen en die nodige gesagsdraers in die distrik aangestel het. In feitlik gelykluidende woorde as die Graaff-Reineters het hulle hul optrede as volg gemotiveer: „Want wij lang genoeg in het Juk der Slavernij zijn geweest en wij resolveert zijn het leste droppel bloed voor ons lieve Vaderland te waagen en ons onder een vrije Republiecq (van Nederland) te sorteeren."[66]

Onder die druk van omstandighede is hier wel op 'n besondere wyse aan 'n steeds sterkerwordende volksgevoel uitdrukking gegee. Hoewel van 'n volle ontplooiing van 'n republikeinse volkstaat, soos meermale al beweer is, hier nog geen sprake is nie, het die burgery hul tog tot 'n selfstandige staatkundige gemeenskap onder die direkte gesag van die pasgestigde Bataafse Republiek gevorm om sodoende 'n meer regstreekse en doeltreffende behartiging van hul politieke en ekonomiese belange te verseker. Aangesien die koloniste terselfdertyd die impulsiewe drang openbaar het om self gesag te beoefen, moet die opstande aan die ander kant nie net as 'n

66) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, pp.175-180 en pp.181-182; Wieringa, P.A.C., De oudste Boeren-republieken Graaff-Reinet en Swellendam van 1775 tot 1806 (Den Haag, 1921), p.107.

blote uitskakeling van die Kompanjie as 'n ongewenste tussenpersoon bekou word nie.

Vir die eerste keer kon die Patriotte se idees van volksoewereiniteit en algemene welsyn nou in die praktyk toegepas word, en aangesien die aksie nie van 'n leiersklas of -groep uitgegaan het nie, maar van die gewone burgers self, verbaas dit nie dat die volkstem-gedagte en verteenwoordigende bestuursliggame so 'n besondere inslag verkry het nie. Die Britse verowering van die Kaap, wat kort na die opstande gevolg het, het die koloniste egter die geleentheid ontneem om hul reedsbestaande volksgevoel ten volle uit te leef, en verhoed dat die „geest van onvergenoegdheid" in die Kaapse en Stellenbosche distrikte, waar die mislukte pogings van die Patriotbeweging sterk aangevoel is, tot 'n soort van algemene Kaapse rewolusie uitbreek.[67]

Toe die burgers van Graaff-Reinet en Swellendam van die voorgenome Britse besettingsplanne verneem, het hulle in die woorde van die „Nationale Kommandant" van Swellendam verklaar „dat wy niet voornemens en benne om ons Land in UEd. (die admiraal van die Britse vloot) handen over te geeven, maar benne van voornemens om tot den laatste nan te waagen." Hiertoe was die ganse Kaapse burgery klaarblyklik bereid, want vir 'n ruim aantal jare het hulle reeds getoon dat hulle sentiment by die Patriotte in Nederland berus het wat nog in dieselfde jaar met Franse hulp die Batawfse Republiek tot stand gebring het. Nie minder as 1,140 burgers van die buitedistrikte het hul opwagting in die Kaap gemaak nie, maar as gevolg van die verraderlike en lafhartige optrede van die Oranjegesindes in die swaktoegeruste leër het die hele teenstand in duie gestort en het die veldtog weinig blyke van 'n nasionale

---

67) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, pp.182-184, Muller, op. cit., p.73.

verset getoon.[68]

* * *

Uit die voorafgaande bladsye blyk dus dat die Kaapse blanke burgerbevolking, wat ongeveer 16,000 persone getel het, teen die einde van die 18de eeu onmiskenbare tekens van 'n eie en besondere volkspersoonlikheid en -karakter gedra het. Oor 'n tydsbestek van 'n anderhalf eeu kon hierdie volksontwikkeling egter ongestoord sy eie gestalte aanneem, aangesien die geslote landelike lewe, waaraan die oorgrote meerderheid van die koloniste onderworpe was, nooit deur gebeure van buite af verbreek of diepgaande versteur is nie. 'n Eie volkservaring en -tradisie sou dus die heterogene maar assimileerbare blanke bevolkingselemente tot 'n nuwe nasionale lewenseenheid met 'n eie ontluikende volksbewussyn saambind. Tot hierdie nasionale samehorigheid het veral meegewerk die ontluiking van 'n eie onderskeidende spreektaal, eie tradisies, die inwerking van 'n gemeenskaplike Dietse kultuurbesit, die koloniste se enkele kerkverband en Gereformeerde godsdiens, hul gemeenskaplike aardrykskundige milieu, kleurbewussyn, boerderybelange en -ervaringe, hul patriargale familiebestaan, die langdurige stryd teen die natuur en die lewensgevaarlike bedreiging van die Boesmans en Bantoe langs die grense van die Kolonie.

Daarenteen het ook verskeie faktore hierdie nasionale aaneengeslotenheid teengewerk, o.m. die koloniste se geografiese, sosiale en geestelike isolement; hul oordrewe individualisme, wat tot 'n groot mate aan hul Calvinistiese lewenshouding en beroep as veeboere toe te skryf was; die gebrek aan 'n sterk leiersklas; die afwesigheid van die koördinerende invloed wat gewoonlik van uitgebreide onderwysgeriewe en geestelike bearbeiding uitgegaan het, en 'n staatsbestuur

68) Beyers, Die Groot Trek....ens., in Argief-jaarboek, Jaargang Vier, 1941, Deel I, p.4; Geskiedenis van Suid-Afrika, I., pp.184-186; Theal, Belangryke Historische Documenten, III, pp.119-120.

wat reeds vroeg in die koloniste se volksontwikkeling direkte invloed en beheer oor die meeste van hulle verloor het.

Daar is ook reeds aangetoon dat die jarelange onvergenoegdheid met 'n gemeenskaplike front teen die Kompanjie se gebrekkige bestuur één van die sterkste saambindende faktore was om die koloniste in 'n politieke gemeenskapsverhouding saam te snoer waaruit die begeerte ontstaan het om sekere staatsfunksies, hoe gebrekkig en gering ook al, self te beoefen. Aan die ander kant het die afname van 'n doeltreffende staatsbestuur en die gebrek aan gepaardgaande instellinge soos die kerk en skool slegs tot allerlei geestelike verwarringe, innerlike verdeeldheid en partyskappe gelei wat alleen verlammend op die volksbewussyn in sy wordende stadium kon inwerk. Teen die einde van die 18de eeu het verskeie waarnemers hulle dan ook bekla oor die feit dat die koloniste in die buitedistrikte nie alleen uitdagend en spottend teenoor alle vorme van staats- en regterlike beheer gestaan het nie, maar selfs totaal onkundig was oor die eise en pligte wat 'n geordende maatskappy aan hulle stel.[69]

Watter omvang en vorm die ontluikende volksbewussyn ook al teen die einde van die 18de eeu aangeneem het, het dit tog nie so 'n mate van ontwikkeling getoon dat die oorgrote meerderheid van die koloniste in hulle gemeenskaplike self 'n eie aparte volk erken het nie. Daarnaas was die gevoel van verwantskap met en die trou aan die moederland of Nederlandse staat by baie nog te sterk en die besef van innerlike samehorigheid, wat deur groot en gemeenskaplike dade in die verlede gevorm is, nog te swak om die koloniste hul groter en innerlike verband as lede van 'n gemeenskaplike volk te laat besef. As 'n proses wat eers langsaam, stilswygend en onbewus plaasgevind het, sou die volksgevoel en -bewussyn van die Kaapse koloniste teen die einde van die agtiende eeu in hul aksie en besinning wel meer bewustelik tot openbaring kom,

69) Ibid., pp.73-74.

maar eers in die loop van die volgende eeu sou dit versterk, verdiep en uitgebou word[70] en in sy volle moontlikhede ontvou.

* * *

Terwyl die Britse verowering van die Kaap in 1795 en weer in 1806 vir die ontluikende volksgevoel van die Kaapse koloniste faktore van 'n ingewikkelde, verreikende en beslissende aard sou meebring, het dit ook meteens 'n tradisionele teenstelling van meer as tweehonderd jaar tussen Nederlander en Engelsman na 'n nuwe bodem verplaas. Die verskille in lewenshouding moet dan ook tot 'n groot mate hierdie teenstelling verklaar: teenoor die aristokratiese inslag van die Engelsman het die burgerlike inslag van die Nederlander gestaan. Nieteenstaande die hegte betrekkinge wat die Katolieke Spanje as gemeenskaplike vyand op hierdie twee moondhede afgedwing het, het daar teen die einde vandie sestiende eeu 'n geesteshouding by die Engelsman posgevat wat feitlik aan veragting vir die Nederlander gegrens het. Met sy aristokratiese lewenshouding het hy op die Nederlander met sy lomp, onhandige en burgerlike lewenshouding met minagting neergesien en hom gaandeweg bo die Nederlandse volk verhewe begin voel.[71] Talle ongunstige uitdrukkinge in die Engelse taal wat verband hou met die woord „Dutch" gee blyke dat hierdie geringskatting van die Nederlander 'n deel van die Engelse volkskunde en tradisie geword het.[72]

Die vyandige houding tussen die twee volke en die afguns van die Engelsman is veral versterk deur die onkeerbare en suksesvolle opkoms van die Nederlandse skeepvaart en vissery, waardeur die Nederlanders in hul „Gouden Eeuw" ongekende nasionale vryheid, welvaart en prestige geniet en die gevaarlike konkurrente van Engeland geword het. Oral in die kolo-

---

70) Van den Heever, Die Afrikaanse Gedagte in Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, III, p.6; Wypkema, op. cit., p.29.
71) Van Jaarveld, F.A., Om die Wieg van Suid-Afrika in Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nuwe Reeks, Deel XII, Eerste Aflewering, April 1952, p.13 et seq.
72) Huizinga, J., Tien Studien (Haarlem, 1926), p.201.

niale wêreld waar hierdie twee volke hulle bevind het, selfs aan die kuste van die Britse eilande, het allerlei botsings oor handels- en visserybelange ontstaan, wat die bestaande verskille slegs dieper ingeslaan het. Die afguns van die Engelsman is ook aangewakker deur die feit dat hy in die skaduwee gestel is, waar die Nederlander hom ook al meester van die see gemaak het, en dat hy vir 'n groot deel van sy in- en uitvoer van Nederland afhanklik was. Hierdie jaloesie en haat het dus nie net tot sekere belangegroepe soos vissers, koopmanne en renteniers beperk gebly nie, maar geleidelik tot 'n breë nasionale antipatie teen die Nederlandse volk as sodanig uitgegroei.[73]

Met die uitvaardiging van die Britse Akte van Navigasie in 1651 teen die Nederlandse koloniale handel, tussenhandel met Engelse hawens, vragvaart en visserye, tereg genoem „de basis en de fondament" van die Nederlandse staat, is die volksbestaan van die Nederlander ernstig bedreig. Dit is opgevolg deur wedersydse kapery met die gevolg dat aan weerskante 'n onkeerbare haat en verbittering losgebars het wat met 'n reeks van oorloë tussen 1652 en 1674 sy hoogtepunt bereik het.[74] Die vernederende teenslae en roemryke oorwinnings wat die stryd vir beide partye ingehou het, het dus slegs grond vir nog groter afguns en nyd gebied.

Weereens soos in die verlede sou die gevaar van die hegemonie van 'n Katolieke vors in Europa die twee state na-mekaar dryf. So is hulle in 1678 uit nasionale nood gedwing om 'n staatkundige verbond met mekaar teen Lodewyk XIV van Frankryk te sluit. Hoewel die verbond langer as 'n eeu van krag gebly het, het dit die onmin tussen die twee volke nie beëindig nie. Dit is trouens eerder aangewakker deurdat

---

73) Van Jaarsveld, op. cit., p.13 et seq., vgl. ook Fruin, R., Verspreide Geschriften, Deel IV, pp.258-259.
74) Van Jaarsveld, op. cit., p.50, Scholtz, D.G., Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952 (Johannesburg, 1954), pp.26-40.

Katoliekgesinde vorste die Britse troon bestyg, Nederland gaandeweg sy magsposisie in Europa verloor het en op see en ekonomiese gebied deur Brittanje verbygestreef is. Selfs toe die stadhouer, Willem III, saam met sy vrou die Britse septer geswaai en die twee volke saam met ander Europese moondhede in 'n hegte militêre verbond teen Frankryk gesmee het, het die kwaaie gevoelens bly voortwoeker. In Brittanje was „Dutch William" nie juis gewild nie, terwyl die Britse krygstaktiek en leërleiding op die vaste land tydens die Spaanse Suksessie-oorlog voortdurend kritiek, agterdog en verwyte by die Nederlandse staat en volk uitgelok het.[75]

In die uitgerekte reeks oorloë teen Frankryk, wat met die Vrede van Utrecht in 1713 voorlopig beëindig is, het Nederland sy kragte ooreis en met sy enorme staatskuld, geknakte handel en verwaarloosde vloot het ekonomiese agteruitgang hom in die gesig gestaar. Ten koste van die lewenskragtige en mededingende Brittanje sou Nederland se buitelandse prestige en eertydse roem op see in die loop van die agtiende eeu jammerlik kwyn. Ook binnelands het verval in die geestelike en kulturele lewe en wanpraktyke, gebreke en verdeeldheid in die openbare bestuurskringe ingetree. Hierdie algemene materiële en geestelike agteruitgang en minderwaardigheid het die Nederlander dan ook nie soseer aan die Franse gewyt nie, maar aan Brittanje wat hom op see en in sy koloniale handel van sy befaamde nasionale roem en inkomste beroof het. Throbecke verklaar derhalwe: „Niettegenstaande velerlei overeenstemming van afkomst, zeden, religie, volkskarakter, was, door handelsnaijver, en vooral de herinnering aan herhaalden krijg, het vooroordeel tegen Engeland in het

---

75) Groen van Prinsteren, Handboek der Geschiedenis der Vaderland (Amsterdam 1872), p.359, 406, 428; Scholtz, op. cit., pp.41-47.

bloed der nederlandsche zeemanschap en werkelijk nationaal."[76]

In die reuse stryd tussen Brittanje en Frankryk om die opperheerskappy van die see, het laasgenoemde in die loop van die agtiende eeu reeds so 'n leidende rol in die wêreldpolitiek en -handel gespeel dat die minderwaardige posisie van die Nederlander, tot sy eie ergenis, in skerpe kontras daarmee gestaan het. In die Europese stryd van 1744-1748 het Nederland se pynlike afhanklikheid van Brittanje; sy neutrale houding tydens die Brits-Franse oorlog van 1756-1763 en sy uiteindelike bondgenootskap met Frankryk tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog slegs die wanverhoudinge en verwydering tussen die twee volke tot die uiterste gedryf.[77] Vurige kole is ook opgehoop met die aanvaarding van die Franse demokratiese denkbeelde deur die Nederlandse burgery, die gevolglike opkoms van die Patriot-party met sy uitgesproke pro-Franse sentiment teenoor die pro-Britse Oranjegesindes en die sluiting van 'n Frans-Nederlandse defensiewe verbond in 1785, want soos te begrype was 'n koloniaal-ryke Nederland onder Franse beheer nie net vir Brittanje se kuste 'n ernstige bedreiging nie, maar ook vir sy handel in die Ooste.[78] Die verbreking van die Patriotte se mag en die herstel en waarborg van die Oranje-Party se gesag in 1787 deur Pruise en Brittanje het 'n nuwe bron van onmin by 'n sekere deel van die Nederlandse volk verwek. Na 'n floue poging om die eertydse staatsbetrekking met Nederland opnuut in 'n bondgenootskap te verseël, moes Brittanje in 1795 eenvoudig toesien hoe die Patriotgesinde burgerlike bevolking die seëvierende Franse rewolusionêre troepe in Nederland verwelkom en onder die

---

76) Aangehaal by Groen van Prinsteren, op. cit., p.497, vgl. ook p.431, 451 en 548; Scholtz, op. cit., p.48; Blok, P.J., Geschiedenis van het Nederlandsche Volk (Amsterdam, 1904), Deel VI, p.66, 161 en 180; Geyl, Geschiedenis van de Nederlandse Stam...ens., III, p. 279 et seq.

77) Scholtz, op. cit., p.49 en 50; Blok, op. cit., VI, pp. 214, 275-278, 283.

78) Scholtz, op. cit., p.57 en 69; Groen van Prinsteren, op. cit., p.548.

Bataafse Driekleur niks meer as 'n satelliet van Frankryk geword het nie.[79]

Die antipatie wat van die begin af teen die koms van die eerste Britse bewind en bestuursjare na 1806 bestaan het, is dus in die lig van die voorafgaande Brits-Nederlandse betrekkinge en die inwerking van plaaslike faktore redelik te verklaar. As 'n gemeenskap met 'n oorwegende Nederlandse sentiment sou die tradisionele afkeer van die Nederlander in die Engelsman en omgekeerd hom ook aan die Kaap voelbaar maak. Die koloniste se afsondering in die binneland en gebrek aan direkte kontak met Nederland kon wel tot die verswakking van hierdie anti-Engelse gevoel meegewerk het, maar aan die ander kant het buitelandse gebeure die Kaap soms so skerp en direk getref dat die koloniste tog nie geheel en al onkundig kon wees oor die feit dat Brittanje se opkoms Nederland se agteruitgang bewerkstellig het nie.[80] Die nuwe bewindhebbers het ook immers uit 'n vreemde volk gespruit met wie die kolonis op geen tydstip van sy volksontwikkeling enige persoonlike, geestelike of kulturele kontak of verwantskap van enige aard gehad het nie. Onbekend en in der waarheid onbemind is die Engelsman van die staanspoor as ongewenste indringer beskou, sodat J.H. Craig moes verklaar dat „nearly every man in the Colony is our enemy."[81] Die feit dat hulle nou self te doen gehad het met die „onderdrukker" van die Amerikaanse koloniste en met die vyand van die Franse rewolusionêre denkbeelde en die Bataafse Republiek, kon hulle nie teenoor die Engelsman gunstig stem nie.

Die onmiddellike deurslag vir die koloniste se anti-Engelse gevoelens moet egter daaraan toegeskryf word dat die oorgrote meederheid van die Kompanjesdienare, by die koloniste gehaat en ongewild, as aanhangers van die Prins van Oranje

---

79) Scholtz, op. cit., p.67, 69 en 75.
80) Ibid., pp.23-75.
81) Aangehaal in Cambridge History of the British Empire, dl. VIII (South Africa), p.176.

die Britse besetting verwelkom en na die Engelse oorgeloop het. Hierdie „Anglomanne" het volgens Wieringa die botoon verkry en hulle invloed aangewend „om hunne tegenstanders, de vroegere party der ‚Patriotte of Nationalen', nu onder de naam van ‚Jacobijnen' op de achtergrond te houden, en bij het nieuw bestuur verdacht te make en waar het mogelijk was te onderdrukken en te benadeelen."[82] Dit was veral vir die Graaff-Reineters 'n gruwel dat die nuwe bewind van dieselfde amptenare gebruik gemaak het van wie hulle soveel in die verlede moes verduur, en merk Theal op: „Since the Company's officers wore orange cockades, the burghers displayed the tricolour."[83]

Brittanje het nie uit enige altruïstiese gevoelens vir die na Engeland uitgeweke Prins van Oranje en sy volgelinge die Kaap beset nie, maar met die doel om te verhoed dat die Franse die Kaap as 'n afspringplek teen die Britse kolonies en handel kan gebruik.[84] Die Engelsman het gevolglik na die Kaap gekom met sy geesteshouding van aristokratiese hooghartigheid en kleinlike vooroordeel teenoor alles wat „Dutch" is. As 'n tipiese voorbeeld dien die onbeheersde en bevooroordeelde woorde van 'n man soos lt.-genl. Francis Dundas nl. dat „the Boors are the strongest compound of cowardice and cruelty, of treachery and cunning, and of most of the bad qualities with few very few of the good ones, of the human kind."[85] Nog 'n klassieke voorbeeld van hierdie soort denkwyse, wat mettertyd selfs geyk geraak het, is John Barrow se haatlike karakterskets van die koloniste, t.w. „The peasantry of the Cape are better fed, more indolent, more ignorant, and more brutal, than any set of men, bearing the reputation of

---

82) Marais, J.S., Maynier and the first Boer Republic, (Kaapstad, 1944), p.88; Wieringa, op. cit., p.46, ook pp.52-53, vgl. ook Lichtenstein, op. cit., I, p. 457.
83) Theal, Belangryke Historische Dokumenten, III, p.16.
84) Scholtz, op. cit., p.78.
85) Theal, G.M., Records of the Cape Colony, III, p.38.

being civilized, upon the face of the world."[86] Dat daar veral onder die grensboere heethoofde, ruwe tipes en persone was wat hul aan geen ander gesag as hul eie wou onderwerp, val nie te betwyfel nie, maar om hulle lewenshouding en -opvattinge as 'n algemene waardebepaling van die deursnee Kaapse koloniste te laat geld, openbaar juis die Engelsman se vooroordeel teenoor hierdie koloniste.

Naas tradisionele vooroordeel en moedswillige onkunde is die wrewel en veragting vir die koloniste vergroot deur die feit dat diegene wat tot die Britse militêre- en handelsklasse behoort het, ná die vernederende verlies van die Amerikaanse kolonies, vir „colonials" nie juis respek gekoester het nie en seer seker nie vir hulle wat tot 'n vreemde volk behoort het nie. Buitendien is die Kaapse koloniste weens hul rewolusionêre neigings, hoe vaag, verward en onseker dit ook meesal was, en hul volgehoue gehegtheid aan die Bataafse Republiek as volbloed „Jakobyne" bestempel.[87]

Onmiddellik vóór die koms van die Engelse het, volgens Egbert Bergh, „onder alle de verschillende classen van inwoonderen een algemeen misnoegen, kleinachting voor de Regering, verzmading van de wet, en mistrouwen" geheers,[88] en hoewel die nuwe bewind met sy gesonder administrasie, afskaffing van monopolië en die oplewing van die handel 'n merkbare verbetering op die Kompanjiesbestuur was, kon die onbuigsame Britse bewindhebbers met hul militaristiese optrede ook nie daarin slaag om hulle by die koloniste gewild te maak nie. Terwyl dit die algemene mening onder die koloniste was dat die Kaap slegs tydelik onder die Britse hiel verkeer het,[89] het die inwoners van die westelike dele die verloop van

---

86) Barrow, J., An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, II (Londen, 1804), p.79.
87) Theal, Records....ens., III, p.57. Hierdie verskynsel het hom ook tydens die jongste Wêreldoorlog voorgedoen toe die Afrikaners as „Nazi's" uitgekryt is.
88) Theal, Belangryke Historische Dokumenten, III, pp.119-120.
89) Scholtz, op. cit., p.83.

sake tydelik aanvaar; maar in die oostelike dele sou die Graaff-Reinetters hul nie alleen 'n jaar lank teen die Britse gesag verset nie, maar, deels aangespoor deur heethoofde en deels uit wanhoop en vertwyfeling, sou hulle twee keer daarna weer die begeerte openbaar om „de oude patriotschap" op te neem en in openlike opstand te kom.[90]

Danksy die invloed en magsposisie van filantropiesgesinde oud-Kompanjiesdienaars en 'n man soos Barrow, was die Britse gesag in die grensdistrikte 'n voortsetting van die Kompanjie se onverskillige en selfs vyandige houding teenoor die grensbewoners en hul probleme. Ook is met 'n halfslagtige grensbeleid volhard wat in die praktyk op „woorde en beloftes, sonder daadkrag" neergekom het, met die uiteindelike gevolg dat die Xhosas vanaf 1799 groot dele van die Kolonie verwoes het wat deur die verarmde koloniste ontruim moes word.[91] Die Britse bewind het dus die toestand van jarelange verwaarlosing, vertwyfeling en onbestendigheid slegs pynlik verleng en vererger met die drastiese maatreëls t.o.v. die verpligte en gehate eedsaflegging; die bewapening van Hottentot-korpse teen blanke opstandelinge; die stopsit van die verskaffing van kruit en lood, waardeur die koloniste van noodsaaklike lewensmiddele en beskerming verstoke was; die voortrekkery en beskerming van Hottentotte binne die Kolonie, wat hoe langer hoe meer 'n dreigende houding teenoor die blankes ingeneem het, en die aanstelling van ontaktvolle amptenare wat in woord en daad totaal uit voeling met die grensbewoners se behoeftes en begeertes was.[92]

---

90) Geskiedenis van Suid-Afrika, I pp.189-190; 193, 196-197; Wieringa, op. cit., pp.46-63; Marais, op. cit., p.94 et seq.

91) Theal, Records...ens., I, p.198, Geskiedenis van Suid-Afrika, I, pp.192-196; Lichtenstein, I, pp.459-460 en 462, Wieringa, op. cit., p.46 et seq. Die nasionale kommandant Delport van Swellendam is bv. verban omdat hy geweier het om die eed van trou af te lê. (vgl. Lichtenstein, I p.457).

92) Geskiedenis van Suid-Afrika, I pp.189-198.

Waar dieselfde stel faktore onder die Kompanjiesbewind tydens die eerste Britse besetting bly voortwerk het, sou 'n mens verwag het dat die siedende ontevredenheid ewe sterk tot die konsolidering van die koloniste se samehorigheidsgevoel en selfstandigheidsin meegewerk het. Die teendeel was egter ook die geval, want die jarelange gebrek aan staats-, kerk- en onderwyskontrole het sy negatiewe invloed op die volksbewuswording begin uitoefen en 'n gaping gelaat wat die koloniste uit die swakheid en gebrek aan ervaring nie kon vul nie. Hoewel nie onbevange nie, skets sir George Yonge die toestand in die grensdistrikte as volg: „Accustomed to their own wills, and to obey the first impulse of their unruly passions, living almost insulated..... they considered themselves as independent of all legal restraints, despising their Magistrates and the orders of their Government upon all occasions."[93] Hierdie proses van ontaarding wat die koloniste se hele samelewing-struktuur en gemeenskapsverhoudinge met disintegrasie bedreig het, word in 1803 deur goew. Janssens se reise in die oostelike distrikte bevestig. Aan De Mist skryf hy: „Men heeft geen denkbeeld in wat staat dit land door regeeringsloosheid, ongevoeligheid der menschen, en zedeloosheid gebragt is (zedeloosheid betekend hier iets anders als te Parijs of Amsterdam)."[94] Van die Graaff-Reinetters getuig die bekende reisiger Lichtenstein in woorde, wat dikwels gelykluidend met dié van Janssens is, dat die koloniste „waren er maar al te zeer aan gewoon geworden, voor geene wereldlijke magt eerbied te koesteren; de onderlinge onverzoenlijke twisten en vijandschappen, hunne zoo geheelverkeerde denkbeelden van regt en wet, hunne zonderlinge begrippen van vrijheid, het volslagen gebrek bij hen van ware godsdienstige grondbeginselen bij veel uitwendige vroomheid,

---

93) Theal, Records.....ens., III, p.57.
94) Theal, Belangryke Historische Dokumenten, III, p.230 vgl. ook p.211, pp.218-219, pp.240-241.

kortom, hunne volstrekte vervreemdheid van alle burgerlijke pligten en deugden had deze menschen in eenen toestand geplaatst, even zonderling en ongelukkig voor hen zelven als voor de regering."[95]

Naas hierdie fase van stagnasie, wat enersyds nie juis bevrugtend op die koloniste se volksontwikkeling ingewerk het nie, maar andersyds veral in sy negatiewe uitwerking tog bygedra het tot die verbreking van feitlik alle geestelike bande wat daar moontlik nog met Nederland bestaan het, veral by die koloniste in die oosgrensdistrikte, kon daar vanweë die tydelike inslag en kortstondige duur van die eerste Britse bewind, geen positiewe en diepgaande invloed op die koloniste se ontluikende volksbewussyn uitgaan nie. Tog het hierdie tydperk van meer as sewe jaar in die lig en samehang van die finale besetting in 1806 vir die Kaapse koloniste 'n insiggewende voorkennis en ervaring van Britse opvattinge, lewensuitkyk en bestuursmetodes gebied. In 'n sekere sin was hierdie tussenregering 'n voorafskaduwing van die komende kultuurbotsing, want met die verskyning van 'n vreemde volk met 'n onverstaanbare taal en andersoortige kultuur is daar reeds 'n floue reaksie, grotendeels onbewus, in die ongevormde volksdenke uitgelok.

* * *

Nog kortstondiger as die eerste Britse bewind het die Bataafse bewind van nouliks vier jaar egter 'n veel kragtiger uitwerking op die koloniste se volksbewussyn gehad, en tot so 'n mate dat werklike bydrae daarvan eers met die stigting van die Boere-republieke ten volle openbaar is.[96]

Ontslae van die vreemde juk wat weinig minder as dié van die Kompanjie gedruk het, is die Bataafse Driekleur in

---

95) Lichtenstein, Reizen in het Zuidelyk gedeelte van Afrika in de jaren 1803-1806, II, (Vertaal deur W. Goede, Dordrecht, 1813), p.288; vgl. ook Theal, Belangryke H.D., pp.72-74 Memorie van Egbertus Bergh.

96) Wypkema, op. cit., p.201 et seq.

18C3 op so 'n wyse verwelkom dat De Mist kon verklaar dat „de liefde voor het oude Moederland en gehegtheid aan het tegenwoordig Bataafsche Gouvernement, is het schiboleth van..... de grootste menigte ingezetenen der Kaapstad, en bijna de geheele massa der Landbewooneren."[97] Die feit dat die Kompanjie ontbind was; nie langer sy ongewilde gesag oor die Kaap sou uitoefen nie, en dat die Kaapkolonie se belange nou vir die eerste keer direk vanuit Nederland geken en behartig sou word deur 'n Republiek, waarin die koloniste hul Patriot-ideale verwesenlik gesien het, was immers genoegsame waarborg vir die gewildheid van die Bataafse bewind.

In samehang met buitelandse gebeurtenisse en die strategiese betekenis van die Kaap het kommissaris-generaal J.A. de Mist en genl. J.W. Janssens die hele regering en administrasie so ingestel dat die gehegtheid aan die moederland daardeur verstrek sou word. Voor sy vertrek na die Kaap het hy ietwat wanhopig verklaar: „Men zal jaaren werk hebben, eer men de Caabenaars weder Nederlanders kan maaken," waardeur hy in werklikheid by voorbaat reeds erken dat hy met 'n nuwe volk of volksgroep te doen het, en, vervolg hy verder, „zonder de wedergeboorte van eene nationalen geest, en smaak tot voorkeur van nationale zeden, gewoonte, klederdragt, manufacturen, enz., enz., durft men van alle politieke veranderingen weinig goeds behoeven."[98] Sy latere kennismaking met die koloniste, wat besonder intiem en begrypend was, moes hom dus verder oortuig het dat die blanke gemeenskap aan die Kaap reeds die kenmerke van 'n nuwe, aparte volk met sy eie besondere lewensopvattinge en taal getoon het.[99] Desnieteenstaande het De Mist en Janssens die gedagte van gemeenskaplike trou en verwantskap weereens op die voorgrond geplaas

---

97) Wieringa, op. cit., p.65.
98) De Mist, J.A., Memorie houdende de consideratiën en advijs van het Departement tot de Indische Zaaken, etc. (V.R.V. No.3, Kaapstad, 1920), p.47.
99) Ibid., p.47 et seq.

met die uiteindelike gevolg dat toe die koloniste finaal van die moederland afgesny is, hulle die saambindende waarde daarvan op hul eie opvattinge en tradisies kon instel.

Deur middel van 'n administrasie wat sy gesag vanaf die Goewerneur tot by die veldkornet in die buitenste wyke effektief kon uitoefen, en die daarstelling van 'n eie kerkbestuur en opvoedingstelsel wat in die koloniste se geestelike behoeftes kon voorsien, wou die nuwe bewind die koloniste saamsnoer en selfs „die kloof wat reeds tussen Kapenaar en buiteman bestaan het, oorbrug."[100] In hoeverre hierdie eenheidstrewe op die koloniste invloed uitgeoefen het, is moeilik vas te stel, want selfs De Mist en sy lyfarts, Lichtenstein, was skepties oor die uitwerking of sukses van die nuwe bewind in die buitedistrikte. Hoe dit ook al sy, die gedagte van 'n gekonsolideerde staatsgesag, kerk en skool, wat ongetwyfeld aanhang onder die koloniste gehad het, het 'n sterk kontras met die disintegrerende en verlammende toestand van die verlede gestaan.[101]

Met sy „liberale maar gematigde, behoudende en versoenende" lewensuitkyk het De Mist van die standpunt uitgegaan dat „de ingezetenen hebben't recht om eene Regeering over zich te vorderen, die hen niet altyd en alleen ten voordele van een derde maar voornaamentlyk en in de eerste plaas naar vaste, beschreeven en billyke wetten ter bevordering van hun eigen welvaart bestuurt." Hier is dus van 'n ander beginsel as dié van die Here Sewentien se monopolistiese beleid uitgegaan, nl. dat die burgery en nie die owerheid as basis van alle wetgewing en staatspraktyk moet geld nie.[102] In ooreenstemming met die gees en staatsopvattinge van De Mist se tyd is vir die eerste keer die beginsel van volksregering erken en tot 'n mate toegepas. So bv. is by die instelling van die

100) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.201.
101) Ibid., pp.198-222.
102) Ibid., p.200, Wypkema, op. cit., p.61, Eybers, Bepalingen en Instructiën...ens., p.67.

Rekenkamer van die beginsel van „geen belasting sonder medeseggenskap" uitgegaan, en deur die sterk omlyning van die funksies van liggame, soos die Politieke Raad en die Raad van Justisie met hul beperkte burger-verteenwoordiging, is die koloniste gevrywaar teen die willekeurige gesagsuitoefening van 'n owerheid wat sy politiek uitsluitlik op kommersiële voordeel gerig het.[103]

De Mist se grootste bydrae tot die herstel van 'n bestendige staatsbestuur as teenvoeter vir die geestelike en politieke ontaarding veral in die buitedistrikte, was sy besondere eerbied vir die regte en voorregte van die gewone burgery. Alleen sodanige hervorminge sou op kerklike, onderwys- en landbou-gebied aangebring word wat die koloniste se welvaart beoog het, terwyl hul historiese instellinge en gebruike deurgans in hul oorspronklike of in 'n enigsins gewysigde vorm gehandhaaf is.[104] Deur gebruik te maak van die bestaande kollege van landdros en heemrade as 'n tradisieryke instelling van plaaslike en gewestelike selfbestuur, die uitbreiding van die gesag van die landdros en veldkornette en die wetlike inskakkeling van die koloniste se eie kommandostelsel, as integrerende deel van die Kaapse verdedigingstelsel, het die Bataafse bewindhebbers terselfdertyd daarin geslaag om 'n geordende staatsgesag dwarsdeur die Kolonie te herstel en 'n gees van versoening teenoor die owerheid in die grensdistrikte te kweek.[105] Die vertroue in die staatsgesag is verder versterk deur 'n grens- en inboorlingbeleid te volg wat van die beginsel van rasseskeiding uitgegaan het en reg teenoor blanke sowel as inboorling wou laat geskied. Naas die daarstellinge van Hottentot-reservate en die poging om deur middel van passe en dienskontrakte die verhouding tussen heer en diensbodes te verbeter, was die mate van vrede wat aan die

---

103) Geskiedenis van Suid-Afrika, p.203.
104) Wypkema, op. cit., pp.22-23.
105) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, pp.202-206.

oosgrens gehandhaaf was reeds genoegsame waarborg vir die gewildheid van die Bataafse bewind.[106]

Weliswaar sou alle maatreëls, veral die liberale gedagtes van die Kerkorde en die sekularisering van die onderwys nie die vertroue en ondersteuning van die konserwatiewe en Calvinisties-georiënteerde koloniste geniet nie,[107] maar selfs dit kon nie opweeg teen die feit dat die nuwe bewind aan hul gegronde klagtes en griewe ernstige oorweging geskenk en waar moontlik, uit die weg geruim het nie. Vanweë die kort bestek van die Bataafse bewind - nouliks vier jaar - was sy onmiddellike bydrae tot die versterking van die koloniste se volksbewussyn waarskynlik gering, maar so diep was die indruk wat hierdie tydperk op die volksgemoed gemaak het dat dit na dertig jaar, tydens die Groot Trek en in die Boere-republieke, nog 'n duidelike stempel op die Afrikaner se volkswording sou afdruk. Dit is ongetwyfeld waar dat die Bataafse instellinge en gedagtegange vir die opvolgende geslagte die spoorslag help lê het waarvolgens die koloniste se vryheidsideale kon ontplooi.[108]

---

106) Ibid., p.215 et seq.; Wypkema, op. cit., p.107 et seq.
107) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.210 en p.212.
108) Wypkema, A., Die Nederlandse Stamverwantskap en Kulturele Bydrae in Die Kultuurgeskiedenis van die Afriner, I, p.116.

H O O F S T U K II

„STRYDIG MET DEN MURG DER AFRICAANDERS"

Met die finale Britse besetting in 1806 het die gevestigde Kaapse bevolking reeds min of meer al die sluimerende potensialiteite van 'n volk met 'n eie identiteit en selfs 'n eie taal openbaar. Dit kan dus met 'n redelike mate van veiligheid aangeneem word dat die grondtrekke van die Afrikanervolk aan die begin van die neëntiende eeu al klaar gevorm was en, oor die tydperk van 'n anderhalf eeu waarin dit geskied het, dit nooit wesenlik deur vreemde faktore van buite af beïnvloed is nie. Met die koms van die Brit het vreemde beïnvloeding egter vir die eerste keer 'n bepalende faktor in die ontluiking van die Afrikaner se volksbewussyn geword. Die naasmekaarstelling van die gedagtewêreld van die Brit en dié van die Kaapse kolonis het van die begin af tot die gevolg gehad dat die „vreemde" en die „uitheemse" beskouinge met die tradisionele lewensuitkyk van die koloniste gebots het. Uit hierdie teenstelling het die prikkels ontstaan wat die Afrikaner se volksgevoel sneller tot 'n volle bewussyn sou dwing, of soos dit ock gestel is, wat „die emansipasieproses van kolonialisme na selfstandige nasieskap" verhaas het.[1] Benewens die drang na selfverwesenliking wat reeds innerlik en sluimerend by die Afrikaner-koloniste aanwesig was en teen die einde van die agtiende eeu in die Patriotbeweging en die opstande van Graaff-Reinet en Swellendam probeer uitdrukking vind het, het die koms van die Britse gesag en kultuur - in samehang met die Bantoe-gevaar - waarskynlik die grootste stukrag daaraan verleen om die „andersheid," solidariteit en vryheidsin van die koloniste uiteindelik tot 'n heldere volksbewussyn te bring. In 'n gees van selfver-

1) Van den Heever, Die Afrikaanse Gedagte in Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, I, p.7.

dediging sou die koloniste nou meer as ooit tevore gedwing word om na hul eie kultuurbesit en tradisies, hoe swak en ongevorm ook al, lewensopvattinge en selfs taal te gryp. Vir goed van hul kulturele bakermat en trouverwante stamland afgesny, sou hulle voortaan teen 'n magtige kultuur te staan kom wat geen kompromie met of toenadering tot 'n nietige en andersoortige „koloniale" kultuur, gemeenskap of taal sou ken nie. Buitendien sou die koloniste se afgeslotenheid en konserwatiewe gees hulle met wantroue vervul teenoor alles wat uitheems en vreemd aan hul eie beskouinge, tradisies en gebruike was. Enersyds sou die handhawing van hul eie geestesgoedere die koloniste nog meer na mekaar toe dryf en andersyds sterker bewus maak van hul andersheid teenoor die Britse volksgroep en -instellings - faktorewat beslis tot nasionale samesnoering meegewerk het.

Terwyl die koloniste uit godsdienstige oorweging 'n natuurlike eerbied en ontsag vir die owerheid gehad het, sou hulle onder 'n simpatieker en inskikliker bewind waarskynlik tot troue onderdane van hul nuwe heersers ontwikkel het.[2] Daarenteen het die onoordeelkundige beoefening van 'n outonome staatsgesag, die toepassing van 'n doelbewuste verengelsingsbeleid en die navolging van 'n filantropiese rassepolitiek, in medewerking met bepaalde ekonomiese toestande, 'n gees van verset laat posvat wat met die jare só in intensiteit sou toeneem dat dit uiteindelik as 'n bewuste vryheidsdrang in die Groot Trek sou kulmineer.

Gesien teen die groter struktuur van die Britse koloniale beleid moes die Kaap, as 'n strategiese sleutelpunt vir die Britse handel en oppermag ter see, nie net van buite af teen moontlike vyandige aanvalle beskerm word nie, maar

---

2) Scholtz, J. du P., Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875, (Kaapstad, 1939), p.23; Theal, History of South Africa since 1795, II, p.265. Met die trekboere van die noordwestelike streke, wat selde direk met die Britse bewind in aanraking gekom het, was dit trouens ook die geval, (Vgl. Hoofstuk IV van hierdie werk).

moes die Britse gesag hom ook binnelands beveilig teen 'n vreemde en half-vyandige blanke bevolking en duisende inboorlinge wat die Kolonie voortdurend van die noorde- en oostekant in gevaar gestel het. Vanuit die standpunt van ryksbeveiliging was die Britse gesag dus noodgedwonge daarop aangewys om sy eie mag te verstewig deur die daarstelling van 'n strenge outokratiese en half-militêre administrasie en die geleidelike verengelsing van die afkerige Kaapse koloniste.[3]

Met die Amerikaanse-opstand van 1776 nog vars in die geheue en die reuse stryd teen die rewolusionêre Frankryk nog aan die gang, sou die Tory-regering in die konsolidasie van die Britse oppermag aan die Kaap 'n besonder reaksionêre beleid teenoor die koloniste as „aliens," „Bataafsgesindes" of „Jakobyne" en hul veronderstelde „rewolusionêre" opvattinge navolg.[4] Vir byna 'n halwe eeu is in Britse staatskringe met die gedagte volhard dat die kolonies voortdurend onder strenge Imperiale kontrole moes staan, dat die koloniste vanweë hul politieke en maatskaplike onrypheid nie in staat was om hulle eie sake te beheer nie, en dat hulle allermins in 'n posisie verkeer het om reg en geregtigheid teenoor die inboorlinge in hul midde te laat geskied.[5]

Met hierdie koloniale denkbeelde as norm en die Britse staatsopvatting van die oppermag van die staat, waarvolgens alle bestuursliggame aan die Kaap ingestel is, is daar nie met die gemoedstoestand of tradisionele instellinge van die Kaapse bevolking rekening gehou nie. So moes die ou kollegiale-sentrale regering plek maak vir 'n outokratiese eenmansregering, en in die plek van die eertydse Kompanjiesbestuur wat op handelsmonopolie ingestel was, het nou die Britse regeringsmonopolie gestaan waarin die koloniste ten opsig-

3) Muller, op. cit., p.19; Scholtz, Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, ens., pp.115-119.
4) Macmillan, W.M., The Cape Colour Question (Londen, 1927), p.43.
5) Nathan, M., The Voortrekkers of South Africa (Londen, 1937), p.3.

te van bestuursake nog minder as tevore geken is.[6] Gerugsteun deur 'n militêre mag en die daarstelling van rondgaande howe is die Britse gesag tot in die verste uithoeke van die Kolonie met beslistheid, hoewel nie altyd met volslae doeltreffendheid nie, onder die koloniste ingedra. Uit hoofde van hul onaantasbare magsposisie en omdat plaaslike tradisie en geykte konstitusionele gebruike weinig gewig by die nuwe bewindhebbers gedra het, het hulle hul ook nie gebonde gevoel om dit te eerbiedig of die Britse staatsreëlinge daarby te laat aanpas nie.[7] Die diepgewortelde Britse feodale opvatting dat die koloniste deur sessie of verowering eens en vir altyd Britse onderdane geword het, was ook vir Britse gesagsdraers genoeg grond dat die Kaapse koloniste volkome by die Britse politieke, kulturele en ekonomiese gedagtegange ingeskakel moet word.

Met sy kenmerkende lojaliteit teenoor die Britse kroon as hoogste simbool van die staat en 'n onbuigsaamheid en ongenaakbaarheid wat die Brit so eie is, sou elke gesagsbekleër, vanaf die hooggeplaatste Goewerneur tot by die onbeduidenste kantoorklerk, nougeset en volhardend tot die verstewiging van die Britse gesag in Suid-Afrika meewerk. Met hierdie taak as besieling en tot 'n groot mate die bekrompe opvatting van die Britse Colonial Office oor koloniste en plaaslike koloniale sake toegedaan, sou die hoër geplaaste Britse amptenare selde of ooit by die koloniste gewild wees. Soos reeds hoërop aangetoon is, sou die hele Britse amptenaarsklas uit suiwer rassevooroordeel en tradisionele vyandskap tussen Brit en Nederlander in 'n gees van vooringenomendheid en minagting teenoor die Kaapse koloniste staan,[8] en te meer nog omdat hierdie koloniste se algemene opvoedingspeil benede hul

---

6) Eybers, Bepalingen en Instructiën.....ens., p.3, Wypkema, op. cit., p.67.
7) Eybers, op. cit., p.65.
8) Vgl. Bosman, F.C.L., Drama en toneel in Suid-Afrika (Kaapstad, 1928), p.525.

eie gestaan het. Die Kaapse Goewerneurs was met enkele uitsonderinge ook almal hoë militêre offisiere uit die ou drilskool „who held that a colony was not a training-ground for free citizens, but rather something in the nature of a parade-ground where strict discipline was to be enforced and severe penalties inflicted for its infraction," aldus dr. Manfred Nathan.[9]

Aanvanklik het die uitbreiding van die Britse gesag deur die proklamering van kleiner distrikte en die instelling van rondgaande howe vir die koloniste ongetwyfeld 'n doeltreffender administrasie beteken. Aangesien die ou Nederlandse plaaslike bestuursinstellinge origens met Hollandssprekende apmtenare nog gefunksioneer het, was daar weinig rede tot ontevredenheid. Die versigtige en progressiewe invoering van Britse wette, beginsels en instellinge, waarmee onder Cradock se bewind 'n begin gemaak is,[10] het egter met die verloop van jare al meer en meer by die koloniste die indruk verwek dat die doel en oogmerke van die Britse administrasie, net soos in die dae van die Kompanjie, vreemd en selfs vyandig teenoor hulle belange en probleme staan. Afgesien van die verbittering en wydvertakte gevoel van verontwaardiging in die oostelike distrikte wat om beginselredes en redes van familieverwantskap oor die Swarte Ommegang en die Britse hantering van Slagtersnek-opstand ontstaan het, het die blote instelling van hierdie spesiale hof in 1812 al die indruk by die koloniste geskep dat die owerheid teen hulle kant gekies het; terwyl die ontaktvolle optrede en onversoenlike houding tydens die opstand van 1815 die mening in sekere kringe versterk het dat die owerheid nie juis veel vir die koloniste

---

9) Nathan, op. cit., p.4; vgl. ook Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.232; Scholts, Die Afrikaner en sy Taal, pp.26-27; Van Biljon, op. cit., p.48. Prof.dr.P.W. Krüger het die skrywer ook daarop gewys dat al die Goewerneurs na Somerset tot en met sir Harry Smith offisiere van Wellington uit die Napoleontiese tyd was.

10) Theal, Records....ens., VIII, pp.219-221.

en hulle belange oor het nie. Geen wonder dat die koloniste later onder nuwe prikkels en met die ontplooiing van hul historiese bewustheid telkens na hierdie insidente sou terug-gryp om hul argumente van Brits-gedane-onreg te versterk nie.[11]

Eers met die afskaffing van die landdros en heemrade, wat deur resident-magistrate en siviele kommissarisse vervang sou word, die ontbinding van die Burgersenaat en die inkorting van die magte van die veldkornet sou die hele koloniste-bevolking werklik eers op politieke gebied geraak word.[12] Hierdeur is die koloniste van 'n diepgewortelde tradisie ontroof. Nie alleen het hulle alle seggenskap in plaaslike gesagkringe verloor nie, maar is 'n enkele amptenaar met uitgebreide magte vanuit die sentrum van die staatsgesag oor hulle aangestel. Omdat die magistrate of siviele kommissaris óf 'n offisier uit die Britse leër, óf 'n burgerlike persoon uit Brittanje was, het hy selde voeling met die koloniste en hul plaaslike omstandighede gehad.[13] Selfs van Britse kant sou in die persoon van kol. John Bell, die erkenning gemaak word dat „the measure was neither popular nor altogether right.... for with all their faults they were suited to the character and habits of the great mass of people, who saw with more surprise than satisfaction, that the new scheme of Government excluded them from even the smallest share on the management of their strictly local affairs."[14] Sir Eric Stockenström het selfs so ver gegaan om die afskaffing van die landdros en heemrade as 'n oorsaak van die Groot Trek te noem,

---

11) Geskiedenis van Suid-Afrika, I. pp.230-234.
12) Eybers, Select Documents....ens., p.109 et seq.
13) Wypkema, op. cit., pp.87-88; Eybers, Bepalingen en Instructiën....ens., p.64. Vgl. ook Pont, D., Die Betekenis van die Groot Trek vir ons Gemenereg in Voortrekker-Gedenkboek van die U.P., (Pretoria, 1938) Dr. Pont voer aan dat die afskaffing van hierdie tradisionele instellinge deur die Britse owerheid ook die hegte basis vir hul eie gesag ondermyn is. (pp.87-101).
14) Eybers, op. cit., Bylae B, p.75, J. Bell - R.W. Hay, 7.6.1836.

aangesien die Kolonie ontneem is van the „only shadow of representation in it."[15] Van koloniste-kant word uit 'n stuk van die Natalse Volksraad aan goewerneur Geo. Napier verneem dat hulle die euwels wat hulle in die Kolonie moes verduur toeskryf „aan deze eenige oorzaak, namelyk het gebrek aan een vertegenwoordigend Gouvernement, dat (hun) geweigerd is geworden door het uitvoerend Gouvernement van datzelfde volk, hetwelk hetzelfde voorregt beschouwt als een zijner heiligste burgerregten en waarvoor elk waren Brit zijn leven laten wil."[16] In amptelike owerheidskringe is beweer dat die koloniste self te kort geskiet het om van hul plaaslike besture 'n blywende sukses te maak. Die ware toedrag van sake word egter raakopgesom deur die woorde van dr. G.W. Eybers: „Maar een autokratie kan zijn onderdanen nooit met rust laten. De bevolking moest verengelst worden en de vrijheden, die zij genoot, moesten haar ontnomen worden, niet omdat men weinig voelde voor burgerlijke vrijheden, maar omdat de macht van de staat versterkt moest worden."[17]

Ontneem van hul enigste mondstuk in politieke medeseggenskap en onbewus van die betekenis wat 'n eie blad vir hul saak kon hê, het die Afrikaner-koloniste so goed as geen deel gehad in die Setlaars se stryd om die vryheid van die pers, of in die agitasie om die beperking van die Goewerneur se outokratiese gesag of groter seggenskap in die sentrale regering nie.[18] Die hele konstitusionele stryd het hulle koud gelaat. Enige poging om van hulle kant aktief daaraan deel te neem, sou na alle waarskynlikheid deur die Imperiale regering gekortwiek gewees het, aangesien hulle deur die Britse

---

15) Stockenström, A., The Autobiography of A. Stockenström (uitgegee deur C.W. Hutton) (Kaapstad, 1887), II, p.62.
16) Aangehaal by Stuart, J., De Hollandsch Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, (Amsterdam, 1854), pp.154-155; vgl. ook Bird, J., Annals of Natal, I, p.63-64, Muller, op. cit., p.71 et seq.
17) Eybers, op. cit., p.66.
18) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.249.

amptenare, reisigers en sendelinge in 'n baie ongunstige lig en as 'n politiek-onmondige volk by die Britse publiek en in regeringskringe voorgestel is. 'n Verteenwoordigende bestuur met 'n oorwegende Afrikaanse bevolking sou nie net die Britse oppergesag in Suid-Afrika bedreig nie, maar die verhouding tussen blank en nie-blank, volgens Britse opvatting, ernstig kon verstoor.

Afgesien van die aard van die Britse staatsreëlings aan die Kaap wat weinig met die koloniste se Dietse afkoms, tradisies en instellings rekening gehou het, sou die Britse owerheid hom veral in die grensdistrikte bitter ongewild maak vanweë die verwaarlosing van die administrasie in daardie streke, die aanstelling en optrede van onbeholpe en bevooroordeelde amptenare, en die aanname en toepassing van tergende wette wat die koloniste dikwels soos vreemdelinge in hul eie land laat voel het. In samehang met al die onsekerheid en onbestendigheid wat die verhouding met die nie-blankes meegebring het, sou hierdie onsekerheid verder verhoog word deur die feit dat die oorgrote meerderheid van die grensboere nog geen transport vir hulle betaalde gronde ontvang het nie en by hulle 'n gebrek aan vertroudheid met die regulasies en maatreëls van die owerheid geheers het.[19] Stockenström getuig dat die koloniste aan hom sou gesê het: „Ons verlaat die land omdat ons weet van Regering nog wet; van die Regering niks nie, tensy wanneer ons geld moet betaal en die wet bereik ons nooit nie, behalwe om ons te beboet en te bestraf vir handelinge wat ons nie geweet het dat dit verkeerd was nie. Ons veldkornette kan geen bystand verleen nie, hulle tas ook in die donker rond, ons is verdwaalde skape.[20]

In ooreenstemming met hul godsdienstige beskouinge het die Afrikaanse koloniste, ten spyte van provokasie tergende

---

19) Muller, op. cit., pp.62-63.
20) Aangehaal by Franken, J.L.M., Piet Retief se Lewe in die Kolonie (Kaapstad, 1949), p.

omstandighede, en met uitsondering van die Slagtersnek-opstand, altyd die nodige onderdanigheid en gehoorsaamheid teenoor die Britse owerheid betoon. Omdat alle seggenskap in die landsbestuur hulle egter ontsê is, het dit terselfdertyd die vorm van 'n gedwonge onderdanigheid en gehoorsaamheid aangeneem en het dit aan 'n spontane en innerlike lojaliteitsgevoel ontbreek. Vandaar dat die grensbewoners in hul stukke haas nooit na „ons" owerheid, regering of bestuur verwys het nie, maar is die begrip meesal deur die onpersoonlike voornaamwoord voorafgegaan. Dit verklaar ook waarom die Britse bestuur, in die ideële sin sowel as 'n werklike administratiewe organisasie, nooit op 'n positiewe wyse daartoe bygedra het om die koloniste saam te snoer nie. Hulle is veeleer tot samehorigheid gedwing ingevolge hul eie gemeenskaplike reaksie wat die instellinge en dade van hierdie ongevoelige en onpersoonlike owerheid uitgelok het.

Vanweë die volgehoue geïsoleerde ekonomiese en maatskaplike toestande en die stryd teen die natuur en die natuurvolke aan die oosgrens sou die koloniste se bestaande selfstandigheidsin en onafhanklikheidsgevoel nog steeds versterk word, en is dit begryplik dat hulle op die lang duur die posisie vernederend sou vind om vanuit alle gesagskringe deur „vreemdelinge" bestuur te word sonder dat hulle self die geringste seggenskap in die landsbestuur gehad het. Dr. C.F.J. Muller stel dit as volg: „Dat die Afrikaanse boer geen geleentheid gehad het om sy besliste opvatting oor die verhouding tussen Europeaan en inboorling in die bestuur van die land toe te pas nie, het hom diep gegrief. Sy ontluikende nasionale bewussyn inderdaad, kon deur hierdie gebrek aan selfregering nie uitgeleef word nie."[21] Die gebrek aan selfbestuur het dan ook die gevoel wakker gehou dat die vervanging van die Hollandse deur die Britse bestuur 'n daad van

---

21) Muller, op. cit., p.71.

verontregting was.[22] Afgesien van die beperkte heil wat die ekonomiese, maatskaplike en politieke struktuur van die Britse bewind vir die grenskoloniste in besonder ingehou het, het die koms van die Brit die ontluikende politieke aspirasies van die Afrikaner, waarvan die Patriot-beweging en die opstande te Graaff-Reinet en Swellendam reeds blyke gegee het, gestrem. Meer nog, hulle hele politieke rypwording is uit die aard van die Britse outonome-gesagsidee onmoontlik gemaak. Om aan hul onderdrukte onafhanklikheidsgevoel op politieke terrein uiting te gee, is hulle in samehang met en onder inwerking van ander faktore van verknegting, waarop in die volgende bladsye gewys sal word, uiteindelik gedwing om die bande met die Kolonie los te maak en in die vreemde hul staatkundige vryheid te gaan soek. Dr. Eybers druk dit as volg uit: „In Zuid-Afrika kwamen de twee politieke stelsels in botsing: centralisatie tegen plaatselike vrijheden, de staat tegen het indiwidu - daarover liep de strijd. De overgangsperiode van de ene groep politieke idealen naar de andere zag het uitwijken van diegenen, die hunne idealen niet konden prijs geven. De middelpuntvliedende kracht was voor anderhalwe eeuw de sterkste geweest. De poging om die kracht in een geheel andere richting te keren, was te schielik door dat het dadelik gelukken kon. Men verliet veel liever zijn vaderland en ging een nieuw tehuis zoeken. Dit was het gevolg van het veroveren van een door en door demokraties gezind volk door een vreemde macht aan wie de diepgaande demokratiese beginselen, die onder de boeren leefden, onbekend waren," en voeg hy by, „Zonder de minste twijfel speelde het nationalisme een aanzienlike rol. Juist omdat de strijd gevoerd werd niet alleen tegen een outokratie, maar tegen een vreemde outokratie werd die stryd met soveel volharding

---

22) Vgl. Franken, op. cit., p.438.

voortgezet."[23]

* * *

Nie net deur sentralisasie en konsolidasie van die staatsgesag nie, maar ook deur die staatsdiens en regspleging op 'n Britse lees te skoei en die Hollandse taal in die kerk en skool te verdring, sou getrag word om die koloniste volkome by die Britse koloniale gedagte in te skakel wat vanweë sy oorheersende posisie altoos na homogeniteit en gelykmaking gestreef het. Yl verspreid oor 'n wye gebied, afgesonderd op hul plase, sonder 'n breë opvoeding, sterk leierspersoonlikhede of 'n organisasie anders as die kerk, en met weinig belangstelling buite die kring van hul eie ervaring sou die proklamasies wat die Engelse taal en gebruike in die regeringskantore en howe verpligtend gemaak het, by die koloniste aanvanklik geen reaksie uitlok nie.[24] Afgesien van die feit dat die koloniste die verengelsing van die Kaapse staatsdiens en regspleging bes moontlik as 'n natuurlike voortvloeisel van die Britse verowering beskou het, het die stappe wat die owerheid geneem het om die Kaap te verbrits, uit die aard van die koloniste se isolasie hul vir baie jare nooit werklik geraak nie.[25] Terwyl die Britse vlag de facto onaangetas tot oor die verste uithoeke van die Kolonie gewapper en die politieke lewe, waaraan die Afrikaner-koloniste weinig deel gehad het, vinnig verengels het, sou hul sosiale en kulturele lewe daarenteen gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu nooit werklik sy Hollands-Afrikaanse karakter verloor nie.[26] Dit is merkwaardig veral as in aanmerking geneem word dat die natuurlike uitbreiding van die Britse gesag en die koms van die Britse setlaars die staatsdiens, handelsberoepe en ambagte veral in die dorpe so te sê volkome in die hande

---

23) Eybers, op. cit., p.72.
24) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.236 en p.238; Scholtz, Die Afrikaner en sy Taal, pp.22, en pp.30-31.
25) Ibid., p.23, p.27 en p.100.
26) Bosman, op. cit., p.36 et seq.

van Britse amptenare, soldate, winkeliers, handelaars en vakmanne geplaas het. Hierdie Britse atmosfeer wat ook op die plattelandse dorpe aan te tref was, het dus in skerpe kontras met die lewenswyse van die koloniste gestaan, en die Engelsman se aanmatigende houding en bewussyn van eie voortreflikheid wat sy ganse kulturele agtergrond en taal betref, sou ook hier die koloniste se gevoel van eie waarde krenk. Die gevolg was dat hulle hul veral geestelik sou afsonder ten einde alle kontak te vermy met invloede wat enigsins teen hul gebruike en tradisies sou indruis.[27]

Namate die anglisasieproses na die koloniste se kerk en skool verbreed is en dit duidelik geword het dat die owerheid daarop uit was om die ou gevestigde koloniste op alle terreine van die lewe te verengels, het daar geleidelik 'n gevoel van argwaan en verset begin posvat. Hulle was wel nie onwillig om die Engelse taal as sodanig aan te leer nie, maar as 'n homogene volksgroep was hulle immers ook nie bereid om hul Dietse agtergrond, hul Hollands-Afrikaanse kultuur, hoe ongevorm en gebrekkig ook al, en hul taal sonder meer prys te gee nie. Hierdie besef dat hul taal en kultuur stelselmatig deur die owerheid op die agtergrond gedwing is, is veral gaande gemaak deur 'n vrees dat die ondergang van hul taal ook die voortbestaan van hul godsdiens kon bedreig.[28] Dr. J. du P. Scholtz stel dit as volg: „Die gedagte dat die táál van hul godsdiens sou kon gewysig word sonder dat die godsdiens self daaronder skade ly, was vir hulle volkome uit den bose. Alleen al ter wille van die godsdiens moes hulle kinders daarom op skool in die geleentheid gestel wees om die Hollandse taal te leer; en dat alle godsdiensonderwys, wat die jeug moes voorberei het tot lidmaatskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in die taal van daardie

---

27) Ibid., Bylae VI, pp.525-526; Nepgen, op. cit., p.122.
28) Scholtz, Die Afrikaner en sy Taal, p.35 vgl. ook die uitspraak van J.A.Truter in Dreyer,A., Boustowwe vir die N.G. Kerke in Suid-Afrika, III (Kaapstad, 1936), p.267.

Kerk sou gegee word, het hulle as vanselfsprekend voorgekom."[29]

Hoe verbasend taalbewus die koloniste mettertyd geword het, blyk uit 'n hoofartikel van die redakteur van De Zuid-Afrikaan van 12 Oktober 1832 waarin hy die volgende skryf: „Wy verheugen ons..... te vinden, dat van het een einde der Kolonie tot aan het ander, eider Afrikaander ten volle bewust is, van de noodzakelykheid eener kennis van zyne Moedertaal, als in een naauw verband staande met den Godsdienst en de taal zyner Voorouders. Zoolang als onze Godsdienst, en de Taal die wy het eerste van onze Ouders hebben leeren spreken, ons dierbaar zyn; zoo lang moet ook onze Moedertaal een vcornaam gedeelte in onze opvoeding uitmaken."[30] Die ou ingesetenes het dus begin aanvoel dat hul kerk en skool die enigste bolwerk van hul taal en nasionaliteit is. Vandaar dat hulle hul so sterk verset het teen die stelselmatige invoer van Skotse predikante en leermeesters waardeur openlik getrag is om die Hollandse taal op die kansel en in die skool te verdring.[31] Hoewel die teenstand wat die koloniste ten opsigte van die verdringing van hulle taal gebied het hoofsaaklik tot die godsdienstige, opvoedkundige en kulturele terreine beperk was en eers na die Groot Trek in alle erns na die politieke terrein verskuif het, het dit nietemin 'n stemming onder die koloniste verwek wat op generlei wyse 'n versoening met die Britse gedagte in die hand sou werk nie. Die anglisasieproses, in welke omvang en vorm ook al, het dus vanweë die feit dat die koloniste nie in volkome vryheid gelaat is om hul eie taal en kultuur op alle terreine van die lewe te ontwikkel nie, onbewus 'n belangrike bydrae tot die algemene gevoel van veronregting gelewer. Tot 'n mate moet die doelbewuste en uitsluitlike aanvaarding en beoefening van hul taal in die Republieke Natalia en die latere Vrystaat en

---

29) Scholtz, op. cit., p.37.
30) Aangehaal by Scholtz, op. cit., p.71.
31) Ibid., pp.42-43; vgl. ook pp.35, 38-42, 68-69, 88-92.

Transvaal ook as bewys lewer dat hulle reeds in die Kolonie onbewus aan hierdie drang wou uiting gee. Met hul ~~onslag sou~~ onafhanklikheidsgevoel en Calvinistiese roepingsbewussyn as grondslag sou hulle ook in hierdie proses van verengelsing tot 'n besef van eie-waarde en indiwidualiteit gedwing word. Die feit dat hulle hul nie weerloos aan die dwang- en subtiele proses oorgegee het om hulle met die Britse taal en kultuur te vereenselwig nie, openbaar 'n kulturele selfstandigheid, hoe gering in omvang ook al, wat ook vanuit 'n ander hoek die Afrikaner langsamerhand van sy volksbestemming bewus gemaak het.

* * *

Terwyl die anglisering van die Kaapse koloniste 'n langsame en subtiele proses met 'n vertraagde uitwerking en reaksie was, het die Britse beleid ten opsigte van die nieblanke bevolking in Suid-Afrika van die staanspoor 'n aksie aangeneem waarteen die koloniste hulle in 'n geestelike sowel as daadwerklike sin sou verset. Omdat die algemene Britse koloniale-beleid, en dus ook die rassebeleid, deur faktore soos ryksbeveiliging, finansiële bate, handelsbelange en filantropiese oorweginge beslis is, sou dit uiteraard nooit op die grondslag van die algemene belange en rassebeskouinge van die gevestigde Kaapse blanke bevolking geplaas word nie.[32] Dit het nie alleen 'n diepgaande geestelike en prinsipiële verwydering tussen die Brit en die Kaapse kolonis meegebring nie, maar veral die grensboer moes ook nog ondervind dat die praktiese uitwerking van die Britse finansieël- en filantropies-georïenteerde rassebeleid sy daaglikse lewensbestaan in bedreiging gestel het.

Met finansiële oorweginge en 'n pragmatiese uitkyk op sake as rigsnoer, sou in die ontplooiing van 'n weifelende en onbeurdagte Britse inboorlingbeleid nog genoeg ruimte en geleentheid vir die filantroop gelaat word om sy opvattinge op die Kaapkolonie af te dwing. Besiel deur die leerstel-

---

32) Muller, op. cit., Hoofstuk II.

linge van Rousseau het die Britse filantroop van die standpunt uitgegaan dat die inboorlinge as „onskuldige natuurkinders" die slagoffer van die bedorwe, inhalige en heersugtige Europese kolonis geword het.[33] Gedra deur 'n buitengewone godsdiensoplewing, wat veral in 'n wydvertakte sendingywer tot uiting gekom het, en met die morele en finansiële steun van die simpatieke Britse publiek sou die filantropiese gedagte in Suid-Afrika op niks minder as die uitwissing van alle differensiasie tussen blank en nie-blank afstuur nie.[34] Dr. John Philip destyds die mees dinamiese en energiekste apostel van die filantropie aan die Kaap, het dan ook onomwonde die begeerte uitgespreek om die dag in Suid-Afrika te sien aanbreek „when the magical power of caste will be broken and all classes of inhabitants blended into one community."[35]

Hierdie filantropiese opvattinge het egter reëlreg ingedruis teen die koloniste se eie tradisionele beskouinge wat op grond van langdurige kontak met en intieme kennis van die inboorling en eie christelike oortuigings gebaseer was. Hoewel nooit bewus geformuleer nie, sou die koloniste as Calviniste ongetwyfeld hul roeping as draers van 'n hoër kultuur as dié van die minderwaardige, agterlike en ongeletterde Hottentotte in hul midde en die byna dierlike Boesman- en halfbarbaarse Bantoestamme aan die grense aangevoel het. Om aan hierdie roepingstaak te voldoen, kon daar dus geen sprake van gelykstelling wees nie. Anna Steenkamp kla byvoorbeeld oor die gelykstelling van die slawe met die Christene, „strijdig met de wetten van God en 't natuurlik onderscheid van afkomst en geloof, zodat het onverdragelik was voor elk fatsoenlik Kristen onder zulk 'n last te buigen, waarom we

---

33) Eggerton, H.E., A Short History of British Colonial Policy, 1606-1909 (Londen, 1932), p.270; Geskiedenis Van Suid-Afrika, II, pp.384-385; Muller, op. cit., p.35 et seq.
34) Van Biljon, op. cit., p.86 et seq., Muller, op.cit., p.35 et seq.
35) Aangehaal by Macmillan, W.M., Bantu, Boer and Briton, (Londen, 1929), p.172.

dan ook ons liever verwijderen, om des te beter ons geloof en de leer in zuiverheid te behouden!"[36] Prof. MacCrone verklaar ook: „Of all the elements in his social heritage, there was none to which the European of the frontier clung with greater fervour or which he prized so highly as his religion..... It was that tradition that played a fundamental part in determining his race attitudes and in making him race-conscious, for membership of his religious group was an exclusive privilege which distinguished and separated him by an immeasurable distance from those who did not share it with him..... For the frontier farmer, then, his religion was, first and foremost a social fact - and jealously guarded group-privilege. By virtue of his religion, he justified his right to dominate the heathen by whom he was surrounded. They fell outside the pale, and their claims, therefore, could never compete on equal terms with those of the Christian group."[37] Op grond van hierdie godsdienstige beskouinge, nl. dat die blankes „christene" en die nie-blankes oorwegend „heidene" was; hul sterk groepsbewussyn; krasse fisiese en liggaamlike onderskeid en diepgaande sosiale- en arbeidsverskille is daar op besliste wyse 'n onderskeid tussen hulle en alle nie-blankes gemaak.[38] Kragtens hul godsdienstige-, kulturele- en rasse-meerderwaardigheid het die koloniste hul dan ook vanselfsprekend as die geestelike „voogde" van die nie-blankes as „onvolwassenes" of „kinders" van die blankes beskou. Hierdie bewustheid van hul onderskeid en hul besondere roepingsverhouding waarin

---

36) Preller, G.S., Voortrekkermens, Deel II (Kaapstad, 1920), pp.30-31 - Dagboek van Anna Smit.

37) MacCrone, I.D., Race Attitudes in South Africa, Historical, Experimental and Psychological Studies, (Oxford, 1937), pp.126-127; vgl. ook Franken, op. cit., pp. 363-364, Preller, Voortrekkermense, II, p.4 Karel Trichardt: „'t Hoofdbezwaar tegen de aanstaande nieuwe gang van zaken was de gelijkstelling van kleurlingen met de blankes," Vgl. ook Fouché, L., Die karakter van die Voortrekkers in die Gedenkuitgawe, Die Huisgenoot. Desember 1938, p.53.

38) Muller, op. cit., pp.60-68; vgl. ook Nepgen, op. cit., p.119 et seq. en p.228 et seq; ook Geskiedenis van Suid-Afrika, dl.I, pp.273-274.

hulle teenoor die gekleurde rasse gestaan het, het ook ongetwyfeld een van die belangrikste grondslae van hul ontluikende volksbesef uitgemaak.

Terwyl die sendeling-filantroop, merendeels met die steun van die Britse owerheid, getrag het om die gees van die halfbarbaarse inboorling te verander na dié van 'n beskaafde en christelike Europese mens en hom polities, juridies, ekonomies en maatskaplik met die blanke gelyk te stel, het die Afrikaner-kolonis weer op sy beurt daarna gestreef om sy eie christelike beskawing uit te brei waarin die inboorlinge binne die Koloniale grense die plek van onderhorige en gehoorsame diensbodes moes inneem en die inboorlinge daarbuite aan hul eie stamgebruike en -ontwikkeling oorgelaat moes word.[39]

Waar die radikaal-verskillende uitgangspunte van die Britse filantroop en die Afrikaner-kolonis na die praktyk gevoer is, kon dit nie anders as om tot ernstige prinsipiële botsings te lei nie wat oor alle politieke, ekonomiese en maatskaplike verhoudinge sou sny. Op talryke terreine en op ingewikkelde wyse is die hele samelewingstruktuur daardeur getref en die onderlinge en onderskeie verhoudinge tussen die owerheid, koloniste, sendelinge en inboorlinge op so 'n wyse beïnvloed dat die koloniste op die oosgrens, wat die brandpunt van die botsing gevorm het, in 'n onversoenbare houding teenoor die Britse bewind gedwing, met wrewel teenoor die opvattinge, optrede en verguising van die sendelingfilantroop vervul en in vyandskap teenoor die inboorlinge gestel is. Terwyl die grenskoloniste hulle met die verloop van jare in 'n geestelike sin al meer en meer van die Britse gesag en die filantropiese sendingaksie afgesonder het, het die toestande aan die oosgrens teen die dertiger jare so 'n punt bereik dat hulle uit geestelike en materiële selfbehoud gedwonge was om hulle ook territoriaal af te skei.

---

39) Muller, op. cit., pp.35-36.

Veral na die koms van dr. Philip in 1819 na Suid-Afrika is die Britse rassebeleid só beslissend deur die negrofilistiese optrede van die sendeling-filantrope beïnvloed en die blanke grensboere só skerp deur hulle misantropiese optrede getref dat die handhawing van hul besondere lewensuitkyk veral ten opsigte van die inboorling en hul stoflike voortbestaan weldra op die spel was. Die filantropiese beweging het nie net die volle steun van die Britse Colonial Office, invloedryke persone in Imperiale regeringskringe en 'n simpatieke Kaapse koerant, The Commercial Advertiser geniet en alle opposisie wat hul oogmerke enigsins gedwarsboom het, omvergewerp nie, maar selfs die Kaapse bewindhebbers is dikwels teen hulle sin en wil aan filantropiese voorskrifte onderwerp, terwyl die stem van die koloniste wat inboorlingsake betref eenvoudig verswelg en die mate van gesag wat hulle nog oor hul diensbodes en die inboorlinge in die algemeen gehad het, hulle ten minste juridies ontneem is.[40]

In die jare voor 1828 het die filantrope hul in alle erns op die sogenaamde klassewetgewing wat teen die Hottentotte en ander gekleurdes binne die Kolonie gemik was, toegespits en binne tien jaar ook volkome daarin geslaag om alle bepalinge op te hef wat nie aan hulle dieselfde burgerlike en regterlike vryhede as die blankes verleen nie. Ordonnansie No.50 van 1828 het vir die koloniste niks as summiere gelykstelling tussen hulle en die Hottentotte en ander vry-gekleurdes beteken nie.[41] Ook die sterk filantropies gekleurde slaweregulasies en die uiteindelike vrystelling van die slawe in 1834, waardeur hulle oor dieselfde boeg as al die ander vry-gekleurdes gegooi is, is die beginsel van gelykstelling

---

40) Ibid., pp.9-12; p.37 et seq., Van Biljon, op. cit., pp.48-49.

41) Muller, op. cit., pp.39-45; Schutte, C.E.G., Dr. John Philip's Observations regarding the Hottentots of South Africa in Die Argief-jaarboek, Derde Jaargang, 1940, Deel I, p.199 et seq.

opnuut aan die koloniste opgedring.[42]

Namate die swaartepunt van die filantrope se belangstelling na die inboorlingstamme buite die Kolonie verskuif het, is die Britse beleid teenoor die inboorlinge al hoe meer deur die gelykstellingsgedagte en negrofilisme van die filantrope beïnvloed. In wissel- en samewerking met die onvermydelike fisiese gevaar wat die Bantoe-oormag voortdurend vir die blanke ingehou het en die algemene onsekerheid van bestaan aan die oosgrens waarvoor die Britse beleid direk verantwoordelik was, sou die Britse houding teenoor die inboorlingstamme in die lig van die koloniste se sterk ontwikkelde rassebewussyn só 'n ernstige geestelike bedreiging vir hul diepgewortelde en religieusgefundeerde beskouinge ten opsigte van differensiasie inhou dat dit een van die sterkste dryfvere vir 'n algemene verset teen Britse bestuur geword het. Na aanleiding van die gelykstellingsgedagte het Piet Retief die vraag gestel: „Als er geen onderscheyd meer zal zijn tusschen de braefman en vagebon(d) wat moed dan van ons worden?"[43] By 'n ander geleentheid skryf hy: „En wad nogal het ergst, geen tweijfel meer voor ons of seij (die gekleurde rasse) sullen beij alle deese beij het Goevernemind in Engeland waardig geagt worden als overheersters over ons gesteld te worden." Vir hulle was hul rassebeskouinge as deel van hul Calvinistiese geloofsoortuiging en roepingsdrang op die spel en vandaar dat hulle hul met beslistheid en helder doelstellinge uit die Kolonie wou verwyder na „waar de heerschappij van Doctor Philip niet meer geëerbiedigt wordt."[44]

Naas die strewe na die uitwissing van die kleurskeidslyn het veral die dienare van die Londonse Sendinggenootskap van die vooropgesette standpunt uitgegaan dat die Kaapse koloniste die slawe en inboorlinge op 'n onmenslike wyse on-

---

42) Muller, op. cit., pp.41-43. Vgl. ook Stuart, J., op. cit., pp.103-104.
43) Aangehaal by Franken, op. cit., pp.330-331.
44) Ibid., p.364.

derdruk het en, ten spyte van die feit dat die praktyk die teendeel bewys het, het hulle nog willens en wetens volgehou om die koloniste in hul geskrifte, hetsy amptelik of privaat, in die swartste kleure af te teken.[45] Uit die aard van hulle lewenspraktyk en gebrek aan politieke medeseggenskap was die koloniste ook magteloos om hulle teen hierdie blinde vooroordeel en verguising te verset, met die gevolg dat die gevoel van verydeling en hulpeloosheid wat dit verwek het eenvoudig die drang om van alles weg te kom, groter stukrag verleen het. Dat hierdie belastering onder die dekmantel van godsdiens hul ewe sterk as die idee van gelykstelling afgestoot het, blyk nie alleen uit Piet Retief se bekende manifes nie, maar veral ook uit sy woorde aan George Jarvis: „Also min sullen weij tot den Phielippeijnse veijnsing overgaan, daar weij geleerd zijn dat weij voor den oppersten Regter geen grooter misdaat kan begaan dan onder scheijn van geestelik onmenslike godvergetenheijd te pleegen en moed tot onse speijd sien, dat deese geloofsgenooten sig niet te vreeden houd dat weij van goed en bloed berooft zijn, maar daarinboven tragten zij onschuldig onse goede naam tot den wortel uit te roejen."[46]

Bo en behalwe die negering van hul lewensuitkyk en die sielstergende verguising het die Britse rassebeleid ten opsigte van die Hottentotte, slawe en Bantoe die koloniste in die praktyk op so 'n wyse getref dat hul stoflike bestaan in die grensdistrikte op die lange duur onuithoudbaar geword het. Aanvanklik is die pogings van die Britse owerheid om die landlopery van die ontstamde Hottentotte, wat hulle nie as vaste werksvolk wou verhuur nie, deur paswette te beperk en die nypende arbeidstekort deur 'n inboekstelsel te verhelp van allerweë verwelkom. Met die proklamering van Ordonnansie 50 het die opheffing van alle woonbeheer en die dras-

45) Vgl. Schutte, op. cit., pp.148-171.
46) Aangehaal by Franken, op. cit., pp.363-364.

tiese inkorting van die voordele van die inboekstelsel eenvoudig beteken dat tussen agt- en tienduisend gekleurdes binne die Kolonie van alle gedwonge arbeid onthef is en dat hulle uit gebrek aan vaste woon- en werkplekke hul opnuut aan veediewery en bedelary skuldig gemaak het.[47]

Afgesien van die hinderlike en aanhoudende verliese en ongerief wat die koloniste hierdeur gely en die gespanne verhouding wat daar tussen blank en nie-blank ontstaan het, het dit tot so 'n mate tot die onsekerheid van 'n lewensbestaan bygedra dat die koloniste onder inwerking van verdere faktore gaandeweg hul agting vir en vertroue in die owerheid verloor het. Hierdie gevoel teenoor die owerheid is vererger deur die feit dat die plaaslike gesagbekleërs in hul onbeholpenheid magteloos teenoor die astrantheid en ongehoorsaamheid van brutale diensbodes en die binnelandse plundering gestaan het. Boonop is 'n poging om deur wetgewing die ernstige omvang van die vraagstuk van landlopery en arbeidstekort, veral na die vrystelling van die slawe in 1834, te bekamp deur die Imperiale owerhede verydel.[48] In geen onduidelike taal laat Retief hom in sy manifes uit oor die wanhoopsgevoel wat ontstaan het ingevolge die verontrusting en inwendige beroeringe wat „deur die oproerige en oneerlike gedrag van vabonde" teweeg gebring is nie.[49]

Omdat nie met plaaslike toestande aan die Kaap, die koloniste se begeerte vir geleidelike vrystelling van hul slawe en hul oortuiging dat hul slawe hul absolute besitreg was, rekening gehou is nie, het die emansipasieproses met sy direk-

---

47) Schutte, op. cit., p.199 et seq.; Boyce, W.B., Notes on South African Affairs from 1834 to 1838 (Grahamstad, 1838), p.119,; Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.250, en Muller, op. cit., pp.60-61; Bird, Annals of Natal, I, pp.508-509. Brief v. J. Boshof aan die Grahamstown Journal, 17.2.1838.

48) Theal, History of South Africa since 1795, II, pp.87-83, Edwards, Isobel, Towards Emancipation. A Study in South African Slavery (Cardiff, 1942), pp.171-173.

49) Preller, G.S., Piet Retief, (Kaapstad, 1930), Retief se Manifes, p.79.

te staatsinmenging en stortvloed van ergelike en filantropies-gekleurde regulasies, wat die arbeidsvraagstuk en intieme verhouding tussen heer en slaaf ernstig versteur het, die koloniste met wrewel en verbittering teenoor die owerheid vervul.[50] D. Campbell, die siviele kommissaris van Albany en Somerset, moes self erken dat die owerheid se filantropiese wetgewing by die grensboere die idee geskep het dat „the Government had more at heart the welfare of the Hottentots and Slaves than the white population."[51]

Historici het al afdoende bewys dat die misnoeë oor die vrystelling van die slawe nie gegaan het oor die beginsel van afskaffing nie, maar oor die wyse waarop dit geskied het.[52] Dit lyk geen twyfel nie dat die onreëlmatighede en ongerymhede wat met die aard, wyse en gesloer van die kompensasie vir slawe gepaardgegaan het, wydverspreide ontevredenheid veroorsaak het.[53] Hoewel die grensdistrikte minder as 'n vyfde van die slawe-bevolking gehuisves het, was die hele prosedure van vrystelling van so 'n aard dat ook hulle gevoel het dat hulle deur die owerheid veronreg is.[54] Selfs diegene wat nie direk deur die vrystelling geraak is nie, kon daarna as 'n optrede

---

50) Edwards, op. cit., pp.20-22, 46, 52, 112, 117; vgl. ook Theal, Records.....nes., X, pp.257-258; XXXV, p.365 en XXVIII, p.271.

51) Aangehaal by Edwards, op. cit., p.169, Campbell -Bell, 27.1.1832.

52) Die Natalse Volksraad het later self getuig dat „de emancipatie der slaven was geenzins oorzaak der emigratie." (Vgl. Stuart, op. cit., p.103). Ook J.N. Boshof lê klem op die „wyse van vrystelling en nie op die vrystelling as sodanig nie. (Vgl. Chase, J.C. The Natal Papers, (Grahamstown, 1843), ii, p.83.

53) Vgl. Liebenberg, B.J., Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan, (ms. M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1959), p.146 et seq., p.153, pp.157-158, p.159, pp.160-161, pp.162-163, p.167, p.170 en p.171.

54) Vgl. Preller, Piet Retief, Manifes, p.79; Muller, op. cit., p.56 en Chase, op. cit., I. p.105 waar die getuienis van 'n Engelssprekende kolonis, majoor Parlby, aangehaal word: "Again I earnestly solicit the serious attention of my fellow countrymen at home to generous consideration of the case of the Colonists; their's is a hard and cruel case of suffering inflicted upon them by the British nation, which arrogates to itself the character of generosity and magnamity." Vgl. ook p.104 en p.106.

van onbillikheid en gebrek aan konsiderasie teenoor hul landgenote verwys. Allengs sou dit ten regte of onregte 'n deel van die algemene en gemeenskaplike „griewel"-tradisie uitmaak. Daar was ook diegene wat gevrees het dat die vrystelling 'n voorloper van algehele gelykstelling tussen blank en nieblank kon wees. Dus ook ten opsigte van die vrystelling van die slawe en aanverwante vraagstukke het die owerheid se optrede nie bygedra om die koloniste se vertroue in die Britse gesag te laat versterk nie, maar veeleer die koloniste se gevoel van veronregting, verontwaardiging en wantroue laat oplaai.

In samehang en verhouding met alle ander faktore is die breekpunt tussen die Afrikaner-grensboer en die Britse owerheid uiteindelik vanweë laasgenoemde se beleid teenoor die Bantoe bereik. Sedert die laaste kwart van die agtiende eeu het die teenoormekaarstelling van die twee onversoenbare rasse aan die oosgrens 'n meedoënlose stryd laat ontketen, en „uit die aard van die verskil tussen die twee rasse," verklaar dr. P. van Biljon, „was dit dan ook van die begin af vir die blanke duidelik dat die twee elk 'n eenheid vorm met 'n eie bestemming, dat die bestemming alleen bereik kon word mits die twee op territoriale gebied geskei bly en dat die skeiding van beide se natuurlike ontwikkelingsgang bevorderlik is."[55] Aangesien beide die blankes en die Bantoe hoofsaaklik van die veeboerdery en dus primêr van grond vir hul bestaan afhanklik was, was die beginsel van algehele afskeiding vir die koloniste as 'n gemeenskap met 'n veel kleiner bevolkingsgetal van kardinale lewensbelang.

Oorheers deur finansiële, kommersiële en filantropiese dryfvere sou die Britse owerheid die wesensbelangrikheid van hierdie beginsel vir die blanke grensboer nie insien nie, met die gevolg dat dit nooit tot 'n vaste gedragslyn ontwikkel is

---

55) Van Biljon, op. cit., pp.1-2.

nie. Vanweë dieselfde faktore het die Britse gesagshebbers ook nie 'n beleid gevolg wat die koloniste se grondregte, vee, eiendom of selfs lewens met alle beslistheid aan die oosgrens beskerm het nie.[56] Deur 'n beleid van konsiliasie te volg, is getrag om onluste met die Bantoe en dus ook onkoste te vermy en terselfdertyd gunstige handelsbetrekkinge met die inboorlinge aan te knoop. Omdat so 'n beleid aan vaste rigsnoere ontbreek en gelyktydig met die faktore wat dit bepaal en ook die praktyk probeer rekening hou het, het die gepaardgaande inkonsekwensie, wisselvalligheid en weifeling 'n rampspoedige uitwerking op die bestaansveiligheid van die grensboere gehad.[57]

Namate die filantrope al groter invloed in die bepaling van die grensbeleid verkry het, is die konsiliasiebeleid, wat alle geweld en dwangmaatreëls wou uitskakel, nog sterker op die Kaapse gesaghebbers afgedwing, aangesien dit in ooreenstemming met beide die filantropiese en finansiële standpunt was „that kindness would be far preferable - that it would be safer, far cheaper, and far more profitable, than coercion."[58] Die grensbewoners moes nou ook ondervind dat die sendeling-filantrope teen hulle aanwesigheid in die onmiddellike omgewing van die Bantoestamme onverbiddelik gekant was, aangesien hulle sogenaamd „die inboorling minder vatbaar gemaak het vir kerstening deur hom te veronreg en te verhinder om sy regmatige plek as potensiële gelyke van die Europeaan in te neem."[59] Waar dr. Philip dit ook aan die wêreld verkondig het dat blanke uitbreiding die inboorlinge met totale uitwissing bedreig het, is dit vanselfsprekend dat die grensboere se belange en sienswyses oor die grensvraagstukke en die inboorling geen aandag meer in die hoogste gesagskringe

---

56) Vgl. Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p.379, Van Biljon, op. cit., pp.2-4; Muller, op. cit., pp.37-49.
57) Van Biljon, op. cit., p.3 et seq., p.49, Muller op. cit., 31-32.
58) Buxton se woorde. Aangehaal by Muller, op. cit., p.47.
59) Muller, op. cit., p.35.

sou geniet nie.[60]

In die praktyk het die Britse optrede aan die oosgrens tot die gevolg gehad dat dit dikwels self die oorsaak van onluste, plundering en weerwraak van die kant van die inboorling was, vanweë die onverstandige inmenging in inboorlingstamtwiste, die ondeurdagte „reprisal system" om geroofde vee terug te win, die toegewende houding en gebrek aan die toepassing van besliste strafmaatreëls waardeur die vrees en agting vir die blanke gesag noodwendig ondermyn is, die oogluikende toelating van plakkery binne die grense van die Kolonie en die opheffing van alle beperkinge wat die Bantoe verbied het om die Kolonie binne te kom.

Aan die ander kant was die Britse owerheid, weens finansiële redes, nie bereid om die koloniste behoorlik teen die inboorlinge te beskerm nie, en terselfdertyd, weens filantropiese oorweginge, ook nie bereid dat die koloniste hulself beskerm nie. Gevolglik is die grensboere vanweë allerhande hinderlike beperkinge en uiteindelik deur die afskaffing van die beproefde kommandostelsel in 1833 feitlik weerloos teenoor die gedugte Bantoe gestel.[61] Ook uit louter onbekwaamheid, onmag, gebrek aan gesonde oordeel en praktiese insig, of weens gedwonge filantropiese voorskrifte, of uit die filantropiese vooroordeel was die Britse owerheid, feitlik van die hoogste tot die laagste amptenaar nie in staat om die blanke grensboer van die aanhoudende en stelselmatige strooptogte en grensverwarring te vrywaar nie waaraan hulle vir soveel jare blootgestel is en wat hulle na die ontsettende lyding en ontberinge van die Sesde Kafferoorlog opnuut moes verduur.

Op stoflike gebied het die chroniese toestande aan die oosgrens noodwendig tot onophoudelike en gevoelige kapitaal-

---

60) Ibid., Hoofstuk II, Van Biljon, op. cit., Hoofstukke I-VI, Geskiedenis van Suid-Afrika, Boek IV, Hoofstuk, III.

61) Muller, op. cit., p.49 en Macmillan, Boer, Bantu and Briton, p.119.

verliese gelei wat die grensbewoners se geduld en oruithoudingsvermoë tot die uiterste sou beproef. Hierdie verliese het met die oorlog van 1834-1835 ongetwyfeld die toppunt bereik toe binne enkele maande 161,930 skape en bokke, 114,930 beeste en 5,715 perde weggeroof en 456 huise en 58 waens verniel en swaar opofferinge ten opsigte van kommandoplig en gelewerde dienste verduur is waarvoor langvertraagde en onvoldoende kompensasie toegeken is.[62]

Die geestestoestand waarin diegene verkeer het wat deur al hierdie materiële verliese stelselmatig verarm en dikwels tot die bedelstaf gedwing is, word treffend weergegee in die woorde van „een der repectabele en rykste Boeren eertyds woonachtig in 't Distrikt Uitenhage." Hy skryf: „Wat hebben de grensbewoners van tyd tot tyd niet van de Kaffers te verduuren gehad, en inzonderheid by de laatste onverwachten inval! Ik heb het Britse Goewernement gedurende vele jaren, sedert 1811, met die grootste wakkerheid en zonder het minste loon als burger gediend. Ik heb met myne handen gearbeid, en getracht myn huisgezin fatsoenlik op te brengen; en toen ik my in de toestand bevond om zulks te doen, kwamen de Kaffers en beroofden my van álles zoals het geval was in 1819 en wederom in 1834. By de laatste inval heb ik slechts 5 ossen en 7 kalvers overgehouden, en geen enkele koe hebben de Kaffers my overgelaten, uit de 74 melkkoeien..... Wat is my derhalve over gebleven, na vele jaren arbeids en gezwoegs? Letterlik niets!"[63] Onder sulke toestande sou die betaling van die jaarlikse erfpaggeld vir hulle grond, waarvoor baie nog geen transport ontvang het nie, en die verliese wat voortgespruit het uit die inwisseling van die papierriksdaalder vir Britse munt teen 'n laer koers ook nog swaar op die koloniste druk

---

62) Franken, op. cit., p.309, 333 en 335; Muller, op. cit., p.30, pp.57-59 en 63-64; vgl. ook Stuart, op. cit., p.104 en pp.154-155; en Chase, op. cit., II, p.50, Goewerneur Napier oor die oorsake van die Groot Trek.

63) Preller, G.S. Voortrekkermense, VI (Kaapstad, 1938), pp.4-5. Oorgeneem uit De Zuid-Afrikaan, 16.2.1838.

en die ontevredenheid en gebelgdheid met die owerheid verhoog.[64] In 1837 moes veldkornet C.V. Buchner van Uitenhage uitroep: „De tomelose gedrag der zwarten al hier is strijdig met den murg der Africaanders!"[65]

Teen die jaar 1836 het die oorgrote meerderheid van die Afrikaner-koloniste in die beproefde grensdistrikte, Uitenhage, Albany, Somerset, Cradock en Graaff-Reinet, reeds tot die oortuiging geraak dat die Britse owerheid met sy hardnekkige volharding in 'n weifelende en filantropiese rasse- en grensbeleid nie by magte was om ooit 'n bestendige en veilige bestaan vir hulle in die Kolonie te verseker nie.[66] Dit was vir hulle duidelik dat hulle selfs nie eers op die eenvoudige en fundamentele beginsel kon aanspraak maak dat hulle as onderdane op die beskerming van die owerheid teen binne- en buitelandse vyande geregtig was nie. Die gebrek aan vertroue in die owerheid se vermoë om hulle te beskerm, spreek duidelik uit 'n anonieme brief waarin 'n Trekker as rede tot verhuising uit die Kolonie opnoem „dat, ten gevolge van de jongste traktaten met de Kaffers, zy het als zeker beschouwen dat 'n andere en vernielender Kafferoorlog wederom zal uitbreken - en dat, in zodanig geval, geen Boer het zal durven wagen, zyn huisgezin en zyne bezittingen alleen te laten, om ter verdediging van anderen behulpzaam te zyn, en dat de een voor de andere na zal moeten vallen, daar het niet in de magt des Goevernements is om met al deszelfs troepen hen te beschermen.....[67] By die koloniste self het ook 'n gevoel posgevat dat hulle nie langer deur die owerheid vertrou word nie, met die gevolg dat die defensiewe en veiligheidsmaatreëls, wat 'n soort van verpligte milisiediens wou instel en die aankoop

---

64) Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.250; II, p.204.
65) Aangehaal by H.B. Thom, Die Gelofte Kerk (Kaapstad, 1949), ~~vgl~~ p.81.
66) Franken, op. cit., pp.325-327; Muller, op. cit., p.64; Stuart, op. cit., pp.154-155; Chase, op. cit., p.82.
67) Preller, Voortrekkermense, VI, pp.3-4. Anonieme brief aan die Redakteur van De Zuid-Afrikaan, 23.1.1838.

en besit van buskruit streng beperk het, met die grootste agterdog bejeën is en groot onsteltenis en besorgdheid onder hulle teweeggebring het.[68]

Onder al hierdie haglike toestande moes die koloniste ook tot hul ergernis waarneem dat die belange van die inboorlinge al meer en meer bo hul eie vooropgestel word, en wys dieselfde skrywer van hierbo daarop „dat allen die 'n gekleurd vel hebben geredelik herstel van bezwaren vinden, hetzy wezenlik of voorgewende, terwyl de oren des Goevernements gesloten schynen te zyn voor de klagten der Kolonisten."[69] In die lankmoedige vredeskikkinge van D'Urban en die grensreëlings van Glenelg kon hierdie voortrekkery opnuut waargeneem word. Boonop moes hulle van owerheidsweë verneem dat die geweldpleging van die inboorlinge tydens die oorlog van 1834-35 geregverdig was en dat hulle dit aan hul eie dade moes toeskryf dat hulle die wraak van die inboorlinge op hulle hals gehaal het.[70]

Groot was die verbittering oor hierdie onregverdige blaam wat op hulle gewerp is, en kon J.N. Boshof aan die redakteur van The Grahamstown Journal vra: „What was now wanting to confirm the suspicions which they had long entertained, that the total ruin of the white population would be looked upon with indifference?" Na kommentaar oor Glenelg se depêché aan D'Urban skryf hy verder dat die talle Natalse emigrante hulle as volg uitgelaat het: „What confidence could we longer have in such a government, our consciences acquited us of the charges laid against us by Lord Glenelg. The commandoes which we were ordered out by Government for the protection of this country - upon pain of fine, or imprisonment - at our own expense, not to mention bodily sufferings from cold, rain, hunger, fatigue, as also losses there and at

68) Franken, op. cit., p.338; Preller, Piet Retief, p.34.
69) Sien voetnoot 67.
70) Stuart, op. cit., pp.154-155, en Chase, op. cit., I, p.102.

home in our absence, were put to our account as our own voluntary acts, with the view of enriching ourselves by Kafir cattle and territory. Even in the last Kafir war we were not allowed to protect our small remnant of property which the invaders had left us, but under promise of full compensation we were ordered, distitute as we were, again to march out in the defence of our territory, and to recapture what had been taken from us, we complied with this sacred duty (as we thought), took our last horses, let our families and remaining property unprotected behind, several then lost what had yet been left them, and the result was that what was recovered from the Kafirs--of our own property which we identified and could swear to--was laid hold of by Government, and disposed of we know not how--peace was made--the Kafirs agreed to give up an immense number of cattle, horses, guns, etc. taken from the colony-- they never complied, and we, the sufferers, remained destitute, impoverished, neglected, and at the end we were calumniated and insulted. What human feeling can stand this, and why are we blamed for leaving a country where such a Government existed?"[71] Teen die einde van 1839 het die Natalse Volksraad in 'n Declaratie en Protest o.m. verklaar dat „de Kaapsche Emigranten, uit oorzaak van dagelykschc verwaarloozing en verachting van hunne Regten en Voorregten--ondergane beledigingen, vernedering en bespotting in eer en reputatie, --verkrachting van regt van eigendom, -- en weigering van bescherming van eigendom en leven,--genoodzaakt zyn geworden, hun dierbaar Vaderland....achter te laten."[72]

As al die faktore en omstandighede in aanmerking geneem word wat teen 'n bestendige en veilige lewensbestaan aan die oosgrens ingewerk het, kon dit nie anders as om die grensboere

---

71) Chase, op. cit., II, p.85, Brief van J. Boshof aan die Grahamstown Journal, 17.2.1839.
72) Preller, G.S., Voortrekker Wetgewing (Pretoria, 1924), pp.23-24, vn. 1.

met 'n gees van volslae wantroue en wanhoop teenoor die Britse bewind te vervul -- 'n gees wat ook direk by dergelike toestande aan die einde van die vorige eeu met sy geykte wantroue in die destydse Kompanjiesbewind aangesluit het. Hierbenewens het die gemeenskaplike verbittering teenoor 'n bewind wat hulle nie kon of wou beskerm nie, soos in die verlede, steeds meegewerk om die Afrikaner-koloniste aan die grens saam te snoer en 'n gemeenskaplike tradisie-basis te skep waarop hulle volksbesef uitgebou kon word. Afgesien van die geestelike en materiële reaksie wat die Britse rassebeleid uitgelok het, het ook die weerloostelling van die blanke grensboere teenoor die Bantoe as kragtige stimulus gedien om hulle tot eenheid en selfbewussyn te bring. Nie net hul gemeenskaplike griewe teen die Britse bewind nie, maar ook hul gemeenskaplike lyding en lewensstryd teen die Bantoe het tot hul inwendige toenadering meegewerk en hul onderlinge groepsverband versterk.[73]

* * *

Teen die jare dertig het die omvangryke en diepgaande materiële griewe en gepaardgaande gevoel van teleurstelling, wanhoop, verbittering en ontevredenheid ongetwyfeld van die deurslaggewendste faktore geword wat die Afrikaner-grensboer se drang gewek het om van al hierdie toestande weg te kom en in die „vrye ruimtes" anderkant die Koloniale grense 'n nuwe bestaan te gaan soek. As afstammelinge van die vee- en trekboere sou hulle die mobiliteitstradisie om eenvoudig van bestaande gevare, hindernisse en ergerlike inmenging weg te trek, ten spyte van hul meer gevestigde lewenswyse aan die oosgrens, na alle waarskynlikheid nog nie heeltemaal afgesterf het nie.[74] Desnieteenstaande moet die aansporing tot

---

73) Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, Deel I, (Johannesburg, 1951), p.23.

74) Hierdie verskynsel het hom selfs tydens die Trek besonder sterk voorgedoen by die trekleier, A.H. Potgieter, en sy geselskap.

„uitvlugt," wat so 'n ingewikkelde volksbeweging ten grondslag gelê het, veel dieper as by die blote begeerte om van fisiese en stoflike bedreiginge weg te kom, gesoek word. As mense wat deurgaans hoë sedelike eise aan die lewe gestel het; bewus was van die „heilige band" wat „die Christen aan sy geboortegrond verbind,"[75] en nie onverskillig teenoor die talle vermaninge van die Woord van God oor die versameling van aardse skatte gestaan het nie, is dit ondenkbaar dat die Afrikaner-grensboer enkel om stoflike redes sou weggetrek het. Indien dit wel die enigste dryfveer tot verhuising was, kan dit met veiligheid aanvaar word dat die Trekbeweging gans 'n ander vorm en inhoud sou aangeneem het. Na alle waarskynlikheid sou dit eenvoudig die tradisionele patroon van die noordwaartse beweging van die veeboer, hoewel slegs met groter omvang en versnelling, gevolg het. Die praktyk het egter getoon dat hulle op generlei wyse by die natuurlike migrasiestroom met sy suiwer ekonomiese motiewe aangesluit of selfs in die gronde van hierdie trekboere oorkant die Grootrivier belanggestel het nie.[76]

Die Groot Trek verkry egter meteens 'n ander betekenis as die feit in aanmerking geneem word dat die onvermydelike botsings met die Bantoe en die beginsels en praktyk van die Britse rasse- en grensbeleid nie net die grensboere se fisiese bestaan bedreig het nie, maar ook hul geestelike selfbehoud in gevaar gestel het, vanweë die beperkinge wat daar op die uitlewing van eie rassebeskouinge en lewensopvattinge gelê is. Vandaar dat dr. D.W. Krüger verklaar dat „die blyke van ontevredenheid met die Britse bestuur kan beskou word as

---

75) Preller, Piet Retief, Manifes, p.79; Thom, H.B., Gert Maritz, (Kaapstad, 1947), p.52; vgl. ook D'Urban se uitspraak oor die grensboere. Aangehaal by Beyers, Die Groot Trek.....ens., p.1.

76) Van der Merwe, Die Noordwaartse beweging....ens., p.359, et seq. In Noord-Amerika het die koloniste ook om suiwer ekonomiese redes altyd weswaarts beweeg en nie uit die begeerte om 'n onafhanklike staatsbestaan te voer nie.

slegs die uitwendige kentekens van verborge kragte en drome wat gesluimer het in die boesem van die Boer."[77] Vir die besinning en deurgronding van die Groot Trek is dit dus van kardinale belang dat die hele gemoedstoestand van die Afrikaner-grensboere in samehang en wissel-werking met hul ontluikende volksbesef en gepaardgaande vryheidsdrang gesien moet word.[78]

Terwyl sekere verskynsels soos swak kommunikasiemiddele, geringe sosiale kontak, uitgesproke indiwidualisme en 'n gebrek aan sterk leierspersoonlikhede wel sedert die Britse verowering van die Kaap 'n stremmende uitwerking op die groei van die Afrikaner-koloniste se volksbewussyn gehad het,[79] was dit juis die Britse politieke en ekonomiese struktuur in sy totale omvang en met sy gebrek aan geleentheid vir selfregering, sy tergende beleid van verengelsing, aanstootlike rassebeleid en 'n gemis aan materiële bestaansekerheid wat 'n gees van verset by die koloniste uitgelok het teen dit wat hulle as bewuswordende lede van 'n nasionale eenheidsgroep gekortwiek het.[80] Hulle wou, soos dr. G.S. Preller die manifes van Retief vertolk, „vry wees van dwang in dinge waar dwang despoties en dom is. Hulle wou vry wees om hulself te regeer na hul eie insigte, die vrug van eie lewenservaring, na hul eie behoeftes. Hulle wou vry wees van laster, verguising en berowing. En bowenal wou hulle vry wees om die verhouding tussen hulself en die agterlike natuurvolke te bepaal op die enigste met hulle blanke beskawing bestaanbare grondslag: Algehele afskeiding en aparte ontwikkeling."[81] Dit impliseer ook dat hulle daardeur die bestaansreg van die nie-blankes sou verseker in teenstelling met wat in Noord-Amerika en in Australië gebeur

---

77) Krüger, D.W., Die Weg na die See in Die Argief-jaarboek, Eerste Jaargang, 1938, Deel I, p.49.
78) Vgl. Pelzer, A.N., Die Drang na Vryheid die vernaamste oorsaak van die Groot Trek in Die Huisgenoot, 13.12.1946; Beysers, Die Groot Trek....., p.4 et seq., Krüger, op. cit., p.48 et seq.
79) Vgl. Muller, op. cit., p.71.
80) Ibid., pp.72-73.
81) Preller, G.S., Voortrekker en Trekboere in Die Vaderland 7.12.1938, p.13.

het waar die inboorlinge op groot skaal uitgewis en uit hul natuurlike tuistes verdring is.

In ~~die~~ stede van hul onafhanklikheidsgevoel, selfstandigheidsin en inwendige solidariteit -- die grondslae van hul latente volksbesef -- te demp, sou die Britse verknegting, met sy reële en onstoflike beperkinge op die koloniste se bewuste en sluimerende politieke, ekonomiese en kulturele ontwikkeling, die grensboere uiteindelik tot een of ander vorm van verset dwing. Vanweë die geweldige druk, spanning en gebrek aan konstitusionele middele het hierdie innerlike weerstand, wat nog altyd 'n lydelike vorm aangeneem het, die grensbewoners voor die keuse gestel om óf volgens hul natuurlike aanleg tot isolasie oor die „Britse limiete" weg te trek van dit wat hulle stoflike en geestelike lewe onderdruk, óf tot geweldadige opstand oor te gaan. Van laasgenoemde weg het hulle nie alleen van nature en om godsdienstige redes tetuggedeins nie, maar weens die Britse oormag, hul verspreidheid om 'n verenigde front te vorm en gebrek aan leiers in sleutelposisies het hulle dit ook as prakties onmoontlik beskou.[82] „In die gees was hierdie eksodus egter 'n opstand," aldus dr. Muller, „-- 'n opstand wat hierdie vorm aangeneem het. Want die Afrikaanse grensboer het homself, en alles waarvoor hy as pionier van die Europese beskawing gestaan het, tot in sy diepste wese deur die Britse kontrole bedreig gevoel."[83]

Die Trek was egter nie net 'n uitweg of veiligheidsklep om rebellie te vermy nie; dit was ook nie 'n blote negatiewe daad van verset teen die owerheid nie, maar „wesenlik 'n daad van nasieskap, 'n lentespruit na 'n lang winter, die eerste groot uiting van 'n reeds lang sluimerende en onbewus-

---

82) Wiid, J.A., Die Betekenis van die Groot Trek in Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe, Des. 1938, p.19; Franken, op. cit., p.436; vgl. ook Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, R27/39, pp.59-60.

83) Muller, op. cit., p.80.

te gevoel."[84] Dr. C. Beyers sien ook die Groot Trek in sy diepere wese as „die rypwording van gewigtige nasionaal-demokratiese en lewensbeskouinge, wat reeds jare tevore by die Suid-Afrikaanse Volksplanters posgevat het, en dat onder prikkel van bestaande toestande en omstandighede daardie denkrigting omgesit word in 'n geweldige dinamiese krag."[85]

Nie net die grensboere se gemeenskaplike historiese agtergrond en ontwikkeling van meer as 'n anderhalf eeu onderskryf die feit dat die Trek sy hele dryfkrag aan 'n ontluikende vryheidsdrang ontleen het nie, maar ook die hele verloop van hierdie beweging lewer onteenseglik bewys dat dit die oorheersende motief moes gewees het. „Hierdie lewende drang, wat die uiteindelike bewegende oorsaak van die massa-emigrasie was," skryf dr. Krüger, „is moeilik direk waarneembaar, omdat dit veelal gesluimer het in die hart van die nasie, maar die politieke gevolge sou die bewys daarvoor des te sterker lewer. Veel dieper as bloot materiëel was die roeringe wat duisende mense tussen 1836 en 1840 daartoe kon oorhaal om vrywillig hulle vaderland te verlaat."[86] Hierdie vryheidsideaal word veral geopenbaar in die gedagte wat reeds vóór die Trek by die grensboere posgevat het, nl. om die „vrye ruimtes" in te trek en daar 'n eie staat te stig waarin hulle die beginsels van ware vryheid kon hoog hou en „hul besondere demokratiese begrippe en lewensideale proefondervindelik kon verwesenlik."[87] Hoe gretig hulle was om aan hierdie ideaal van 'n onafhanklike staatsbestaan te voldoen, blyk uit die feit dat hulle feitlik onmiddellik ná die oorskryding van die Brites grense daartoe oorgegaan het om bestuursorganisasies in die lewe te roep waarin elke Trekker indiwiduele seggenskap sou hê en hul burgerlike vryheid en Christelike

---

84) Kruger, op. cit., p.49; vgl. ook Franken, op. cit., pp. 437-438.
85) Beyers, Die Groot Trek .....ens., p.1.
86) Kruger, op. cit., p.51.
87) Beyers, op. cit., p.14, Preller, Piet Retief, Manifes, p.78.

godsdiens gewaarborg sou word.[88] Hierdie vermoë immers om tot die daarstelling van 'n bepaalde patroon tot selfregering te kom, is tewens 'n blyke van die bewuste volkstrewe waarin, nie in die praktyk nie, maar in die gees reeds so 'n patroon ontwerp is.

Die Afrikaner-grensboere se strewe na staatkundige onafhanklikheid, as die konkretisering van hul gemeenskaplike vryheidsideaal, spreek ook nêrens duideliker as uit die woorde van die Trekleiers en uit die amptelike stukke van hul verteenwoordigende liggame nie.[89] Nieteenstaande die propagandistiese en apologetiese strekking van Retief se manifes moet die hele gees en inhoud daarvan in die lig van 'n onafhanklikheidsverklaring beskou word, want o.m. lui dit dat hulle die Kolonie verlaat „onder die volledige versekering dat die Engelse regering niks meer van ons te vorder het nie, en ons sonder verder bemoeiing ons sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur."[90] Nog sterker stel hy die strewe na staatkundige vryheid in 'n brief aan Stockenström waarin die goeie verhouding met Brittanje volgens die emigrante slegs op voorwaarde kan behoue bly, nl. dat hulle „als een vrije onafhankelijk volk willen Erkend worden."[91] „Wy bescouwen ons als vreye burgers," skryf A.H. Potgieter aan die Kaapse Goewerneur, „om te kunnen gaan waar sij verkiest sonder iemand te benadelen daar alle Naatsies vrey seyn en gaat ook waar sy wel."[92] 'n Paar maande na die slag van Bloedrivier skryf A.W.J. Pretorius: „Ook sien wy dat het Gouvernemend ons veel dryg, dog in den eerste plaas weet wy dat een ieder uyd geroep heef dat elke mens moet vry syn..... en wy wel weeten dat wy vry gebooren volk syn.....sullen wy nooyd..... ons

---

88) Muller, op. cit., pp.75-76; Gey van Pittius, E.F.W., Die Vryheidsideale van die Voortrekkers in Voortrekker-Gedenkboek van die U. Pret., pp.44-47.
89) Muller, op. cit., pp.76-77; Kruger, op. cit., pp.49-51; Beyers, op. cit., pp.7-9.
90) Preller, Piet Retief, Manifes, p.80.
91) Volledig aangehaal by Franken, op. cit., p.436.
92) Voortrekker-Argiefstukke, R20/38, dd.3.12.1838, p.29.

onder den (Britse) wet onderwerpen."[93] Ook aan die Britse bevelvoerder te Port Natal skryf hy dat die Trekkers hul geboortegrond verlaat het „voor ons zelve weetende een vry gebooren volk te zeyn."[94] Ongeveer dieselfde tyd skryf J.J. Burger, maar hun eigen bloed niet te kostbaar reekende om vryheids halfe."[95] Ten opsigte van hierdie „sug van vryheid die nu in den harten van den Afrikaansche boeren woonen,"[96] as postulaat vir hul groeiende volksbesef kan met die woorde van dr. Krüger besluit word: „Die alles omvattende faktor wat die hele (Trek)beweging innerlik gebind, nasionale betekenis en karakter gegee het, was die drang om onder eie wette 'n eie Staat te stig, in watter vorm aan die Trekkers gewaarborg sou word sekuriteit aan lewe en aan eiendom en daardie burgerlike vryheid en nasionale onafhanklikheid wat hulle in die Kaap Kolonie ontbeer het."[97]

Terwyl die Afrikaner-grensboere se sluimerende volksbesef die diepere beweegrede was waarom hulle hul verband met die Britse staatsbestuur finaal deurgemaak het, was dit terselfdertyd in en deur die Groot Trek dat hierdie volksbesef tot so 'n mate geryp het dat die Trekkers in hul gemeenskaplike self van hul as 'n volk met 'n eie identiteit, roeping en ideale bewus geword het. In so 'n omvang het hulle volksbewussyn tot ontplooiing gekom dat hul strewe na eenheid, vryheid, indiwidualiteit, gelykheid en nasionale prestige sedert die aanvang van die Groot Trek al meer en meer aan waarneembare verskynsels — aan dade, woorde en uitgesproke ideale — gemeet kon word. Vanuit die onderbewuste volksgevoel het hulle gemeenskaplike tradisies en belange van die dag tot

---

93) Ibid., R.24/39, dd.24.2.1839, p.51.
94) Ibid., R.27/39, dd. 20.3.1839, p.59.
95) Ibid., R.26/39, dd. 14.3.1839, p.58.
96) Ibid., R164/49, p.352. Woorde van A.W.J. Pretorius.
97) Kruger, op. cit., p.51. Dr. Pelzer in Die Huisgenoot, 13.12.1946 wys ook daarop hoe dat 10-20 jaar na die aanvang van die Trek verskeie Trekleiers nog steeds die drang na vryheid as oorsaak van die Trek beklemtoon en nie meer na materiële griewe verwys nie.

ideologië uitgekristaliseer wat hul volksbewussyn met die verloop van tyd helderder sou formuleer en verder sou uitbou.[98]

---

98) Skrywer van hierdie verhandeling sluit hom dus aan by dr. C. Beyers se standpunt dat 'n ontluikende Afrikaner-volksbesef wel die rol van 'n belangrike medespeler in die veroorsaking vervul het. Dr. C.F.J. Muller stel dit in sy referaat, Waarom die Groot Trek geslaag het, (Mededeling van die Universiteit van Suid-Afrika, B.12, Pretoria 1960), as volg: „Volgens dr. Beyers se opvatting was daar 'n onderstroming van die Kaapse Patriotte-beweging van die laaste kwart van die agtiende eeu wat duidelik simptomaties was van Afrikaner-nasionalisme en deurgeloop het by die Groot Trek-tydperk en die tweede helfte van die neëntiende eeu. Ofskoon hy toegee dat daar dikwels 'n gebrek aan bronne in die vroeë neëntiende eeu bestaan om sy beskouing te bevestig." (p.22). Terwyl skrywer hiervan nie die onderstroming van die Patriotte-beweging wil ontken nie, maar trouens in hierdie hoofstuk help aandui nie, meen hy dat die bewysvoering in hierdie hoofstuk genoegsame blyke gee dat ook 'n hele kompleks van faktore selfs los van die invloede van die Patriot-beweging ewe sterk tot die vorming van 'n selfstandige volksgevoel by die Afrikaanssprekende oosgrensbewoners bygedra het. Dit is waar, dr. Beyers en skrywer hiervan vind hulle in 'n moeilike posisie waar dit aan bronne ontbreek om hul beskouinge te bevestig, maar die wetenskaplik-gefundeerde historici, wat dit van hulle opeis, moet veral in gedagte hou dat nasionalisme, nasionale bewussyn, volksbewussyn of volksgevoel abstrakte begrippe is wat uiteraard nie geredelik in bronne beskryf of omskryf word nie, en waar dit nog enigsins uit bronne af te lei is, ontbreek dit die tydperk voor en tydens die Groot Trek juis aan genoegsame historiese bronne om selfs ten opsigte van die mees konkrete gebeurtenisse altoos korrekte afleidinge te maak. In teenstelling dus met dr. Muller het skrywer hiervan se studie van die periode voor die Groot Trek hom wel van die aanwesigheid van 'n vryheidsdrang oortuig en dat dit reeds in die veroorsaking van die Groot Trek tot ontluiking kom. Al sou dit dan nie noodwendig die vernaamste „bewegende oorsaak vir die massa-emigrasie" (vgl. p.18, vn.49) beskou kan word nie, dit bly 'n aanwesige faktor. Skrywer hiervan kry die indruk dat dr. Muller se opvatting van „nasionale gevoel" (vgl. voorgemelde referaat, p.18, vn.49 en sy skitterende studie, Die Britse Owerheid en die Groot Trek (Kaapstad, 1947), pp.71-79) nie alle bepalende faktore vir so 'n gevoel insluit nie en dat dit meer tot die politieke vlak beperk is. Die vryheidsdrang, as een van die wesenlike grondslae van die Afrikaner se volksgevoel, wat hom al lank voor die Groot Trek-periode begin openbaar, hou vir skrywer hiervan veel meer in as politieke onafhanklikheid.

H O O F S T U K III

„SOO SULLEN WY DAAR TOT EEN VOLK WORDEN."

Met die grootskaalse landverhuising tussen die jare 1834 en 1838 van 'n invloedryke deel van die Kaap-Hollandse gemeenskap uit die oostelike streke van die Kaapkolonie,[1] sou 'n nuwe en beslissende fase in die ontwikkeling van die Afrikaner se volksbewussyn ontplooi. As die sterkste uitinge van enige volksbesef, soos dit in die moderne sin van die woord begryp word, sou die gemeenskaplike of nasionale strewe na vryheid en saamhorigheid in die jare van die Groot Trek en daarna vir die eerste keer meer bepaalde, bewuste en gerasionaliseerde vorme aanneem.[2] „Die Groot Trek was in sy wese," aldus dr. A.J.H. van der Walt dan ook „die eerste groot mobilisasie van 'n deel van die Afrikanervolk met 'n weloorwoë en goedbegrepe doel: die stigting en uitbou van 'n vrye en staatkundige onafhanklike staat, waarin hulle volgens eie tradisies en onder eie wette kon leef."[3]

Wat die Kaapse landverhuisers se gemeenskaplike strewe na „ware vryheid" betref, sou dit nie net die finale en geweldlose verwerping van hul Britse onderdaanskap en die georganiseerde vrywillige en doelgerigte verlating van hul geboortegrond beteken nie, maar aan hierdie vryheidsdrang sou vir die eerste keer tot so 'n mate voldoen word dat hulle vry van vreemde oorheersing en inmenging 'n onafhanklike staatsbestuur op eie woongebied kon inrig en dit grootliks volgens

---

1) Hul getal is van 5,000 tot 12,000 geskat. Vgl. Nathan, M., The Voortrekkers of South Africa, (London, 1937), p.29; Harris, W.C., The Wild Sports of Southern Africa, (London, 1839), p.294; Du Plessis, J., Het Leven van Andrew Murray, (Kaapstad, 1920), p.83.

2) Herz, F., Nationality in History and Politics. A Study of the Psychology and Sociology of National Sentiment and Character, (London, 1944), Hoofstuk I. Herz onderskei tussen nasionale onafhanklikheid-, eenheid-, indiwidualiteit- en gelykheidstrewe as die belangrikste postulate vir 'n nasionale bewussyn.

3) Van der Walt, A.J.H.; Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedevir Suid-Afrika, Deel I (Kaapstad, 1951), p.277.

eie tradisies, belange en ideale kon uitbou.[4] Die Trekkers het dus die Kolonie verlaat om, soos dit later uitgedruk is, „even als.... ons voorgeslachten en alle Europeesche natiën voor ons gedaan hebben, een eigen land en een eigen regeringsvorm te bekomen en op te richten, en om ons daardoor vrij te houden van alle wetten en gewoonten van andere natiën, die ons geweten en nationaal gevoel strijdig en in ons oog onbehoorlijk zijn."[5] Telkens sou hierdie strewe na 'n reg op staatkundige en politieke onafhanklikheid deur verskeie faktore en gebeurtenisse gedwarsboom word. Die Trekkers sou keer op keer tot 'n nuwe optrede gedwing word en daardeur hul staatsvorming van vooraf aan moes aandurf.[6]

Waar die Trekkers se vryheidstrewe betreklik kort na hul verhuising uit die Kolonie deur die oprigting van republikeinse bestuursinstellinge reeds tot verwesenliking oorgegaan het, sou hul bewuste eenheidsgevoel as lede van 'n homogene lotsgemeenskap, ingevolge die samehang van velerlei faktore wat van binne en buite af op die Trekker-bevolking ten noorde van die Grootrivier ingewerk het,[7] veel langsamer tot ontluiking en vervulling kom. Aangesien die eenheidstrewe van die Trekkers egter 'n mede-veronderstelling van hul volksbesef en ook op 'n idealistiese einddoel, nl. volwaardige en volgehoue volkskap, gerig was, het dit ook ten nouste met hul vryheidsdrang saamgehang. Eenmaal in die praktyk gerealiseer sou die handhawing van en waarborg vir hul vryheid hoofsaaklik van 'n hegte solidariteit en onvoorwaardelike lojaliteit en sentiment teenoor hulle gemeenskaplike volksideale afhang.

---

4) Vgl. Preller, G.S., Piet Retief, (Kaapstad, 1930, 10e druk), pp.78-79.
5) Aangehaal by Kruger, D.W., Die Weg na die See in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Eerste Jaargang, Deel I (Kaapstad, 1938), p.48. 'n Brief van die Lydenburgse Volksraad, dd.20.2.1860.
6) Pretorius, H.S., Die Eerste Grondwet in Die Huisgenoot-Gedenkuitgawe, Desember 1938, p.85.
7) Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaner, Deel I, Pioniershartstogte, 1836-1864, (Johannesburg,1951), pp.17-56.

Terwyl die jare vóór die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat veral deur 'n bewuste vryheidstrewe ten opsigte van die Trekkers se verlating van die Kolonie, hul staatsvorming, gedragslyn teenoor die natuurvolke en beleid teenoor die Britse owerheid gekenmerk is, sou hulle andersyds as 'n „Maatschappij" juis daardie mate van innerlike samehorigheid ontbreek wat hul onafhanklikheidstrewe tot eendragtelike aksie sou mobiliseer. Hierdeur sou alle bedreiginge van buite en disintegrerende invloede van binne af die hoof gebied kon word. Selfs binne die gemelde republieke sou hierdie samehorigheidsgevoel by die Vrystaters eers feitlik ná afloop van die Basoeto-oorloë en by die Transvalers met die anneksasie van Transvaal in 1877 tot so 'n omvang ontwikkel dat hulle volksbesef hulle sou dwing om hul indiwiduele en partikuliere belange as vanselfsprekend aan die eise van hul vryheidsideale en nasionale onafhanklikheid op te offer.

* * *

Vanweë die Trekkers se Calvinistiese agtergrond en godsdienstige oortuiginge sou daar logies voortdurend op die gedagte van 'n persoonlike roeping sowel as 'n volksroeping klem gelê word. „Uit sy vertroue dat hy persoonlik uitverkies, of dat hy behoort tot 'n groep of nasie wat uitverkies is," verklaar dr. C.C. Nepgen, „ontstaan daar by die mens die oortuiging dat hy waarde het in Gods huishouding. Hoewel hy te verduur ook al mag hê; hoe moeilik die lewenstaak en die geloofstryd ook al mag wees; hy aanvaar dit alles blymoedig in die volle versekering dat hy 'n roeping het."[8] Hierdie roepingsbesef is ook deurentyd versterk en gedra deur die feit dat die Trekkers hul „geestelike leiding byna uitsluitlik in die Heilige Skrif gesoek en gevind het" en veral 'n

---

8) Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, (Stellenbosch, 1938), p.93.

uitermate voorliefde vir die Ou Testament getoon, waarin die uitverkiesingsgedagte so sterk op die voorgrond getree het. Net soos Israel vanouds het die Trekkers die gedagte getroetel dat hulle die Kolonie as 'n land van „slawerny" onder die drukkende hand van „Farao" verlaat en die „woestyn" ingetrek het, waar hulle ook terwille van „hulle selfbehoud as 'n uitverkorene volk van God teenoor die omringende heidene altyd op hulle hoede moes wees," en teen alle vermenging moes waak om uiteindelik in „Kanaan" tot eie selfstandige ontwikkeling te kom.[9] Alles dui daarop dat die Trekkers die algemene opvatting geheers het dat ook hulle 'n uitverkore volk met 'n eie roeping was. „Alle emigranten waren van een denkbeeld bezield," verklaar dr. J.F. van Oordt, „zij waren Gods volk, dat door God geleid werd uit het land der slavernij naar het land der vrijheid. In het midden van de woeste wereld..... was een ieder overtuigd dat God met hen streed."[10]

Waar die beoefening van hul Calvinistiese geloofsoortuiginge sekerlik geen alledaagse ritueel was nie, maar ten nouste met hul daaglikse lewenshouding saamgehang en feitlik

---

9) Ibid., p.64; Van der Walt, A.J.H., Exodus van die Boervolk in Koers, Deel IV, No.3, Desember 1938, p.6; Van Jaarsveld, op. cit., p.35; Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel I, (Kaapstad, 1951), p.273; Meyer, P.J., Die Afrikaner, (Bloemfontein, 1940), p.88, Beyers, C.F., Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei, in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel I, (Kaapstad, 1941), p.14, ook Die Dagboek van Erasmus Smit in Preller, G.S., Voortrekkermense, Deel II, (Kaapstad, 1920). Smit sowel as leiers soos Potgieter en Pretorius het die lotgevalle van die Trekkers dikwels in die lig van die Ou Testament gesien (Vgl. Vtr. Argf. R.902/41, R.140/48, R.164/49, en R.169/49.

10) Van Oordt, J.F., Paul Kruger, (Amsterdam, 1898), p.27, vgl. ook O'Kulis, Doppers, (Bloemfontein, 1918), pp. 20-21; Nepgen, op. cit., p.71 en p.94; Nathan, op. cit., p.30; Walker, E.A., The Great Trek, (London, 1938), pp.55-56. Jare na afloop van die Groot Trek sou verskeie volksleiers hul nog oor die roepingingsbetekenis van die Groot Trek uitspreek. So het Paul Kruger eenmaal die volgende woorde gebesig: „Ons boerouers is uitgelei, duidelik siende dat dit Gods hand was.... Ons het Gods Woord tot gids geneem om te trek." Gedenkskrifte p. . Vgl. ook sy toespraak te Paardekraal, d.d.16.12.1891 in Die Volkstem, 23.12.1891.

elke Trekker se lewe met doelgerigtheid vervul het, was hierdie idee van roeping; hierdie wete dat die verhuising as van God gewil is, nie net in die bewussyn van die Trekleiers aanwesig nie, maar trouens by die oorgrote meerderheid van die liede wat die Trek meegemaak het. Omdat die geskrewe uitsprake van die gewone Trekkers oor hul duidelike roepingsbesef uiters beperk is, moet ons hoofsaaklik met die woorde van die leiers van die Trek volstaan. Dit is duidelik dat hulle ook namens hul mede-Trekkers gespreek het.

Toegegee dat Anna Steenkamp, 'n gewone Trekkersvrou, se dagboek eers ná die Trek opgeteken is, spreek dit nietemin van 'n helder bewustheid dat die Trek onder Gods leiding gestaan het. „Alle avonden," skryf sy o.m., „waren openbare Godsdiens oeveningen en dit maakte ons rijs door de woestijn aangenaam te siende dat de Heer ons niet verlaten heef."[11] By haar vermaarde oom, Piet Retief, was daar ook nie die minste twyfel oor die goddelike lotsbeskikking van die verhuising uit die Kolonie nie. In November 1836 skryf hy dat niks hom langer sal weerhou om by sy landgenote oorkant die Grootrivier aan te sluit nie, „en vertroud dat God mijn geleijd en raadsman zal zijn."[12] Bewus van die gevare wat vir hulle voorgelê het, sou die Trekkers volgens hom die Kolonie verlaat „met 'n vaste vertroue op 'n alsiende, regverdige en genadige God wat hulle altoos sal vrees en in alle nederigheid sal probeer gehoorsaam."[13] Ook die Griekwa-kapteins waarsku hy dat die rasse wat nie in vrede en vriendskap met die Trekkers wil leef nie, „sal voel dat hulle met 'n magtige God stry."[14] 'n Paar maande voor sy dood skryf hy aan Stockenström: „Ons kan nooit dankbaar genoeg wees jeens God vir ons wonderlike behoud en vir die vele mildadighede aan ons bewese

---

11) Die dagboek van Anna Elizabeth Steenkamp, en fragmentjies oor die Groot Trek, (Pietermaritzburg, 1939), p.14 en p.20.
12) Aangehaal by Franken, J.L.M., Piet Retief se Lewe in die Kaapkolonie, (Kaapsatd, 1949), p.424.
13) Preller, Piet Retief, pp.80-81.
14) Ibid., Bylae IV, p.371.

..... Ons trek dus vol vertroue voorwaarts, in die verseker-
ing dat God in Sy genade ons spoedig in veiligheid sal bring
waar ons moet wees."[15] Ook Piet Uys en 169 ander het in Au-
gustus 1837 aan die Caledonrivier verklaar dat hulle hul „af-
hanklikheid op die Alwyse Skepper van hemel en aarde vestig."[16]

Reeds voordat Andries Pretorius hom finaal by die Trek-
kers gevoeg het, het hy vanaf die Sneeuberge aan ds. G.W.A.
van der Lingen van die Paarl hierdie profetiese woorde ge-
skryf: „Soo dese (trek) van den Allerhoogste is, soo het syne
wyse wil en welbehaagen is, soo sullen sy daar tot een volk
worden en ter syner eere leven."[17] Die gelofte wat vóór die
slag van Bloedrivier op sy en Sarel Cilliers se aandrang af-
gelê is, en die oorwinning wat daarop gevolg het, het dan ook
nie net vir die nageslag nie, maar vir baie Trekkers self die
Trekbeweging „as 'n ewige Godsdaad" vasgelê. „In die Dans-
kraalgelofte," verklaar dr. P.J. Meyer, „het die Boerevolk in
'n verbond met God getree om homself as Godsvolk te handhaaf,
om sy afsonderlike roeping as Godsbestemming tot eer van God
te vul."[18] By die beendere van Piet Retief en sy gesneuwelde
metgeselle kon Pretorius ook skryf: „Ons enigste hoop was in
God en die stryd het bewys gelewer dat

,'Die op den hooge God vertrouwd,
Heeft zeker op geen sand gebouwd'."[19]

Toe daar by 'n geleentheid onenigheid onder hulle geledere
ontstaan het, waarsku hy: „Hoe ramptsaalig en gevaarlyk is
(het) niet voor ons..... soo wy den guns en hulpe Gods moet-
en missen die ons tot hier toe sigbaar heef gelyd en bewaart."[20]

---

15) Ibid., p.137 en p.138.
16) Chase, J.C., The Natal Papers, Vol.I, (Grahamstown, 1843), p.163.
17) Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849. R.18/38. A.W.J. Pretorius - G.W.A. van der Lingen, 8.6.1838.
18) Meyer, P.J., Die Afrikaner, (Bloemfontein, 1940), p.93.
19) Bird, J., The Annals of Natal, Vol.I (Pietermaritzburg, 1888), A.W.J. Pretorius vanaf Ungungundhlovo, d.d. 22.12.1838.
20) Voortrekker-Argiefstukke, R.90a/41. Aanspraak van A.W.J. Pretorius te Vetrivier. Vgl. ook sy later uitsprake o.m. in R140/48, p.314.

In 'n brief van Mei 1839 aan 'n paar Kaapse predikante skryf J.J. Burger, J.S. Maritz en A.W.J. Pretorius dat God, „voor wiens wonderlyke bescherming een yder moet verstommen hoe magtig hy was om ons te beschermen van de handen onzer vyanden,.... heef ons dus gebragt door alle gevaaren tot een vrugtbaar land."[21] In die Natalse Volksraad se Deklarasie en Protes van 11 November 1839 getuig hulle ook dat „Godsdienst en de overtuiging van de regtvaardigheid hunner zaak, deed hun alle zwarigheden te boven komen."[22] Hierdie vaste oortuiging dat hulle saak, d.w.s. hul verhuising uit die Kolonie en die oprigting van 'n eie vrye „Maatschappij" in die oë van hul Skepper regverdig was, spreek ewe sterk in 'n stuk van Februarie 1842 wat die Natalse Volksraad aan die Kaapse Goewerneur gerig het en meermale na verwys sal word, t.w. „Wij weten, dat er een God leeft, die Hemel en Aarde regeert, en die magtig en gewillig is, om den verongelijkte, hoewel zwakkere, tegen geweldenaars te protecteren. Op Hem en de regtvaardigheid van onze zaak verlaten wij ons....."[23] Ook in 'n brief van L. Badenhorst en 'n ander aan J. Swart, die vriend van die Trekkers in Nederland, staan dit opgeteken dat, nieteenstaande die vele rampe en teleurstellinge wat hulle in al hul omswerwinge moes verduur, „zijn (wij) niet geheel verlaten geweest, integendeel, Gods zegenrijke hand was onder ons, en ofschoon somtijds onze vooruitzigten donker, onze toestand twijfelmoedig was, bleef nog altoos een straal van hoop, verwarmd door de overtuiging dat onze zaak regtvaardig was, en dus onder zijne heilige bescherming vroeg of laat naar Zijne wijze voorbeschikking uitkomst zou schonken."[24]

Namate die Afrikaner-kolonis in die loop van die 18de eeu reeds van die <u>andersheid</u> van sy volkskap teenoor die in-

---

21) Dreyer, A., <u>Die Kaapse Kerk en die Groot Trek</u>, (Kaapstad, 1929), p.15.
22) Preller, G.S., <u>Voortrekker Wetgewing, 1839-1845</u>, (Pretoria, 1924), pp.23-24, vn.1.
23) Stuart, J., <u>De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika</u>, (Amsterdam, 1854), p.153.
24) <u>Ibid</u>., p.170. L. Badenhorst e.a. - J. Stuart, 28.4.1842.

inboorlingvolke en selfs teenoor die Nederlandse volk bewus geword het, sou die beperkte kultuurbotsing, wat na die Britse verowering van die Kaap ontstaan het, hom nie alleen nog meer van hierdie andersheid bewus maak nie, maar sou die bewussyn daarvan veral vanaf die jare dertig en in besonder gedurende die Groot Trek uitgroei tot 'n duidelike besef van sy aparte roeping in 'n land wat hy volkome sy eie gemaak het.

Hierdie roepingsgevoel, wat by die oorgrote meerderheid van die Trekkers aanwesig was en op die religieuse grondslag berus het dat hulle deur die vorming en handhawing van hul aparte volkskap deel aan die raadsplan van God het, sou ongetwyfeld op 'n beslissende wyse in die loop van die 19de eeu tot die ontluiking van die Afrikaner se volksbewussyn bydra.[25] „Die idee van geroepenheid van apartheid, van die taak om hulle vry te hou van vermenging, met die heidense volke," aldus dr. A.J.H. van der Walt, „het baie diep posgevat, en vorm inderdaad die diepste ondergronde van die kragtige rassebewustheid van die Afrikanervolk en die drang tot durende voortbestaan as aparte volk."[26]

Hul roepingstaak as 'n sentrale, gemeenskaplike en saambindende faktor het dus ook hul hele vryheidsdrang onderskraag, t.w. om ooreenkomstig Gods wil „tot een volk (te) worden en ter syner eer te leven;" om vry van alle Britse inmenging of vreemde invloede binne 'n eie onafhanklike en geordende staatsgemeenskap „die beginsel van ware vryheid hoog te hou;" volgens hul godgeroepe aard en eie lewensuitkyk te lewe en vanselfsprekend die diepe begeerte te vervul om hul rassesuiwerheid teenoor die omringende heidene en barbaarse volke te bewaar. Bowendien sou hierdie roepingsgevoel, wat by baie en veral by die Trekleiers tot 'n duidelike roepingsbewussyn ontwikkel het, by die meeste Trekkers daardie element van sekerheid in hul volkswording meebring dat, ten spyte van

---

25) Meyer, op. cit., p.170.
26) Van der Walt, Exodus van die Boervolk, p.6.

alle eksterne bedreiginge, teenslae, teleurstellinge, innerlike verdeeldheid en gebreke, die uiteindelike voortbestaan van hul „Maatschappij." Ook het hierdie gemeenskaplike roepingsvervulling bygedra om die indiwiduele lede van die Trek se verhouding tot die hele gemeenskap met sy eie besondere roeping te bepaal, waardeur hulle dan ook vanself tot groter self-kennis en bewussyn van hul eie volkskap gekom het.[27] Omdat hul roepingsbesef nie net aan hul as indiwidue nie, maar ook gesamentlik as 'n gemeenskap, ooreenkomstig hul Calvinistiese beskouinge, goddelike verantwoording geëis het, moes dit noodwendig tot hul samesnoering as volk bydra. Waar hulle eie onenigheid, naywer en onderlinge tweespalt dikwels verhoed het dat hulle eendragtelik „tot een volk worden," tree 'n skuldgevoel daaroor by verskeie Trekleiers, waarskynlik omdat hulle besef het dat die roepingsvervulling as Godsvolk daardeur nie nagekom word nie, sterk op die voorgrond.

* * *

Met die daarstelling van eie republikeinse bestuursinstellinge, waaruit 'n eie staats- of „Maatschappij"-beleid, regspleging en wetgewing kon voortspruit, sou die Trekkers se strewe na 'n onafhanklike staatkundige, ekonomiese en maatskaplike bestaan eers werklik konsolideer en aan die trekbeweging in sy totale omvang blywende nasionale betekenis verleen word.[28] Hoewel die Groot Trek in 'n sekere sin dan ook 'n „opstand" teen die Britse gesag was, d.w.s. teen die aard en wyse van die uitoefening van daardie gesag, was dit nooit teen gesagshandhawing as sodanig gerig nie. Theal getuig tereg: „The early emigrants constantly maintained that they left the Colony to free themselves not of law but of lawlesness."[29]

---

27) Vgl. McDougall, W., The Group Mind, (Cambridge, 1927), pp.48-50 asook pp.61-64.
28) Pretorius, H.S., op. cit., pp.85 et seq.
29) Theal, G.M., The History of South Africa since 1795, Vol.II, p.172.

Retief stel dit ook duidelik in sy manifes dat vir „behoorlike wette" en dus by implikasie ook vir 'n „behoorlike owerheid" voorsiening gemaak sou word.[30] 'n Sekere C. Viljoen getuig later: „Ik hep de binnelant verlate om niet onder de onregt vaardig wetten van de engelsman te staan, maar niet om zonder wet te lefen."[31]

Waar hierdie landsverhuising derhalwe sorgvuldig voorberei en behoorlik georganiseer is, sou die Trekkers as „orderlike en godsdienstige mense," by wie 'n besondere sin vir die gesag van die tradisie geheers het, in hul nuwe woongebied en „Maatschappij" bewus daarna strewe om gesag, wet en orde daar te stel.[32] Met die oog op die verkryging en handhawing van hierdie orde en die feit dat hulle „over de lemieten" suiwer op hulself vir beveiliging aangewys was, sou die Trek van die staanspoor 'n sterk militêre karakter dra. In ag geneem dat die Trek 'n soort noodtoestand en mobiel van aard was, was dit logies dat dit langs lyne van hul beproefde en selfontwikkelde kommando-organisasie ingerig sou word.[33]

„Ten spyte van die individualisme van die Trekkers," verklaar dr. J.S. du Plessis, „het hulle dus toe hulle nog

---

30) Preller, Piet Retief, p.80, Kl.5 en 7.
31) Aangehaal by Pelzer, A.N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare, (Kaapstad, 1910), p.52.
32) Wichman, F.A.F, Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860, in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel II, (Kaapstad, 1941), p.6; Kruger, op. cit., p. 48; Thom, H.B., Die Lewe van Gert Maritz, (Kaapstad, 1947), p.75 et seq.; Du Plessis, A.J., Die Republiek Natalia in die Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, Vyfde Jaargang, Deel I, (Kaapstad, 1942), pp.118-119. Vgl. ook B. D'Urban aan Glenelg, 29.7.39 aangehaal deur Beyers, op. cit., p.1; V.d.Walt e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, pp. 280-281 en Pont, D., Die Betekenis van die Groot Trek in ons Gemenereg in Voortrekker Gedenkboek van die Universiteit Pretoria (Pretoria, 1938), p.87.
33) Du Plessis, J.S., Die Ontstaan en Ontwikkeling van die amp van die Staatspresident in die Z.A.R., 1858-1902, in die Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, Agtiende Jaargang, Deel I, (Kaapstad, 1935), p.2. Byna sonder uitsondering was die aanvoerders van die verskillende trekgeselskappe manne wat reeds voor die Groot Trek vir hulle as kommandante aan die oosgrens naam gemaak het.

koloniste was, die noodsaaklikheid van organisasie en leierskap ingesien, en toe hulle getrek het, het hulle meer as ooit die waarde en noodwendigheid daarvan besef. Gedurende die trek sou daar dan ook gereeld pogings ~~in die werk gestel~~ aangewend word om 'n gereelde bestuur en leiding oor die Trekker-gemeenskap in die lewe te roep en te handhaaf."[34] Namate die Trekkers in die streek tussen die Groot- en Vaalriviere toegeneem het en die trekgeselskappe van Maritz en Potgieter, veral na die slag van Vegkop, in noue kontak met mekaar gebring is, het die kommando-organisasie klaarblyklik nie langer tevredenheid verskaf nie en is beraadslaag „over de daarstelling van 'n goede godsdienstige en burgerlike maatschappelijke inrichting."[35] Dit is duidelik dat die Trekkers as 'n doelgerigte gemeenskap, waarvan die lede 'n besondere eerbied vir 'n behoorlike regsordening gekoester het en van hul burgerlike verantwoordelikheid teenoor mekaar bewus was, van die staanspoor begerig was om hulle aan gesagsreëlings te onderwerp wat ook in die behoeftes aan burgerlike organisasies sou voorsien en vir die handhawing van reg en geregtigheid sou sorgdra.[36]

Op 2 Desember 1836 is te Thaba'Nchu 'n volksvergadering belê waarop by wyse van „een algemene volkstem" sewe „Rechters" aangestel is wat vir die „algemene best en vrede" moes waak. Naas die feit dat hulle in navolging van die ou kollege van landdros en heemrade die regspleging waargeneem het, het hulle ook 'n regeringsbestuur uitgemaak wat hulle stiptelik „aan alle zodanige Wetten en Reglementen als door een algemene vergadering zullen worden vasgesteld" moes hou. Terselfdertyd is 'n wedersydse kontrak tussen hierdie liggaam en die volk aangegaan waarvolgens eersgenoemde onder eed

---

34) Ibid., p.4.
35) Preller, Voortrekkermense, Deel II, Dagboek van Erasmus Smit, p.61; Van der Walt e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p.281.
36) Thom, op. cit., p.104.

beloof het om „naar hunne beste vermogens en onpartijdiglijk rechtvaardigheid te plegen en te doen gedijen" in alle burgerlike-, kriminele- en krygsake, terwyl „de gemeene mannen uitmakende het volk" ook onder eed beloof het „zich getrouw en vreedzaam te onderwerpen aan den uitspraak en bevelen van bovengemelde Hoofden."[37]

Waar dit hier in die eerste plek gegaan het om 'n elementêre bestuursreëling wat op praktiese en doelmatige wyse aan die eise van 'n eenvoudige landelike gemeenskap in bepaalde tydsomstandighede moes voldoen, sou die Trekkers in die tweede plek onafwendbaar daartoe gedwing word om onder leiding van hul voormanne ook hul staatkundige beginsels en opvattinge van reg en orde, hoe ru, ongevorm en eenvoudig ookal, te formuleer en in toepassing te bring.[38] In ag geneem dat hulle geen „ervare wetgewers en vakkundige regsgeleerdes" was nie; dat sommige van hulle so ver terug as in 1817 laas moontlik as heemrade kon gedien het, en dat hulle op die vooraand van die Trek slegs deur middel van die kommandostelsel en die kerkraad met liggame van 'n organisatoriese aard kennis gemaak het, openbaar die Trekkers egter van die staanspoor 'n verbasende aanleg en insig vir die daarstelling van 'n eie

---

37) Voortrekker-Argiefstukke, ad.R9/36. Kopie van die verslag van die verkiesing.
38) Bosman, I.D., Wet en Orde deur Voortrekkers gehandhaaf in Byvoegsel tot Die Burger, 1.12.1938, p.10.

demokratiese bestuursinstelling.[39] Aan die ander kant is dit vanselfsprekend dat hierdie mense met hul onuitroeibare individualisme en sterk ontwikkelde onafhanklikheidsgevoel hulle nooit weer sou onderwerp aan 'n outokratiese bestuursreëling waaraan hulle hul so pas onttrek het nie.[40] Van besondere betekenis vir die Afrikaner se latere volksontwikkeling is die feit dat hier aan elke burger volle seggenskap verleen is in die oprigting van sy eie bestuur en dat 'n verteenwoordigende bestuursliggaam deur die volkstem en by wyse van die kiesbeginsel, onderhewig aan die wetgewende voorskrifte van die volk of burgergemeenskap, in die lewe geroep is, m.a.w. die

---

39) Vgl. Thom, op. cit., pp.106 et seq; pp.108-109, ook pp. 140-141; Du Plessis, J.S., op. cit., pp.129-130 en Coetzee, P.C., Gert Maritz vs. Piet Retief in Historiese Studies, jrg.III, No's 3-4, Okt.-Des. 1942, p. 155 en Wypkema, A., De invloed van Nederland op de ontstaan en ontwikkeling van die Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881 (Pretoria, 1937) p.61. Met sy besonder bewuste demokratiese opvattinge is Gert Maritz se invloed op die prosedure en besluite van die byeenkoms nie te versmaai nie. Desnieteenstaande doen hierdie invloed geen afbreek aan die feit dat beginsels toegepas is wat van die staanspoor heelhartige volksondersteuning geniet het nie. Die beginsels van die beywering van die „algemene best," volksoewereiniteit, sowel as die „kontrak"-gedagte of wedersydse eedsaflegging (vgl. ook die Vetrivierse reëlings vir dieselfde verskynsel) wil daarop dui dat hierdie reëlings egter nie geheel en al vry staan van die gedagtes van Jean Jacques Rousseau en Patriot-Bataafse invloede nie. Om dit as direkte navolging van staatsopvattinge van die Rewolusionêre tydperk te beskou, sou egter die Trekkers se spontaan-gevormde opvattinge oor hul eie staatsreëlinge negeer. Vgl. ook Uys, C.J., Christianity and Democracy in South Africa in The Friend, 14 en 18.4.1856 (ook as afsonderlike pamflet uitgegee) en Beyers, C., Die Kaapse Patriotte, 1779-1791, (Kaapstad, 1929), pp.169 et seq. waar die herkoms van die demokratiese gedagte in Suid-Afrika van Calvyn, Van der Cappellen e.a. en nie soseer van Voltaire, Rousseau e.a. Franse denkers herlei word nie.

40) Du Plessis, A.J., op. cit., p.162; Wypkema, op. cit., p.237 en Van Jaarsveld, F.A., op. cit., p.44.

oppergesag van die volk is ten volle erken.[41]

Ná die aansluiting van Retief se trekgeselskap by die Trekkers ten noorde van die Grootrivier het daar 'n nuwe verkiesing vir die „Burgerraad" plaasgevind. Op 6 Junie 1837 is die ampsdraers en Retief as „Goeverneur en Opperhoofd" op 'n vergadering van die „Algemeene Vereenigde Leger" te Vetrivier op gesag van die volkstem ingesweer.[42] Behalwe dat Retief as regeringshoof die funksies van die uitvoerende en militêre mag op hom geneem het, is daar geen nuwe grondwetlike reëlings getref nie.[43] Van belang is egter die vooropgestelde gedagte dat die ampsdraers onder eed moes erken dat hulle deur die volkstem gekies is, en moes beloof om „tot heil van het Volk" of „tot hun algemeen nut" te regeer, terwyl die „volk" of „volkschaar" nogmaals deur middel van 'n eed plegtig belowe het om hul wettig gekose owerheid en die „Resolutie," die sogenaamde Nege Artikels, te eerbiedig en te gehoorsaam.[44] In aansluiting by die beskouinge van die Patriotbeweging wou die

---

41) Thom, op. cit., p.106, en Du Plessis, J.S., op. cit., p. en p.16. Vgl. ook Wypkema, A., Die Volkstemidee in Suid-Afrika in Historiese Studies, Jaargang I, No. 1, p.48 et seq.; Wypkema, A., De invloed van Nederland op ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881 (Pretoria, 1939); p.26, pp.39-42 en pp.376-384; Wypkema, A., Die Nederlandse Stamverwantskap en kulturele Bydrae in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner (Kaapstad, 1945), Deel I, p.149; Beyers, C., Die Kaapse Patriotte, 1779-1791 (Kaapstad, 1929), p.60, 63, 145, 162, 168 en pp.196-201; Gey van Pittius, Staatsopvattings van die Voortrekkers en die Boere, (Pretoria, 1941), pp.9-14; Gey van Pittius, Aktuele Politieke Vraagstukke (Pretoria, 1945), p.19, 20, 21 en 27; Murray, A.H., Die Volksraad (Pretoria, 1939), p.32 et seq., en Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, Jan J., Republieke en Republikeine (Kaapstad, 1960), pp.27-39, en 58-75.

42) Preller, Voortrekkermense, Deel II, Dagboek van Erasmus Smit, pp.93-94; en Voortrekker-Argiefstukke, R.10/37. Resolusies, Junie 1837.

43) Thom, op. cit., p.149, Du Plessis, J.A., op. cit., pp. 17-28. Vir die eerste keer is die verskillende bestuursfunksies hier gedifferensieer.

44) Du Plessis, A.J., op. cit., p.229. Bylaag No.1. Artikel 2 van die Resolusies lui as volg: „Dat allen Rechters en leden zowel van Kerkelijke als Landschzaken die door den Volkstem of Hoofd gebieden zyn goedgekeurd in alle andere die in eenige officiele betrekking staad in het uitoefening hunner funktie behoorlik zullen worden geeerbiedigt en gehoorzaamd op straf volgens de uitspraak van de Raad."

Trekkers van die begin af 'n vaste verstandhouding tussen die owerheid en die volk verseker deur die volk as grondslag te neem en aan die volkswil oppergesag te verleen. Vandaar dat dr. H.S. Pretorius kon verklaar: „Volksoewereiniteit was die grondsuil waarop die gebou van die staatsinrigting van die Republieke gerus het, en hieraan is aan Vetrivier die grondslag gegee."[45] Ook Piet Uys en sy mense, wat hul aanvanklik nie aan die Vetrivier-reëlings wou onderwerp nie, het in Augustus 1837 'n manifes uitgereik wat o.m. ingehou het dat sodra hulle hul bestemming bereik, hulle vertrou dat al die emigrante sal vergader om dan deur middel van 'n „publieke stemming" die nodige regeerders en behoorlike wette daar te stel.[46]

Ten spyte van die onderlinge en ernstige verdeeldheid wat oor die eindbestemming en trekrigting geheers en in die daaropvolgende maande in omvang sou toeneem, was die verskille cor hul bestuursaard en -inrigting nie so groot as wat dikwels beweer word nie. In dié opsig het die geskille hoogstens oor bestuursdade en -persone gegaan. Hoewel die reëlings by Vetrivier nie deur die meerderheid van die Trekkers tot stand gebring is nie en ook nie almal se goedkeuring weggedra het nie, was dit nietemin 'n welmenende poging om uiteindelik al die Trekkers binne 'n „Vereenigde Maatschappy"

---

45) Pretorius, H.A., op. cit., p.191 en Wypkema, op. cit., p.61.

46) Vgl. Chase, op. cit.,I, pp.103-104, De Zuid-Afrikaan, 27.10.1837, en Preller, Piet Retief, pp.125-127. Vier maande later het Piet Uys en sy mense hul onderwerp deur 'n „eed van getrouheid aan de WelEd. Goeverneur P. Retief" te verbind, „gelijk als wij op de 6e Junie l.l. hebben gedaan." (Preller, Voortrekkermense, II, pp.157-158,. Dagboek van E. Smit.)

saam te snoer.[47] Daar was ten minste dié oortuiging aanwesig dat hul vryheid slegs binne 'n staatsgeordende „Maatschappy" gewaarborg kon word. Ook die naam, De Vrije Provincie van Nieuw Holland in Zuid-Ooste Afrika, weerspieël hierdie vryheidswaarborg.[48]

Nieteenstaande die belangrike staatkundige beginsels wat tot dusver in die Trekkers se bestuursreëlinge opgesluit was, het dit in die praktyk weinig meer as uitvoerende bestuursdade van Retief behels sowel as die byeenroeping van verskeie volksvergaderinge om deur hom geraadpleeg te word. Met die aanname en uitvoering van die Instructien voor den Raad van Representanten voor het Volk, in die loop van Junie 1838, is hul bestuurspraktyk egter op 'n breër grondslag geplaas, sodat nie net hul volksverteenwoordigers in die geleentheid gestel is om aktief aan die beoefening van hul staatsgesag deel te neem nie, maar omgekeerd het hulle eie staatsowerheid nou 'n lewende werklikheid en saambindende faktor geword.[49] Namate die Trekkers in die geleentheid gestel is om hul eie wetgewers te verkies en onder hul eie amptenare, bestuurs- en regsliggame en wette te leef, het hulle noodwendig al meer en meer van hul inwendige vryheid bewus geword. Veral in Natal sou hulle idealistiese staatkundige vryheidstrewe in praktiese

---

47) Op die onderlinge verdeeldheid tussen die verskillende trekleiers en -groepe oor die kwessie van beweerdé miskenning van sekere persone in die gekose bestuursliggame, trekrigtings en die eindbestemming van die Trek, word hier nie ingegaan nie. Op die stremmende uitwerking wat dit op die algemene eenheidstrewe van die Trekkers gehad het, het dr. F.A. van Jaarsveld in sy werk, Die Eenheidstrewe van die Afrikaners, Deel I, reeds afdoende gewys. Vgl. verder Thom, op. cit., pp. 162-204, en Du Plessis, A.J., op. cit., pp.120-121, en Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel I, p.289-294.

48) Preller, Voortrekkermense, II, p.10. Vgl. ook p.94 van dieselfde werk waar Erasmus Smit God dank dat „de volkschaar zich mocht beroemen een verenigde leger te zijn. Vgl. ook Thom, op. cit., p.162 et seq., wat op die hartlike samewerking by Vetrivier breedvoerig ingaan.

49) Du Plessis, A.J., op. cit., p.163; Du Plessis, J.S., op. cit., pp.30-33; Preller, Voortrekkermense, II, p.155, p.157 en p.167, en Thom, op. cit., pp.242-243.

beoefening oorgaan.

„Een ding spreekt sterk bij de Voortrekker," verklaar dr. A. Wypkema, „en dit was ook het logies bevolg van hul vertrek uit het land van vreemde oorheersing naar het onbekende gebied van vryheid, namelik dat ze zich zelven terug wilden vinden in dezelfde toestand als waarin hun Vaderen verkeerden hadden."[50] Vanweë 'n natuurlike reaksie teen die outokratiese Britse bestuur, onder wie hulle soveel moes verduur, sou hulle so ver moontlik alle Britse instellinge en wette probeer uitskakel en vermy. Ingevolge die gebrek aan eie bestuurservaring en kennis van enige ander Europese staatspraktyk sou hulle noodwendig na hul ou Kaap-Hollandse verlede, tradisies, instellinge en maatreëls teruggryp. Hiervan getuig veral die herinstelling van die ou gewilde kollege van landdros en heemrade, die wees- en boedelkamers en die kommandostelsel soos hulle dit self ontwikkel het.[51]

Hoewel die vaslegging van verligte demokratiese beginsels in die Natalse grondwet, bv. die volkstem, vrye verkiesings, gelyke verteenwoordiging, die eenkamer-stelsel en die algemene welsynsidee direk na die Patriot- en Bataafse denkrigtinge teruggevoer kan word, doen dit geensins afbreek aan die gewigdraende feit dat die Trekkers met die bewuste aanvaarding en praktiese beoefening van hierdie staatkundige beginsels en begrippe 'n besliste waarborg vir hul inwendige staatkundige vryheid gesien het nie.[52] Dr. Wypkema wys daarop dat die demokratiese neiginge van die Trekkers nie geheel aan Patriot-invloede toegeskryf moet word nie, want „bij een

50) Wypkema, op. cit., p.201.
51) Wypkema, A., Die Nederlandse Staatsverwantskap en Kulturele Bydrae, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel I, Onderredaksie van. Van den Heever, C.M. en Pienaar, P. de V. (Kaapstad, 1945), p.117, Wypkema, De invloed van Nederland....ens., op. cit., p.201 en p.231; Du Plessis, A.S., op. cit., p.117.
52) Wypkema, Op. cit., pp.189-195. Die sukses van die Trekkers se latere staatkundige ontwikkeling moet tot 'n groot mate aan die feit toegeskryf word dat hulle eg-demokratiese begrippe reeds in 'n vroeë stadium van hul volksontwikkeling in toepassing gebring het.

trekkersvolk is de demokratiese geaardheid een gewoon ver-verschijnsel. Zelfs later zou politiek demokraties moeten zijn. Het ligt voor de hand, wilde hij aandeel in de Regering hebben, dat hij dit alleen kon bereiken door de volkswil zo sterk mogelik te maken."[53] Dit was dus grotendeels ingevolge hul besondere volksontwikkeling dat die Trekkers in hul Republiek die grondbeginsel neergelê het dat „het Volkstem de oppermagt en bestier (zoude) uitmaken."[54]

Waar die Trekkers vanweë hulle gelykskortige lewenservaring en -kennis mekaar as gelykwaardige individue beskou het, is die volkstem ook nie aan 'n beperkte of bevoorregte klas toegeken nie, maar aan elke volwassene wat ten minste 'n jaar in die land gewoon het.[55] Deur aan hierdie gelykheidsbeginsel en -strewe, nl. dat elke volwaardige burger oor gelyke regte binne die maatskappy beskik, prakties erkenning te verleen in die reg van grondbesit; in die kiesreg en veral in die uitoefening van die soewereine reg deur die algemene volkstem, is aan die Natalse Trekkers se beperkte volksbesef 'n burgerlike inslag verleen wat 'n onmisbare grondslag vir die Afrikaner se latere solidariteit en republikeinse eenheid gelê het.[56] Een ding staan dus vas, om nogeens die woorde van dr. Wypkema te gebruik: „Het gehele regeringsstelsel ademde de volksgeest en dit gaf het volk de verzekering dat er binnen hun Republiek steeds volkomen vrijheid zou heersen."[57]

53) Wypkema, op. cit., p.237.
54) Vgl. brief van Gert Maritz, dd. 1.2.1837 afgedruk in Ons Tijdschrift, 1898-1899, Aflewering 1-3, p.118, ook in die maandblad Holland-Zuid-Afrika, 15.2.1920. Die volkstem is prakties beoefen deur jaarlikse verkiesings vir lede van die „Raad van Representanten voor het Volk, en hoewel hierdie verteenwoordigende liggaam oor uitgebreide wetgewende, uitvoerende en regterlike mag beskik het, het die volk dit steeds as 'n gedelegeerde liggaam beskou, aangesien die lede daarvan as die lashebbers van die volk beskou is. Die volk kon ook deur middel van memories of versoekskrifte hul wense aan die Raad bekend maak en sodoende op 'n indirekte wyse hul stem laat geld. (Vgl. Wypkema, op. cit., p.188.
55) Wichmann, op. cit., p.2, Wypkema, Op. cit., p.158 ook p.189 vn. 4.
56) Wypkema, op. cit., p.246.
57) Ibid., p.163.

Terwyl die Trekkers in Natal binne hul eie staatspraktyk waardevolle ervaring in die beoefening van demokratiese bestuursreëlinge opgedoen het, sou hul byna oordrewe demokratiese sin verhoed dat die uitvoerende mag in 'n afsonderlike en vaste liggaam of persoon tot ontwikkeling kom. Hierdeur is hulle as lede van 'n staatsgemeenskap daardie voordeel van kontinuïteit, bestendigheid en innerlike samevoeging ontsê wat moontlik deur 'n sterk en gewilde staatshoof bewerkstellig kon word. Reeds in die sewentiende en agtiende eeu in Nederland en ook aan die Kaap was daar altoos die heimlike vrees vir die despotiese mag van 'n sterk sentrale regering. Die sterkste grond vir die Trekkers se afkeer aan 'n hoogste magspersoon, moet egter gesoek word by die oorheersende mag wat by die Kaapse Goewerneur in alle bestuursake berus het, want, skryf die bewuste demokraat, Gert Maritz: „Die heerschende magt der overheden dreef ons uit ons Moederland, daarom zal ik nimmer toelaten dat zoodanige heerschappij hier onder ons zal gevoerd worden."[58] Maritz se gelyktydige waarskuwing dat sorg gedra moet word „dat niet de sterkste man baas speeld over de zwakke," sy persoonlike invloed in die aanvanklike staatsreëlings en klagte dat Retief outokraties sou opgetree het, sowel as die gebrek aan 'n sterk leierspersoonlikheid, onmiddellik na die dood van Retief, het die Trekkers waarskynlik ongeneë gestem om iemand as „opperbestierder" aan te stel uit vrees dat hulle dalk onder sy outokratiese persoonlikheid sou moes buig. Waarskynlik omdat die gedagte van 'n staatshoof wat vir sy bestuursdade aan die volksverkose wetgewende gesag verantwoordelik was, by hulle nog nie tot volheid geryp het nie, is die versoek, dat „een persoon moest aangesteld worden als hen hoofdbestierder over het gansche land" gevolglik onder die Republiek Natalia nooit

---

58) Ons Tijdschrift 1898-1899. Afleweing 1-3, p.118.

toegestaan nie.[59] Nieteenstaande die feit dat die Trekkers in Natal 'n grenslose vertroue in Andries Pretorius se militêre bekwaamheid gehad en hulle/hul so geredelik aan sy leierskap onderwerp het, was hulle agterdog en vrees vir die magsposisie van 'n outokratiese persoon só sterk dat hulle nóg in hom die natuurlike opvolger van Retief gesien het, nóg aan hom 'n vaste hoofkommandantskap wou toeken.

Aan die westekant van die Drakensberge waar verskeie Trekkers nog „agtergebly" en veral ná die slag van Italeni oorwegend uit die volgelinge van Potgieter bestaan het, sou die bestuursreëlinge langs veel primitiewer lyne ontwikkel en uiteindelik by die staatsinstellinge en -ervaring van die Natallers vér agter staan. Net soos tydens die mobiele-periode van die Trek sou die reëling van die gemeenskapslewe van hierdie „overbergse" mense deur 'n krygsraad, die sogenaamde „Raad van Hendrik Potgieter,"[60] behartig word. Hierdie Raad, wie se jurisdiksie oor die Winburg-Potchefstroom-streke gestrek het, het bes moontlik uit hul „hoofdcommandant" of „hoofd-bestierder," Potgieter, en 'n paar gekose persone bestaan. Hulle het waarskynlik die belanghebbende Trekkers op volksvergaderinge in alle belangrike sake geraadpleeg voordat daar handelend opgetree is.[61] Dit was altans 'n baie eenvoudige regeringsvorm wat nie veel verder as die Burgerraad van 1836 ontwikkel het nie, maar nietemin 'n bestuursreëling

---

59) Du Plessis, J.S., op. cit., pp.30-35 en p.127; Du Plessis, A.J., op. cit., pp.43-44; Wypkema, op. cit., p.194 en Van Jaarsveld, op. cit., pp.43-44. Hoe sterk die vrees vir 'n outokratiese staatshoof was, blyk uit die invloed wat die Natalse Voortrekkers later in die Volksraad van Ohrigstad gehad het, toe besluit is: „Geen hoofdbestierder zal bestaan die in gezag boven de (Volksraad zal zijn." (Vgl. S.A. Argiefstukke, Transvaal, No. I, p.14)

60) Du Plessis, A.J., op. cit., pp.166-167, 169 en 173 en Du Plessis, J.S., op. cit., pp.30-38 en Wichmann, op. cit., pp.25-27.

61) Vgl. Preller, Voortrekkermense, III, (Kaapstad 1922), Die Herinneringe van A.H. Potgieter, jr., p.29. Volgens Potgieter het die regering uit sy vader en 'n krygsraad bestaan; vgl. ook Preller, Voortrekker-wetgewing, 3.9.1840, p.73.

waarin die volk, ten spyte van 'n byna eenhoofdige uitvoerende gesag, tog seggenskap gehad het.[62] In die praktyk het die Raad waarskynlik net oor Potgieter se persoonlike aanhangers die gesag gevoer. Dit blyk uit die feit dat die Natalse Volksraad, wat nog geen verdeling van die Verenigde Maatschappij van 1837 aanvaar het nie, „beampts-persoonen agter de Berg" aangestel en plase in die Winburg-distrik uitgedeel het asof Potgieter se Raad nie bestaan het nie.[63] Die aanstelling van Jacob de Klerk tot landdros „aan de andere zyde van Drakensberge" en die goedkeuring van Andries Pretorius se opdrag dat die Winburgers ses heemrade, kommandante en veldkornette moet kies, m.a.w. die daarstelling van 'n hof van landdros en heemrade en 'n krygsorganisasie, het ook bes moontlik op aandrang van die Winburgers self geskied.[64]

Ten spyte van hierdie sknybare oorvleueling van gesag in die Winburg-streek, word die begeerte nietemin bevestig dat daardie Trekkers nie sonder gesag 'n bestaan wou voer nie, maar hulle aktief wou inskakel by die bestuursreëlinge van Natal. Aan die skeiding, of liewer gebrek aan noue kontak, tussen die „maatschappij achter" en „onder" die Drakensberge sou, vanweë 'n groeiende en wedersydse begeerte om die eenheid onder al die Trekkers te herstel, egter weldra 'n einde kom. Reeds in Februarie 1839 het Pretorius, wat die eenheid van die Trekkermaatskappy altyd so bewus en sterk op sy hart gedra het, daarin geslaag om Potgieter, ná die ongelukkige breuk ten gevolge van die slag van Italeni, weer te „versoen en (te) bevree met den geheele maatschappij."[65] Die saak is by hierdie mondelinge ooreenkoms gelaat, maar die drang na eenheid was onder Potgieter se eie mense waarskynlik sterker

---

62) Wichmann, op. cit., p.22 en p.59.
63) Preller, Voortrekker-wetgewing, 5.9.1839, art.3; 6.9.1839, art. 8; 9.11.1840, art. 5; en Van Jaarsveld, op. cit., p.60.
64) Vgl. Preller, Voortrekker-wetgewing, 7.9.1839, art. 3 en Wichmann, op. cit., pp.22-23.
65) Voortrekker-Argiefstukke, R.24/39. Sandrivier, 24.2.1839; vgl. ook Van Jaarsveld, op. cit., p.60.

as al die besware wat hul leier teen Natal as woongebied gehad het, want van die voorsitter van Potgieter se Raad, Casper J. Kruger, het self die versoek gekom om met die Natalse „Maatschappij te vereenigen."[66] Op 'n volksvergadering wat op 10 Oktober 1840 te Potchefstroom gehou en deur tussen drie- en vierhonderd Trekkers sowel as Potgieter en Pretorius bygewoon is, is die hele Voortrekker-gemeenskap opnuut tot een Maatskappy onder die Natalse Volksraad verenig. Dit is ook ewe plegtig bevestig dat daar nooit weer 'n aparte maatskappy binne die grondgebied van die Trekkers opgerig mag word nie.[67] Tereg merk dr. F.A. van Jaarsveld op dat die republikeinse Afrikaners op hierdie stadium gevoel het „dat húlle wat buite die Britse kolonie op hulleself aangewese was uit hoofde van hulle ervaringe van die verlede en ideale vir die toekoms, verenigd moes saamwerk."[68]

In Februarie 1841 is hierdie ooreenkoms ook deur die Natalse Volksraad bekragtig. Waarskynlik vanweë die yl en verspreide bevolking, lang afstande en stadige verkeersmiddele is besluit dat, ten einde die bestuursbehoeftes van die „overbergse" mense te behartig, ten minste agt van die twaalf Volksraadslede van Winburg-Potchefstroom 'n Adjunkraad sou uitmaak.[69] Oor die funksies en werking van hierdie Adjunkraad is weinig bekend, en nieteenstaande die mate van selfstandigheid waarmee dit beklee was, is dit te betwyfel of veel gesag en invloed daarvandaan uitgegaan het. Altans dié mate van konsolidasie en houvas wat die Volksraad oor sy Natalse burgers gehad het, het die Adjunkraad nie oor die Winburgers en Potchefstromers gehad nie, en is hulle ook nooit soos in

---

66) Preller, Voortrekker-wetgewing, 3.9.1840, p.73.
67) Vgl. Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek, (Bloemfontein, 1929), p.511, Bylae I, vir die notule van die byeenkoms.
68) Van Jaarsveld, op. cit., p.61.
69) Preller, Voortrekker-wetgewing, 2.2.1841, art.2-13; vgl. ook 5.10.1841, art.1. Alle besluite van die Raad was egter provisioneel en moes eers finaal deur die Volksraad goedgekeur word.

Natal in die geleentheid gestel om in die praktyk behoorlik oor hul staatsreëlinge te begin en hul staatsbegrippe, hoe eenvoudig ook al, te formuleer nie. Andersyds het hulle ook met die administratiewe gesag van die Natalse Volksraad kennis gemaak slegs in so verre as wat 'n hof van landdros en heemrade in die Winburg-streek fungeer het en grondbriewe onder gesag van die Volksraad daar uitgedeel is.[70]

Hoewel die twee gemeenskappe aan weerskante van die Drakensberge hulle as 'n enkele Maatskappy teenoor die omringende inboorlingstamme en die Kaapkolonie vertoon het, was daar van 'n volkome volkseenheid nog lank geen sprake nie. Die behoefte aan en toegeneëntheid tot eenheid was wel deur die ooreenkoms van 1840 op realistiese wyse verantwoord, maar aan 'n staatkundige eenheid wat die Trekkers se materiële en geestelike belange tot 'n innerlike geheel sou saamsnoer, was daar nog 'n skreiende gebrek. Die bestaande staatsreëlinge was dan ook nie van so 'n aard dat dit die Trekkers organisatories kon saamsmee en behoorlike verbindingsmiddele kon daarstel waardeur vrye en onderlinge kontak tussen die lede van die Maatskappy of selfs die twee geografies-geskeie gemeenskappe moontlik gemaak is nie. Selfs leiers of ampsdraers kon beswaarlik hulle kontak, houvas en invloed oor hul eie mense te midde van primitiewe pionierstoestande veral ten weste van die Drakensberge effektief laat geld. Aangesien die Natalse gebied ook binne 'n anderhalf jaar ná die inskakeling van Winburg en Potchefstroom onder 'n dreigende wolk van Britse anneksasie geleef het, sou die Adjunkraad, uit hoofde van Potgieter en sy volgelinge se ou agterdog teen Natal as woongebied daarna geen vinger veroer om die staatkundige band wat oor die twee woongebiede gestrek het, te versterk nie.

---

70) Preller, Voortrekker-wetgewing, 2.3.1841, art.3 en 13 en 8.10.1841, art.7-9.

As 'n kulminasie van hul onafhanklikheidstrewe sou die Trekkers se staatsvorming in die eerste plek nie net as waarborg vir hul vryheid en selfbehoud as 'n gemeenskap met oortuigde toekoms-aspirasies dien nie, maar binne hul eie gestigde Maatskappy sou die praktiese beoefening en toepassing van hul staatsreëlings en -funksies beslis tot die verstewiging van hul groepsbewussyn en uiteindelike solidariteit bydra. Anders as toe hulle nog koloniste en onderdane van 'n „vreemde" owerheid was, sou die Trekkers se direkte deelname aan die oprigting van hul eie staatsinstellinge, persoonlike aandeel in die uitoefening van staatspligte en hul self-aanvaarde burgerskap noodwendig tot groter self-kennis van hul regte en pligte teenoor mekaar en teenoor hul Maatskappy lei. M.a.w. van hul bestuurs- en burgerlike magte en pligte sou hulle meer bewus word en oor hul vae staatsbegrippe groter helderheid verkry, vanweë die gedagte en praktyk dat hulle ná hul verhuising uit die Kolonie slegs aan hulleself, enkel en gesamentlik, vir hul bestuursdade verantwoordelik was en reeds vroeg op die trekpad gedwing was om hul staatsopvattinge en -ideale te formuleer. Baie jare sou egter nog moes verloop voordat die Trekkers se staatsinstellinge daardie organisatoriese eenheid sou aanneem en hulle burgerskap só geryp sou wees dat hulle in hulself 'n volwaardige volk sou erken.

Hoe aktief en met watter mate van selfstandigheid die Trekkers veral in Natal binne hul eie staatsinrigting hul bestuursake bedryf het, blyk uit 'n relaas van die Volksraad aan die Kaapse Goewerneur in Februarie 1842: „Na onzen uittogt, verklaarden wij onze onafhandelijkheid; wij rigtten een eigen bestuur op; wij voerden oorlogen tegen die ons onverziens overvielen, en maakten vrede; wij namen bezit van onbewoonde landstreken, zoowel die ons door vriendschappelijke onderhandelingen met de Heidensche volkstammen toe-

vielen, als die wij met ons goed en bloed moesten koopen."[71] Hierby sou toegevoeg kon word die daarstelling van liggame soos hul volksraad, die hof van landdros en heemrade, die wees- en boedelkamers; die aanstelling van amptenare soos die landdroste, veldkornette, distrikskommandante, 'n hawemeester en -kommandante, 'n kommissaris van landerye en grond-inspekteurs; verder die uitvaardiging van regulasies en wette wat aan plaaslike vereistes moes voldoen; die uitreiking van grondbriewe en die verkoop van staatsgronde; die beheer van allerlei kerklike aangeleenthede en die uitlê van die hoofstad, Pietermaritzburg, en dorpe soos Port Natal, Weenen en Kongella.[72] In ag geneem dat die Trekkers, hetsy as gewone burger, Volksraadslede of selfs as amptenare, niks meer as eenvoudige pioniersboere was nie, moes hul werksaamheid en aandeel aan hul staatsreëlinge en dit wat hulle uit eie krag en beperkte kennis tot stand gebring het, bewus sowel as onbewus veel tot die versterking van hul gemeenskapsbewussyn, hul selfstandigheid as gemeenskap en volkstrots bygedra het.

* * *

„Hier sta ik op vrije grond, waar't Engelse gouvernement niet meer te zeggen heeft!"[73] Met hierdie woorde het Jacobus Hattingh die algemene gevoelens van die Trekkers kensketsend vertolk, nl. dat sodra hulle eenmaal oor die „limiete" getrek het, hulle nie langer onder die Britse gesag en jurisdiksie geresorteer het nie. Ook die voorlaaste artikel van Piet Retief se manifes lui: „Ons verlaat die Kolonie onder die volledige versekering dat die Engelse Regering niks meer van ons

---

71) Stuart, op. cit., p.156.
72) Du Plessis, A.J., op. cit., pp.170-184; Preller, Voortrekkerwetgewing, p.24.
73) Preller, Voortrekkermense, I, p.120. Herinneringe van J.H. Hattingh, snr. Vgl. ock R. Southey aan Stockenström, 26.11.1842 (aangehaal by Franken, J.L.M., Piet Retief se lewe in die Kolonie (Kaapstad, 1949), wat verklaar dat die Trekkers sou uitgeroep het „dat hulle nou los was van die Engelse en dat hulle hul nooit weer sou onderwerp nie."

te vordere het nie, en dus sonder verder bemoeiing sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur,"[74] terwyl Andries Hendrik Potgieter aan die Kaapse Goewerneur skryf: „Wy beschouwen ons als vreye burgers om te kunnen gaan waar wy verkiest sonder iemant te benadelen daar alle Naatsies vrey seyn en gaat ook waar sy wel."[75] Die Trekkers het terselfdertyd ook van die standpunt uitgegaan dat hulle volkome vry was om die Kolonie te verlaat en hul herhaaldelik op 'n uitspraak van die luitenant-goewerneur, A. Stockenström, in die verband beroep.[76] Ook Potgieter het Napier daaraan herinner dat die Kaapse goewerneur self enige jare tevore 'n proklamasie uitgevaardig het „dat eenige Kalonesten wygeren onder syne wetten te buygen de Kalonie moeten verlaaten."[77]

Hoewel allerlei struikelblokke by hul vertrek uit die Kolonie in die weg gelê is en D'Urban van meet af aan teen Trek gekant was, was die Trekkers tot aan die einde van sy bewind in Januarie 1838, vanuit 'n praktiese oogpunt beskou, in hulle staat van vrywillige afskeiding vry van enige Britse staatsbemoeiing.[78] Met die aanstelling van die filantropiese -georiënteerde Napier moes die Trekkers ondervind dat hulle

---

74) Preller, Piet Retief, p.80.
75) Voortrekker-Argiefstukke, R.20/38, A.H. Potgieter aan die Goewerneur, 3.12.1838.
76) Vgl. Chase, op. cit., Vol.II, p.43; Dreyer, A., Die Voortrekkers en hul Kerk, (Kaapstad, 1932), p.11; Stuart, J., op. cit., p.156 en vgl. ook p.103; aangehaal by Franken, op. cit., p.391, Stockenström aan Retief, 23 (?).9.1836, „Met betrekking tot diegenen, die de Kolonie willen verlaten, kan ik alleen zeggen, dat ik hun zulks niet beletten kan, en las zy in een ander land gelukkiger zyn kunnen, zoude ik hen zelfs te raden te verhuizen." Vgl. ook p.397 van dieselfde werk, Stockenström aan Retief, 20.10.1836. Met die Prokureur-generaal, A.Oliphant, se uitspraak van 13 Augustus 1836 (vgl. Eybers, G.W., Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910, (London, 1918), pp.145-146, No.93) dat dit onmoontlik en hoogs onwerslik is om maatreëls te neem om te verhoed dat die koloniste die Kolonie verlaat, was die koloniste waarskynlik nooit bekend nie, aangesien die verklaring nie in die openbaar uitgereik is nie.
77) Voortrekker-Argiefstukke, R.20/38. (A.H. Potgieter) aan die Goewerneur, 3.12.1838.
78) Geskiedenis vir Suid-Afrika, I, p.279.

aan grenslose en volgehoue antipatie, dwarsboming, agtervolging en uiteindelik selfs aan direkte en geweldadige inmenging van die kant van die Britse owerheid, sendeling-filantroop-, en Britse handelaar-elemente blootgestel is.[79] In aanmerking geneem dat die Trekkers hul geografies en polities, indiwidueel sowel as 'n gemeenskap, ingevolge hul jarelange kneg-skap onder Britse wanbestuur en verwaarlosing, hul doelbewus van die Kolonie afgeskei het, is dit begryplik dat hul reaksie op hierdie voortgesette Britse agtervolging en inmenging 'n beslissende en dinamiese faktor in die volksontwikkeling van die Trekkers sou word om hul volksgevoel voortdurend te prikkel en tot volle bewussyn te bring.

Uit hoofde van hul vasgewortelde afkeer aan die Britse gesag, hul natuurlike agterdog jeens die Britse kultuur en instellinge, wat aan hul eie tradisies en gebruike vreemd was, en hul vrees vir die bedreiginge wat die negrofilistiese optrede van die sendeling-filantrope vir hul eie rasse-opvattinge ingehou het, sou die Trekkers hul natuurlikerwys, en in ooreenstemming met hul kenmerkende neiging tot isolasie, binne hul eie gemeenskapsverband van die Britse invloedsfeer en beskouinge afsonder ten einde die uitlewing en handhawing van hul gemeenskaplike tradisies, belange en ideale te waarborg. Waar hierdie tradisionele Britse bedreiging vir hul strewe na verwesenliking van eie volkskap die Trekkers egter soos 'n skaduwee sou agtervolg en uiteindelik opnuut in hul midde as wesenlike gevaar en magsopenbaring sou staan, sou die meeste van hulle uit selfbehoud nog meer bewus en sterker na hul historiese verlede, kultuurbesit, beskouinge en ideale gryp om sodoende hulle as 'n lotsgemeenskap tot groter innerlike toenadering te dwing en hul onderlinge gevoel van verwantskap en trou te versterk. Uiterlik sou hulle ook voor die keuse-

---

79) Vgl. Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, (Kaapstad, 1948), p.218 en Hoofstukke VI, VII en VIII.

vraagstuk te staan kom of hulle hul moes „vry" trek „tot anderkant uit" om hierdie Britse vervolging te ontkom, en of hulle hul openlik en met geweld daarteen moes verset.

Die staatkundige vorming was die eerste en logiese stap waardeur die Britse gesag en wette oor die Trekkers uitgeskakel kon word, terwyl die vroeë verbod op die Londense Sendinggenootskap in hul woongebied ook die begeerte openbaar om alle „vreemde" bedreiginge wat op hul maatskappy kon inwerk, uit te sluit.[80] Ook die strewe „om in besit te kom van 'n eie seehawe wat hulle, onafhanklik van alle Britse inmenging, instaat sou stel om in politieke en ekonomiese verbinding te kom met die groot buitewêreld" is gedra deur die groter gedagte van aparte volkswording.[81] Terwyl die strewe na afsondering by A.H. Potgieter en sy volgelinge, en later ook die sogenaamde „Volksraadsparty," so sterk deurgewerk het dat hulle hul geografies anderkant die 25ste breedtegraad wou terugtrek en deur die Portugese hawens met die buitewêreld kontak wou vind ten einde ook ekonomiese aanraking met die Kaapkolonie te vermy, het P. Retief, G.M. Maritz, P. Uys, die Natalse Volksraad en later ook A.W.J. Pretorius van die standpunt uitgegaan dat 'n Trekkermaatskappy rondom die hawe, Port Natal, opgerig moes word waar dit moontlik sou wees om oor see met die Kaapkolonie te handel te dryf.[82]

Retief en ander was daarvan oortuig dat die volle uitlewing van hul vryheidsideale geen bedreiging van Britse kant ingehou het, indien hul staatkundige onafhanklikheid eenmaal deur Groot Brittanje volkome erken is. Reeds op 21 Julie 1837, terwyl hulle nog aan die Sandrivier verkeer het, skryf

---

80) Vgl. Resolusies van die Verenigde Laers te Vetrivier, 6.6.1837, art.2 in Du Plessis, A.J., op. cit., Bylae No.1, p.229.

81) Kruger, D.W., Die Weg na die See, p.33 (in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Deel I, 1938). In hierdie bekende werk word die strewe van die Trekkers om deur te dring na die see breedvoering behandel. Vgl. veral Hoofstukke II, III, en IV, pp.48-124.

82) Ibid., pp.60 et seq., en Van Jaarsveld, op. cit., pp.42, 44 en 58.

Retief en Maritz namens die Trekkers aan D'Urban dat handel met Britse koopliede aangemoedig sou word, mits hulle „als een vrije en onafhankelijk volk willen erkend worden."[83] Die noodsaaklikheid dat hul onafhanklikheid deur Brittanje erken sou word, was dus vir die Natalse Voortrekkers van heelwat groter betekenis as Potgieter se mense, aangesien dit as 'n onontbeerlike voorwaarde vir hul selfstandige maatskappyvorming gegeld het. Waar Potgieter in Desember 1838 'n blote onafhanklikheidsverklaring aan die Kaapse Goewerneur sou stuur, in antwoord op sy stelling in veldk. Joubert se „Instruksies" dat „no form of Government which they may establish will give them the right to be acknowledged as a seperate and independent people," het die Natalse Volksraad daarenteen herhaaldelik die erkenning van hul onafhanklikheid by die Britse regering aangevra.[84]

Na die verpletterende terugslae by Ungungundhlovu, Moordspruit en Italeni, nl. op 'n tydstip toe die Trekkers, ten spyte van hul haglike omstandighede, nog met hul strewe volhard het om 'n eie maatskappy op Natalse bodem op te rig,[85] het Napier 'n openbare skrywe aan die Trekkers laat rig waarin hulle vermaan word om voor 1 Januarie 1839 na die Kolonie terug te keer; dat diegene wat die Kolonie verlaat „cannot absolve them from their allegiance as British subjects," en terselfdertyd gee hy ook sy voorneme te kenne om Port Natal weer te laat beset.[86] Hierdie skrywe sowel as die proklamasie wat 'n verbod op die uitvoer van krygstuig gelê, handel met

---

83) Vgl. Preller, Voortrekkermense, II, p.120 en Franken, op. cit., p.436. kursivering.

84) Voortrekker-Argiefstukke, R.20/38 (A.H. Potgieter) aan die Goewerneur, 3.12.1838; vgl. ook Van Jaarsveld, op. cit., p.59; Chase, op. cit., II, p.41.

85) Op 16 Mei 1838 het komdt. Karel Landman uit naam van die verenigde Treklaers van Port Natal en die omliggende dele in besit geneem. (Vgl. Kruger, op. cit., p.65, vn.16.

86) Chase, op. cit., II, pp.18-20, H. Hudson, waarn. sekr. van die Goewerneur aan die Emigrante, Grahamstad, 21.5.1838. Vgl. ook Muller, op. cit., p.175. Vyftig kopieë van hierdie stuk is onder die Trekkers versprei (vgl. Chase, op. cit., II, p.26).

die Trekkers verbied en vriende en bloedverwante verbied het om die Trekkers in die oomblikke van hul grootste beproewing te hulp te snel, het wel prakties haas geen uitwerking gehad nie. Hierdie onsimpatieke optrede van Napier het ongetwyfeld 'n indruk by die Trekkers agtergelaat wat veel tot die gemeenskaplike afkeer aan die Britse owerheid bygedra het.[87] In November van dieselfde jaar rig die Natalse Volksraad dan ook 'n skrywe aan Napier waarin hulle hom meedeel dat indien hulle in Natal deur onverdiende haat en vervolging lastig geval word, „we shall be under the necessity (having immeasurable fields before us) of seeking elsewhere for that rest and peace which is refused us in such an ungenerous and iniquitous manner."[88]

Die optrede van die Kaapse Goewerneur het dus eerder versterkend ingewerk op die Trekkers se onvermurfbare strewe om 'n onafhanklike maatskappy aan die Indiese Oseaan op te rig waarin hulle dan desnoods na ander moondhede sou moes opsien om hul selfstandige, ekonomiese bestaan te waarborg. Ook hierdie ideaal het Napier probeer dwarsboom toe hy op die vooraand van die Bloedrivierslag Port Natal deur 'n troepemag laat beset en die hawe laat sluit het om die Trekkers se toevoer aan krygsbehoeftes af te sny. Aan die Trekkers is ook bekend gemaak dat die besetting plaasgevind het ingevolge die onrustige toestand onder die binnelandse stamme „ontstaande in groot mate uit de ongeauthoriseerde occupatie van zelven deelen van die gewesten door zekere Emigranten uit deze kolonie, zynde Harer Majesteits Onderdanen."[89]

87) Vgl. Cape of Good Hope Government Gazette, No.1707, 7.9.1838; No.1709, 21.9.1838 en No.1713, 19.10.1838.

88) Chase, op. cit., II, p.48. Die Natalse Volksraad aan Napier, 14.11.1838; vgl. ook Stuart, op. cit., p.103.

89) Cape of Good Hope Government Gazette, No.1718, 23.11.1838. Proklamasie van Geo. Napier, 14.11.1836; vgl. ook Stuart, op. cit., p.93 en p.103. In die Kaapse Wetgewende Raad het Napier op 10 November 1838 verklaar dat die Britse regering gedetermineerd is „to permit ... the erection of any pretended independent state by any of Her Majesty's subjects, which the Emigrant Farmers still continue to be." (Aangehaal by Du Plessis, A.J., op. cit., p.188.

Die reaksie van hierdie tergende en ongevraagde inmenging spreek duidelik uit die stukke aan die bevelvoerder te Port Natal, en soos meermale later is dit Pretorius se woorde wat hier as weerspieëling dien van wat in die volksgemoed van die Trekkers omgaan, as hy verklaar „dat wey ons geboorteland zonder opstand heb verlaaten, voor ons zelve weetende, een vry gebooren volk te zeyn, en ook door een ieder daarvoor gehouden moet worden. Ik wel dus niet hoopen dat door UE. nog door het Gouwernement die denkbeeld gekoesterd word dat wey ons nog als Britteschen onderdaanen beschouwen....."[90] Kort daarna skryf hy: „Om ons leeven en ons vryje carakters wel — vryheid welle — sullen wy ook wynig daarom geven wat den uytslag syn sal wilt gy ons met UE. mag bedryg..... Dog wy sullen UE. het stellig envormeeren, soo uwe groot Britanje ons niet verder met rust laat, sullen wy ons verpligten met alle bekendmaaking ons generaale klagten aan alle andere moogenheden te doen op dat sy ons grievens bekend worden en ons vry verklaren, wand omdat wy niet gekleurd syn, kunnen wy door den Brit niet vry worden."[91] Hierdie woorde getuig onteenseglik van 'n volk wat worstel om homself te wees.

Vir die Trekkers was die teenwoordigheid van die Britse troepe „<u>op (hun) eygen grond</u>" irriterend en 'n voortdurende herinnering aan die feit dat hulle tog nie volkome vry was nie. Na aanleiding van 'n voorstel dat 'n uitgebreide Britse nedersetting rondom die hawe beplan moes word, het die Volksraad reageer met die waarskuwing dat geen persoon toegelaat sal word om hom in Natal te vestig sonder dat hy hom aan hulle jurisdiksie onderwerp nie. Trouens geen ander gemeenskap sou daar toegelaat word nie.[92] Toe die moontlikheid van so 'n

---

90) <u>Voortrekker-Argiefstukke</u>, R.27/39. (A.W.J. Pretorius) aan die Offisier in bevel, Pietermaritzburg, 20.3.1839, pp.59-60.
91) <u>Voortrekker-Argiefstukke</u>, R.29/39, A.W.J. Pretorius aan die Offisier in bevel, Pietermaritzburg, 10.4.1839.
92) Chase, <u>op. cit.</u>, II, pp.103-104. Die Natalse Volksraad aan Kapt. H. Jervis, 31.7.1839.

skema weer van Britse kant opgehaal is, het die Volksraad 'n formele „Declaratie en Protest" uitgereik waarin nie alleen die redes vir hul verhuising en geregverdigde aanspraak op Natal sterk gestel is nie, maar „ter handhawing van (hunne) onafhankelijkheid, eer en veiligheid" sou hulle hul self met wapens verset teen die gevaar „dat duisende arme misleide vreemdelingen, (hunne) stranden staan te naderen, met oogmerk om (kun) uit (hun) zoo duur gekochte en dus wettige verkregen nieuwe Vaderland uit te dringen."[93] Hierdie doelgerigte handhawing van hul selfstandige bestaan en „onbetwistbaar regt op het land"; hierdie „geringe bewijs van vastberadenheid en gevoel van eigene kracht," soos Jacob Stuart dit stel, openbaar fundamentele kenmerke van 'n sterkerwordende volksbewussyn.[94]

Hoewel die Trekkers ná die terugtrekking van die Britse troepe in Desember 1839, na daad en na reg, die onbetwisbare regeerders van Natal was en by hulle ook geen twyfel bestaan het dat hulle „zich zelven tot een vrij volk gemaak (hadden)," het hul volkome staatkundige vryheid steeds van 'n erkenning van die kant van Groot Brittanje afgehang.[95] Die Britse besetting van Port Natal was immers 'n vingerwysing van hoe maklik hul staatsvryheid en ekonomiese onafhanklikheid bedreig kon word. In September 1840, net na die vereniging met die „overbergse" Trekkers, en in Januarie 1841 het die Volksraad derhalwe sterk by die Kaapse Goewerneur aangedring „om door Haare Majesteit te worden erkend als een vry en onafhankelijk Staat."[96]

---

93) Preller, Voortrekkerwetgewing, (Pretoria, 1924), p.23, vn.1 e.v.

94) Stuart, op. cit., p.106.

95) Stuart, op. cit., p.148; Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, (Johannesburg, 1947?), Deel I, p.27.

96) Preller, Voortrekkerwetgewing, 28.9.1840; Chase, op. cit., pp.147-148. Die Natalse Volksraad aan die Goewerneur, 4.9.1840; Voortrekker-Argiefstukke, R.72/41. Die Natalse Volksraad aan die Goewerneur, 14.1.1841, ook in Chase, op. cit., II, pp.166-168. Die brief van die 14de stel ook verskeie gunstige handels- en militêre-voorwaardes vir Brittanje en sy kolonies in die vooruitsig.

Toe dit blyk dat Napier slegs bereid was om met hulle op grondslag van hul onderwerping aan die Britse gesag as Britse onderdane te onderhandel en gewaarsku het dat Haar Majesteit nie 'n gedeelte van haar onderdane as 'n „onafhanklike republiek" kan erken nie,[97] het die Volksraad aangevoer: „Wij vermoeden dat beide Haare Majestyd en uwe Excellentie kwaalyk zyn geinformeerd omtrend onze aanspraak op het recht van onafhankelykheid en omtrend het recht dat wy hebben op het land dat wy bewoonen. Wy zyn van geboorte Hollandsche Zuid-Africaanen. Wy hebben aanstonds na dat wy Haare Maajistyds grondgebied in Zuid-Africa verlaaten hebben onze onafhankelykheid gepubliceerd en hebben van dien tyd af tot nu toe als een onafhankelyk volk gehandeld, ons zelfe bestierd naar onze eigene wetten en bygevolg opgehouden Brittische onderdaanen te zyn. Het land dat wy bewoonen hebben wy wettiglyk verkreegen en is nimmer eenig Brittische provinsie of colonie geweest tot heeden toe. Terwyl het dus Haare Majesteid de Koningin van Engeland behaagd heef onze zo als wy hoopten aller billykste voorslagen van de hand te wyzen, zyn wy geneegen aan onze kant op dezelfde voet te verblyven zo als wy ons tot hier toe nog beschouwd hebben van dat wy de Colonie de Kaap de Goede Hoop verlaaten hebben, met betrekking tot Haare Majesteits Gouvernement. En niet tegenstaande uwe Excellenties herhaalde aankondigingen dat sy Britsche onderdaanen en Colonisten zyn, moeten wy insteeren dat wy volgens alle rechten van beschaafde volken, nog als het een noch als het ander kunnen

---

97) Chase, op. cit., II, pp.175-176. Napier aan die Natalse Volksraad; ibid., p.180.

worden beschouwd."[98] Op grond van hierdie volksbewuste burgerskap en reg op 'n selfstandige volksbestaan spreek dit vanself dat hulle die voorstel sou verwerp om weer 'n Britse garnisoen te ontvang, „terwyl wy daarvoor niet gevraagd hebben, en deselfs voor onze bescherming en protectie ook niet behoeven."[99]

Met totale negering van die Trekkers se staatkundige begeertes het Napier egter in Desember 1841 geproklameer dat die Trekkers „have no right or claim to be recognized as an Independent State or People, (and) that Her Majesty will not recognize them as such." Boonop sou die militêre besetting van Natal hervat word en moes die Trekkers vir die soveelste maal verneem „that they cannot, by their removal from this Colory to any other place whatsoever, divest themselves of the allegiance which they owe, by reason of their birth, to the British Crown, or of the character of British subjects."[100]

„Welke eene ontroering, verbittering en verfoeijing dat stuk," aldus Jacob Stuart, „strydig met alle redelijk of zedelijk beginsel, bij de emigranten, bij de wettige eigenaars en

---

98) Voortrekker-Argiefstukke, R.85/41. Die Natalse Volksraad aan die Goewerneur, 11.10.1841, pp.138-139; vgl. ook Chase, op. cit., II, pp.182-183. Hier word die Trekkers se houding t.o.v. die afswering van hul Britse onderdaanskap onomwonde gestel, en dit is duidelik dat die feodale beginsel waarop die Britse regering sy aanspraak oor die Trekkers laat geld het, nl. dat niemand toegelaat word om sy vaderland te verwerp nie (nemo potest exuere patriam) en die ryk te verlaat nie (no exeat regno), vir die Trekkers totaal vreemd en onbegryplik was. (Vgl. Regter Jacob de Villiers se voorwoord tot J.H. Malan, Die Opkoms van 'n Republiek, ook Bosman, I.D., Die Voorttrekkers en hul Britse Onderdaanskap in Voortrekker Gedenkboek van die Universiteit Pretoria, (Pretoria, 1938), pp.52 et seq; vgl. ook Muller, op. cit., p.175 et seq. Ook vir die koloniale Engelsman was die Britse opvatting van onderdaanskap vreemd, want word in een van die grensblaaie van die Kolonie geskryf: „With all our predilections for English Government, still we confess that we do not understand the meaning of those who are continually dwelling upon the obligations of the Dutch-African emigrants as British subjects. We conceive that these obligations are reciprocal, and further, that no British subject is enshackled by a system of villainage." (Aangehaal by Chase, op. cit., II, p.75).

99) Voortrekker-Argiefstukke, R88/41. p.138.

100) Chase, op. cit., II, pp.189-191; vgl. ook Kruger, op. cit., p.70 en Scholtz, op. cit., p.30.

bezitters van Natal, wier koopprijs zij met goed en bloed zoo duur betaald hadden; bij de éénige volkomene overwinnaars van de Kaffers; ..... bij hun besef van regt en trouw, voortdurend aan den dag gelegd, te weeg bragt, — laat zich niet uitdrukken."[101] Tot welke mate die reaksie op die Britse optrede as 'n direkte bedreiging van die Trekkers se vryheidstrewe 'n weerspieëling van hul volksgevoel was, sal aanstonds blyk.

* * *

Die Trekkers se volksgevoel sou in hul betrekkinge tot die Britse owerheid en omgekeerd, nie net deur dwarsboming en flagrante inmenging t.o.v. hul onafhanklikheidserkenning aangewakker en by tye bewus geformuleer word nie. Dit sou ook in 'n omvangryke mate gestu word in so verre as wat die Kaapse owerheid se gevoellose afsydigheid in tye van totale verswelging deur die inboorlinge; die bewuste en onbewuste aanhitsing van die inboorlingstamme; die owerheid en sendelingfilantrope se doelgerigte filantropiese optrede teenoor die inboorlinge, en die beswaddering van die Trekkers se goeie naam en eer by die Trekkers self tot die algemene wrewel in die Britse gesag bygedra het.

Reeds vóór die Trek was dit die gangbare mening onder die grensboere dat die gekleurde rasse agteraf teen hulle opgesweep word, maar nadat hulle die grens oor is, het hierdie gedagte nog sterker by hulle vasgewortel.[102] So het Retief alreeds voor sy vertrek uit die Kolonie te kenne gegee dat die aanval van Silkaats op die Trekkers deur „aanhitsing van

---

101) Stuart, op. cit., p.151.
102) Franken, op. cit., p.425.

blanke kant geskied het."[103] Ook teenoor D'Urban kla hy „dat wij met leedwezen vernomen hebben dat genoegzaam alle Naturellen of Natsies waar van wij ons tans omringd vinden tegen ons worden opgehits (om) ons aan tevallen."[104] Berigte dat die Britse bondgenoot, Andries Waterboer, opgestook is om die laers aan te val, het die Trekkers ook bereik.[105] Reeds voor en na die moord op Retief het die Trekkers vry algemeen geglo

---

103) Aangehaal by Franken, op. cit., p.424. P. Retief aan A. Stockenström, 28.11.1836. Die Trekkers was na alle waarskynlikheid ook nie onbewus van die traktaat van vriendskap wat op 3 Maart 1836 tussen die Kaapse Goewerneur en Silkaats gesluit is nie. Silkaats was na die sluiting van die traktaak klaarblyklik onder die indruk dat hy nou „Engels" was (vgl. Harris, W.C. The Wild Sports of Africa, Londen, 1939, p.84 en Van der Walt, A.J.H., Die Verbrokkeling in Transvaal — in Die Transvaler, 2.12.1938, pp.16-17—) Dit is nie onmoontlik soos dr. Van der Walt daarop wys dat hierdie ooreenkoms Silkaats sielkundig vir die aanvalle langs die Vaalrivier en op Vegkop voorberei het nie, en/of dat die sendelinge hom ingelig het dat die Trekkers nie onder diegenes tel wat hy onderneem het om te beskerm nie.

104) Franken, op. cit., p.436. P. Retief aan D'Urban, 21.7.1837; vgl. ook Preller, Voortrekkermense, II p.220.

105) Vgl. Franken, op. cit., p.425. P. Retief aan A. Stockenström, 9.9.1837; Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, (Kaapstad, 1929), Die joernaal van F. Schulz, p.23 en p.24; Chase, op. cit., pp.113-116. P. Retief aan die Griekwakapteins, 18.7.1837; en die Verdrag met A. Waterboer in 1834 in Treaties entered into by Governors of the Colony of the Cape of Good Hope and other British Authorities with Narive Chieftains and others beyond the Border of the Colony between the years 1803 and 1854, (Cape Town, 1857).

dat kapt. Gardiner by Dingaan teen hulle kwaad gestook het.[106]

Een regte of onregte het daar dus by die Trekkers die gevoel geheers dat die inboorlingstamme, hetsy doelbewus deur die sendelinge of deur die houding wat die Britse owerheid teenoor die inboorlinge ingeneem het, teen hulle aangehits word.[107] Die Kaapse Goewerneur het die hoofde van die inboorlingstamme langs die noorde- en noordoostelike grense van die Kolonie duidelik laat verstaan dat Haar Majesteit die optrede van haar uitgeweke onderdane ten sterkste afkeur.[108] Met ontsteltenis het die Trekkers ook verneem dat in Brittanje voorgestel is dat 'n bondgenootskap onder „the wild, rapacious, and sanguinary barbarians" teen hulle gevorm moet word.[109] Op

---

106) Vgl. Preller, Voortrekkermense, II, p.202. Dagboek van Ersamus Smit: Smit verwys na Gardiner se verdagte rol; Spoelstra, Waarom Retief vermoor is, in Die Huisgenoot, Gedenkuitgawe, Des., 1938 en Van der Walt, A.J.H., Hlomo Amabutho, in dieselfde uitgawe: Gardiner sou, volgens dr. Van der Walt, dit na alle waarskynlikheid onder Dingaan se aandag gebring het dat die Trekkers „nie (koning) George se mense" is nie, en sy optrede het ook aan Dingaan op sy minste die versekering gegee „dat die Engelse nie van die Boere hou nie; dat die Engelse koning.... geen wraak sou neem oor die vernietiging van die Boere nie. Sielkundig het dit hierdie hindernisse uit die weg van sy moordplanne geruim." Vgl. ook Uys, C.J., Die Moord op Retief, in Die Huisgenoot, 18.12.1942; Du Plessis, A.J., op. cit., p.132; Bird, op. cit., I, p.517: Dingaan sou volgens hierdie bron verklaar het dat hy die Engelse maar nooit die Boere se gesag sou erken nie. Vgl. ten slotte ook Muller, op. cit., p.227.

107) Vgl. Chase, op. cit., II, p.74. Die Aborigines Protection Society het o.a. aanbeveel dat die inboorlinge aangehits moet word om die Boere aan te val.

108) Muller, op. cit., pp. 197-198 en vn.132 op p.198; vgl. ook Nathan, M., The Voortrekkers, (London, 1937), p.268, wat die volgende uit Glenelg se brief aanhaal: „Its important that the native should be aware that Her Majesty's Government are determined to discountenance and punish by all lawful means the acts of aggression and plunder which, there is too much reason to believe, it is the practice of the emigrants to perpetrate." Chase, op. cit., II, p.42, Napier se instruksies aan veld. G. Joubert, 16.10.1838 lui o.m. dat „you will not conceal from them (the native tribes) the fact that the departure of the Farmers was not, nor has been, encouraged by the Government; but that, on the contrary, it is committed in open transgression of the laws, which prohibit the emigration of colonists over the borders without the knowledge and approbation of the Government."

109) Chase, op. cit., II, p.175. Die Natalse Volksraad aan Napier, 7.4.1841; vgl. ook Muller, op. cit., p.227 en Chase, op. cit., II, pp.134-135.

die vooraand van die anneksasie van Natal het die Volksraad by Napier aangevoer dat „alreeds zijn er gedienstige agenten bezig, om de Kafferstammen, tot hun of tot ons ongeluk, tegen ons op te wekken, en hen in te prenten, dat wij hunne verdrukkers zijn, maar de Engelschen hunne beschermers, en dat zij, zoo zij het met de Engelschen houden, als loon onze beesten te buit zullen bekomen." Hierop stel die Volksraad as mondstuk van die Trekkermaatskappy die kategoriese vraag: „Zal nu de beschaafde wêreld ons immer kunnen laken, dat wij, in zulke omstandigheden en onder zulke onmenschelijke vervolgingen, het uiterste doen en wagen, tot behoud van ons leven?"[110]

Uit hoofde van die houvas en invloed wat die filantropiese denkbeelde reeds voor hulle vertrek uit die Kolonie op die Kaapse gesagskringe gehad het, was die Trekkers, afgesien van hul innige verlange om volkome aan hulself oorgelaat te word, waarskynlik geen ander optrede van die kant van die Kaapse owerhede teenoor hulle te wagte nie. Die gedragslyn wat van Britse kant teenoor die Trekkers en die inboorlingstamme in die binneland gevolg sou word, is ook nêrens aan hul duideliker gestel as toe majoor Charters aan A.W.J. Pretorius as kommandant-generaal geskryf het dat „you must be well aware of the unvarying perserverence with which the British Government has for many years past protected to the utmost of its power the native tribes of Africa; of the sacrifices which the nation has made to accomplish so great an object; and of its determination to triumph in so noble a cause. Be assured, therefore, that Her Britannic Majesty will never submit to be thwarted in her measure by a handful of her own subjects, who, taking the law into their own hands, and passing the boundary of the colony, carry bloodshed and desolation among the tribes and nations not only at peace with Her Majesty, but which have every claim to her Majesty's

---

110) Stuart, op. cit., p.162. Die Natalse Volkraad aan Napier, 21.2.1842.

protection."[111]

Die verskerpte agitasie en geweldige druk wat van sendelinge, filantropiese bewegings, die Britse publiek en 'n deel van die Kaapse pers, ná die aanvang van die Trek, op die Britse owerheid uitgegaan het om die inboorlinge teen „skreiende onreg" van die kant van die Trekkers te beskerm, en boonop volkome weerklank by die filantropiese Stockenström en Napier gevind het, sou ook sy geestelike terugwerking op die Trekkers se volksgevoel hê.[112] In die praktyk sou die bemoeisiekheid van die sendeling-filantrope instrumenteel wees om die Trekkers 'n nasionale tuiste, wat hulle eers deur regverdige ruil en toe deur bloedoffers verwerf het, te ontneem. Omdat die Trekkers se houding en verhouding teenoor die vyandskap, verraad, roof- en moordsug van potentate soos Silkaats, Dingaan en kapteins soos Ncapayi nooit na reg begryp is nie, is hulle ook die fundamentele reg ontsê om as 'n onafhanklike gemeenskap teen die inboorlinge in hul midde en aan hul grense op te tree.

As mense wat altyd gevoel het dat hulle „voor God, voor...eigen geweten en voor de wereld" in hul gemeenskapsdade en teenoor die inboorlingstamme eerbaar opgetree het; wat reeds veel van onverdiende wanvoorstellinge en beswaddering te ver-

---

111) Bird, op. cit., I, pp.435-436. Hierdie stuk wat vir Pretorius as waarskuwing moes dien om nie Dingaan aan te val nie, het hom in werklikheid eers na die slag van Bloedrivier bereik; Chase, op. cit., II, p.42. Napier se instruksies aan veldk. Joubert, 16.10.1838, lui o.m. dat „you will assure them, that Government is animated with the most friendly affection towards the Aborigines, and that it is the most ardent wish of Government to preserve peace between the sons of Africa, of whatever color or condition they may be." Hierdie kennis van die motiewe van die Britse inboorlingbeleid verklaar tot 'n groot mate waarom die Trekkers se eie beleid teenoor die inboorlinge byna altyd in 'n apologetiese lig aan die Britse owerheid voorgehou is — dit is duidelik dat hulle openlike wrywing met en inmenging van die kant van die Britse owerheid wou vermy.

112) Vgl. Muller, op. cit., Hoofstuk VIII; ook Chase, op. cit., in verspreide bladsye in deel II en Bird, op. cit., I, pp.614-617 waarin die sendelinge J. Backhouse en J.W. Walker aanbeveel dat Natal geannekseer moet word ten einde die inboorlinge te beskerm.

duur gehad het, en wat uit die aard van hul historiese verlede en karaktersamestelling besonder gevoelig was waar hul nasionale eer aangetas word, was die Trekkers bitter gegrief oor die blinde vooroordeel, „geduerige aantygingen" en „verkeerde en ongegronde voorstellen" wat van owerheidsweë en filantropiese kringe ten opsigte van hul karakter, motiewe en handelinge uitgegaan het.[113] So bv. is in stukke wat aan die Trekkers gerig is, hulle optrede teenoor die inboorlinge o.m. as wraaksug en „bloeddorstige handelingen" beskryf, en kla hulle dat hulle ten onregte aan die wêreld voorgestel word „als ruwe menschen, die, beschaafde wetten en kerkelijke tucht moede, in losbandigheid zochten te leven, een ieder naar het goeddunken van zijn eigen hart."[114] Dit is dus met 'n groot mate van bitterheid dat die volgende woorde aan Napier se adres gerig word: „Uwer Excellentie's handelingen omtrent ons geven meer dan reden om te vermoeden, dat uwe bekommerdheid en zorg alleenlijk bestaat voor de onbeschaafde volkeren, en dat het geene groote bekommering baren zal, wanneer wij met onze vrouwen en kinderen en dienstboden door hen als schapen ter slagting mogten worden gesleept; ja, dat de hedendaagsche philantropisten nog valsche beschuldigingen gemoeg zullen uitvinden, om der wêreld diets te maken, dat wij zulks ruim verdiend hebben, en dat het onze eigene schuld is."[115] Hier word duidelik 'n volksgemoed vertolk en nie net die blote gevoel van enkelinge nie.

Hoeveel die aanhitsing van die inboorlinge en die aantasting van die Trekkers se eer ook al tot hulle geestelike samesnoering bygedra het, sou daar op grond van hul sterk-ontwikkelde rassebewussyn, in die jare tussen die aanvang van die Trek en die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensies, waar-

---

113) Vgl. Stuart, op. cit., pp.153-154 en p.161; Chase, op. cit., II, p.175 en Muller, op. cit., pp.226-258.
114) Stuart, op. cit., p.161. Die Natalse Volksraad aan Napier, 21.2.1842.
115) Ibid.

skynlik weinig ander faktore só sterk deurwerk om die Afrikaner Trekkers se volksgevoel wakker te roep as die grief dat „omdat wy niet gekleurd syn kunnen wy door den Brit niet vry worden."[116] So was hulle baie bewus van die feit dat die Britse traktate die soewereine onafhanklikheid van die inboorlingstamme erken en gewaarborg het, want beweer hulle tereg, dit is 'n voorreg „dat zelfs aan de Griquas, op de grenzen uwer Kolonie woonachtig, niet geweigerd is geworden, hoewel dat volk uit niets anders bestaat, dan uit emigranten van de Kolonie, even als wij."[117] Ook toe Britse troepe na Faku, die Pondo-hocf, se gebied gestuur is, moes die Volksraad verneem dat dit geskied „in order to afford this faithful ally of the Government that protection which he has asked for."[118]

* * *

Die blote teenstelling van beperkte getalle en militêre krag as blankes en draers van die christelike beskawing teenoor die fisieke oormag en getalsoorwig van die half-barbaarse stamme kon nie anders as om die Trekkers van hul onderlinge afhanklikheid en andersheid teenoor die inboorlinge voortdurend bewus te maak nie. Hoewel die Trekkers reeds ingevolge hul gemeenskaplike tradisies, belange en bewuste doelstellinge as 'n lotsgemeenskap innerlik aan mekaar verbonde was, sou die inboorlinggevaar hulle nie net tot fisiese samegroepering en praktiese samewerking dwing nie, maar die antwoord wat hulle al sedert die laaste kwart van die 18de eeu op hierdie uitdaging gesoek het, sou 'n geestelike toenadering binne volksontwikkeling meebring wat ten opsige van die kleurvraagstuk vandag nog een van die sterkste kenmerke van die Afrikaner se volksbewussyn uitmaak. Die weerstand teen die druk van die Bantoe en „gemeenskaplike ervarings... in die bewoon-

---

116) Voortrekker-Argiefstukke, R.29/39, Die woorde van A.W.J. Pretorius.
117) Stuart, op. cit., p.152.
118) Chase, op. cit., pp.161-162. Napier aan die Natalse Volksraad, 27.1.1841.

baarmaking (van die binneland), wat 'n stryd teen die Bantoe beteken het," het volgens dr. F.A. van Jaarsveld, „'n tradisie-basis, waarin die Trekkers hulle eenheid- en samehorigheids-gevoel kon hê, meegebring. In die gemeenskaplike ervarings en in die voortgaande bedreiginge ná die Trek wat tot selfbe-sinning aanleiding gegee het, het die historiese bewustheid van hulleself ontstaan," en is sy geregverdigde slotsom: „hierop en hierin het die nasionale besef gegroei."[119]

Uit fisiese selfbehoud, terwille van bestaansekerheid en in wisselwerking met hul begeerte om hul ideaal van 'n eie onafhanklike maatskappy te verwesenlik, het daar by die Trek-kers die innerlike en gemeenskaplike wil en weerstand ont-staan om nie net die onmiddellike bedreiging en druk van die Bantoe deur middel van hul gesamentlike optrede, oorleg en krygsverruf die hoof te bied nie, maar om deur die daarstel-ling en uitvoering van 'n eie inboorlingbeleid 'n permanente oplossing vir die Bantoe-vraagstuk te probeer vind.

Die roemryke en suksesvolle pogings om die massale aan-valle van die inboorlinge verpletterend af te weer en om die militêre heerskappy van tiranne soos Silkaats en Dingaan be-slissend te vernietig, en gevolglik die feit dat hulle die inboorling nooit volkome ten prooi geval het nie, het die Trekkers wel in die eerste plek op grond van hul diepe gods-dienssin aan die alwyse raadsbeluit van hul Skepper toege-skryf. Terselfdertyd het hierdie prestasies veel daartoe bygedra om hul solidariteit as 'n gemeenskap te versterk en hulle van hul eie krag en waarde binne hul volksverband bewus te maak. Veral wapenfeite soos die slae van Marico en Bloed-rivier, die sukses van die Beestehaal-kommando en die onder-werping van Panda aan die oppergesag van die Natalse Repu-bliek moes 'n geweldige onderskraging van hulle moraal en versterking van hulle vertroue en geloof in hul onafhanklike

---

119) Van Jaarsveld, op. cit., pp.30-31.

bestaan gewees het. Die Trekkers was trouens ook deeglik bewus van die feit dat hulle ná die onderwerping van die Matabeles en die Soeloes die vrees vir massale inboorlingaanvalle oorwin het, en by magte was om enige opperhoof te straf indien hy hom aan geweldaad skuldig sou maak. So bv. het A.H. Potgieter en die Natalse Volksraad by verskeie geleenthede te kenne gegee dat die Trekkers hul oorheersende magsposisie in die binneland ken ingevolge hul oorwinnings oor potentate soos Silkaats en Dingaan.[120]

Omgekeerd sou die inboorlinge ook die Trekkers skriklike teenslae besorg — o.m. die onverwagte aanvalle langs die Vaalrivier in Augustus 1836, die verlies aan vee by Vegkop, die skokkende moord op Retief en sy makkers, die onbeskryflike ramptonele langs die Bloukrans- en Boesmansriviere en die noodlottige veldtog teen Dingaan wat op die nederlaag by Italeni uitgeloop het. By al hierdie stoflike verliese en ontvalling aan menselewens is hulle boonop deur gure weersomstandighede en epidemiese siektes oorval, was hulle onderling verdeeld en het dit hulle aan die nodige leierskap ontbreek. Beide aan hulle fisiese uithoudingsvermoë sowel as aan die volharding van hul vryheidsideale sou 'n geweldige toets gestel word. Hoe hierdie terugslae hulle geraak het, word miskien bes saamgevat in die woorde van majoor S. Charters: „(The Emigrants) bore up against these calamities with wonderful firmness, however, and with few exceptions, showed no inclination to return. They considered themselves unjustly and harshly treated by the Colonial Government while under its jurisdiction, and all they now desired from it was to

---

120) Vgl. die proklamasie van A.W.J. Pretorius, dd.14.2.1840, aangehaal deur Chase, op. cit., II, pp.127-128; ook brief van 'n persoon in Natal aan iemand te Kaapstad in 1840. (Chase, op. cit., II, p.129 en Dreyer, Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p.21.) Hy skryf o.m. „All the Kafir tribes show the greatest respect towards us and call our Government by no other name than Father.... This very Zoolah nation, which formerly was against us as a consuming fire, has now become a battery for us...."

leave them to their own resources, and not molest them again. This spirit of dislike to the English sway was remarkably dominant amongst the women. Most of these, who formerly had lived in affluence, but were now in comparative want and subject to all inconveniences accompanying the insecure state in which they were existing, having lost moreover their husbands and brothers by the savages, still rejected with scorn the idea of returning to the Colony. If any of the men began to droop, or lose courage they urged them on to fresh exertions and kept alive the spirit of ~~the spirit of~~ resistance within them."[121] Ook J.N. Boshof en G. Joubert wat die Trekkers besoek het berig: „We thought .... that we would find a great many, if not all, of the farmers of the same intention, to return to the colony. We, however, found that very few of them had the intention..... Upon a further investigation we found that those who were the most in distress, viz. the widows and orphans, had the least inclination to return to the Colony."[122]

Aangeneem dat die ervaring van gemeenskaplike smart en lyding 'n gemeenskap of volk sterker as sy triomf en oorwinnings innerlik bind,[123] moet dus aanvaar word dat die teenslae en rampspoede van die Trekkers hul veel dieper aangegryp en hul samehorigheid versterk het as selfs hul verheffende oor-

---

121) Verslag van majoor Charters nadat hy oorland van Natal teruggekeer het. Aangehaal by Norris-Newman, C.J., With the Boers in the Transvaal and the Orange Free State in 1880-1881 (Londen, 2de. uitgawe), p.26.

122) Verslag van G. Joubert. Aangehaal by Chase, op. cit., II, p.22. Dit blyk ook dat na die Bloukransmoorde van 11 Februarie 1838 op 'n volksvergadering voorgestel is dat die Trekkers na die Kolonie moet terugkeer en Natal moet verlaat, waarop die vroue vasberade verklaar het dat dit Trekker-gemeenskap se plig is om te bly en die bloed van hul dierbares te wreek. Hierop is eenparig besluit om die stryd teen Dingaan voort te sit. (Vgl. Voigt, J.C., Fifty Years of the History of the Republic in South Africa, 1795-1845, (London, 1899), II, p.59 en Stockentrom, E., Die Afrikaanse Vrou, (geen uitgewer of datum van publikasie vermeld), p.94.

123) Renan, E., Qu 'est-ce qu'une nation? (Paris, 1822), vgl. ook Herz, op. cit., Hoofstuk I, en Spranger, E., Wohlfarthsethiek und Opferethiek in der Weltenscheidungen der Gegenwart in Die Erziehung 5 Jahrg./Heft 7 April 1930.

winnings oor die gedugte inboorlingstamme. Vanweë die onderlinge verwantskap en noue bloedbande tussen die Trekkergesinne, sou selfs geïsoleerde en enkele terugslae die hele Trekkergemeenskap in die gespanne jare van 1837-39 raak. Gevolglik sou die ontsettende rampe, waarna reeds verwys is, nie alleen tot haas elke Trekker persoonlik spreek nie, maar ook tot diegene wat om blote materiële redes verhuis en tot bloedverwante en geesgenote wat in die Kolonie agtergebly het. Hierdie beproewinge en opofferinge wat terwille van 'n gemeenskaplike ideaal verduur is, sou naas die versterking van hul gemeenskapsgevoel, ook gaandeweg 'n belangrike deel van hul tradisie-basis uitmaak waarop hulle hul in die toekoms voortdurend sou beroep om hul volkswording te verantwoord. Andries Pretorius verwys dan ook na die „moordenaaren wiens daden aan onse familie gepleegd ontuytwusbaar (in) de geheugen van ons nageslagt zeyn zullen."[124] Daar was die bewuste wete dat hulle „niet alleen goed maar hul eigen bloed niet te kostbaar reekende om vryheids halfe."[125] Boonop moes die morele en sedelike krag wat voortgespruit het uit die feit dat hul lyding en terugslae hulle nie „gebreek" het nie, 'n belangrike en versterkende uitwerking op hul groepseenheid gehad het.

Nie net die beginsels waarop die Trekkers se eie rassebeleid berus het nie, maar ook die praktiese uitvoering daarvan sou 'n beslissende invloed op die ontwikkeling van hul volksbesef uitoefen. „Met die vestiging van die Voortrekkers in Natal," verklaar dr. A.J. du Plessis, „is vir die eerste maal in die geskiedenis van Suid-Afrika die Afrikaner in

---

124) Voortrekker-Argiefstukke, R.27/39. A.W.J. Pretorius aan die bevelvoerende offisier te Pietermaritzburg, 20.3.1839. Vgl. ook Chase, op. cit., II, p.130, waar daarop gewys word dat die dorp Weenen gestig is „to commemorate the never to be forgotten bloodshed, massacres, and indescribable miseries, which our peaceable emigrants experienced at that place."

125) Voortrekker-Argiefstukke, R.26/39. J.J. Burger aan A.W.J. Pretorius, 14.3.1839.

staat gestel om die inboorlingvraagstuk self aan te pak en 'n oplossing daarvoor te probeer vind.[126] Hier was dus 'n vraagstuk wat die hele blanke gemeenskap in die binneland tot in sy diepste wese geraak en gemeenskaplike wysheid, inspanning en samewerking vereis het om dit op te los. Slegs deur 'n oplossing vir die vraagstuk te vind kon daar sprake van bestaansveiligheid en dus ook die handhawing van hul staatkundige onafhanklikheid wees. Dr. F.A. van Jaarsveld wys daarop dat „die drang om die onafhanklikheid te behou en om 'n eie naturellebeleid uit te voer, was grootliks ook 'n drang na selfbehoud. Dit het nie in die eerste plek gegaan om die behoud van die vryheid sonder meer nie, maar veral om die vryheid as middel tot handhawing van die blanke ras te gebruik in die uitvoering van 'n eie rassebeleid deur 'n selfstandige regering, hoe primitief ook al."[127]

Ten einde 'n herhaling van die oosgrens-toestande in die binneland te voorkom en hul selfbehoud te verseker, is op grond van die Trekkers se empiriese kennis van die inboorlinge, sowel as hul vaste begrippe aangaande die Bantoe, wat veral deur die Britse beleid reeds vóór die Trek op hul afgedwing is, 'n uiters doelgerigte en besliste gedragslyn teenoor die Soeloes, Matabeles en ander inboorlingstamme ingeslaan. Hul beleid was dus „in kardinale opsigte net die teenoorgestelde van dié wat die Engelse owerheid in die Kolonie gevolg het," aldus dr. H.B. Thom, want „teenoor die Engelse beleid van gelykstelling kry ons by die Voortrekkers die beginsel van apartheid; en teenoor die weifeling en verandering van die Engelse beleid kry ons by die Voortrekkers beslistheid en konsekwentheid.'[128] Hierdie wete dat hul uiteindelike voortbestaan grotendeels van 'n gemeenskaplike beleid teenoor die inboorlinge afgehang het, het 'n besonder bindende faktor in hul

---

126) Du Plessis, A.J., op. cit., p.141.
127) Van Jaarsveld, op. cit., p.30.
128) Thom, H.B., Die Geloftekerk en Ander Studies oor die Groot Trek, (Kaapstad, 1946), p.94.

vorming as 'n aparte gemeenskap geword. Heel anders as hul soeke na 'n vaste staatsreëling waarin hul vae staatsbegrippe tot duidelikheid en rypheid sou kom, sou hul gedragslyn as 'n gemeenskap teenoor die inboorlinge van die staanspoor op helder, bewuste en eenstemmige grondslae berus en as sodanig in die praktyk in toepassing gebring word.

* * *

Met die bedreiging dat Natal deur Britse troepe beset en uiteindelik finaal geannekseer sou word, het die mate van volksgevoel en -eenheid wat onder die Trekkers aanwesig was, 'n vuurproef ondergaan waarin die toets in die eerste plek nie gegaan het om die selfbehoud van die blanke beskawing teenoor die nie-blanke barbaredom nie, maar om die behoud van 'n afsonderlike volkskap teenoor die van Britse onderdaanskap en alles wat daarmee saamgehang het. Hoewel die Trekkers se onderlinge verwantskap as volk versterk is deur gemeenskaplike faktore soos die praktiese vormaanneming van hul onafhanklikheidstrewe binne eie staatkundige organisasies; die toepassing van eie rassebeskouinge; die weerstand teen allerlei fisiese gevare; die diep emosionele ervaringe wat lyding en oorwinning meebring, en die afkeer aan die voortdurende Britse inmenging, het die uiteenlopende gedragslyne wat teenoor die Britse agtervolging ingeslaan is, juis die mate van gebrek aan innerlike samehorigheid en 'n saambindende volksgevoel blootlê.

Namate die Britse bedreiging al hoe reëler geword het, het die Natalse Volksraad, met hoop op steun van die Trekkers se patriotiese gevoelens, reeds in Februarie 1841 besluit om al die burgers te versoek om 'n verklaring te onderteken wat hulle sou bind om vir die onafhanklikheid van die Republiek te veg indien dit bedreig word.[129] Hiertoe was die Natalers aanvanklik nie ongeneë nie, maar by die Trekkers ten weste

---

129) Preller, Voortrekkerwetgewing, 2.2.1841, art. 23.

van die Drakensberge het dit groot misnoeë verwek, sodat tereg opgemerk is dat „die vereniging tussen Potchefstroom en Natal wat in November 1840 tot stand gekom het, gedikteer is deur die hoof maar nie deur die hart nie.[130] Selfs die indiwiduele pogings van leiers soos Pretorius en Potgieter om hulle te beweeg om teen die Britse troepe op te trek en die Volksraad se opdrag in Februarie 1842 dat „alle ingezetenen in onze limieten" hulle gereed moes hou om „in de wapen te komen, ter verdediging van ons land tegen bedreigde inval" het op die Hoëveldse Trekkers geen uitwerking gehad nie. Die Volksraad het egter nog die hoop gekoester om deur 'n verenigde optrede van al die Trekkers tot aan die Grootrivier „één gehele verénigde Maatschappij te worden," maar afgesien van die late verskyning van komdt. J.G. Mocke en 'n aantal burgers vanaf Modder- en Rietrivier, het ook hierdie patriotiese oproep op dowe ore geval.[131] Potgieter moes trouens reeds in Augustus van die vorige jaar ruiterlik erken dat daar ten weste sowel as „agter die berg geen eensgesindheid bestaan" nie.[132]

Die Hoëveldse Trekkers se afsydige optrede is dus simptomaties van die algemene gemis aan 'n onderlinge samehorigheidsgevoel by die Trekkers wat hulle as 'n groepseenheid teenoor alle buitelandse gevare kon saamsnoer. Dit is duidelik dat die Trekkers ten weste van die Drakensberge oor die algemeen nie die stryd en gevare van hul landgenote in Natal as hul

---

130) Ibid, 18.6.1841, art. 10, en 11.10.1841, art. 21. Voortrekker-Argiefstukke, R.84/41 A.H. Potgieter aan A.W.J. Pretorius, 28.8.1841.

131) Vgl. Voortrekker-Argiefstukke, R.84/41; R.90a/41; R.91i/41 en Voortrekkerwetgewing, 8.10.1841 en 25.2.1842, art. 4. „Hoëveld" word hier en verder aan gebruik om die Trekkers se woongebied veral ten weste van die Drakensberge en noord van die Grootrivier van hul woongebied in Natal te onderskei.

132) Preller, Voortrekkerwetgewing, 25.2.1842, art. 4; Voortrekker-Argiefstukke, R.84/41. A.H. Potgieter aan A.W.J. Pretorius, 28.8.1941, en R.99/42. A.H. Potgieter aan A.W.J. Pretorius, 6.7.1842. Vgl. ook Wichmann, op. cit., pp.32-35. In die volgende hoofstuk word die faktore wat eensgesindheid onder die Hoëvelders teengewerk het, breedvoeriger uiteengesit.

eie aangevoel het nie, en dat die gedagte ook nouliks tot hulle deurgedring het dat die heil en wee van al die Trekkers as een lotsgemeenskap dieselfde was en gemeenskaplike offers gevra het wat bo dié van indiwiduele belange moes uitstyg.

Selfs die Natallers se maatreëls en ongeïnspireerde verset teen die Britse anneksasie-planne het die tekortkoming ten opsigte van 'n besliste eenheidsgevoel duidelik laat blyk. Só groot was hierdie gebrek aan samehorigheid dat namate die vrees vir anneksasie toegeneem het, het talle Trekkers die land begin verlaat, sodat die Volksraad „elk en iegelyk" moes verbied om „zolang als wy door den vyand word bedreigd de Colonie van deze zyde van Drakensberge te verwyderen" sonder die nodige toestemming.[133] Terwyl hierdie stappe weinig sukses gehad het, was daar tog diegene wat vanweë hul volksgevoel nie kon toelaat, soos hulle dit self stel, „dat geweld in plaats van regt, over ons zegevieren, zonder dat wij al onze pogingen zullen hebben aangewend, om zoodanige geweld tegen te gaan."[134] Dat dit ook nie deurentyd aan 'n volksbesef ontbreek het nie, blyk uit 'n brief waarin 'n Nataller aan 'n vriend in Kaapstad vra: „Wat doen onze Afrikaansche Leeraren, dat zij niet naar ons willen komen? Hebben die Wel-Eerwaarde Heeren geen nationaal gevoel.....?"[135]

Nadat die mening en gevoelens van die Trekkers oor Napier se proklamasie van 2 Desember 1841 deur middel van verspreide volksvergaderinge ingewin is, het die Volksraad 'n breedvoerige stuk aan die Kaapse Goewerneur laat opstel wat in meer as een opsig 'n verrassende bewys van 'n bewuste volksgevoel

---

133) Preller, Voortrekkerwetgewing, 24.2.1842, art. 2.
134) Stuart, op. cit., p.153.
135) Vgl. Dreyer, Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p.21. 'n Brief vanuit Natal aan 'n vriend in Kaapstad wat in De Ware Afrikaan, 4.8.1840, verskyn het. (Vgl. ook Chase, op. cit., II, p.131 vir 'n Engelse vertaling van die brief.) Die briefskrywer verwys ook na „het warmste gevoel van Nationaliteit."

lewer.[136] As 'n verdediging van hul reg om hul vryheid binne 'n onafhanklike staat te bevestig, en as 'n motivering waarom hulle hul geboorteland en hul „maagschap hebben verlaten, en (hulle), als het ware, op de barbaren der wildernissen begeven om vrij van het bestuur van dat Gouvernement te mogen zijn," getuig hierdie stuk nie slegs van 'n sterk historiese bewussyn in soverre hulle herhaaldelik na hul bittere ervaringe met die Britse gesag teruggryp en oor die betekenis van hul eie lotgevalle en dade van die verlede besin nie, maar word die feit ook opnuut beklemtoon dat die Trekkers se vryheidsdrang en afkeer aan die Britse gesag veral deur hul rassebewussyn onderskraag is. Uit vrees vir die gevolge van die Britse rassebeleid wou die Trekkers hulle nie weer aan die Britse gesag onderwerp nie, aangesien hulle daarvan oortuig was dat hulle „in dit land niet veilig zullen kunnen zijn of zelfs bestaan." Vandaar dan ook die diepe begeerte om terwille van „de bescherming van (hunne) eigendommen..... en van (hunne eigen bestaan," vrygelaat te word om hul eie heil self uit te werk. Omdat daar egter van Britse kant „redenen gezocht worden .... de verachte en aan het noodlot overgelatene emigranten weder onder het juk te brengen," en omdat „geweld en geen regt omtrent (hun) geoefend wordt," was hulle, volgens hierdie stuk, voor twee keuses gestel, t.w. „Ons als lastdieren te krommen, om gewillig den last, die ons opgelegd wordt, te dragen, tot dat wij, dien te zwaar vindende, weêr als te voren, eene nieuwe emigratie beginnen, wanneer wij alles, wat wij in de wereld hebben, hier zullen moeten achterlaten; — dan wel, om tot de verdediging van onze regten, van

---

136) Vgl. Stuart, op. cit., p.152 et seq. Ook Eybers: Select Constitutional Documents...., pp.167-174. Volgens Stuart is die stuk deur J.N. Boshof opgestel, en hoewel hy nie die Trek soos die meeste ander emigrante meegemaak het nie, is die feit dat hy sy lot by die Natalse Republiek ingewerp het en intieme kennis van die wel en wee van die Trekkers 'n genoegsame waarborg van die egtheid van die gedagtes en gevoelens wat daarin uitgedruk word. Die stuk het bowendien die goedkeuring van die Volksraad weggedra.

onze bezittingen, ja van ons bestaan zelf, het geweer in de vuist te nemen, en te strijden tegen onze verdrukkers, en met onzen val of ons bezwijken een einde aan onze aardsche moeijelejkheden te maken."[137]

Hoewel hierdie regverdiging van die Trekkers se doel en strewe deur hul vryheidsin, d.w.s. hulle wil en begeerte om van alle verdrukking vry te wees, gedra word, merk dr. G.S. Preller tereg op dat die kentekens van 'n geleidelike ontwikkeling van hulle saamhorigheid as 'n gemeenskap slegs hier en daar in die aangehaalde stuk voor die dag tree. „Die indiwidualisme was sterk," gaan hy voort, „en die band wat hulle tesame bind nog jonk. Selfs in hierdie oomblik van naderende nasionale onheil aarsel die Volksraad nog om beslis namens iedere indiwidu op te tree, en stel die mense liewer in die geleentheid om ieder vir sigself blyk te gee van hulle eensgesindheid."[138]

Terwyl die skermutseling te Congella in Mei 1842 getoon het dat daar wel Trekkers was wat hulle lewe feil gehad het vir die onafhanklikheid van hul republiek, het die verdere verloop van die versetbeweging getoon dat dit hulle aan werklike innerlike solidariteit ontbreek. Nie alleen was daar van die begin 'n houding van afsydigheid en 'n gees van afvalligheid onder die geledere van die Natalse Trekkers self nie, maar ook 'n groot mate van vertwyfeling oor die patroon wat hul gewapende optrede moes aanneem en die uiteindelike sukses daarvan, sodat die Britse oormag hulle eindelik met 'n gevoel van moedeloosheid en wanhoop vervul het.[139]

Ten spyte van die afwesigheid van 'n sterk samehorigheidsgevoel en 'n eendragtelike optrede teenoor die onreg wat die Britse gesag hulle as 'n onafhanklike gemeenskap aangedoen

---

137) Ibid., p.160.
138) Preller, G.S., Andries Pretorius, (Johannesburg, 1938), p.209
139) Du Plessis, A.J., op. cit., p.199; Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, P.314, en Stuart, op. cit., p.169.

het en die feit dat hulle hul aan die onvermydelike moes onderwerp, sou die Trekkers steeds in hul vryheidstrewe bly volhard. Die blote herverskyning van die Britse troepe in Port Natal en hul geweldadige optrede was al genoegsame rede dat talle Trekkers Natal verlaat het om anderkant die Drakensberge hul vryheid te gaan soek.[140] Die sogenaamde „oorlogsparty" onder die Trekkers het geen twyfel gelaat oor hoe hulle oor die behoud van hul staatkundige onafhankliheid in Natal voel nie, maar selfs die „vredesparty" se optrede was nie daarop gemik om die ideaal van vryheid prys te gee nie. Terwyl hulle aan die een kant gehoop het dat die Britse owerheid net die kusstreek sou beset en hulle verder aan hul eie lot sou oorlaat, het hulle hoop aan die ander kant hoog gevlam toe J.A. Smellekamp se optrede en versekeringe die mening laat posvat het dat hulle van hul Nederlandse stamverwante doeltreffende steun in die herstel van hul onafhanklikheid kon verwag.[141] Dat daar onder die „vredesparty" wel „Engelsche gezinden" was, ly geen twyfel nie, want kort voor die finale oorgawe in Augustus 1843, skryf J.N. Boshof dat „onder de Engelsche gezinden worden allen gerekend die niet willen hooren van het Land weer te verlaten of die niet met de groote boel in onberaade drift willen medeloopen of die genegen zyn om het punt van vryheid maar op te geven en omtrend de verdere belangens van het land werksaam te zyn, voor dat de geopende deur straks gesloten kan worden....."[142] Hier tref ons terloops onder die geledere van die Trekkers die eerste politieke verdeling aan op grond van vermeende of werklike Britsgesindheid al dan nie — 'n verdeling wat dwarsoor die geskiedenis van die

---

140) Vgl. Walker, E.A., The Great Trek, (Londen, 1938), p.307.
141) Vgl. Preller, Andries Pretorius, p.277 et seq., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p.317, Uys, C.J., In the Era of Shepstone, (Lovedale, 1933), p.19, Kruger op. cit., p.20 en p.83 et seq., Du Plessis, A.J., op. cit., pp.195-196.
142) Aangehaal by Beyers, C., Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei, in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel I, p.5.

nasionale bewuswording van die Afrikaner sny.

Toe die Natallers se vrees en voorspelling spoedig bewaarheid is dat die Britse beleid ten opsigte van die inboorlinge 'n veilige lewensbestaan in Natal onuithoudbaar gemaak het,[143] die landstreek Natal in Mei 1843 finaal tot 'n Britse kolonie verklaar is, en één van die voorwaardes van oorgawe reëlreg teen hulle opvatting van rasseskeiding ingedruis het,[144] het meer as twee-derdes van die oorspronklike Trekker-bevolking van Natal oor die Drakensberge getrek in 'n gees wat bes deur die woorde van Johanna Smit teenoor adv. H. Cloete uitgespreek is: „Julle het ons land binnegeval. Julle het ons hawe gevat. Julle het toegelaat dat die Kaffers ons oorweldig. Julle het ons vlag onderdruk en ons land geruïneer. Ons is voetseer en moeg van die swerflewe en ontbering, maar ons sal weereens oor die berge loop na vryheid of die dood." Of soos dit elders opgeteken staan: „Ons sal liewer blootsvoet oor die Drakensberge loop om in vryheid te sterf as om langer onder die Britse regering gebuk te staan.[145] Dat ook die oorgrote meerderheid van die 365 gesinne, w.o. ook Andries Pretorius, wat die weg van versoening in Natal gevolg het, uiteindelik „die punt voor vryheid" weer sou opneem, sal weldra blyk.[146]

---

143) Vgl. Bird, op. cit., II, p.38 en p.41; Preller, Andries Pretorius, p.260; Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel I, pp.314-315.

144) Vgl. Chase, op. cit., II, p.282 et seq. Proklamasie van Geo. Napier, d.d. 12.5.1843. Dit het o.m. bepaal: „That there shall not be in the eye of the law, any distinction or disqualification whatever, founded on mere distinction of color, origin, language or creed ....." Dat hierdie juridiese gelykstelling slegs die voorspel was van uiteindelike begunstiging van die inboorlinge en onwil om die lewe en eiendom van die Hollandssprekende blanke te beskerm, was vir die Trekkers 'n uitgemaakte saak.

145) Voigt, J.C., op. cit., II, p.272. Vgl. ook Preller, Andries Pretorius, p.294 et seq., en Bird, op. cit., II, p.259.

146) Vgl. Dreyer, Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p.64. Eerw. D. Lindley gee die getalle op as 265 gesinne in die distrikte Pietermaritzburg, Weenen en Port Natal.

H O O F S T U K IV

„TOT ANDERKANT UIT ....."

Met die paal en perke wat teen die laaste kwart van die 18de eeu aan die natuurlikee ooswaartse beweging van die veeboere gestel is, toe hulle langs die Visrivier deur die getalsoorwig van die Bantoe-migrasie gestuit is en verdere blanke kolonisasie na die noordweste vanweë die onherbergsame droogtestreke onmoontlik geword het, het die enigste moontlike uitbreiding in die rigting van die streke egter die Sneeuberge na die noordekant gelê. Ook hierdie gebied wat op die vlaktes tot ver anderkant die Grootrivier uitgeloop het, was egter tot aan die einde van die 18de eeu, vanweë die Boesman-gevaar, vir die trekboer ontoeganklik.[1] Eers nadat aan die begin van die 19de eeu daarin geslaag is om met die Boesman bevriend te raak, kon die blanke uitbreiding van die Kolonie in hierdie streek al langs die loop van die Seekoeirivier weer sy onbelemmerde gang gaan. Ingevolge was die regering in 1822-24 genoodsaak om die noordelike grens tot aan die Stormbergspruit en die Oranjerivier te verskuif.[2] Die Afrikaner baanbreker-veeboer van die streke ten noorde van die onderloop van die Ongersrivier, die Sneeu-, Kirkvors- en Stormberge, d.w.s. die hele noordelike wyk van die Graaff-Reinet-distrik, was dus die die eerste om hulle oorkant die Grootrivier te begeef en uiteindelik permanent in Transgariep[3] te gaan vestig. Daar sou

---

1) Van der Merwe, P.J., Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek,1770-1842), (Den Haag, 1937), pp.1-7.
2) Ibid, pp.130-132.
3) Net soos in die skrywer hiervan se MA-verhandeling, Politieke Groepering in Transgariep in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, Deel II, word ook hier die kerklike ringsbenaming, Transgariep, gebruik om die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere voor die totstandkoming van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 aan te dui. Omdat die Winburg-distrik, d.w.s. die landstreek ten noorde van die Vetrivier hom duidelik vanweë sy historiese verlede onderskei, word die konotasie Transgariep ook veral gebruik om die gebied ten suide van hierdie rivier te omskryf.

hulle in volksgevoel en - besef aanmerklik van die boere langs die oosgrens — die eventuele Voortrekkers — verskil.

Teen die jare tagtig van die 18de eeu was daar nouliks enige onderskeid in volksaard en -tipe tussen die groot aantal veeboere, wat hulle in die oostelike en op die lang duur in die meer gevestigde streke van die Kolonie bevind het, en die kleiner getal trekboere wat na die noordoostelike hoek van die Kolonie migreer het. Dit was eers na 'n belewenis van meer as 'n halwe eeu aan die oosgrens, onder die druk van die Bantoe en die wanbestuur van die Kompanjies- sowel as die Britse regering, waardeur hul stoflike en geestelike bestaan ernstig bedreig is, dat by die Afrikaner-oosgrensboer sekere onderskeidende kenmerke van 'n ontluikende volksbewussyn waar te neem was. Daarenteen het die prikkels vir die ontluiking van 'n eie volksgevoel by die Trekboere in die noordelike streke feitlik geheel en al ontbreek.

Die gemis aan toenadering en 'n bewuswordende eenheids- en vryheidsgevoel by die Trekboere kan egter deur verskeie faktore verklaar word. Die yl bevolking, vanweë die dorheid, wisselvalligheid van en skaarsheid aan bruikbare grond in die noordelike streke,[4] het die lewe veel meer afgesonderd as in die digter bevolkte oostelike dele van die Kolonie gemaak, waardeur selfs lokale kontak en die versterking van onderlinge gemeenskapsbande bemoeilik is. Ook die feit dat hierdie boere vanweë droogtes, sprinkane en trekbokke voortdurend op trek na beter weiveld was, het meegebring dat hulle in hul half-nomadiese lewenswyse in 'n veel losser verband as die meer gevestigde oosgrensboere teenoormekaar gestaan het. Aangesien hulle, ingevolge hul besonder eenvoudige lewensbehoeftes in byna elke opsig ekonomies selfgenoegsaam was en in dié opsig totaal onafhanklik van mekaar gestaan het, was die behoefte aan die samesnoering van gemeenskaplike materiële belange feitlik nie aanwesig nie. Hul oordrewe indiwidual-

---

4) Van der Merwe, op. cit., pp.104 et seq.

isme, wat veral deur hul bestaansomstandighede meegebring is, en oorheersende begeerte om hoogstens as enkele familiegroepe 'n selfstandige bestaan te voer, het ook nie bygedra om hul gemeenskapsgevoel en verwantskap, anders as familielede, te versterk nie. Op 'n vraag van Donald Mcodie in 1834 waarom hulle mekaar nie liewer dien eerder as cm vee sonder grond aan te hou nie, was die antwoord: „Because every child is a boer and gets his share of the paternal and maternal inheritance in stock, and in what country will people serve for hire, if they can live their own master?"[5]

Dit moet ook in gedagte gehou word dat dit hierdie veeboere aan die saambindende en konsoliderende invloede van 'n sterk sentrale of selfs plaaslike staatsbestuur, sterk leierspersoonlikhede, gemeenskaplike opvoedingsfasiliteite en effektiewe kerklike bearbeiding ontbreek het. Die veeboere van hierdie streek het dit ook besef, want verklaar één van hulle in 1834: „We cannot live without the law; we are falling back in civilization and morals for want of church priveleges, and are upbraided as runaways by those who reside permanently within the Colony and also by those who only quit it during drought."[6] 'n Ander was weer van mening „that if the farmers went on as now they would soon be all clothed in skins, and would forget the usuages of civilised life, cease to read and write, and become Kafirs in all but colcr."[7] Moodie getuig hoe afsydig hulle teenoormekaar gestaan het, want te Colesberg het hy self waargeneem „that those from different parts encamped separately, and held little communication. This had been worse before the church was established; they then held

---

5) Moodie, Donald, Saxon Nomads, in The Annals of South Africa (Pietermaritzburg, 1855), pp.36-37.
6) Ibid., p.36
7) Ibid., p.36.

little or no communication....."[8]

Die gemeenskaplike bedreiging van die Boesman en die Trekboere se gesamentlike optrede as 'n kommando daarteenoor het wel die geleentheid tot die versterking van hul solidariteitsgevoel geskep. Desnieteenstaande het die aard van die bedreiging en die bekamping daarvan lank nie die omvang bereik en uitwerking op die blanke gemeenskap gehad as die stryd met die Bantoe aan die oosgrens nie. Hoewel die Boesman as „gezwoorne vijanden van het herdersleven" en as geisoleerde jagbendes dwarsdeur die 18de eeu en veral gedurende die laaste kwart daarvan die blankes in die noordelike streke geweldige verliese aan vee, eiendom en selfs lewens berokken het[9] en hul dikwels tot beklaenswaardige armoede gedryf het, het die Boesman-gevaar nooit dieselfde dinamiese spanning ingehou en so 'n oorheersende faktor in die daelikse bestaan van die blankes as die bedreiging van die Bantoe aan die oosgrens geword nie. Teenoor die gevaar van die Boesman met hul agterlike nomadiese lewenswyse, wat die natuurlike blanke uitbreiding vertraag en selfs teruggedwing het voordat daar teen die einde van die 18de eeu 'n beleid van konsiliasie teen hulle gevolg is, het gestaan die volgehoue en onverbiddelike druk van die Bantoe met hul gevestigde woonplek, hoogontwikkelde stam-organisasie, stamaspirasies en onvermydelike sug na groter lewensruimte en grondbesit. Waar die Boesman wel deur die lyding en verliese wat hul die blankes besorg het, sowel as die gesamentlike optrede wat hulle van die blankes afgedwing het, die veeboere tydelik namekaar toe gedryf het, was die stryd hoogstens 'n knaende maar verbygaande fisiese

---

8) Ibid., p.36 en Van der Merwe, op. cit., p.301. Die dorpie Colesberg is in 1830 gestig met W.C. van Ryneveld as eerste siviele kommissaris. Die N.G. Kerk-geboutjie is toe eiehandig deur die boere van die distrik opgerig, hoewel die gemeente reeds in 1826 gestig is, is dit eers vanaf 1836 deur 'n vaste leeraar bearbei. Vgl. Van der Merwe, op. cit., p.349. en Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, (Kaapstad, 1929), p.28, vn.3.

9) Van der Merwe, op. cit., pp.11-17.

bedreiging wat die veeboere sowel as die owerheid in die gees van 'n gevaarlike landsplaag, soos die uitroei van wilde diere, aangepak het.[10] Daarteenoor het die Bantoe nie alleen die grensboere aanhoudende materiële skade berokken en vir hulle boonop die voortdurende gevaar van 'n „totale" oorlog ingehou nie, maar in samehang met die oosgrens- en rassebeleid van die owerheid, en veral dié van die Britse gesagsvoerders, is die Afrikaner-grensboer se geestelike selfbehoud en lewensuitkyk ernstig daardeur aangetas.

Hoewel die deurslaggewende faktore grootliks ontbreek het om die solidariteitsgevoel van die koloniste in die noordelike streke van die Kolonie te verstewig, was daar nietemin 'n latente gevoel van onderlinge verwantskap aanwesig, wat op hul noue bloedbande, gemeenskaplike tradisies, eensoortige landelike lewe en boerderybelange, en enkelvormige Gereformeerde godsdiens berus het. Net soos die oosgrensboer sou die noordelike Trekboere na hul gemeenskaplike geestelike erfenis, hoe beperk van omvang ook al, en veral na hul gemeenskaplike Calvinistiese godsdiens gryp om hulle, te midde van 'n ongetemde natuur en agterlike natuurvolk, teen sedelike verval en algehele maatskaplike agteruitgang te weer. Omdat hulle juis vir die moontlikheid van hierdie verval en agteruitgang bevrees was, soos reeds aangetoon is, blyk dat ook hulle tot 'n mate daarvan bewus was dat hul die draers van hoër geestelike waardes en bepaalde kultuurnorme was. Dat dít deel van hul bepaalde volksaard uitgemaak het, daarvan was hulle egter minder bewus. Dit sal ook weldra blyk dat hierdie veeboere se opvattinge en gevoelens oor rasse-skeiding en bloedsuiwerheid, as waarborg vir hul selfbehoud as 'n blanke gemeenskap met 'n hoër kultuur en godsdiens, ook nie minder sterk en bewus as dié van die grensboere was nie.

By die Trekboer, soos te onderskei van die oosgrensboer, was daar naas die gebrek aan 'n doelbewuste eenheidstrewe ook

---

10) Ibid., pp.41-58.

die volslae gemis aan 'n politieke vryheidstrewe en veral in die sin om as 'n aparte volksgemeenskap hul eie aspirasies, vry van alle vreemde oorheersing en inmenging, uit te leef. Anders as in die meer gevestigde dele sou die prikkels in die verafgeleë en afgesonderde noordelike streke totaal ontbreek om die vryheidsgevoelens van die veeboere wakker te roep. In die eerste instansie sou nóg die optrede van die Kompanjies-regering, nóg dié van die Britse owerheid die Trekboere in so 'n posisie dwing dat die begeerte sou ontbrand om elders 'n selfstandige politieke en ekonomiese bestaan te gaan soek, of dat by hulle die drang wakkergeroep sou word om hul eie rasse-opvattinge binne 'n eie staatspraktyk te gaan toepas.

Uit die aard van hul afsondering in die binneland, en slegs die Siviele Magistraat van Colesberg as die enigste skakel met die Koloniale regering, sou die Trekboere op die verste uithoek van die Kolonie geen kontak met die doelbewuste of subtiele verengelsingsbeleid hê nie. Waar die staats-administrasie, regspleging, skole en selfs kerk elders ingespan is om die Hollandse koloniste se taal, kultuur en tradisionele instellinge stelselmatig te vervang, sou hulle as Trekboere nie met daardie gevoel van innerlike weerstand en wrewel teenoor die owerheid kennis maak nie. Met die hooghartige houding van hooggeplaaste Britse amptenare en diegene wat met minagting op die Hollander en sy kultuur neergesien het, sou hulle nooit in aanraking kom nie, maar daarenteen die besonder simpatieke aandag en warme belangstelling van persone soos sir Andries Stockenström, die luitenant-goewerneur, W.C. van Ryneveld en F. Rawstorne, die siviele kommissarisse van Colesberg, geniet.[11]

Feitlik geheel en al afgesluit van die grille van die Kompanjie se monopolistiese handelsbeleid en die ekonomiese

11) Die houding van hierdie amptenare blyk veral uit werke soos Chase, J.C., The Annals of Natal, (Pietermaritzburg, 1888), Van der Merwe, op. cit., en Franken, J.L.M., Piet Retief se lewe in die Kaapkolonie, (Kaapstad, 1949).

teenslae wat die Kaapse mark onder die Britse bewind ondervind het; en uit die aard van hul boerderybestaan veel minder gekoppel aan die arbeidsprobleme van die oostelike en meer gevestigde streke, was daar by die Trekboere ook weinig grond vir diepgaande ekonomiese griewe. Die vraagstuk van grondskaarste het wel by tye swaar op hulle gedruk en was daar veral misnoeë oor die langdurige vertraging van die toekenning van „rekwesplase," wat die ou leningsplaasstelsel in 1813 vervang het. In die meeste gevalle het hulle egter eenvoudig die regering vooruitgeloop en op die plase wat hulle nodig gehad het, beslag gelê. Op die lang duur het die regering hom nie meer teen hierdie onwettige okkupasie verset nie.[12] Die Trekboere was ook in 'n veel gunstiger posisie as die boere langs die oosgrens in so verre hulle van „uitvlugt"-plase ten noorde van die Grootrivier gebruik kon maak. Dat hulle dikwels „deur ekonomiese druk uit die Kolonie geforseer" is,[13] is seker, maar anders as langs die oosgrens waar die optrede en beleid van die owerheid hierdie druk grotendeels ten grondslag gelê het, was die veeboere se ekonomiese laste veel meer aan die wisselvallige klimaatstoestande en bodemgesteldheid toe te skryf.[14]

Teenoor die noodgedwonge migrasies oor die grense van die Kolonie het die Britse gesagvoerders deurgaans 'n besonder toegeeflike houding ingeneem.[15] Terwyl daar strenge beperkinge op alle grensoorskrydinge gerus het, moes die owerheid op die lang duur die insidentele migrasies, wat deur knellende droogtes, sprinkane en trekbokke genoodsaak is, en uiteindelik deur seisoenmigrasies opgevolg is, as 'n fait

---

12) Van der Merwe, op. cit., pp.126-129.
13) Vgl. Viljoen, S.P., Die Wording van die Trekboer in Voortrekker Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, (Pretoria, 1938), p.25.
14) Van der Merwe, op. cit., pp.326-329. Baie boere was ongeduldig omdat die regering hulle nie in die Kaapkolonie grond toegeken het nie, maar as 'n diepgewortelde grief kan dit egter nie beskou word nie.
15) Van der Merwe, op. cit., pp.123-124, pp. 130-131. Die grens is in 1822-24 tot aan die Grootrivier verskuif.

accompli aanvaar.[16] Die Britse owerheid het egter botweg geweier om die veeboere as besitters van die „eewig uitvlug" wat hulle van die Boesmans geruil het, te erken, of om sy gesag op enige wyse anderkant die koloniale grense op die kolonis te van toepassing te maak.[17] Terwyl die regering besef het dat dit onmoontlik en selfs onmenslik was om die trekkery heen en weer oor die Oranjerivier te belet, en ook nie bereid was om verantwoordelikheid teenoor die uitgewekenes te aanvaar nie, is 'n passiewe en neutrale houding ingeneem teenoor alles wat noord van hierdie rivier aangegaan het. Slegs af en toe is invloed gebruik om ernstige botsings tussen die blanke Trekboere en die Griekwas te voorkom.[18]

Omdat so min Trekboere langs die noordelike grens slaweeienaars was en weinig Hottentotte by hulle in diens gehad het, en aangesien hulle sedert die einde van die 18de eeu uit eie oorweging die uitdelgingspolitiek terwille van 'n konsiliasiebeleid teenoor die Boesmans laat vaar en so ver moontlik die vrede met die Griekwas probeer bewaar het, het hulle verhouding tot die nie-blankes selde of ooit in Britse gesagskringe die aandag getrek. Derhalwe het hulle met die gelykstellingsgedagte van die Britse rassebeleid, die voortrekkery van inboorling- bó blanke belange, of met die beswaddering en verdraaiings van die sendeling-filantrope haas geen kennis gemaak nie. Boonop was hulle ver verwyder van die oosgrens sodat die weifelende Britse grensbeleid met al sy weerloosstelling en materiële verliese hulle nooit getref het nie. Wat hul eie bediendes betref, getuig J. Boshoff, as regeringsamptenaar in September 1838 dat dié hulle min las van slegte gedrag gee, want „where they find it necessary they punish offences, without any fears of vexation law-suits in consequence. The servant aware of this, gives very little trouble...."[19]

---

16) Van der Merwe, op. cit., p.226, p.237 en p.239.
17) Ibid., pp.282-284.
18) Ibid., p.288, p.313 en p.329.
19) Chase, op. cit., II, p.

In 1826, d.w.s. verskeie jare nadat blanke Trekboere en jagters die streek noord van die Oranjerivier besoek en slegs klein groepies Boesmans gevind het, het Adam Kok, snr. en sy volgelinge hul op die mislukte Boesman-sendingstasie, Philippolis, gevestig en aanspraak op die gronde tot aan die Modder- en Caledonriviere gemaak.[20] Hieraan het die koloniale regering tot in 1843 konsekwent geen erkenning verleen nie, aangesien hulle tereg ook die Griekwas as indringers op die gronde van die Boesmans beskou het.[21] Aan Kok se besware oor die blankes se besoek aan die betwiste gebied het nóg die boere self, nóg die owerheid hulle juis gesteur. Toe van die blankes egter geëis word dat hulle van Kok en sy Raad verlof vir verblyf in daardie gebied moet verkry en die Griekwas selfs so ver gegaan het om onwillige blankes gevange te neem en met geweld te deporteer, het die gevoelens onder die blankes by tye hoog geloop.[22]

In die eerste plek het dit hierdie blanke pioniere op grond van hul sterk rassegevoelens diep gegrief dat die Griekwas as 'n minderwaardige bastervolk hulle in so 'n vernederende posisie gedompel het. Van die Kaapse owerheid is derhalwe beskerming geëis en versoek dat hulle ten minste op gelyke voet met die Griekwas behandel moet word. „Wij begeeren niet beter te weezen maar ook niet slegter, niet anders als dat wij zaamen in eene vrijheid zulle gaan, niet hoger, maar ook niet lager," het veldk. P. van der Walt en 36 boere uit die wyk Seekoeirivier aan die Goewerneur geskryf.[23] Dit moes die boere geërg het dat die Griekwas, wat in werklikheid uitgeweke Britse onderdane was, toegelaat is om hulle buite die grense van die Kolonie te vestig en vir hulle groot

20) Van der Merwe, op. cit., pp.249-250 en p.262.
21) Ibid., p.236, p.268 en p.320. In 1835 het Adam Kok op aandrang van die sendelinge in sy omgewing self na Kaapstad afgereis om ~~te~~ die Goewerneur te versoek om die Griekwas as die wettige besitters van die grond waarop hulle woon, te erken. Die sending het egter misluk.
22) Van der Merwe, op.cit., p.236, p.267, p.309 en pp.313-315.
23) Ibid., p.311.

gronde toe te eien wat hulle in werklikheid nie alles nodig gehad het nie.[24] As blankes het hulle dus hul hoop op die koloniale regering gevestig om hulle te beskerm teen „de grijpende wetten van zulk een gemeen schepsel als Adam Kok en die egter zoo min reg op dat vrijlant heeft als wij burgers."[25]

Hoewel die teenwoordigheid van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap en dr. John Philip se persoonlike belangstelling in die Griekwas ook deels vir die vyandige houding van die Griekwas teenoor die blankes verantwoordelik was, het sake vóór 1842 nooit so 'n wending geneem dat dit tot openlike botsing gelei het nie.[26] Namate eerw. P. Kolbe se invloed by Philippolis getaan het, het die Griekwas se verset teen die blanke migrasies afgeneem. Die boere is selfs as huurders verwelkom en op 16 Junie 1840 het Adam Kok, jnr. 'n ooreenkoms met komdt. M.A. Oberholzer as hoof van die blanke „Gemeenschap" in Transgariep gesluit, waarvolgens die Griekwas as besitters van die gronde rondom Philippolis erken is, maar dit teen 'n vasgestelde bedrag aan die blankes kon verhuur. Laasgenoemde sou ook onder hulle eie wette en bestuur staan.[27] Uit die voorafgaande blyk dus dat die verhouding tussen die blankes en die Griekwas tot ongeveer 1842, nie van so 'n aard was dat dit 'n diepgaande reaksie by die veeboere uitgelok, of selfs as rede tot vervreemding van die Britse gesag gedien het nie.

Van die Basoeto's, wie se gronde in 1833 — toe die eerste blankes alreeds die Caledonriviervallei begin intrek het — tot Thaba Bosiu en die omliggende gebergtes beperk was en in ieder geval nie verder suid as Morija gestrek het nie, het

---

24) Ibid., p.310.
25) G.D. Joubert aan W.C. van Ryneveld, 23.5.1832. Aangehaal by Van der Merwe, op. cit., pp.314-315.
26) Vgl. Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, (Kaapstad, 1948), pp.247 et seq., en Van der Merwe, op. cit., 317.
27) Van der Merwe, op. cit., p.320, p.351 en pp.352-353.

die koloniste aanvanklik weinig las gehad.[28] Mosjesj, hul opperhoof, het selfs die blanke nedersetting tussen die sameloop van die Caledon- en Oranjeriviere verwelkom, aangesien dit as 'n buffer tussen hom en die Korannas kon dien.[29] Namate die Trekboere hul in groter getalle in hierdie streek begin vestig en volgens reg van eerste besitname daarop aanspraak gemaak het, het Mosjesj op sy beurt weer aangevoer dat die gronde deel van die besittings van sy voorouers uitgemaak het. In die sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap, wat sedert 1833 hul werksaamhede in Basoetoland begin en feitlik as politieke agente van Mosjesj opgetree het, het hierdie opperhoof warme pleitbesorgers vir sy aansprake gevind.[30] Hoe dit ook al sy, die blankes was tot ongeveer 1843 haas nie deur hierdie teoretiese twis geraak nie, hoewel hulle in September 1842 deur Napier in 'n proklamasie gewaarsku is om nie op inboorlinggronde in te dring nie.[31]

Ver buite die bereik van die netelige rasse-, kulturele en ekonomiese vraagstukke, wat in ander dele van die Kolonie soveel ontevredenheid en 'n gevoel van wanhoop, verbittering en teleurstelling met die owerheid veroorsaak en as prikkeling gedien het om baie gaandeweg tot die bewussyn van hul eie volkskap te bring, het nóg die Kompanjies-, nóg die Britse bewind hul gesag op só 'n wyse teenoor die koloniste langs die noordgrens beoefen dat 'n gevoel van verknegting en miskenning by hulle verwek is. Terwyl die owerheid self niks gedoen het om ontevredenheid uit te lok nie, moet die kenmerkende onderdanigheid van die Trekboere veral daaraan toegeskryf word dat die owerheid oor 'n tydperk van twee of drie geslagte weinig meer as nominale kontrole oor hulle uitgeoef-

28) Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Tweede Jaargang, Deel II, 1939 (Kaapstad, 1939), pp.xiii en xv.
29) Ibid., p.xvi.
30) Ibid., p.xiv, p.xvi en p.xvii, en Muller, op. cit., pp. 249-250.
31) Chase, op. cit., II, pp.255-256. Proklamasie van Geo. Napier, dd.21.9.1842.

en het. Die owerheid het dus geen belangrike rol in hul alledaagse lewe gespeel nie en daarom was dit soveel makliker om, ooreenkomstig hul godsdienstige oortuiginge, die wettig daargestelde owerheid ten alle tye te gehoorsaam.[32]

Reeds in 1825 neem G.H. Kruger, P. van der Walt en G.D. Joubert, al drie veldkornette uit die noordelike wyke van Graaff-Reinet, vanweë die knellende droogte hul toevlug „tot onze geëerde gouvernement van wiens vaaderlijke belangstelling oover onze belangens wij tot nogtoe overtuigd seijn," met die versoek dat „onse vaaderlijke landdrost en heemraden" vergunning moet verleen om „een kleijn uijtvlug te maaken."[33] Voortdurend is met dankbaarheid van die „vaaderlijke bescherming" van die owerheid gewag gemaak en alle redelike bevele gehoorsaam, klaarblyklik om die guns van die owerheid te behou wanneer hulle, in stryd met die wet, die grens oorskry. Aan die begin is verlof ook gereeld aangevra om oor die Oranjerivier te trek en die begeerte volgehou om die politieke verband met die Kolonie te bewaar deur byvoorbeeld beskerming teen die Griekwas te eis; die proklamering van nuwe regulasies selfs buite die grense te gehoorsaam; gereëld hulle opgaaf na te kom, en ten volle van die geringe plaaslike bestuursfasiliteite, soos die kantoor van die Siviele Kommissaris en die veldkornetstelsel, gebruik te maak.[34]

Toe die koloniste ten noorde van die Oranjerivier met vervolging gedreig is, indien hulle nie na die Kolonie terugkeer nie, het M.A. Oberholzer as verdediging aangevoer dat

---

32) Preller, G.S., Voortrekkers en Trekboere in Die Voortrekker-Eeufeesuitgawe, Die Vaderland, 7.12.1838, p.13; Van der Merwe, op. cit., p.360.

33) Versoekskrif van G.H. Kruger e.a., d.d.19.9.1825. Aangeby Van der Merwe, op. cit., pp.207-208, vn.11.

34) Vgl. Van der Merwe, op. cit., p.211, p.216, p.227, p.230, p.283, p.302 en p.342. Selfs nadat hulle al permanent in Transgariep woonagtig was, het die Trekboere se name nog steeds op die veldkornetslyste van die Kolonie gestaan en tot 1837 gereëld hulle belastings betaal. Vanaf 1838 is die siviele kommissaris verbied om dit te ontvang, aangesien dit die Trekboere kon aanmoedig om oor die grense te trek. Vgl. verder Van der Merwe, op. cit., pp.349-350.

geen burger „uyt halstaarigheid tegen het Gouvernement" getrek het nie, maar is deur die uiterste nood daartoe gedryf.[35] Dat hulle gewillig was om hulle steeds met onderdanigheid aan die proklamasie en opdragte van die Britse gesaghebbers te onderwerp, blyk uit die feit dat hulle in September 1834 met die grootste inskiklikheid die enkele slawe in hul midde na die Kolonie teruggestuur en uiteindelik almal self weer soheen teruggekeer het.[36] Na aanleiding van hierdie gehoorsame optrede het veldk. G.D. Joubert opgemerk dat „het gouvernement overtuijg moet weesen dat de burgers hen vrees en aankleef als een vaader en seijn wetten bemint."[37] Aan die keersy moet, in die woorde van dr. P.J. van der Merwe, daarop gewys word „dat die boere gou hulle onderdanigheid en gehoorsaamheid sou vergeet, as die regering probeer volhou met sy politiek om trekkery oor die Oranje te belet. As die noodsaaklikheid dit geëis het, sou die boere trek — met die toestemming en goeie wense van die regering as hulle dit kon kry, maar daarsonder as dit nie die geval was nie."[38] Moodie wat hulle in 1834 persoonlik besoek het, getuig dat slegs hul onderdanigheid, hul sterk begeerte om onder die beskerming van die wet te bly en aan die voorregte van die kerk te deel, verhoed het dat hulle nie die Kolonie vir goed verlaat het nie, maar voeg daaraan toe dat „the pressure of want however may prove stronger than a proclamation, and it is to be feared that any exhibition of compulsion from within the Colony may induce those beyond its limits to disclaim its authority."[39]

Dit moet dus nie uit die gedagte verloor word nie dat die Trekboer as karaktertipe van dieselfde onderskeidende volksgroep as die oosgrensboer en eventuele Vootrekker onge-

---

35) M.A. Oberholzer aan W.C. van Ryneveld, 11.6.1834. Aangehaal by Van der Merwe, op. cit., p.289.
36) Vgl. Van der Merwe, op. cit., pp.300-303.
37) G.D. Joubert aan W.C. van Ryneveld, d.d.27.10.1834. Aangehaal by Van der Merwe, op. cit., p.303.
38) Van der Merwe, op. cit., p.303.
39) D. Moodie aan regter Menzies, d.d.18.12.1834. Aangehaal by Van der Merwe, op. cit., p.304.

twyfeld dieselfde moontlikhede vir 'n ontluikende volksgevoel in hom omgedra het. Gebore uit die aanhoudende trotsering van gevare en ontberinge in die binneland en uit die oorheersende begeerte om selfstandig te kan boer, d.w.s. sy eie baas te kan wees, openbaar die Trekboer immers dieselfde geestesselfstandigheid as die koloniste op die oosgrens. By hom was daar ook die verkleefdheid aan en liefde vir die bodem en die diepe besef dat sy vrye en onafhanklike lewensbestaan daarvan afgehang het. Waar hy grond nog redelik maklik kon verkry deur eenvoudig die binneland dieper in te trek, sou hy sonder twyfel sy grondregte ook soos die oosgrensboer met sy lewe probeer verdedig indien hy tot dieselfde posisie gedryf was. Op die aanwesigheid van 'n sterk kleurbewussyn by die Trekboer is reeds gewys, en op grond daarvan sou hy blyke gee dat hy homself as draer en lid van 'n volksgroep met hoër kultuurwaardes en godsdiensbeskouinge bewus was. Dat ook hy hom as 'n geroepene Gods in die ongetemde binneland beskou het, blyk uit die woorde van die 84-jarige Kruger toe Moodie aan hom gevra het wanneer die boere dan sou ophou om te trek: „Wanneer hulle die see bereik — laat hulle trek; hulle moet trek soos Abraham, Isak en Jakob vanouds." En op die vraag hoe vér gaan die boere nog trek, het hy sy hand na die noorde gerig en met 'n sterk en besliste stem gesê: „tot anderkant

uit!"[40] Met hierdie woorde het die ou patriarg nie net die diepere dryfveer van sy eie mense se ewigdurende trekkery in sy kern raak saamgevat nie, maar ook dit wat die Groot Trek en die hele volkstrewe van die Afrikaner tot innerlike stukrag gedien het.

Dit is dan ook op die voorgemelde grondslae te verklaar dat die families soos die Krugers, Sarel Cilliers en ander uit hierdie noordelike streke by die Groot Trek aangesluit het;[41] dat van die gevestigde Trekboere in Transgariep later ook hul lot by die Voortrekkers ingewerp het en dat hulle na die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat in 1854 uiteindelik volkome in die republikeinse strewe van die Afrikaner opgegaan het. Dr. P.J. van der Merwe beklemtoon tereg die feit dat die suiwer republikeinse ideaal tot diep in die jare veertig nog nie in Transgariep tot ontwaking gekom het nie. Onder die Trekboere, verklaar hy, „was daar lojaliste, draadsitters en republikeine, maar op politieke gebied was die meeste van hulle maar lou. Hulle het in die eerste plek belanggestel in hulle plase en was begerig om hulle posisie as grondbesitters te konsolideer. Hulle trou was afhanklik van omstandighede van die oomblik, en hulle was nie bereid om

40) Moodie, op. cit., p.37. Die oorspronklike teks lui as volg: „The father of Field Cornet Kruger then 84 years of age was asked when the farmers would cease trekking and live like civilized men? He replied — . ‚When they reach the sea — let them trek, they must trek, as Abraham, Isaac, and Jacob, did before them! They hurt no one — true, they shoct the game, which the Bastaards would keep to themselves. The black natives murder each other, and die by thousands, when their cattle are taken. If the Boers did that, you might blame them — they are the only people beyond the colony who live quietly, and fear the laws of God and man, and yet they are the only people blamed, not by the Bastaards, but by the people who do nothing but sit still.'"

„On pointing to the totally different circumstances of the Israelites in sanction — guidance and destination, and pressing the old man (who was listened to as a high authority) to say how far the Boers were to trek? he raised his hand, so as to indicate a great distance northwards, and said, in a loud and a decisive tone, — ‚Tot ander kant uit!' — till out on the other side!"

41) Vgl. Van der Merwe, op. cit., pp.374-375.

as te na aan die Britse invloedsfeer beskou het. Hoe dit ook al sy, daar is geen aanduiding dat die algemene Trekkerideale en -gevoelens by hulle minder sterk as by die Natallers gespreek het nie.[45] Op aandrang van die Winburgers self het die Natalse Volksraad, wat die Winburg-streek nooit anders as 'n inherente deel van die „Vereenigde Maatschappij" beskou het nie, plase in daardie streke toegeken en vir 'n plaaslike bestuur voorsiening gemaak deur die aanstelling van 'n landdros en die verkiesing van heemrade, kommandante en veldkornette.[46] Hoewel daarmee aan die wens voldoen is om tot 'n mate gesag en orde in hul eenvoudige gemeenskap te handhaaf en onafhanklik van die Britse gesag in noue verbintenis met die Republiek Natalia te staan, het hul eenvoudige landelike lewe met sy beperkte lewensvereistes geen behoefte aan 'n staatsorganisasie geskep wat as stimulus vir 'n sterker politieke bewussyn kon dien nie.[47] Die ondergeskikte tussenposisie van die Winburg-distrik, wat ten spyte van sy onderhorigheid aan Natal tog direk onder die invloedsfeer van A.H. Potgieter met sy beleid van isolasie gestaan het, sowel as die gebrek aan sterk leierspersoonlikhede onder die gesagdraers van die Winburg-streke, het meegebring dat daar geen inisiatief uitgegaan het om deur middel van die duidelike en besliste toepassing van plaaslike bestuursinstellinge die Trekkers se staatkundige onafhanklikheid in hierdie geweste te konsolideer nie.[48]

Nieteenstaande die staatkundige eenheid wat in 1840-41 tussen al die Trekkers noord van die Vetrivier tot in Natal tot stand gebring is, het die gebrekkige aard en beperkte omvang van bestuursinstellinge soos die Hof van Landdros en

---

45) Van Jaarsveld, F.A., Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, I, p.20.
46) Preller, Voortrekkerwetgewing, 6.9.1839, art.8; 7.9.1839, art.3 en p.5, 11, 13 en 43.
47) Voortrekker-Argiefstukke, R.89/41 en R.90a/4. Vgl. ook Du Plessis, J.S., Die Ontstaan en Ontwikkeling van die amp van Staats-president in die Z.A.R., 1858-1902, in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Agtiende Jaargang, I, (Kaapstad, 1955), p.127 et seq.
48) Infra. pp. 109-112.

Heemrade en die Potchefstroomse Adjunkraad wat oor die Winburg-distrik gesag gevoer het, ook weinig tot die versterking van die Winburgers se samehorigheidsgevoel, hetsy plaaslik of teenoor die Trekkergemeenskap as 'n geheel, meegewerk. Dat ook ander faktore bygedra het tot 'n algemene gemis aan 'n sterk gevoel van samehorigheid en 'n gemeenskaplike strewe na ideale wat die Trekkers in hul „Maatschappij" tot 'n hegte eenheid moes saamgesnoer het, en so kennelik in die Hoëveldse Trekkers se afsydige houding teenoor die „dreigende gevaar van den Engelsche Gouvernement" in Natal waar te neem was, is in die voorafgaande hoofstuk reeds breedvoerig behandel.[49]

Teen hierdie tyd het daar 'n derde blanke gemeenskap in Transgariep tussen die Modder- en Vetriviere ontstaan wat in sy geheel beskou miskien nie so 'n belangwekkende bydrae tot die gestadige ontluiking van die Afrikaner se volksgevoel gelewer het nie, maar wat beslis as 'n spieëlbeeld gedien het van dié mate van volksgevoel wat reeds by die „republikeinsgesinde"[50] emigrante in Transgariep aanwesig was. Die redes waarom 'n aantal Natallers onder leierskap van Johan Gotfried Mocke teen die einde van 1841 oor die Drakensberge teruggetrek het om hulle in hierdie streke te vestig, is nie bekend nie.[51]

---

49) Infra. pp. 136 et seq.

50) Die konnotasie „republikeinsgesinde," wat deur dr. P.J. van der Merwe in sy Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, deur dr. F.A. van Jaarsveld in sy aangehaalde werk hierbo en in my eie M.A. verhandeling, Politieke Groeperinge in Transgariep gebruik word om hulle van die sogenaamde „lojaalgesinde" emigrante te onderskei, is miskien te sterk om daardie gedagterigting aan te dui wat ook as die „Maatschappij" tradisie bekend staan. Die woord „republiek" is trouens ook selde deur die Trekker-emigrante gebruik, terwyl die woord „Maatschappij" dikwels voorkom. Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.57-58.

51) Vgl. Van der Merwe, op. cit., p.353; Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek, (Bloemfontein, 1929), p.28; Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty, 1848-1854 in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Twaalfde Jaargang, II, (Kaapstad 1949), p.22, Van Schoor, M.C.E., Politieke Groeperinge in Transgariep in Die Argiefjaarboek, Dertiende Jaargang, II, (Kaapstad, 1950), pp.3-4. Met Mocke se sakelewe in Natal het dit nie te fortuinlik gegaan nie, en indien dit wel tot sy verhuising na Transgariep sou bygedra het, verklaar dit nognie waarom hy deur aantal aanhangers na Transgariep vergesel is nie.

Dit kan wees dat die eerste tekens van Britse inmenging in Natal hulle laat besluit het om vroegtydig weg te trek, maar een of meer ekonomiese redes moet ook nie uitgesluit word nie.[52] Dat Mocke se mense in getal aangesterk is deur agtergeblewe Trekkers en Trekboere wat dieselfde ideale as die Trekkers of „Maatschappij"-mense gehuldig het, is vanselfsprekend.[53] Die teenwoordigheid van sodanige persone voor die koms van Mocke word ook bevestig deur die Siviele kommissaris van Colesberg in Oktober 1840 toe hy skryf dat onder die lojaalgesinde koloniste ten noorde van die Koloniale grens „(there) are doubtless many to whom it would be unwelcome to find themselves again under the Colonial rule."[54] Ook A.W.J. Pretorius het tydens 'n besoek aan Winburg in Oktober 1841 diegene buite die Winburg-distrik vermaan met die woorde: „Vergeet niet den juk waarvan wy nog den eelden op ons nekken gevoel," en 'n beroep op hulle gemaak om hulle aan die Winburgse bestuur te onderwerp.[55] Na die oorgawe van Natal en die verhuising van talle Natallers oor die Drakensberge het Mocke se volgelinge byna net soveel as dié van Oberholzer getel.[56]

Hoogstens deur 'n primitiewe bestuursvorm van een of meer kommandante, veldkornette en 'n „Raad van Modderrivier,"[57] m.a.w. 'n krygstelsel, saamgesnoer, sou hierdie gemeenskap nietemin doelgerig daarna strewe om van die Britse gesag vry

---

52) Dit kan ook wees dat hierdie emigrante hulle meer op die skaapteelt wou toelê waarvoor Natal klimatories geensins geskik was nie.

53) Cory, G.E., The Rise of South Africa, IV (London, 1921), p.279; Van der Merwe, op. cit., p.382, en Van Schoor, op. cit., pp.xxi-xxii.

54) F. Rawstorne aan die Warn. Sekr., 8.9.1840. Aangehaal deur Van der Merwe, op. cit., p.350.

55) Voortrekker-Argiefstukke. R.90a/41. 'n Paar weke later het H.J. Erasmus, „gelege aan Riet rievier" ook aan Pretorius 'n versoek gerig om 'n veldkornet onder hulle aan te stel, want hy „was daar op tuge (teege?) van een partikulier opregten van Magiel Oberholser." (R.89/41, d.d.17.11.1841).

56) Van der Merwe, op.cit., p.353 en Van Schoor, op.cit.,p.4.

57) Waarskynlik 'n krygsraad.

en met die „gansche Maatschappij" verenig te wees.[58] Toe die Natalse Volksraad in Februarie 1842 'n beroep op alle „ingezetenen in onze limieten" en „de emigranten tot aan de Grootrivier" gemaak het om hulle gereed te hou „tot verdediging van ons land tegen bedreigde vyandelyke inval.... zo dat wy als dan het vooruitzigt zullen hebben om één gehele verénigde Maatschappy te worde," was hierdie gemeenskap van ongeveer 700 siele die enigste emigrante ten weste van die Drakensberge wat daadwerklik daarop reageer het.[59] Onder leiding van Mocke het 'n kommando van 250 burgers na Natal afgetrek om desnoods „die Engelse die see in te jaag." Hoewel die oorgawe by hulle verskyning reeds bekend was, het hulle na Transgariep teruggekeer en op grond van die gerug dat die wapenstilstand slegs ses maande sou duur en hulp uit Nederland te wagte was, volhard in hul onafhanklikheids- en eenheidstrewe.[60]

Ten einde ten minste die streek vanaf die Oranjerivier vir die „Maatschappij" te verseker, is met 'n kommando van etlike honderde burgers onder komdt. Mocke na die Oranjerivier om hierdie gebied op 24 Oktober 1842 in naam van die hele „Maatschappij" te annekseer. Hier was dus 'n praktiese omsetting van die ideaal om paal en perke aan die voortskuiwende Britse gesag te stel, en dit ten spyte van die feit dat regter T. Menzies twee dae tevore die hele streek tot aan die 25ste breedtegraad tot Britse gebied verklaar en Mocke en sy kommando persoonlik gewaarsku het dat Brittanje nie sou toelaat dat hulle hul in 'n onafhanklike staat orden nie.[61]

Terwyl die Adjunkraad van Potchefstroom en Winburg, na die onderwerping van die Natalse Volksraad aan die Britse gesag, te kenne gegee het dat hulle nie langer geneë was „dat

---

58) Vgl. Bird, J., The Annals of Natal, 1495-1845, (Pietermaritzburg, 1888), II, p.114; Van Jaarsveld, op. cit., p.65 en 68; Van Schoor, op. cit., p.xxiv.
59) Preller, Voortrekkerwetgewing, 25.2.1842, art.4, p.193.
60) Bird, op. cit., II, pp.56, 97 en 116; Walker, E., The Great Trek (London, 1936), p.289, Van Schoor, op. cit., p.4 en Van Jaarsveld, op. cit., p.67.
61) Chase, op. cit., II, pp.258 et seq.

zy onderworpen zyn aan de Raad van Pieter Mauritz Burg," het Mocke namens sy gemeenskap die Volksraad versoek om met Natal te verenig.[62] In samewerking met die Winburgers, waar die ontwikkelde komdt. Jan L. Kock nou as leier van die republikeinsgesinde emigrante op die voorgrond getree het, is ten spyte van die isolasionistiese beleid en invloed van A.H. Potgieter op 'n groot byeenkoms in Mei 1843 besluit om Natal geheel en al van die Britse gesag te bevry. Omdat hulle die konsolidasie van hul eie onafhanklikheid in samehang met die behoud van Natal gesien het, het 'n kommando van oor die 500 burgers onder kommandante Mocke, Kock, Du Plooy en Snyman na Pietermaritzburg afgetrek. Hoewel hulle om redes buite hulle beheer nie die finale oorgawe in Augustus 1843 kon verhoed nie, het hulle tog duidelik laat blyk dat hulle nie hulle vryheidsideale in Transgariep sou versaak nie.[63]

Die besluit van die Volksraadslede „van agter de Berg" om „geen stem" aan die finale skikkinge met betrekking tot Natal te hê nie en die verdwyning van die gesag van die Natalse Volksraad op die Hoëveld, het meegebring dat die Adjunkraad vanself tot 'n selfstandige bestuursliggaam, die sogenaamde Burgerraad van Potchefstroom en Winburg, ontwikkel het.[64] In April het hierdie Raad ook onomwonde verklaar dat „wy beschouwen ons vry en onafhankelyk en zullende voortvaren met ons eigen bestier, en hoopen van niemand gehindert te worden en ons bestier aan de maatschappelyke burgers strek

---

62) Preller, Voortrekkerwetgewing, 3.1.1843, art.4, p.230; 5.12.1842, art.2, p.228 en Bird, op. cit., II, pp.114 et seq. J.G. Mocke aan S. Lombaard, d.d.31.10.1842.
63) Van Schoor, op. cit., pp.9-10, vn.34, 35 en 36.
64) Preller, Voortrekkerwetgewing, 7.8.1843, p.244.

tot aan die wal van Grootrivier."[65] Tot hierdie besluit moes die optrede van Mocke en Kock se mense ook bygedra het, want nie alleen het hierdie leiers in noue kontak met A.H. Potgieter, lid van die Burgerraad, gestaan nie, maar na die finale oorgawe van Natal hul aktief daarvoor beywer om al die emigrante ten noorde van die Grootrivier en ten weste van die Drakensberge in een groot „Maatschappij" te verenig.[66]

Die praktyk het egter laat blyk dat daar van die Burgerraad geen bindende krag of invloed oor die Winburg-streke uitgegaan het nie. Met die verhuising van Potgieter na die oostelike dele van Transvaal, en gevolg deur 'n aantal Winburgers en verskeie Natallers wat nie langer onder die Britse gesag wou woon nie, het hierdie liggaam na Junie 1845 vir alle praktiese doeleindes nie meer vir die Winburgers bestaan nie. Daar is aangekondig dat die gesag van die „Maatschappy" nie verder as die 26ste breedtegraad sou strek nie en dat die Potchefstroom-Magaliesberg-streek voortaan as 'n „Adjunkt Colonie" beskou sou word. Die Winburgers self is klaarblyklik aan hulle eie lot oorgelaat.[67] Namate die Britse owerheid hom al meer met sake ten noorde van die Oranjerivier ingelaat

---

65) Voortrekker-Argiefstukke. R.120/47, pp.258-259; Wichmann, F.A.E., Die Wordingsgeskiedenis van die Z.A.R., 1838-1860 in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Vierde Jaargang, II, (Kaapstad, 1941), p.37 en Kruger, D.W., Die Weg na die See in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Jaargang I, (Kaapstad, 1938), pp. 90-91. By hierdie geleentheid is ook die bekende „33-artikels" aanvaar. Dr. Van Jaarsveld, op. cit., p.73 en p.74, beweer dat dit op „'n groot volksvergadering" plaasgevind het. Sy bewysplase onderskryf dit egter nie. (Vide vn.69 en 70. van dieselfde werk, en ook Wichmann, op. cit., p.37, vn.3). Dit wil eerder voorkom asof die besluit op 'n gewone vergadering van die Burgerraad van Potchefstroom geneem is.

66) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.71-72; Van Schoor, op. cit., p.10. In Junie 1844 is J.G. Mocke en landdros J.L. Vermeulen saam met A.H. Potgieter om 'n seeweg na Delagoabaai of Sofala te vind. (Vide Kruger, op. cit., p.91 en Van Schoor, op. cit., p.14). A.H. Potgieter het ook saam met komdt. Jan Kock 'n besoek by Mosejsj en Adam Kok afgelê. (Vide Van Schoor, op. cit., p.16.

67) Voortrekker-Argiefstukke. R.120/47; Wichmann, op. cit., pp.38-41 en pp.43-44; Van Jaarsveld, op. cit., p.43; en Kruger, op. cit., p.94.

het, het Potgieter in Oktober 1845 aan landdros J. Visagie van Potchefstroom geskryf dat hy met die oog op die vermyding van „onaangenaamheden" sy wenk aanvaar „de (onzekere) gronden (d.w.s. die Winburg-streek) liefst laaten berusten tot dat wij in vervolg van tyd daar zekerheid van hebben zal."[68]

Die disintegrasie wat in die eenheid van die Trekker-maatskappy ingetree het, het die Winburgers nou feitlik verstote aan die rand van 'n verbrokkelde gemeenskap sonder 'n sterk sentrale bestuur geplaas. Plaaslik is hulle slegs deur 'n eenvoudige „Raad van Winburg" bedien, wat waarskynlik niks meer as 'n Hof van Landdros en Heemrade was nie en op bestuurgebied, in die tydperk wat die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit voorafgegaan het, weinig tot hul samesnoering bygedra het. Naas hierdie gebrek aan die saambindende krag van 'n behoorlike geordende bestuur, sou die geografiese, maatskaplike, ekonomiese en selfs geestelike isolasie van die republikeinsgesinde emigrante in Transgariep, vanweë die yl bevolking, lang afstande tussen die woonplase, uiters swak verbindingsweë, die onbestendige swerwersbestaan wat verkeie boere gevoer het en die algehele gebrek aan intellektuele en geestelike geriewe soos die skool en kerk, nou al meer en meer hul innerlike toenadering as 'n volksgemeenskap teenwerk. Hierdeur is die vrye kontak en verwisseling van gedagtes en beskouinge nie net tussen indiwiduele lede van 'n lokale groep al erg bemoeilik nie, maar was dit ook tussen die verwyderde samelewingsgroepe binne die algemene „Maatschappij" bykans onmoontlik.[69]

Die afgesonderde en so te sê volkome onafhanklike boerderybestaan van die Trekkers veral op die Hoëveld sou by hul-

---

68) Voortrekker-Argiefstukke. R108a/45. J.H. Visagie aan A.H. Potgieter, 3.6.1845 en T.A. Soutter-kolleksie I, No.4. A.H. Potgieter aan J.H. Visagie, 17.10.1845. Vgl. ook Van Jaarsveld, op. cit., pp.76-77.

69) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., p.22, Pelzer., A.N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Wordingsjare, I, (Kaapstad, 1950), pp.49-53.

le as indiwidue 'n oordrewe indiwidualisme, misplaaste selfstandigheid en neiging tot oppervlakkigheid kweek wat nie alleen 'n sterk groepseenheid teengewerk het nie, maar terselfdertyd enige behoorlike staatsvorming gestrem het. Ingevolge die remmende isolasie-faktore was die staatkundige vereniging tussen die Hoëveld en Natal nooit van so 'n aard dat daarvandaan 'n deurdrywende krag uitgegaan het om die Trekkers se lojaliteit teenoor die „Maatschappij" te versterk nie. Vanweë die gebrek aan doelgerigte staatkundige leiding — by die Hoëvelders nog meer as by die Natallers — sou die onderlinge verdeeldheid en verskillende standpunte oor kardinale staatsaangeleenthede, soos hul finale bestemming, verbinding met die see en gedragslyn teenoor die opdringende Britse gesag, met die jare noodwendig 'n verlammende uitwerking op die diepere eenheid van hul „Maatschappij" hê. Die faktore wat wel tot die eenheid van die Trekkers kon bydra, is dus nooit bewus deur die bestaande owerheidsgesag of 'n sterk leierspersoonlikheid benut nie.[70]

Aan die keersy het dieselfde faktore wat die Trekkers se samehorigheidsgevoel teengewerk het, as versterking van hulle onafhanklikheidsgevoel gedien. Juis hul onuitroeibare indiwidualisme en ekonomiese selfstandigheid het die byna allesoorheersende begeerte ten grondslag gelê om vrygelaat te word om hul eie heil as 'n gemeenskap, hoe beperk en lokaal in omvang soms ook al, uit te werk. Dieselfde „instinktiewe drang tot selfstandigheid wat die Groot Trek moontlik gemaak het," sou dus steeds by die republikeinsgesinde emigrante bly deurwerk en in die jare veertig veral gekenmerk word deur 'n begeerte om hulle van Britse vervolging nog verder „vry" te trek, of om dit met geweld teen te staan.[71] Deur hulle van gebeure in Natal af te skei, het die Hoëveldse emigrante gewis

---

70) Ibid., en ook Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p.281.

71) Vgl. Pelzer, op. cit., p.6 en Van Jaarsveld, op. cit., p.22.

'n gebrek aan 'n diepere eenheidsgevoel openbaar, maar terselfdertyd het hulle in die beleid van isolasie hul behoud as 'n onafhanklike gemeenskap gesien.[72]

* * *

In die lig van die Trekkers se historiese verlede en hul diepgewortelde vryheidsgevoel, wat in en deur die Groot Trek eenmaal wakkergeroep is, volg dit vanself dat daar 'n anti-Britse gevoel teen hul eertydse „onderdrukkers" sou bly voortbestaan wat gaandeweg sou toeneem namate hierdie vryheidstrewe al meer van Britse kant gedwarsboom sou word. Hierdie gees van afkeer aan die Britse gesag sou soveel dieper wortel skiet as in aanmerking geneem word dat hulle die Kolonie met groot opofferinge verlaat het om hulle juis in 'n gebied te gaan vestig wat van Britse invloed vry was, en dat hierdie woongebiede boonop nog deur sware bloedoffers en gevoelige materiële verliese verseker moes word. Die gees van verwydering tussen die Britse owerheid en die Trekkers sou nooit verdwyn nie solank die ou vrees bly voortleef het dat, indien die Trekkers hul weer aan die Britse gesag onderwerp, hulle aan dieselfde toestande as in die dertiger jare aan die Kaapse oosgrens blootgestel sou word. Nie net die tradisionele afkeer aan die Britse gesag en die vrees om weer daaronder te leef nie, maar ook die same- en wisselwerking van verskeie faktore en insidente wat deur Britse optrede teweeggebring is, sou hierdie anti-Britse gevoel bly aanwakker. Al die onrus, onbestendigheid waaronder die emigrante sedert hul verhuising uit die Kolonie geleef het en wat onvermydelik tot hul verarming bygedra het,[73] het hulle hoofsaaklik aan die meedoënlose miskenning, dwarsboming en vervolging van die Britse owerheid gewyt. Hoedanig hierdie gevoel teen die Britse gesag en die gepaardgaande verdeeldheid wat dit binne die Trek-

---

72) Van Jaarsveld, op. cit., p.64.
73) Pelzer, op. cit., p.52.

kers se eie geledere verwek het, 'n besliste uitwerking op die ontluikende volksgevoel van die Trekkers sou hê, sal weldra blyk.

Afgesien van die algemene afkeer aan die wyse waarop die Britse owerheid sy gesag aan die oosgrens van die Kaapkolonie beoefen het, m.a.w. die koloniste se ontevredenheid met die Britse „onregt vaardigen wetten," was daar by sommige Trekkers, reeds vóór hulle vertrek uit die Kolonie, 'n sterk anti-Britse gevoel te bespeur wat waarskynlik ook op rassegronde berus het. J.N. Boshof getuig dat „het wegtrekken uit het gebied der Britse heerschappij om vrij te zijn, ging vooral bij de Patriotten onder Voortrekkers gepaard met een anti-Engelse gezindheid."[74] Die Fransman Cecille het opgemerk dat een van die redes van die Groot Trek toegeskryf moet word aan „de tegenzin der oude kolonisten tegen hunne overwinnaars; want men kan ter naauwernood geloven, hoe veel na 30 jaren overheersching de kolonie nog Hollandsch is gebleven in zeden en denkbeelden."[75] Ook A.H. Potgieter wat sedert sy vertrek uit die Kolonie geen persoonlike kontak met die Britse gesag gehad het nie, sou verklaar: „Ik wil my onder geen Brit, nog onder geen mogenheid van in de waereld onderwerpe in rechtvaardigheid, en ben geen Brit, zo hoop en vertrouw ek het ook nooit te mogen worden...."[76]

Dat die Trekkers se anti-Britse gevoel aanvanklik en in die algemeen nie uit enige persoonlike rassegevoel ontspruit het nie, word nêrens duideliker gestel as in die stuk wat J.N. Boshof in 1842 vir die Natalse Volksraad opgestel het

---

74) Aangehaal by Wypkema, A., De invloed van Nederland op Ontstaan en Ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881; (Pretoria, 1939), p.419, vn.4. Vgl. ook Beyers, C., Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, I, (Kaapstad, 1941), p.5.

75) Aangehaal by Stuart, J., De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Afrika, (Amsterdam, 1854), p.165.

76) Voortrekker-Argiefstukke. R.84/41. A.H. Potgieter aan A.W.J. Pretorius, 28.4.1841. Vgl. ook R.91i/42. A.H. Potgieter aan A.W.J. Pretorius, 4.4.1842, p.158.

nie: „Wij ontkennen ook ten stelligste, dat een ingekankerde haat tegen de Engelsche natie ons bezielt. Elk mensch op den aardbodem is natuurlijk zijn eigen volk meer toegedaan dan anderen; maar als Christen hebben wij geleerd alle menschen lief te hebben; en, ofschoon wij, Zuid-Afrikaansche boeren, menigmaal door Engelschen met trotschheid en verachting zijn aangezien geworden, laten echter vele Engelschen (waaronder wij ook de Schotten begrijpen, met wie wij persoonlijk in ons geboorteland bekend waren, en waaronder wij zelfs Leeraren hadden, die wij alle hoogachting hebben toegedragen,) getuigen, laten de Officieren en soldaten met wie wij te zamen onder de wapenen hebben gediend, getuigen; laten onze gewezene rehenten, regters en plaatselijke authoriteiten getuigen; en laten zelfs de respectable Engelschen, die thans hier in veiligheid onder ons wonen en verkeeren, getuigen, of zoodanige haat in onze boezems jegens de Engelschen gekoesterd wordt. Echter willen wij niet ontkennen, dat de van tijd tot tijd door het Engelsche Gouvernement omtrent ons in de Kolonie genomene besluiten, en uitgevaardigden wetten, de eenigste oorzaak zijn geweest, waarom wij ons geboorteland en onze maagschap hebben verlaten..... om vrij van het bestuur van dat Gouvernement te mogen zijn.[77]

In hoeverre die Britse optrede teenoor die uitgeweke koloniste, eers deur die weiering om hulle onafhanklikheid as 'n selfstandige gemeenskap te erken en later deur die geweldadige anneksasie van Natal, meegewerk het om die natuurlike agterdog teenoor die Britse gesag in 'n gees van diepe afkeur en verbittering om te sit, sodat meer as twee-derde van die Natalse emigrante geweier het om hul aan die Britse gesag te onderwerp, is reeds in die voorafgaande hoofstuk behandel.[78] Boshof het dan ook in die voorgemelde stuk gewaarsku dat

---

77) Aangehaal by Stuart, op. cit., p.154.
78) Infra, p.139 et seq. Vgl. ook Voigt, J.C., Fifty Years of the History of the Republics in South Africa, 1795-1845, (London, 1899), II, p.125.

„wanneer wij al, ten koste van veel bloeds en onkosten, zullen zijn ten onder gebragt, zal het vuur slechts gedempt of gesmoord worden, om in de dag der wraakneming des te geweldiger uit te barsten."[79] Reeds vóór die aankoms van kapt. Smith se troepe is op 'n staatseetmaal ter ere van kapt. Reus van die Hollandse brik, die Brazilië, die wens deur Michiel van Breda uitgespreek „that it might rain hail, fire, and brimstone and thunder and lightning upon the heads of every Englishman in this country."[80] Na die anneksasie moes ds. A. Faure tydens sy besoek aan Natal getuig: „It cannot be concealed that hostility to Her Most Gracious Majesty's Government has drawn many to the inland districts, where they ignorently fancy themseoves subject to no efficient authority."[81]

Die Kaapse Prokureur-generaal, Wm. Porter, het eenmaal verklaar: „It is indisputable, that we crossed the Orange River at first, not to bestow upon the majority of the Emigrant Boeres the power of doing what they pleased, but to deprive the majority..... of (it). These Emigrants did not want us. They prayed for nothing but to be let alone, and allowed to make their own arrangements with the aborigines."[82] Hoewel die Britse owerheid hom nie voor 1842 met aangeleenthede oorkant die Oranjerivier ingelaat het nie, sou 'n Britse ooggetuie reeds in Maart 1841 van die emigrante in Transgariep skryf: „Such is their antipathy to the British Government that they would rather perish in the wildernis than return."[83] In 1842 is veldkornette Van der Walt en Joubert o.m. na die walle van die Modderrivier gestuur om die emigrante

---

79) Stuart, op. cit., p.161.
80) Kruger, op. cit., p.72 en p.82. Vgl. verder Du Plessis, A.J., Die Republiek Natalia in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Jaargang Vyf, I, (Kaapstad, 1942, p.203 et seq.
81) Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek (Kaapstad, 1929), pp.63-64.
82) Imperiale Blouboek, 31.5.1853. Memorandum van Wm. Porter, d.d.4.8.1952.
83) K.A. Brieweboek van A.H. Bain. Bain aan J. Campbell, 9.3.1841.

„gunstig te beïnvloed teenoor die Britse owerheid."[84]

Met regter Menzies se oorhaastige proklamering van die hele landstreek tot aan die 25ste breedtegraad as Britse grondgebied in Oktober 1842, is die eerste van 'n reeks voorvalle ingelui wat die bestaande afkeer aan die Britse gesag verder sou aanblaas.[85] Hoewel die „Maatschappij"-mense, of sogenaamde republikeinsgesinde emigrante, dit eintlik aan hulleself te danke gehad het dat met 'n troepemag na die noordgrens opgeruk is „to strangle all these ideas of independence indulged by British Subjects," het hierdie demonstrasie die gevoelens teen die Britse owerheid erg gaande gemaak.[86] Heel begryplik sou die finale anneksasie van Natal ook in Transgariep onder die „Maatschappij"-mense sterk weerklank vind. Die Britse optrede aan die Oranjerivier en die besetting van Natal het nie net die gevestigde emigrante op die Hoëveld bedreig laat voel nie, maar hul geledere is aanmerklik aangesterk deur Trekkers uit Natal wie se afkeer aan die Britse gesag teen hierdie tyd al besonder uitgesproke moes gewees het.[87]

Met die sluiting van die Napier-verdrae met Adam Kok en Mosjesj as „faithful friend(s) and all(ies) of the Colony" aan die einde van 1843, het die Britse owerheid hom nou ook op 'n positiewe wyse met staatkundige aangeleenthede oorkant die Oranjerivier ingelaat wat daarop gemik was om die emigrante se vryheidstrewe aan bande te lê.[88] Bloot op grond van die feit dat hierdie verdrae die aansprake van die gekleurdes

---

84) Muller, op. cit., p.129 en p.189. Vgl. ook K.A. G.H.8/10. Rapport van Van der Walt en Joubert.
85) Van Schoor, op. cit., pp.5-6.
86) Ibid., p.9; Van Jaarsveld, op. cit., p.169 en Muller, op. cit., p.179.
87) Van Schoor, op. cit., p.4; Muller, op. cit., p.180, vn. 35, pp.201-202; Van Jaarsveld, op.cit., p.66-67 en Dreyer, op. cit., p.63.
88) Van Schoor, op. cit., p.12; Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Twaalfde Jaargang, II (Kaapstad, 1949), p.24; Muller, op. cit., pp.124-130 en p.200; Visser, C.F., The Great Trek and Transorangia (Ms. Universiteit van Witwatersrand), p.49.

in beginsel op sekere streke erken waarop die blankes ewe sterk en met meer reg aanspraak gemaak het, is kwaaie gevoelens nie net by die republikeinsgesinde emigrante nie, maar ook by die lojaalgesindes opgewek. Nog algemener en groter was die misnoeë wat ontstaan het ingevolge die aanstootlike rassebeginsel wat die verdrae by implikasie aan die blankes opgedwing het. Dit was nie net 'n geval dat die soewereine onafhanklikheid van die gekleurdes erken en die blankes nog as Britse onderdane beskou is nie, maar in die praktyk sou die blankes wat binne die jurisdiksie van die opperhoofde val, aan hulle gehoorsaamheid en onderdanigheid verskuldig wees — 'n beginsel wat elke blanke met wrewel vervul het.[89] Afgesien van die negering van die begeertes van daardie emigrante wat hul eie heil vry van enige Britse invloed wou uitwerk, het die grief dat die Britse owerheid hulle nie in hul grondregte wou beskerm en hul politieke en juridiese status geensins in aanmerking wou neem nie, die ou gevoel van verbittering en teleurstelling, wat soveel jare aan die Kaapse oosgrens geheers het, opnuut laat opvlam.

Gepaardgaande faktore en insidente het steeds daartoe bygedra dat die afkeer aan die Britse gesag in 'n toenemende mate sou aangroei. So byvoorbeeld was dit o.a. nie uitgesluit nie dat die emigrante moontlik daarvan bewus kon gewees het dat die voorgemelde verdrae tot 'n groot mate deur die bemoeiinge van die sendelinge by Adam Kok en Mosjesj tot stand gekom het.[90] Ook die voorsiening van wapens en ammunisie aan Adam Kok in Februarie 1844; die uitnodiging aan Mosjesj se drie seuns en twee broers om in Kaapstad in die „Christelike beskawing" opgevoed te word, en die uitvaardiging van kennisgewings wat allerlei dreigemente teenoor die emigrante bevat het, sou gewis nie daartoe bydra om veral die republikeinsge-

---

89) Ibid.

90) Van Schoor, op. cit., p.13, Modgley, op. cit., p.26, en Van Jaarsveld, op. cit., p.73.

sinde emigrante met die Britse gesag te versoen nie.[91]

Hoewel die Britse owerheid hom vir 'n geruime tyd daarna nie direk met sake oorkant die grense ingelaat het nie, het die opperhoofde se poginge om hul gesag oor die blankes ooreenkomstig die verdrae, te laat geld, 'n onuithoudbare posisie in Transgariep geskep.[92] Toe Adam Kok 'n blanke met geweld laat arresteer, het al wat blanke is na die wapens gegryp om aan hul opgekropte gevoelens lug te gee. Die uiteindelike gevolg was egter dat Britse troepe die Griekwas te hulp gesnel en die emigrante onder Mocke, Kok en ander in April 1845 by Swartkoppies uiteengejaag het.[93]

As hierdie Britse dwarsboming, om hul persoonlike rekening met die Griekwas te vereffen en bowendien hul verliese aan vee en grond te wreek, rede vir teleurstelling en misnoeë was by daardie emigrante wat geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse kroon af te lê en hulle oorkant die Vetrivier, of saam met Mocke verder noordwaarts gaan vestig het, en te meer was daar vir die agterblywende „Maatschappijers" grond vir diepgaande ontevredenheid met die reëlings wat goewerneur Maitland persoonlik by Touwfontein getref het.[94] Met uitgangspunt „to secure the lands and freedom of the numerous native tribes..... against the encroachment and agression of self-expatriated British subjects," sou Maitland se praktiese maatreëls daarop neerkom dat die Griekwa-gronde in vervreemde en onvervreemdbare streke verdeel en 'n Britse Residensie in Transgariep opgerig word. Terwyl die emigrante se reg op grondbesit en beginselbesware om onder gekleurde opperhoofde te staan, wel erken is, sou die Goewerneur se ongenaakbare houding teenoor die republikeinsgesinde emigrante, die herbevestiging van die opperhoofde se soewereine regte

---

91) Midgley, op. cit., pp.14, 15 en 18: en Muller, op. cit., pp.276-277.
92) Vgl. Muller, op. cit., p.200; Van Schoor, op. cit., p.14 en p.17, Midgley, op. cit., p.47.
93) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.17-18.
94) Ibid., p.20 en p.24, Midgley, op. cit., p.47.

en die oprigting van 'n Britse voorpos, waarvandaan die Resident hom voortdurend met die streke sou bemoei wat nog altyd as die onbetwiste gebied van die „Maatschappij" beskou is, het enige versoening met die Britse gesag onmoontlik gemaak. Die aanhangers van die „Maatschappij"-tradisie het eenvoudig volhard in hul ideaal om hulle nooit aan Britse jurisdiksie te onderwerp nie.[95]

In Augustus 1845 is die emigrante vir die soveelste maal deur middel van 'n proklamasie in kennis gestel dat almal wat hulle buite die Britse koloniale grense bevind, nog as Britse onderdane beskou sou word en gevolglik geen reg op afsonderlike staatsvorming sou hè nie.[96] Op die emigrante het dit weliswaar geen indruk gemaak nie, maar slegs die feit herbeklemtoon dat hulle nie vrygelaat sou word om hulle eie heil uit te werk nie. Die verbittering het egter geen perke geken toe kapt. H.D. Warden, die Britse Resident, met 'n troepemag en met die opdrag om komdt. Jan Kok as rusverstoorder in hegtenis te neem na die Vetrivier opgeruk het nie. Gramskap sou nie net verwek word vanweë die feit dat van nie-blanke hulp tydens die skermutseling gebruik gemaak is en verskeie emigrante gedwing is om hulle gewere af te gee nie, maar vir die eerste keer was hier 'n bewuste poging van Britse kant om hom in te meng met 'n streek wat nog altyd as onbetwisbare „Maatschappij"-gronde beskou is.[97] Volgens Andries Pretorius het hierdie „ongeroepen en noodelose" stap 'n gevoel veroorsaak „'t welk schoon niet luid, diep geworteld is, en 't welk veel behendigheid vereischen zal om te worden uitgeroeid."[98]

---

95) Van Schoor, op. cit., p.20.
96) Eybers, G.W., Select Constitutional Documents...., (London, 1918), pp.183-184. Proklamasie van Maitland, d.d.21.8.1845.
97) Van Schoor, op. cit., pp.21-23; Barnard, B.J., 'n Lewensbeskrywing van Majoor H.D. Warden in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse, Elfde Jaargang, I (Kaapstad, 1948), pp.359-363.
98) V.A. H.C. 1/10. A.W.J. Pretorius aan H. Pottinger, 16.10.1847.

Hoewel kapt. Warden as gesagsdraer van die Britse owerheid hom nie weer regstreeks met sake oorkant die Vetrivier vóór die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit in Februarie 1848 ingelaat het nie, sou hy met behulp van persoonlike agente nietemin in sy strewe volhard „to cause the British name to be respected beyond the Modder River."[99] In twyfel gelaat oor die Britse toekomsplanne met betrekking tot die Winburg-streke en die onsekere verhouding wat daar tussen Winburg en die res van die „Maatschappij" ten noorde van die Vaalrivier bestaan het, het verhoed dat die groot aantal republikeinsgesinde emigrante ten noorde van die Vetrivier hulself enigsins kon konsolideer om die Britse opdringing eens en vir altyd die hoof te kon bied.

Intussen is hierdie gevestigde Winburgse bevolking met sy sterk „Maatschappij"-tradisie nie slegs deur emigrante versterk wat ná Swartkoppies en die oprigting van die Britse Residensie te Ploemfontein doelbewus die suidelike streke van Transgeriep verlaat het omdat hulle ten enemale nie onder die Britse vlag wou woon nie, maar ook deur verskeie verbitterde Natallers wat sedert die anneksasie van Natal, van tyd tot tyd oor die Drakensberge getrek het om hulle op die Hoëveld te vestig.[100] Die grondoorsaak vir hierdie voortdurende verhuising en finale georganiseerde oortog teen die einde van Desember 1847, skryf Andries Pretorius toe aan „'t ontnemen van de Emigranten Boeren van hun onbewerkte plaatsen, in direkte skending van den geest van den Proklamasie van sir George Napier." Afgesien van die feit dat gebrek aan behoorlike gesagshandhawing die bewerking van al hul plase onmoontlik gemaak het, was die grond nie net hul persoonlike eiendom nie, maar het hulle dit nog steeds, ten spyte van die Britse anneksasie, as kleinood gesien wat wettig van Dingaan verkry

---

99) V.A. B.R.2/1. H.D. Warden aan R. Woosnam, 28.11.1847.
100) Van Schoor, op. cit., p.24 en p.27; Midgley, op. cit., p.37 en Van Jaarsveld, op. cit., p.79 en p.80.

en daarna gekoop is „tegen geen mindere prijs dan het vergieten van hun eigen bloed, en het verraderlijk vermoorden..... van niet minder dan 400 weerloze Emigranten." 'n Ewe belangrike rede vir die verhuising skryf Pretorius toe aan die feit „dat Natal met Kaffers overstroomd is geworden, dat het onmogelyk is, van zoo weinig blanken als er in evenredigheid te Natal zyn, om te midden van tien duizenden Kaffers te wonen, met eenig gevoel van veiligheid." Al hul pleidooie by die owerheid om die gevaar die hoof te bied, was egter tevergeefs.[101] As die toestande aan die Kaapse oosgrens in die dertiger jare in gedagte gehou word, klink Pretorius se woorde soos 'n volmaakte refrein: „Wy heef volstrek bescherming van nooden en het Gouvernemend kan en wil ons niet beschermen."[102]

Die gemoedstemming waarmee hierdie Emigrante Natal verlaat het, word veral deur die volgende woorde van Pretorius aan goewerneur Pottinger saamgevat:[103] „O! hoe grivend is het niet voor ons allen genoodzaak te zijn onze gemakvolle woningen te verlaten, en met onze vrouwen en kinderen, ons wederom in de woestyn te werpen..... Het is verschrikkelyk om te beschouwen de gevaren, moeylykheden en ontberingen, die wy uitgestaan hebben zedert wy van de Kaapsche Colonie emigreerden, om vrede te verzekeren, en toen wy dachten dat wy ten laatsten ons oogmerk bereikt hadden, en het overige dagen in rust en zekerheid onder de bescherming van een magtig en vaderlyk bestuur konde doorbrengen, worden wy nu wederom van ons

---

101) V.A. H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H. Pottinger, 16.10.1847..

102) Voortrekker-Argiefstukke. R.128/47. (A.W.J. Pretorius) aan A. Stockenström, 25.10.1847.

103) Uit gebrek aan ander dokumente uit hierdie tyd, wat die gevoelens van die Natalse Emigrante teenoor die Britse gesag vertolk, word by herhaling na die korrespondensie van A.W.J. Pretorius in hierdie tyd verwys. Hoewel sy briewe in die eerste plek sy eie oorweginge en menings behels, het hy tog ook die gevoelens en ideale van die Emigrante as 'n bepaalde lotsgemeenskap probeer saamvat en vertolk. Dat hierdie „bewuste vertolking" van hulle gevoelens onteenseglik deur sy eie heldere insig in die politieke toestande van sy tyd gekleur is, spreek vanself.

ha(a)rdsteden verdreven, zonder huis en zonder herberg, en op het punt om ten twede maal ons in de woestyn van Africa te werpen...."[104] Aan sir Andries Stockenström skryf hy: „Siet WelE. Heer, toen wy in den hagelyksste toestand van vyanden om ons waart, wis het Gouvernemend niet dat wy syne onderdaanen waart en dat hy ons moes helpen, maar naar dat wy door Goodes hand gered waart, kwam hy en neem ons met gewelt in besit en vaardig een prokkelemaasie uyd en beloof ons grond en bescherming, en nu heef hy ons grond van ons genoomen en wy heef door onvylighyd nu den land moeten verlaaten...."[105] Volgens Pretorius het hulle deur ondervinding geleer om „H.M. hare genadige bescherming" te leer vertaal as „ontvreemding — verdrukking — verdelging."[106]

Afgesien van die persoonlike haat en verbittering jeens die Britse gesag en hoeveel Natallers hulle werklik in die Winburg-streke gevestig het, sou hul ervaringe en ontbering onder die Britse bewind in Natal opnuut by alle „Maatschappij"-gesinde Emigrante as onomstootlike bewys dien dat, waar blank en nie-blank onder die Britse vlag saamwoon, 'n veilige en bestendige lewensbestaan eenmaal nie moontlik is nie. Aan die strewe om onafhanklik van die Britse gesag hul eie heil uit te werk en eie verhouding met die inboorlinge te bepaal, is dus slegs nuwe stukrag verleen.

Naas die algemene wrewel teenoor enige Britse inmenging in hul betreklik selfstandige bestaan en ergernis oor die teenwoordigheid van die Britse Resident, as verpersoonliking van die Britse gesag, sou die republikeinsgesinde Emigrante van Transgariep ook in hul verhouding tot en optrede teenoor die sogenaamde lojaalgesinde Emigrante van 'n innerlike gebondenheid aan hul eie ideale en onderlinge toegeneëntheid

---

104) V.A. H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H. Pottinger, 16.10.1847.
105) Voortrekker-Argiefstukke. R.128/47. (A.W.J. Pretorius) aan A. Stockenström, 25.10.1847.
106) Aangehaal by Preller, G.S., Andries Pretorius, (Johannesburg, 1937), p.328.

getuig. Hierdie verdelingslyn, nl. die keuse vir of teen die Britse gesag, wat in die loop van die veertiger jare binne die geledere van die Afrikaner-emigrante in Transgariep al sterker getrek sou word, sou op sigself as 'n belangrike faktor meewerk dat die Emigrante in die streek tussen die Oranje- en Vaalriviere gouer en in 'n groter mate tot selfbewussyn gebring is.

Aangesien die Voortrekkers die Kolonie verlaat het om uiteindelik binne 'n eie onafhanklike gemeenskap hul politieke en ekonomiese vryheid te verseker, is dit vanselfsprekend dat die Britse gesag naas alle ander afkeer wat hulle moontlik daaraan gehad het, ook prinsipieel verwerp sou word. By die Trekboere daarenteen wat vanweë suiwer ekonomiese nood uit die Kolonie gedryf is[107] was daar soos reeds aangetoon geen begeerte om hul van die Britse bewind af te skei of politieke aspirasie om hulle as 'n selfstandige gemeenskap af te skei nie.[108] Die Trekboere se eie besondere historiese ontwikkeling sedert die laaste kwart van die agtiende eeu, het ook bygedra dat hulle vir baie jare nooit die strewe en ideale van die „Maatschappijers" hul eie sou maak nie. Vir hul beperkte behoeftes en lewensdoel kon die „Maatschappij" hulle ook werklik niks meer bied as die Britse bewind nie. Die algehele en permanente landsverhuising van die dertiger jare was dan ook in die oë van die Trekboere 'n dwase en onverstandige onderneming.[109] Die landstreek oorkant die Oranjerivier was vir die

---

107) Van der Merwe, op. cit., pp.135, 176, 338, 342, 361-2. As faktore word veral genoem: die aanwas van bevolking, gebrek aan goedkoop grond, herhaalde droogtes, die vernieling van die weiveld in die Kolonie deur sprinkane en trekbokke en hierteenoor die voldoende grond, weiveld en standhoudende waters in Transgariep.

108) Van der Merwe, op. cit., pp.337, 365 en 372, en Van Van Schoor, op. cit., pp.xiii-xiv.

109) Dit verbaas dus nie dat die Trekboere selfs onsimpatiek teenoor die Groot Trek gestaan het nie. Veldkornet G.D. Joubert het hom o.m. as volg daaroor uitgelaat: „Ik verbeel mij dat een geheele verwoesting die menschen haastig sal ooverkooment en die leef sal terug keeren..... of seij sal geheel verwes worden erger dan de heijdenen. Ik denk het was bes dat seij vaaren en self siet wat van hun word....." (Aangehaal by Van der Merwe, op. cit., pp.370-71.)

Trekboere derhalwe, patrioties gesproke, geen nuwe „vaderland" nie, maar slegs 'n nuwe woongebied met die moontlikheid van 'n vryer ekonomiese bestaan.

Sedert die Trekboere hulle vanaf die dertiger jare permanent in Transgariep begin vestig het, sou hulle by herhaling hul trou teenoor die Britse gesag bevestig.[110] As voorbeeld van hierdie besondere toegeneë lojaliteitsgevoel dien veral die memorie van M.A. Oberholzer en ander, wat in 1842 aan die Kaapse Goewerneur gerig is, waarin die wens uitgespreek word „ons nimmer anders te willen aanmerken als Britse onderdaanen die nimmer de Kalooni hebe verlaaten enig muiterij tegen Haare Maajesteids Governement te onderneemen nog eenige moedwil of ongeregelheid teegen de Naaturellen deeses Uijthoeke heb onderhandelt, maar alleen door nood gedreven bestaan voor ons vamieljes. Smeeken wij uwen Ekselensie deesen ootmoedigste smeeken aan haar Maajaestijd onser aller genaadigge Kooningen van Groot Britanje op het allervrindelijks en ootmoedigste met deese ons memoori bekend te maaken of het haar Maajestijds onderdaanen te willen beschouwen, weijl wij nimmer getragt heb ons van haar onderwerpen."[111]

Hoewel die maatreëls van die Britse owerheid wat daarop bereken was om hulle aan die jurisdiksie van die inboorlingkapteins te onderwerp, hulle op grond van hul ewe sterk ontwikkelde rassegevoel dwars in die krop gesteek het, en hulle selfs saam met die republikeinsgesinde Emigrante die wapens teen die Griekwas opgeneem het, het hulle hul trou teenoor die

110) G.D. Joubert aan W.C. van Ryneveld, 25.2.1836, aangehaal by Van der Merwe, op. cit., pp.370-71; op. cit., p.337, 345-346, 350, 354, 355-56, 365 en 372; Chase, op. cit., II, J. Boshoff, d.d. 1.9.1838; K.A. G.H. 8/10. Versoekskrif van M.A. Oberholzer e.a., d.d. 1.4.1842; K.A. G.H.8/10. Verslag van Van der Walt en Joubert, d.d.7.7.1842; K.A. G.H.8/10. M.A. Oberholzer en 192 ander aan G. Napier, 3.8.1842; K.A. G.H.8/10. Memorie van 108 Boere langs die Riet- en Modderriviere aan G. Napier, d.d.29.9.1842; Eybers, Select Constitutional Documents, pp.260-261, M.A. Oberholzer aan H. Cloete, 29.9.1842 en Van Schoor, op. cit., pp. xiii-xvi, pp.1-3 en pp.10-11.

111) K.A. G.H.8/10. M.A. Oberholzer en 192 ander aan Geo. Napier, 3.8.1842.

Britse gesag nooit werklik versaak nie. Op stuk van sake kon die Kaapse regering altyd op hul lojaliteit reken. Omdat hulle nie die „burgerlijke en kerklijke" voorregte van die Koloniale bestuur, hoe beperk ook al, wou ontbeer nie, en die „vaaderlijke bescherming" van die Kaapse bewindhebbers as die enigste waarborg gesien het om hulle grondregte teen die aansprake van die Griekwas en Basoeto te beskerm en om die nodige stabiliteit vir hul ekonomiese bestaan te verseker, het hulle keer op keer daarop aangedring dat die suidelike streke van Transgariep by die Kaap-kolonie aangeheg moet word. Selfs nadat die Britse gesag in 1846 nomineel oor die Oranjerivier uitgebrei is, het die lojaalgesinde Trekboere voortgegaan om op groter militêre steun en uiteindelike anneksasie van Transgariep aan te dring.[112]

As die blote teenoormekaarstelling van die botsende politieke beskouinge van die lojaalgesinde Trekboere aan die een kant en die „Maatschappij"-mense aan die ander kant genoegsame rede vir ernstige wrywing was, soveel te meer sou die republikeinsgesindes hulle verset teen die dankbare lojaalgesindes se doelbewuste pogings „om die Britte steeds verder noordwaarts in te trek." Omdat die lojaalgesindes, vanweë hul gemeenskaplike lojaliteitsgevoel teenoor die Britse gesag reeds in 'n verbonde verhouding tot mekaar gestaan het en nie

---

112) Vgl. K.A. G.H.8/10. Ooreenkoms tussen A. Kok en M.A. Oberholzer, d.d.16.6.1840; Eybers, op. cit., pp.260-261, Versoekskrif van M.A. Oberholzer en 282 ander aan H. Cloete, 28.9.1843; Grobbelaar, J.J.G., op. cit., p.xvi; Van Schoor, op. cit., xvi, p.2 et seq. en p.20; Chase, op. cit., II, pp.168-169; Van der Merwe, op. cit., p.357. Hoewel die Trekboere se aanspraak Adam Kok en Mosjesj se aansprake of morele reg op die sogenaamde „Bastaard-gronde" en die gronde in die suidelike gedeelte van die Caledonrivier-vallei nie erken het nie, het hulle tog ooreenkomste aangegaan waarin die vermeende grondregte van die Kapteins erken is. Hiermee wou hulle enige wrywing met die Britse regering voorkom, wat die emigrante al gewaarsku het om nie op die gronde van die kapteins inbreuk te maak nie. Dit kan ook wees dat die Trekboere die guns van die kapteins probeer wen het, aangesien hulle nie aan die Boere anders as troue Britse onderdane grond wou verhuur nie.

uitsluitlik in 'n afgesonderde gebied gewoon het nie, maar geesgenote tot in die hartjie van die republikeinse streke van Winburg gehad het, en die republikeinsgesindes omgekeerd ook verspreid in die meer lojaalgesinde suidelike streke van Transgariep gewoon het, sou hierdie wedersydse en intieme kontak soveel meer geleentheid vir wrywing bied. Wat die republikeinsgesindes betref sou hul getroetelde afkeer aan die Britse gesag hom veral teenoor die lojaalgesindes in die vorm van skrikaanjaging, dreigemente en intimidasie laat geld, wat daarop gemik was om hulle van oortuiging te laat verander of hulle desnoods te dwing om Transgariep vir goed te verlaat.[113]

Omdat die republikeinsgesinde emigrante die inroeping en aanhang van die Britse owerheid in die lig van verraad beskou het, sou, in die woorde van dr. F.A. van Jaarsveld, „strome van haat, woede en verwyte in Transoranje met sy teenstrydige aansprake in die emosioneel-oorspanne pioniersgemoedere tot openbaring" kom.[114] In 'n regeringskennisgewing van 1844 wat vanaf die magistraatskantoor te Colesberg aan die inwoners van Transgariep uitgereik is, lui dit o.m.: „His Honour (the lieutenant-Governor) finds it difficult to believe that so hateful a spirit as to commit wanton and unprovoked injury upon their peaceable countrymen can be felt or encouraged to any extent amongst a Christian people like the Dutch farmers, and therefore views it as a feeling confined to a few troublesome and reckless men."[115] Hoe sterk al die onderlinge haat en

---

113) Van Jaarsveld, op. cit., pp.24-26, 66, 67, 69, 70, 75 en 79; en Van Schoor, op. cit., pp.9, 15 en 20.

114) Van Jaarsveld, op. cit., pp.73-74; Van Schoor, op. cit., p.15, en Dreyer, op. cit., p.103 et seq.

115) Aangehaal by Cory, op. cit., IV, p.305. Kennisgewing van R.W. Rawstorne, 7.11.1844. Daar moet op gewys word dat alles wat teen die Britse belange ingedruis het, by herhaling toegeskryf is aan „enkele" heethoofde, by name „a few troublesome and reckless men," „a few turbulant characters," e.s.m. Die aanwesigheid van 'n groep mense wat in getal die lojaalgesinde Trekboere in Transgariep oortref het en geen erg aan die Britse gesag gehad het nie, wou die Britse gesaghebbers in hul blinde vooroordeel vir baie jare nooit as 'n fait accompli erken nie.

vyandskap, wat hom gewoonlik fel onder bloedverwante en landgenote voordoen, op christelike en etiese gronde af te keur is, het die verskerpte differensiëring wat dit meegebring het, ongetwyfeld tot groter bewuswording van hul onderskeie gemeenskapsideale en -strewe gelei. Met ander woorde reeds op grond van die aan- of afwesigheid van 'n bepaalde volksgevoel sou die emigrante-boere in Transgariep hulle laat onderskei. Aan die een kant sou die republikeinsgesinde emigrante hulle as „ware," „opregte" of „harde" emigrante, „patriotte" en „Afrikanen" beskou, terwyl die lojaalgesindes vir „Britsen," „landverraders," „Engelse konkelaars," „inkomelinge," „vreemdes" of „natrekkers" uitgemaak is. Daarenteen sou die lojaalgesindes hulself weer as „respectabele," „lojale," „troue" of „eerbiedige" onderdane van Haar Majesteit ag, terwyl die republikeinsgesindes as „rebelle" en hul dade as „wetteloos" bestempel is.[116]

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die blote gemeenskaplike afkeer aan alles wat Brits was en aan diegene wat die Britse gesag aangehang het, reeds tot 'n besondere geestelike verbondenheid onder die Emigrante van die „Maatschappij" meegewerk het, maar waar die Britse gesag boonop nog 'n voortdurende geestelike en reële bedreiging vir hul onafhanklikheid en volkswording was, sou hul gemeenskaplike reaksie teenoor die opdringende vyand nog soveel meer tot hul innerlike samesnoering bydra. Die kontak en aanraking met die Britse gesag en die lojaalgesinde Trekboere en die teenoormekaarstelling van die republikeinsgesinde Emigrante se strewe met die wil en wense van die Britse gesagshebbers en die aspirasies van die lojaalgesindes, sou die Emigrante dwing om hul vryheid- en eenheidstrewe, hetsy op emosionele of rasionele gronde, ten opsigte van hulleself of na buite te formuleer en te regverdig. Die realiteit van hul lotsposisie

---

116) Dreyer, op. cit., p.105 en Van Jaarsveld, op. cit., pp. 24 en 25.

het hul gedurig gedwing om die voor- of teendele van hul strewe op te weeg en op grond daarvan 'n vaste standpunt in te neem. Diegene wat tot dieselfde oortuiginge en sienswyse geraak het om met hul vryheidstrewe te volhard, sou noodwendig ook tot 'n dieper geestelike eenheid saamgesnoer word en gaandeweg van hul bepaalde volksgevoel al hoe meer bewus begin raak. Onder meer sou veral die teenstrydige opvattinge hoe teen die opdringende vyand opgetree moet word, egter verhoed dat uit dit alles 'n hegte groepsgees sou voortspruit waardeur die Emigrante hulle eenmaal as 'n volksbewuste gemeenskap sou onderskei. Terwyl sommige die Britse vooruitstoting lydelik aanvaar het, sou ander hul openlik en doelbewus daarteen verset, of hul van die bedreiging isoleer deur eenvoudig verder noordwaarts tot anderkant die 25ste breedtegraad te verhuis.

H O O F S T U K V.

„WY BEHOORT AAN EEN EN DENZELFDEN ZAAK."

Uit hoofde van 'n eie ontluikende vryheidstrewe en sterk anti-Britse gevoelens is dit begryplik dat die Emigrante van die Winburg-streke, sedert hul verhuising uit die Kaapkolonie, aan hul onafhanklike bestaan, veral in 'n politieke sin, erg verknog geraak het. As 'n redelik gevestigde gemeenskap in die binneland sou die lede daarvan ook 'n sterker samehorigheid teenoor die opdringende vyand vertoon. Die gemeenskaplike en na binne-gekeerde gevoel van afkeer aan die Britse gesag sou derhalwe al meer en meer tot 'n versetgees in hierdie streke ontplooi — 'n gees wat voortgespruit het uit die drang om hul goeie reg op hul gronde en onafhanklike bestaan te verdedig. Afgesien van hul persoonlike ervaringe aan die Kaapse oosgrens, was die onuithoudbaarheid om onder die Britse gesag te leef, vir hulle nêrens aanskouliker en sprekender uitgebeeld as die lot wat die Emigrante ná die anneksasie in 1843 in Natal ondergaan het nie. Dit is opnuut by die volhardende republikeinsgesinde Emigrante tuisgebring dat die filantropiese benadering van die inboorlingvraagstuk; die outokratiese optrede van die Britse gesagvoerder en die gebrek aan behoorlike gesagshandhawing geen heil of bestaansveiligheid aan die Afrikaner-Emigrante kon bied nie.

Dit is dus vanselfsprekend dat die Winburgers nie die regstreekse inmenging van die Britse Resident, sy agente of die pogings van 'n aantal lojaalgesinde Emigrante om die Britse gesag oor hulle in te roep, lydelik sou aanvaar nie.[1] Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, sou hierdie versetgees aanvanklik die vorm van skrikaanjaging teenoor die lojaalgesindes in alle dele van Transgariep aanneem, enersyds om hul-

---

1) P.C.1/1/1. G.H. Meyer aan N.D. Warden, 1.11.1847.

le tot die republikeinse uitkyk te dwing, en andersyds uit weerwraak omdat hulle die Britse gesag probeer inroep het.[2] Ongetwyfeld sou die spanning wat hierdeur veroorsaak is, en daarbenewens die feit dat hulle voordurend in die skadu van die Britse gesag gewoon het, nie die gevoel van verset laat afneem nie.

Ten einde aan hierdie onsekere staatkundige posisie 'n einde te maak, het die Winburgers ook 'n afgevaardigde saam met A.W.J. Pretorius na Grahamstad gestuur. Die teleurstellende uitslag van die sending het egter die gevoelens so gaande gemaak dat Pretorius kort ná sy aankoms in Natal — waar die oorgrote meerderheid van die Natallers reeds aan die trek was — teruggekeer het na die Winburg-streke „om de ontevredenheid welke toen bestond onder de Boere Emigranten te trachten te stillen, alsook om de byeenkomsten welke bepaald waren by te woonen."[3]

Oral het daar nou 'n gees van gemeenskaplike teenkanting teen die Britse gesag en 'n bewuste handhawing van die regte en ideale van die „Maatschappij" posgevat. Só is op 'n groot byeenkoms te Potchefstroom deur die „Over-Vaalsche" Emigrante besluit om die republikeine tussen die Vet- en Vaalriviere heelhartig te steun in hul stryd om hul van die Britse gesag te ontworstel. Almal wie se harte warm geklop het vir die vryheidsideaal van die Emigrante, is versoek om saam te werk.[4] Hoewel hier eintlik nog geen sprake van 'n algemene en verenigde beweging onder die Emigrante was om hul onafhanklikheid ten alle koste te handhaaf nie, het 'n belangrike deel van die Emigrante tog daardie wesenlike kenmerk van 'n ontluikende volksgevoel vertoon dat hulle hulself as 'n aparte

---

2) Van Schoor, M.E.C., Politieke Groepering in Transgariep in Die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, II (Kaapstad 1950), pp.24-25.
3) H.C.1/8. A.W.J. Pretorius aan C.M. Owen en W.S. Hogge, 5.2.1852.
4) Van Schoor, op. cit., p.27 en Soutter Versameling. Paket 2, no.6. Notule van die Potchefstroomse Raad, d.d. 20.12.1847.

gemeenskap wou handhaaf en dat hulle nie bereid was om hul sonder meer aan 'n vreemde gesag te onderwerp nie.

Omdat A.H. Potgieter se isolasiebeleid om die Britse agtervolging te ontkom, beteken het dat die Winburgers hulle as 'n gevestigde gemeenskap na die streke ten noorde van die 25ste breedtegraad moes verhuis, het hierdie gedragslyn nie algemene navolging gevind nie.[5] Diegene in die Winburg-streke wat aan hul woonplek en gevestigde belange gebonde was, is dus voor die keuse gestel om hul óf lydelik aan die Britse gesag te onderwerp, óf op één of ander wyse teen die opdringing van hierdie gesag te verset.

Aan die verdere ontwikkeling van die heersende gevoel van verset onder die republikeinsgesinde Emigrante in Transgariep, as 'n uitingsvorm van hul ontplooiende volksgevoel, sou veral twee persoonlikhede 'n besondere betekenis en omvang verleen: aan die een kant 'n Andries Pretorius met sy besondere aanvoeling en bewussyn van die Afrikaner se volksideale en -ontwikkeling, en aan die ander kant 'n sir Harry Smith, die verpersoonliking van die Britse gesag, met sy opsetlike negering van die ideale en strewe van die Afrikaner in die binneland van Suid-Afrika.

Begiftig met 'n visionêre blik oor die gebeurtenisse van sy tyd en insig in die logiese verband tussen hierdie gebeurtenisse met die verlede en die toekoms, sou Pretorius reeds vóór sy vertrek uit die Kaapkolonie die diepere betekenis en uiteindelike uitkoms van die Groot Trek sinvoller as enige ander trekleier deurgrond. Vandaar dat hy aan ds. G.W.A. van der Lingen kon skryf: „Maar so dese (die Trek) van den Almagtige is, soo het syne wil en welbehagen is soo sullen wy daar tot een volk worden en ter syner eere leven."[6] Selfs nadat hy hom gewilliglik aan die Britse gesag in Natal onderwerp het,

---

5) Van Schoor, op. cit., p.22.
6) Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849. R.18/38 A.W.J. Pretoruis aan G.W.A. van der Lingen, 23.7.38.

het die gedagte van 'n wordende en onafhanklike Afrikanervolk hom nooit verlaat nie, want skryf hy „aan alle den Emmegranten" in Maart 1847 vanaf sy plaas Welverdiend: „Daar ik nooyd sullen ophouden (een) Afrikander te zyn kan ik niet zwygen wanneer ik myne lam:ge)noten) sien dwaalen..... (en) soo gy een vryje volk wilde blyven zoude ik UE. stellig raden van den tegenwoordige heersers hier (te Natal) of elders geen te neemen."[7]

Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon was dit veral die Britse inboorlingbeleid; die gebrek aan beskerming van die blankes se lewe en eiendom in Natal, sowel as die wyse waarop goewerneur Pottinger hom in Grahamstad behandel het, wat Pretorius tot 'n ander gedragslyn gedwing en laat besluit het om nogeens onder die Britse gesag uit te trek „tot er voor ons arme Affrikaansche boeren beter daagen zullen koomen als die van heden," want, soos hy reeds aangevoer het, „als desen het genaadigen bescherming zyn welk aan ons beloof

---

7) Voortrekker-Argiefstukke. R.74/41. Hoewel Pretorius hom die beskuldiging op die hals gehaal het dat hy met sy onderwerping aan die Britse gesag 'n „oorloper" en 'n „Engelsgesinde" was, moet die moontlikheid egter nie uit die gedagte verloor word nie dat Pretorius en ander hulle aan die Britse gesag onderwerp het, waarskynlik met die hoop dat die Emigrante uiteindelik in Natal toegelaat sou word om hul eie bestuur onder Britse susereiniteit te behou. By die oorgawe op 8 Julie 1842 het Pretorius gevra of 'n verteenwoordigende wetgewende vergadering aan hulle toegeken sou word. (Vgl. Soutter Versameling, Paket 4, no.20). Met die finale oorgawe is trouens in klousule 5 neergelê dat die Britse kommissaris voorstelle m.b.t. 'n wetgewende liggaam kon ontvang, maar dat die Imperiale regering sy eie beslissing daaroor sou gee. Voorts is neergelê dat die bestaande instellinge in Natal ongehinderd sou bly voortbestaan totdat dit mettertyd deur ander instellings vervang sou word. (Vgl. Du Plessis, Die Republiek Natalia in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, I, (Kaapstad, 1942), p.201). Die voortgesette Volksraad het dan ook werklik voorstelle ten opsigte van 'n Wetgewende Raad gemaak wat „wou verhoed dat soortgelyke griewe hier sou ontstaan as in die Kaapkolonie voor die Groot Trek." (Du Plessis, op. cit., p.204). Vir meer as twee jaar is daar niks gedoen om die „plegtig beloofde Regelmatige vorm van Bestuur" in te stel nie, maar teen die einde van 1845 moes die Natalse emigrante met diepe teleurstelling verneem dat 'n onvrye kroonkoloniebestuur oor hulle ingestel sou word. (Vgl. Du Plessis, op. cit., p.206 en Chase, J.C., The Annals of Natal, II, p.114).

waren, neen, dan liever den wildernis van Afr(ika)!"[8] Pretoruis se grootheid van karakter, sy selfopoffering en besondere roepingsbesef tree sterk op die voorgrond waar hy voor sy familie 'n eed afgelê het dat hy in die toekoms al sy kragte aan die vryheid van die Emigrante sou wy en dat hy nooit weer onder die Britse vlag sou woon nie.[9] Toe sir Harry Smith hom 'n groot som geld aanbied waarmee hy stil en onbekommerd in Natal kon woon, was sy antwoord „dat geen geld my meer kon gelukkig maaken, maar den sug van vryheid die nu in den harten van den Affrikaansche boeren woonen."[10]

Benewens die feit dat Pretorius teen die einde van 1847 die onafhanklikheidstrewe van die Afrikaner in die binneland teen die hele Britse politieke konstellasie in suidelike Afrika gesien het, was sy onwrikbare geloof in die uiteindelike vrywording van die Afrikaner ook teen die nasionale vryheidsbeweging in Europa geprojekteer. Toe sir Harry Smith hom versoek om na Natal terug te keer, was Pretorius se woorde: „Gy eischt van my te veel, het is niet in die magt van Uw, of my, om alles weder terecht te brengen, want er rold een grote wiel oor de wereld, die ik nog Uw, instaat is te keren, en waar wy nocht achterna zal moeten loopen."[11]

Die gedagte dat die sug na vryheid nie net tot die Afrikaner-Emigrante beperk was nie, maar „een algemene beweging over de geheele wereld;" dat hierdie vryheidsbeweging 'n onweerstaanbare mag was en boonop van God gewil is, is herhaaldelik deur Pretorius uitgespreek. In sy algemene oproep aan die Emigrante van April 1848 verklaar hy „dat den groote Schepper eene algemene beweging onder den werel(d) veroor-

---

8) Voortrekker-Argiefstukke. R.133/48 A.W.J. Pretorius aan M. West, 26.1.1848.
9) B.R.2/1. H.D. Warden aan H.G. Smith, 24.2.1848.
10) A.C.1/8. A.W.J. Pretorius aan C.M. Owen en W.S. Hogge, 5.2.1852.
11) Ibid., Vgl. ook H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 22.4.1848.

saak" het.[12] Vóór die slag van Boomplaats skryf hy aan Andries Stockenström: „Ik ben seer onbekend met den beweging over den wereld....," en „(ik sal) tot myne doot voor vryhyd alles doen wat in myne vermoogen is door Godts hulp."[13] Aan komdt. J.T. Snyman, die warme ondersteuner van die Britse regering, skryf Pretorius in sy opmars na die Grootrivier dat „de wereld staan op voor hun vryhyd soo wel hier als in den andere landen soo het den willen des Allerhoogsten is wie anders sult het kan tegen kanten," en „het zal gemakkelyker zyn een berg in (de) zee te verzeten dan tegen de kracht of stroom van vryheid aan te gaan."[14] Heelwat later, ná die ongelukkige uitkoms van Boomplaats, skryf hy aan sy landgenote dat hy hom leef „boven al nog den hoop van vryhyd wiens see over den gansche wereld bruyschen."[15]

Die knegskap onder die Britse bewind in Natal en die onsekere posisie waarin die Emigrante ten noorde van die Oranjerivier ten gevolge van Britse optrede verkeer het, het by Pretorius opnuut die ideaal van 'n verenigde Trekker-maatskappy in die binneland wakkergeroep. Die volksontwikkeling met sy gepaardgaande sekerheid van bestaan was vir hom alleen moontlik binne 'n vrye „Maatschappij," en verder was dit vir hom 'n uitgemaakte saak dat hierdie staatkundige vryheid alleen gehandhaaf kon bly, indien dit die volle erkenning van Groot Brittanje weggedra het.[16] Met hierdie raak insig van die politieke toestande van sy tyd het hy derhalwe tot die oortuiging geraak dat nóg die isolasiebeleid van Potgieter, nóg

---

12) Voortrekker-Argiefstukke. R.140/48. 'n Algemene Oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
13) A.W.J. Pretorius aan A. Stockenström, 20.7.1848. Aangehaal by Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, II, (Kaapstad 1949), p.113.
14) Vgl. The Cape Government Gazette, No.2236, 5.10.1848. A.W.J. Pretorius aan J.T. Snyman, 22.7.1848.
15) Voortrekker-Argiefstukke. R.174/49. A.W.J. Pretorius aan sy landgenote en vriende, 27.4.1849. Dit blyk uit hierdie stuk dat Pretorius ook iets van die liberale en nasionale bewegings en opstande in Europa wis.
16) Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, I, p.47.

die geïsoleerde verset of teenkanting van die Winburgers ooit die verwesenliking van so 'n ideaal sou verseker. As 'n gebore leier het Pretorius, in die woorde van dr. F.A. van Jaarsveld, „tot die bewussyn gekom dat alle Emigrante buite die Britse kolonies tot 'n eenheid georganiseer moet word om hulleself geweldadige reg te verskaf."[17] Die onuithoudbaarheid van die Emigrante se posisie in die binneland het vir hom baie duidelik geword: aan die een kant sou die Britse owerheid om verskeie redes nie toelaat dat die Emigrante hul politieke en ekonomiese onafhanklikheid langs die grense van die Kaapkolonie konsolideer nie, en aan die ander kant, juis met die begeerte om van hierdie Britse opdringing en onuithoudbare inboorlingbeleid te ontkom, het die bodemgesteldheid en klimaat 'n verdere „trek" onmoontlik gemaak. Vandaar dat Pretorius later verklaar het: „Siet gy niet dat gy UE niet kund vry trekken?"[18]

Om uitvoering aan sy ideaal te gee, was Pretorius van voorneme om 'n vyfjarige vryheidstryd te voer en het sy hoop daarop gevestig om van Brittanje se verleentheid in die buiteland sowel as in Suid-Afrika gebruik te maak. Dat hy teen die einde van Desember 1847 of begin Januarie 1848 'n algemene gewapende verset teen die Britse gesag in Suid-Afrika oorweeg het, ly geen twyfel nie.[19]

Afgesien van sy vermaarde krygstalent, organisasievermoeë, oorredingskuns en die slag om sy medeburgers se vertroue te wen sou Pretorius se oormerke en ideale ongetwyfeld en begryplik 'n suiwer weerklank by die onvergenoegde Winburgers vind. Ook by hulle het die gedagte begin posvat dat al die Emigrante moet saamwerk om hulle eens en vir altyd van

---

17) Van Schoor, op. cit., pp.62-63.
18) Voortrekker-Argiefstukke. R.140/48. 'n Algemene oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
19) T.A. V.R.37/48. A.W.J. Pretorius aan die Volksraad te Ohrigstad, 4.1.1848; Van Schoor, op. cit., p.32 en Van Jaarsveld, op. cit., p.88.

die Britse gesag te ontworstel.[20] Hoe sterk Pretorius se persoonlike invloed oor die Winburgers was, blyk uit T.J. Biddulph, magistraat van Winburg, se opmerking dat „they regard Pretorius as a man who will lay down his life in their cause and it is astonishing to me what influence he possesses over them."[21] Sir Harry Smith het hom geteken as iemand „who possesses ability, great cunning and the tact to assume authority over a scattered population unnusal in a man of his limited education."[22] In samehang met die onafhanklikheidstrewe van die Winburgers sou Pretorius, beide wat sy persoonlikheid en eie politieke strewe betref, dus vanselfsprekend 'n leidende rol in die versetbeweging van 1848 in Transgariep beklee.[23]

* * *

As die voorafgaande politieke toestande en geestesgesteldheid van die republikeinsstrewende Emigrante ten noorde van die Oranjerivier in ag geneem word, is dit duidelik waarom sir Harry Smith se stap om die hele streek tussen die Oranje- en Vaalriviere in Februarie 1848 tot Britse gebied te verklaar, reëlreg teen die belange van die „Maatschappij"-mense ingedruis en só 'n hewige reaksie uitgelok het. Na oorlegpleging met „the leading chiefs of the neighbouring tribes, and with many of the meritorious and devout missionaries, as well as with the influential and thinking men of Her Majesty's subjects," aldus sir Harry Smith, is die soewereiniteit van Haar Majesteit, die Koningin van Engeland, oor die gemelde streek bevestig. Dit het geskied met die uitdruklike bepaling dat daar geen begeerte bestaan om Haar Majesteit se besittings uit te brei of om die opperhoofde en hul onderdane van hul erflike regte te ontneem nie, maar juis om daardie regte te beskerm en hulle te vrywaar teen enige verdere

---

20) Aan tweedrag onder Winburgers het dit aanvanklik nie ontbreek nie. Vgl. Voortrekker-Argiefstukke. R.189a/49, pp.408-409.
21) K.A. G.H.10/3. T.J. Biddulph aan R. Southey, 5.7.1848.
22) Imperiale Blouboek, 1849, XXXVI, (1059), p.57.
23) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.50-52.

agressie of verdringing van die kant van die Emigrante. Terwyl die opperhoofde hul gesag oor hul onderdane en eie stamwette sou behou, sou die blankes volgens die wette van die Kaapkolonie bestuur word. Boonop sou die blankes nog 'n jaarlikse „quitrent" of rekognisie vir hul grond betaal en dit behou op voorwaarde dat elke weerbare burger „turns out in defence of Her Majesty and her allies, either with arms, or as special constables, as may be required by the British Resident and Magistrate."[24]

In weerwil van hul uitgesproke anti-Britse gevoelens en bewuste onafhanklikheidstrewe sou die Emigrante in hierdie streke opnuut tot Britse onderdane verklaar word en dit juis op 'n tydstip toe die praktyk in Natal bewys gelewer het dat daar vir die Emigrante boere geen heil onder die Britse gesag kan wees nie.[25] Hoe sterk die gedagte van selfbeskikking by die Emigrante aanwesig was, getuig die uitsprake van Pretorius hierbo en toe hy hom op Smith beroep met die woorde: „Ik bid en smeek Uw. Excell. dat gy ons blanke Afrikaansch Emigranten ook dieselfde voorregt wilde schenken welke gy aan al de gekleurde bevolking schenkt, namelyk, het selfbeheer!"[26] Nadat Pretorius en sy volgelinge tot 'n gewapende verset oorgegaan het, was sy verdediging dat hulle slegs hulle „reg... erlangen welk God aan alle schepselen op den aarde geschonken heef. Selfs den slegte Bosman heef vryhyd en selfs bestier en ons kinders in Boyien worden gebrag?"[27] Later sou Pretorius nogeens by Smith pleit „om ons met rust te laten op dat gronden welken wy recht hebben."[28] Of soos dit elders gestel is: die Emigrante het geweier om hulle aan die proklamasie te onderwerp omrede „dat hunne koopschat niet erkend word."[29] Die

---

24) Parlementary Papers of the Cape of Good Hope, presented July 1848, p.63. Proklamasie van H.G. Smith, 3.2.1848.
25) Vgl. Voortrekker-Argiefstukke. R.140/48. 'n Algemene oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
26) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 22.4.1848.
27) The Cape Government Gazette, 5.10.1848.
28) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 14.8.1848.
29) Voortrekker-Argiefstukke. R.137/48.

republikeinse landdros van Winburg, Willem D. Jacobsz, het ook namens die Emigrante by Smith gepleit „om vry van alle magte en in vrede met alle magte te leef."[30] Hierdie pleidooie was ook geregverdig op grond van die feit dat die proklamasie blyke gegee het dat die Emigrante selfs onder Britse bestuur in bestuursake haas geen seggenskap sou hê nie.[31] Ook Potgieter het Smith versoek om die Winburg-streek „te laaten onder het onze bestier zoo als voorheen."[32]

Met die proklamering van die Soewereiniteit is die Emigrante nie net grondgebied ontneem wat hulle, eweas in Natal, regmatiglik as hulle/ons beskou en ruim tien jaar as „vrye" mense bewoon het nie, maar daar is ook 'n onnatuurlike skeiding tussen hulle en hul gees- en landgenote ten noorde van die Vaalrivier geskep.[33] Geen wonder dus dat Pretorius, ná Smith se besoek aan Transgariep, op die vyftien byeenkomste wat hy aan weerskante van die Vaalrivier belê het, moes ondervind dat „ze alle tegen't Britsche gezag" en weier om hulle daaraan te onderwerp.[34]

Naas die miskenning van hul onafhanklikheidstrewe en regmatige aansprake op die gronde wat hul bewoon het, het die proklamasie ook die ou vrees van die Emigrante ten opsigte van die Britse inboorlingbeleid bewaarheid. Die uitgangspunt van die proklamasie was in die eerste plek nie om die belange van die blankes voorop te stel nie, maar wel die daarstelling van vriendskaplike betrekkinge met die inboorlingopperhoofde

---

30) H.C.1/12. W.H. Jacobs aan H.G. Smith, 14.9.1848.
31) Vgl. Midgley, op. cit., p.81.
32) Voortrekker-Argiefstukke. R.141/48. A.H. Potgieter aan H.G. Smith, 15.5.1848.
33) Van Jaarsveld, op. cit., p.90. Die leitmotiv van Van Jaarsveld se werk handel juis oor hierdie strewe na eenheid en op dieselfde bladsy vat hy hierdie eenheidstrewe as volg saam: „Deur die oplegging van die Vaalrivier as grenslyn tussen die republikeine het die strewe na eenheid — en wel eenheid onder 'n vrye vaandel — in volle kleure begin. Hier sou die grondslag gelê word vir die latere strewe na eenheid tussen die Z.A. Republiek en die Oranje-Vrystaat."
34) Voortrekker-Argiefstukke. R.189a/49. Notule van die Hof van Landdros en Heemrade i.s. A.W.J. Pretorius c/a W.H. Jacobs, 19.9.1849.

„and of upholding them in their hereditary rights, and protecting them from any future agression, or location of Her Majesty's subjects....." [35] Na aanleiding hiervan het Pretorius dan ook uitgeroep: „Wilt ons niet langer dwingen onder een bestier welk ons in't midden der zwarten niet kan beschermen." [36] Terwyl hulle die reg op selfbestuur ontsê is, is die soewereine onafhanklikheid van die inboorlingstamme erken en die Emigrante as die werklike rusverstoorders beskou. Vandaar dat Willem Jacobsz teenoor Smith opmerk dat hy gerus ondersoek kan instel „wat de rede is dat er aan alle gekleurde volkstamme, het sij grood of klein, vryheid gegeven is en de emiegrant met een blanke vel is alle vryheid ontseg en het geen hoop van herstel in dese smartelijke breuk." [37] Ook Pretoruis voer aan dat op hul wettig-verkreë gronde „den zelfs bestier verbied" word en „aan den onbeschaafden gekleurden de uitoefening van hunne wetten tenvolle toestaat. Hoe zwaar is't voor ons dat wy niet eens den voorregt geniet, die aan den Kaffers, Boschman, en ander geringe volkeren worden geschonken." [38]

Die Emigrante se gevoelens oor die Britse beskerming wat opnuut teenoor die inboorlinge gewaarborg is, word treffend deur die woorde van Pretorius vertolk, nl. „dat waar haar Majesteits gezag in een land van gekleurde bevolking heerscht, dat de Blanke Africaansche Boer verdrukt word, dat hy genoodzaakt is te vlugten." [39] By 'n ander geleentheid skryf hy dat die oorgrote meerderheid van die republikeinsgesinde Emigrante „by ondervinding weten, dat die duizenden van gekleurden volkstammen, waarmede zy nu in vrede en veiligheid gewoond

---

35) Proklamasie deur sir H.G.W. Smith, 3.2.1848. Afgedruk in Eybers: Select Constitutional Documents, No.155, p.270.
36) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 18.2.1848.
37) H.C.1/12. W.H. Jacobs aan H.G. Smith, 14.9.1848 en 19.9.1848.
38) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 18.2.1848.
39) Ibid.

hebben, aanstonds hunne vyanden en vervolgers zullen worden."[40] Of soos dit elders gestel is: „Onder zulk een voeting moet onlusting bestaan, en den land altoos in onvrede geplaats worden."[41] Die Emigrante het hulle die één groot ideaal voor-opgestel, nl. „dat het Govt. ons hier met rust en (zonder) verdere bemoeyenissen sal laten," en „om alle vrede en verstandhouding tusschen den Inboorlingen en den Emigranten vast te stellen." Indien dit nie kon geskied nie, sou hulle hul „liever aan den genadige beschikkingen van den grote Schepper" onderwerp, „als ons zelf langer onder de voeten der ieder geringen gekleurden schepselen te worstelen."[42] In Pretorius se algemene oproep aan die Emigrante van 8 April 1848 is ook aangevoer dat „aan den naturellen (alle voorregten) is geschonken in wiens midden of nabyheid wy volstrek onder Britsche bestier niet kon woonen."[43]

Omdat die Britse traktate met die inboorlinghoofde, die sgn. verdragstate, nie die gewenste uitwerking gehad het om die noordgrens van die Kolonie te beveilig nie, is daar op die gedagte gekom om van die inboorlinge sowel as die Emigrante die verdedigers van die grens te maak. Die uitvoering van hierdie gedagte sou terselfdertyd ook die hoë koste aan 'n staande mag verbonde, die hoof bied.[44] Vir die Emigrante was dit egter 'n onversoenbare gedagte om „gewapend of als speciale beampten uit te trekken tot hulp van den nom(a)dies stammen."[45] Die ou vrees wat vroeër in die Kolonie bestaan het dat die Britse owerheid van hulle soldate wou maak, is dus deur Smith se proklamasie opnuut wakkergeroep, en wat die saak nog vererger het, was die feit dat hulle soldate sou

---

40) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 22.4.1848.
41) Voortrekker-Argiefstukke. R.137/48, p.307.
42) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 10.8.1848.
43) Voortrekker-Argiefstukke. R.140/48. 'n Algemene oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
44) Vgl. Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, pp.202-203.
45) Voortrekker-Argiefstukke. R.137/48, p.307.

wees wat die inboorlinge moes beskerm.[46]

Die siedende ontevredenheid en algemene teenkanting wat die proklamasie verwek het, is verhoog deur die wyse waarop sir Harry Smith sy planne ten noorde van die Grootrivier wou deurvoer. In weerwil van sy betoog dat hy al die inwoners oor sy voorgenome planne geraadpleeg het, is die Emigrante vanweë sy hals-oor-kop-optrede nooit behoorlik in die geleentheid gestel om hulle saak aan hom te stel nie.[47] Ingevolge Smith se houding teenoor Pretorius en ander was die meerderheid van die Emigrante boonop die mening toegedaan dat hulle ~~het~~ ten opsigte van die voorwaardes waaronder 'n Britse magistraat in Winburg aangestel en die gebied onder Haar Majesteit se soewereiniteit geplaas sou word, mislei is.[48] Die houding van die Winburgers ten opsigte van die handhawing van hul onafhanklikheid en die eenheid van die „Maatschappij" was duidelik. Op 'n byeenkoms van 240 Emigrante wat op 7 en 8 Februarie 1848 te Winburg gehou is, is eenparig besluit „dat de geheele land van de Stroom van Oranje Rivier tot Ohrichstad door hun ingenomen en voor een onafhankelyk Staat zal worden verklaard, en dat ingeval het Britsche Gouvernement hun dat recht wil betwisten zy hun verenigde kragten met de wapens daartegen zal versetten."[49]

Pretorius se standpunt dat die Emigrante hulle met geweld teen die Britse opdringing moet verset, het al hoe meer aanhang geniet. Pretorius het reeds aan Smith die waarskuwing laat hoor: „Hier vlugt wij om dat Britsche gezag, en voor waar wij heenen wilde, neemt gij alles in bezit, waar moeten wij nu heen? Gij zult zeker daardoor de Emigranten Boeren tot een

---

46) H.C.1/1/1. H.D. Warden aan H.G. Smith, 11.3.1848. Vgl. ook die Proklamasie van H.G. Smith, 3.2.1848, Van Schoor, op. cit., pp.49-50, en p.106. Die Boere moes selfs gerus gestel word „that the Queen was in no need for regular troops." Vgl. verder Midgley, op. cit., p.86 en Voortrekker Argiefstukke, R.140/48. 'n Algemene oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
47) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.34-37.
48) Ibid., pp.38-41, en p.42.
49) K.A. G.H.10/2. G.H. Meyer aan H.G. Smith, 17.2.1848.

van deze twee wegen genoodsaken, namelyk zij zullen hunne wettige gekochte gronde verdedigen; of dieper den wildernis ingaan."[50] Ook Willem H. Jacobsz het dit duidelik aan Smith gestel „dat de meerderheid hun nooit sal onderwerpen en dat sy eerder genegen zijt de wildernis in te gaan dan sig te onderwerpen."[51]

Dat Pretorius geen voorstander was van 'n alternatiewe gedragslyn, nl. om liewer die „wildernis" verder in te trek nie, het van die staanspoor geblyk. Sy houding het dan ook veel daartoe bygedra dat die gedagte van openlike en selfs gewapende verset al meer onder die inwoners van die Winburgstreke posgevat het.[52] Op grond van hierdie versetgees het Pretorius op 8 April 1848 in „eene Algemene Oproeping" alle persone opgeroep „om ons wettige eygendom, welk ons goed en den bloet van mans, frouwens en kinderen heef gekos, weer om te vraagen," want „siet gij niet dat gij UE niet kond vry trekken?" Volgens Pretorius was dit nie meer moontlik nie: „Gij sult UE nooijd vrij trekken nog vlugten, maar neemt God in UE harten en dan zweert in UE handen en verdedig UE reg en UE vrijhijd welk aan alle schepselen op den aar(d)boodem is geschonken."[53]

In 'n brief aan sir A. Stockenström het Pretorius die standpunt van die „Maatschappij"-mense kragtig saamgevat: „Den emigranten sullen nimmer onderwerpen. Sij willen vegten of verder trekken."[54] Terwyl talle Emigrante ten noorde van die Vetrivier in gees sowel as daad bereid was om hul grond en vryheid met die wapens te verdedig, of ten minste deur middel van skriftelike proteste die onafhanklikheid van die

---

50) A.C.1/8. A.W.J. Pretorius aan C.M. Owen en W.S. Hogge, 5.2.1852.
51) H.C.1/12. W.H. Jacobsz aan H.G. Smith, 19.9.1848.
52) Van Schoor, op. cit., pp.50-51 en Van Jaarsveld, op. cit., p.90 et seq.
53) Voortrekker-Argiefstukke. R.140/48. 'n Algemene oproep van A.W.J. Pretorius, 8.4.1848.
54) Aangehaal by Midgley, op. cit., p.113.

Winburg-streke te probeer behou,[55] sou ander die moontlikheid om weereens onder Britse gesag geplaas te word, ontduik deur eenvoudig na die streke noord van die Vaalrivier te verhuis, met die vooruitsig dat hul vryheidstrewe en aspirasies daar verwesenlik sou kon word.[56] Hoewel die mate van volksgevoel wat wel aanwesig was, hierdie Emigrante reeds in één of ander vorm tot opoffering vir die behoud van hul vryheid gedwing het, was daar tog 'n gemis aan 'n sterk gemeenskaplike gedragslyn wat hulle eenheids- en vryheidstrewe onderskryf het. Die aanvanklike voorbereidinge vir 'n gewapende verset en algemene opgewondenheid in hierdie streke, het dan ook ingevolge die gebrek aan 'n deurdrywende eenheidstrewe en 'n eendragtige optrede in omvang en in heftigheid afgeneem.[57]

Met die aankoms van die Britse magistraat op Winburg het die Emigrante egter voor die naakte werklikheid van Britse gesagsuitbreiding en -beoefening gestaan. Die Winburgers, wat sedert die vroegste jare van die Groot Trek 'n onafhanklike bestuursposisie in die binneland beklee het, was derhalwe gedetermineerd om hulle nie aan die gesag van hierdie magistraat te onderwerp nie. Doomop sou hulle optree teenoor diegene wat hom ingeroep het.[58] Naas die republikeinsgesindes se eie en selfstandige onafhanklikheidstrewe was dit juis die lojaalgesindes se volharding in hul Britse onderdaanskap en hul lewende aandeel in die inroeping en uitbreiding van die Britse gesag, wat eersgenoemdes se wrewel só verhoog het teenoor alles wat die geringste sweem van Britsheid vertoon het.

---

55) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.56 vir die optrede van W.H. Jacobsz, asook Duvenhage, G.D.J., Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld, 1847-1852. (Ms. Universiteit van S.A., 1955), p.42 et seq.; vgl. verder Van Schoor, op. cit., pp.60-61 vir die byeenkoms te Potchefstroom, 15.5.1848 en skriftelike proteste van A.H. Potgieter en ander en Voortrekker-Argiefstukke. R.141/48. A.H. Potgieter aan H.G. Smith, 15.5.1848.

56) Van Schoor, op. cit., p.52 en p.69.

57) Ibid., pp.50-52, p.63 en Van Jaarsveld, op. cit., p.93.

58) Van Schoor, op. cit., pp.64-66.

In hul poging om hul teen die Britse opdringing te verset, het hul wrewel hom veral teen hierdie lojaalgesindes in die vorm van vreesaanjaging en dreigemente laat geld. Die Britse magistraatsklerk te Winburg moes derhalwe opmerk: „It is a pity to find that there is a great hatred between most of the Boers friendly to the British Government and those of opposite opinions, consequently they hold no intercourse with each other."[59]

Op 'n groot en verteenwoordigende byeenkoms aan die Sandrivier het die Emigrante van die Winburg-streke op 20 Januarie 1848 nie net vir Andries Pretorius as hul kommandant-generaal herkies nie, maar eenparig besluit dat alle burgers opgeroep moes word om hulle aan die Grootrivier persoonlik voor die Kaapse goewerneur te stel. Sodoende sou hulle hom dan moontlik kon oortuig dat die meerderheid van die Emigrante in Transgariep in beginsel teen enige vorm van Britse gesag en in besonder teen sy maatreëls in hierdie streke gekant was.[60] Dit het kortom daarop neergekom dat hulle hul onafhanklikheid wou bly bevestig. Oral, vanaf die Groot- tot oorkant die Vaalrivier, is „geheime" byeenkomste belê om die Emigrante tot verset of 'n gewapende demonstrasie aan te moedig.[61] In Winburg is die magistraat se gesag openlik negeer, en het W.H. Jacobsz as Emigrante — landdros fungeer.[62] Die gedagte van algehele vrywording het by Pretorius en ander so 'n wye vlug geneem dat die gerug vir 'n tyd lank aanvaar is dat sir Andries Stockenström ten tyde van hul demonstrasie met 'n opstand onder die Afrikaners in die Kaapkolonie sou begin.[63]

---

59) Ibid., pp.35, 37, 40, 46 en 51; K.A. G.H.10/3. J. Dyason aan R. Southey, 4.7.1848; vgl. ook Van Jaarsveld, op. cit., p.91.
60) Voortrekker-Argiefstukke. R.189a/49. Notule van die Hof van Landdros en Heemrade, 5.12.1849, vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp.66-67.
61) G.H.10/3. T.J. Biddulph aan R. Southey, 28.6.1848.
62) Van Schoor, op. cit., pp.67-70.
63) Voortrekker-Argiefstukke. R.189a/49, pp.405 en 411. Vgl. ook Van Jaarsveld, op. cit., p.95.

Toe die Britse administrasie met die opmeet en uitdeel van plase in die Winburg begin, het Pretorius besluit om handelend op te tree en op 12 Julie 1848 namens sy krygsraad 'n ultimatum uitgereik. Hierin word verklaar dat aangesien die „Britsche Gouvernement, voor regten en vryheden schenkt aan alle andere schepselen, en dat wy gestadig worden gedreven in boeyen en bannissementen, zoo dient dezen om kennis te geven aan alle die geen gemene zaak met ons willen maken in die regtvaardige zaak van vryheid, dat by de ontvangsten dezen, of voor den 20 dezen zy de stroom van de Oranje Rivier moeten overtrekken."[64]

Of hierdie gewapende demonstrasie onder leiding van Pretorius bloot „alles in vrede" geskied het om die Kaapse goewerneur op 'n aanskoulike en realistiese wyse te oortuig dat die Emigrante in Transgariep nie bereid was om onder die Britse vlag te woon nie, en of die werklike motief was om die landstreek tussen die Groot- en Vaalriviere met openlike geweld van die Britse gesag te bevry met die verwagting dat ook die vrywording van Natal en selfs die Kolonie sou volg, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.[65] Die lede van die kommando self was klaarblyklik nie eensgesind of hulle hul wapens sou aanwend al dan nie. Pretorius het verklaar dat geen enkele skoot teen die Engelse afgevuur sou word nie, maar daar was tog diegene wat nie sou skroom om dit wel te doen nie.[66] In ander opsigte vertoon die kommando ook nie juis as 'n spontane monstering van 'n groep mense wat één van sin en gees skyn te wees nie, want hoewel daar in die eerste plek hoofsaaklik op vrywilligers staatgemaak is, blyk dit dat die geledere ook deur middel van intimidasie, dreigemente en skrikaanjaging, selfs teenoor andersdenkendes, versterk is.[67] Toe

64) Cape Government Gazette, No.2236, 5.10.1848. Algemene kennisgewing van die Krygsraad geteken deur A.W.J. Pretorius, 12.7.1848.
65) Van Schoor, op. cit., p. ; Van Jaarsveld, op. cit., pp. 94-95 en Duvenhage, op. cit., p.46.
66) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.72-73, 74, 77-78 en 88.
67) Ibid., pp.71, 91-93.

dit rugbaar word dat die Kaapse goewerneur met 'n groot mag teen hulle opruk, het afvalligheid ingetree en het burgers die kommando verlaat.[68] Pretorius moes ook teen onenigheid binne sy laer maan en wankelmoediges versterk met die woorde: „Onze zaak sal nu geboren worden, laat alle hulp aan dezelve worden gegeven, waarvan duizenden zielen zowel hier als in de Kolonie afhangen. Alles gaat ons voordelig, maar staat nu op een punt; indien wy het uit de handen der Engelschen wringen is de Kolonie mede bereid....er is geen ander gevaar dan dat onenigheid onder ons kome."[69] Terwyl Pretorius met sy groter bewussyn van die lotsbeskikking van die Emigrante-gemeenskap 'n klare insig van „onze zaak" gehad het, moes hy self in 'n brief aan Stockenström beken dat „den zwaarste werk hier is onder ons selfs omdat alle Affrikaanders niet siet wat wy sien."[70] Die woorde sinspeel waarskynlik meer op die Emigrante noord van die Vaalrivier wat hulle nie tot Pretorius se eenheidsoptrede teen die Britse opdringing wou leen nie, maar dit is ewe toepaslik op die geledere van sy eie kommando. Dat daar by baie gebrek aan doelgerigtheid en gemeenskaplike insig in die wese van die verset was, sou Pretorius ses maande na die skermutseling te Boomplaats opnuut getuig: „Sy (die Emigrante) seggen dat sy niets eens geweeten heef waarvoor sy vegten, maar nou syn sy waare Emigranten."[71]

In meer as één opsig was die optog na die Grootrivier dus geen helder bewuste en spontane „volks"-opstand of -demonstrasie nie, maar 'n beweging wat partikulier in die Winburg- en Vaalrivier-distrikte ontstaan het, en hoewel dit tot 'n groot mate deur die volksleier Pretorius geïnspireer is, het 'n groot deel van sy volgelinge nie sy grootste ideale en oogmerke ten volle begryp of deurgrond nie. Nieteenstaande

---

68) Ibid., p.75.
69) Cape Government Gazette, No.2236, 5.10.1848. A.W.J. Pretorius aan die Emigrante, 26.8.1848.
70) Aangehaal by Midgley, op. cit., p.113.
71) Voortrekker-Argiefstukke. R.119f/47. A.W.J. Pretorius aan Piet Nel e.a., 12.2.184(9).

hierdie gebrek aan eensgesindheid in optrede en strewe by die Emigrante, hou die veldtog die besondere betekenis in dat dit uit 'n algemene verset teen die Britse gesag gebore is, en agter hierdie versetgees hul onafhanklikheidstrewe gelê het. Hoe verward hul beskouinge ook al oor die verwesenliking van hul vryheidstrewe was, het hierdie strewe steeds die sterkste geestelike bindkrag van hul volkswording gebly.

Op pad na die Grootrivier skryf Pretorius aan die voortvlugtende Britse Resident dat die Emigrante byeengekom het om hul persoonlike begeerte aan die Goewerneur bekend te stel, „zoc dat geen andere gevoel meer bestaan als dat het Govt. ons hier met rust en zonder bemoeyenissen sal laten."[72] Toe die Goewerneur self by die rivier opdaag pleit Pretorius nogeens „om ons met rust té laten op dat gronden welke wy recht op hebben."[73] Toe sir Harry Smith egter botweg weier om met Pretorius en ander „rebelle" oor hul vrywording te onderhandel en boonop sy leermag met „een bende onbeschaafde barbaren", t.w. Griekwas, versterk met die doel om hulle „uit te roeien," was daar vir Pretorius en sy burgers geen ander uitweg as om hul „leven manmoedig" te verdedig nie.[74] Teen 'n oormag delf hulle egter by Boomplaats die onderspit en moes sien hoedat hul kommando in alleryl en wanorde na die noorde terugval.

Die uitslag van Boomplaats en die herbevestiging van die Britse gesag het meegebring dat die Emigrante se strewe na die daarstelling van 'n onafhanklike maatskappy in Transgariep, of aansluiting met die „Maatschappij" oorkant die Vaalrivier prakties beëindig is. Pretorius se woorde na afloop van die gebeure verraai egter wat steeds in die gemoedere van die verjaagde republikeine omgegaan het, nl. „dat wy liever dood zullen vechten als hier onder Haare Majesteits gezag te be-

---

72) B.R.1/6. A.W.J. Pretorius e.a. aan H.D. Warden, 10.8.1848.
73) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 14.8.1848.
74) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.80-81 en Duvenhage, op. cit., p.61. en A.C.1/8. A.W.J. Pretorius aan C.M. Owen en W.S. Hogge, 5.2.1848.

geven."[75] Hoe teleurstellend die uitslag van Boomplaats vir die republikeine ook al was, het die frustrasie en samewerking met die Britse owerheid, wat na die slag van Congella en volle oorgawe in 1842-43 in Natal plaasgevind het, hom nie in Transgariep herhaal nie. Hier sou die uitslag sowel as die Britse vergeldingsmaatreëls wat daarop gevolg het, eerder die verbittering teen die Britse gesag verskerp en by diegene wat nie oor die Vaalrivier verhuis het nie, die hunkering na hul vrywording steeds laat voortleef.[76]

Naas die beloning wat vir die gevangeneming van die leiers van die veldtog uitgeloof is en die besluit dat hulle plase verbeurd verklaar sou word, is al die lede van Pretorius se kommando subiet tot rebelle verklaar en swaar geldboetes opgelê. Ook diegene wat op één of ander wyse aan die beweging steun verleen het, is beboet.[77] 'n Spesiale boetekommissie onder voorsitterskap van Richard Southey — iemand met 'n diepe afkeur in die Boere — is in die lewe geroep. Hierdie kommissie is bygestaan deur subkomitees in die verskillende distrikte, wat uit Britse amptenare en lojaalgesinde Boere sou bestaan. Afgesien van die boetes wat opgelê is om die onkoste van die Britse opmars te bestry, is van diegene wat aktief aan die „rebellie" deelgeneem het ook nog geëis dat hulle hul wapens moet inhandig en 'n eed van getrouheid aan Haar Majesteit moet aflê.[78]

Terwyl daar diegene was wat heelwaarskynlik ter versagting van hul vonnisse aangevoer het dat hulle teen sin en wil tot die gewapende geledere van Pretorius gedwing is, het die republikeine van die noordelike streke ruiterlik erken dat hulle aangesluit het met die vaste doel om hul onafhanklikheid te probeer herwin.[79] Hulle teenslag in die verdediging van

---

75) H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith, 29.8.1848.
76) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.82.
77) Ibid., p.83.
78) Ibid., p.89, ook Midgley, op. cit., p.144 et seq.
79) Van Schoor, op. cit., pp.90-91.

hulle grond, wat wettig verkry is en sedert die algemene landsverhuising uit die Kolonie steeds van Britse invloed vry was, en die feit dat hulle nou deur hierdie vreemde gesag vir hul deelname aan die verdediging van hul erfreg gestraf word, sou hulle in 'n onversoenlike posisie teenoor die nuwe bewind stel. Boonop sou die oplê van die boetes tot die toename van baie se armoede bydra, wat reeds tot 'n groot mate veroorsaak is, ~~vanwee~~ deur die onsekere en onbestendige lewe wat uit die Britse agtervolging en bemoeiinge voortgespruit het.[80]

'n Voorval wat ook 'n diepe indruk op die gemoedere van die Emigrante gemaak het en waarna later in die geskiedenis herhaaldelik met diepe verontwaardiging en bitterheid verwys sou word, was die doodskiet van Thomas Dreyer, 'n burger van Agter-Magaliesberg, wat tydens die veldtog in die hande van sir Harry Smith geval het. Terwyl Southey van mening was dat die fusillering „had a wonderful effect on the minds of those inclined to Rebellion, and will tend more te prevent a recurrence of anything of the kind," sou Pretorius dit as 'n „schandelyk en..... onveran(t)woordelyk moort" bestempel en dit ten sterkste gelaak dat Dreyer deur 'n krygsraad van „gewonde officieren en verbitterde vee Boeren" tot die dood veroordeel is.[81] By al hierdie prikkels wat tot die oplaai van hul griewe meegewerk het, moes die Emigrante ook nog van Southey verneem dat geen afstand wat op die vasteland afgelê mag word hulle van hul Britse onderdaanskap sou vrymaak nie.[82]

Sir Harry Smith se weerwraakmaatreëls het gevolglik geen ander uitwerking gehad as om die bestaande antipatie teen die Britse gesag te verhoog nie. Die uitkoms daarvan was te voorsien en later sou die redakteur van die Bloemfonteinse weekblad, The Friend of the Sovereignty, die gemoedere van hier-

---

80) Vgl. Pelzer, A.N., Geskiedenis van die S.A. Republiek, Deel I, Wordingsjare, pp.20-21, Van Schoor, op. cit., p.90 i.s. die voorkoms van armoede onder die Emigrante; vgl. ook Midgley, op. cit., p.146 en p.152.
81) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.84-85.
82) H.C.1/12. Kennisgewing van R. Southey, 2.10.1848.

die Emigrante as volg opgesom: „The already existing feeling of disaffection naturally still more embittered by the defeat of Boomplaats, the terror of punishment, and the infliction of forfeitures and fines, on those whose participation in the insurrection in question was ascertained and brought home to them, which followed, as well as a large portion of their sympathizing friends led many to cross the British boundaries and migrate beyond the Vaalriver."[83]

* * *

Omdat die blankes in die Soewereiniteit vóór en veral ná die skermutseling by Boomplaats verskillend teenoor die Britse gesagsuitoefening gereageer het, is die differensiëring van die politieke denk rigtings en -gevoelens selfs ingewikkelder as wat miskien tot dus ver voorgehou is. In die skrywer se eie werk, Politieke Groeperinge in Transgariep[84], het hy hom reeds tot 'n mate van oorvereenvoudiging skuldig gemaak deur slegs twee hoofgroepe, t.w. die lojaalgesindes en die republikeinsgesindes onder die blanke bewoners van die gebied te onderskei. In sy Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners het dr. F.A. van Jaarsveld hierdie tweevoudige indeling selfs nog radikaler deurgevoer deur hulle in sogenaamde „regionale" streke af te baken.[85] Ook ander historici huldig die beskouing dat in Transgariep net twee politieke groepe of

---

83) The Friend of the Sovereignty, 4.11.1850; vgl. ook Wm. Robertson aan H.G. Smith, 23.11.1848, opgeneem in Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, pp.140 et seq.

84) Vgl. Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Dertiende Jaargang, Deel II, 1950 waar dit verskyn het nadat dit in 1947 as M.A. verhandeling voltooi is.

85) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.25, 26-27, 37, 87 en Bylae E.

opvattinge te onderskei is.[86] 'n Her-interpretasie van die beskikbare bronne oor die tydperk laat egter ruimte vir die beskouing dat tussen die twee uiterste groepe, die lojaal- en republikeinsgesindes, ook 'n oorgangs- of tussengroep onderskei kan word, wat in 'n geestelike sin na aan die republikeinse strewe gestaan het, maar hierdie strewe nie konsekwent hoër gestel het as 'n lewensbestaan in die binneland wat rus en vrede gewaarborg het nie.[87] Hul standpunt het daarop neergekom dat hulle die Britse gesag sou duld en gehoorsaam, mits dit hul bestaansveiligheid as landbouers en veebesitters waarborg en hulle daardeur nie aan persoonlike en hinderlike laste onderwerp word nie. Kon dit nie geskied nie, het hulle verkies om 'n lewensbestaan los van enige Britse oorheersing te voer. Omdat die Britse owerheid in die praktyk al hoe minder aan hul eise sou voldoen, het hulle geredelik by die strewe van die „Maatschappijers" of republikeine aansluiting gevind, d.w.s. om 'n eie onafhanklike bestuur in die lewe te roep, hoewel hulle klaarblyklik nie so gretig was om hul lot sonder meer met alle republikeine in die binneland in te werp nie. Andersyds sou die geledere van hierdie tussengroep voortdurend versterk word deur afvallige lojaalgesindes wat, vanweë die inwerking van verskeie faktore mettertyd ook hul vertroue in die Britse gesag verloor het.

---

86) Vgl. Barnard, B.J., Die Lewe van majoor Henry Douglas Warden in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Elfde Jaargang, Deel I, (Kaapstad, 1948); Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty, 1848-1854 in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Twaalfde Jaargang, Deel II, (Kaapstad, 1949); Cory, G.E., The Rise of South Africa (Vols. IV, V en VI); De Kiewiet, C.W., British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872, (London, 1929); Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek, (Bloemfontein, 1929) McGill, D.C., British Policy and the Emigrants (Ms. Unie-Onderwys Biblioteek), Theal, G.M., History of South Africa since 1795, Vol. II + III, (London, (1908); Wichmann, F.A.F., Die Wordingsgeskiedenis van die Z.A.R., 1838-1860 in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel II, (Kaapstad, 1941).

87) Vgl. Spies, op. cit., p.47.

Waar hierdie tussengroep meesal 'n afwagtende en tot-niks-verbindende houding teenoor die gang van sake ingeneem en oor geen leiers of uitgesproke segsmanne beskik het wat enige aktiewe optrede of gedragslyn bepleit het nie, kan hul omvang en invloed moeilik bepaal word. Outeurs van bronne wat uit hierdie tydperk dateer, en oorwegend van Britse oorsprong is het ten opsigte van gebeurtenisse wat hulle self beleef het, meesal net die radikale, buitengewone of sensasionele van verskynsels of voorvalle waargeneem, sodat die standpunt van die tussengroep nie daarin weerspieël word nie. Ten spyte van die probleem om hierdie tussengroep met enige presiesheid aan te dui, moet met hul aanwesigheid rekening gehou word as 'n faktor wat die patroon van die politieke groeperinge in die Soewereiniteit en ontluikende volksgevoel veral in die republikeinse jare sou bepaal.

Verskeie faktore werk egter mee om die beeld van die getalsterkte en verspreiding van die onderskeie groepe en denkrigtings in die Soewereiniteit te vertroebel. Naas die feit dat hulle deurmekaar gewoon het en nouliks deur geografiese lyne te onderskei was, is daar geen bevolksingsopgawe van enige aard vir die Soewereiniteitstydperk beskikbaar nie. Die verwysinge na die „disaffected" en „loyal" burgers in die Britse amptelike stukke is ook so vaag en betreklik dat geen standhoudende afleidinge daaruit gemaak kan word nie. Ook die karige bronne wat die Emigrante self agtergelaat het, verskaf in die opsig geen inligting nie. Sekere algemene afleidinge kan wel gemaak word. Waar die eertydse Trekboere met hul uitgesproke toegeëntheid tot die Britse gesag hul oorspronklik op die Griekwagronde, in die Caledonriviervallei en die latere Bloemfontein-distrik gevestig het, sou hulle vanselfsprekend die oorwig in die streek min of meer suid van die Vetrivier vorm. Dit was te meer die geval omdat, met uitsondering van komdt. J.G. Mocke se aanhangers langs die Modderrivier, weinig Voortrekkers in hierdie streek agterge-

bly het. Benoorde die Vetrivier is die gronde reeds sedert 1837 deur die Trekkers bewoon en die grootste gedeelte daarvan van die inboorlinge aangekoop. Tot en met die anneksasie van Natal in 1843 sou dit deel van die Republiek Natalia onder die Adjunkraad van Potchefstroom uitmaak. Daarna het die inwoners, wie se geledere deur Trekkers uit Natal aangesterk is, die gebied as deel van die ganse Trekkermaatskappy benoorde die Vetrivier beskou. Daar is ook diegene wat die mening gehuldig het dat die „Maatschappij" se grense tot aan die Grootrivier strek. Hier sou die „Maatschappijers" of republikeine en die gemagtigdes of latere middegroep ongetwyfeld in getalsterkte volkome oorheers. In die nabyheid van Winburg en in die omgewing van die Sandrivier, was daar egter 'n klein groepie uitgesproke lojaalgesindes wat met die steun van die Britse gesag hul posisie sou handhaaf.

Die herproklamering van die Britse gesag tot aan die Vaalrivier, ná afloop van Boomplaats, en die daaropvolgende verhuising van 'n aantal Emigrante-gesinne na die Oor-Vaalse gebied sou noodwendig die omvang en invloed van die republikeine in die Soewereiniteit beïnvloed. Nie alleen is hulle getalle enigsins verminder nie, maar naas die losse kontak wat Andries Pretorius deur middel van „agente" met sy republikeinse aanhangers in die Soewereiniteit probeer behou het, sou hulle sy kragtige persoonlikheid ontbeer, nadat hy hom sedert Boomplaats van enige verdere inmenging in Soewereiniteitsake weerhou het. Ook die meer uitgesproke persone en leiers, o.m. Willem H. Jacobsz, was nie meer daar om die saak van die republikeine voortdurend tot daadwerklike aksie te dryf nie. Ondanks dit het daar nog 'n groot aantal „opregte Maatschappijers" in die Soewereiniteit agtergebly, vanweë hul gevestigde boerderybelange en die feit dat die Mooirivier-

88

---

88) Vgl. die werk van Duvenhage, op. cit.

se distrik vir skaapboerdery minder geskik was.[89] Dit kan ook wees dat hulle, nieteenstaande die uitslag van Boomplaats en herproklamering van die Britse gesag tot aan die Vaalrivier, steeds die verwagting gekoester het dat die dag weldra nog sal aanbreek dat al die Emigrante deur 'n verenigde optrede die grond sal herwin wat hul wederregterlik ontneem is. Verskeie families wat tydelik op die trekpad gegaan het om moontlike vervolging te ontkom, het met verloop van tyd ook weer na hul woonplase in die Soewereiniteit teruggekeer.[90] Dit blyk ook dat hierdie groep die Britse gesag in die Soewereiniteit nooit as sodanig aanvaar het nie, want twee jaar na afloop van Boomplaats verklaar meer as sestig persone van die Vaalrivier-distrik: „Wy bent geen ander lein bekent als den Grootrivier en zal het Brit ook geen ander toekennen..... Het Brit..... zal wy nooit erkennen."[91]

Weens die afwesigheid van 'n eie koerant waarin hulle hul menings kon uitspreek, of waarin hul beskouinge en gevoelens deur 'n simpatieke redakteur in sy inleidingskolomme weergegee kon word; en vanweë die beperkte aantal geskrewe stukke wat uit die tydperk onder bespreking behoue gebly het, is daar weinig woorduitinge wat van die volgehoue vryheidstrewe van die republikeinsgesindes in die Soewereiniteit getuig. Uitdrukkinge soos „opregte eemugranten,"[92] „een waaren en waarachtige Emigrant,"[93] en „onse getrouwe Maatschappijers"[94] getuig egter op 'n ondubbelsinnige wyse van 'n groep Emigrante wat aan 'n gemeenskaplike ideaal verbind was. Daar is ook geskryf: „Wy behoort aan een en denzelfden zaak" en word daarna

---

89) B.R.2/1. H.D. Warden aan H.G. Smith, 11.2.1849; Voortrekker-Argiefstukke. R.119f/47. aan Piet Nel e.a., 12.2.184(9).
90) K.A. Southey Papers, R. Southey aan H.G. Smith, 23.11.1848.
91) T.A. R.246/50. J.F. Otto en 56 ander aan A.W.J. Pretorius, 22.12.1850.
92) Voortrekker-Argiefstukke, R.131/47. J.F. Otto e.a. aan A.W.J. Pretorius, 22.11.1849.
93) Ibid. ?? aan A.W.J. Pretorius, 17.9.1849.
94) Ibid. R.183/49. D. Verwy aan A.W.J. Pretorius, 30.9.1849.

as „onse regtvaardige zaak" verwys.[95] Hier is dus 'n bewuste en gemeenskaplike ideaal aanwesig wat nie bloot as 'n anti-Britse gevoel afgemaak kan word nie. Omdat hierdie „zaak" nie op onmiddellike en partikuliere groepsbelange heenwys nie, maar alle Emigrante betrek wat in 'n verenigde maatskappy hul vryheidstrewe verwesenlik wou sien, moet die uiting en propagering daarvan as 'n wesenlike openbaring van 'n groeiende volksbesef onder die sogenaamde republikeinsgesinde Emigrante in die binneland gesien word. Weliswaar toon hul staatkundige toekomsbeeld en vae volksbesef nog geen klare lyne nie, maar hulle het hulself reeds as 'n gemeenskap erken met ideale wat verder reik as 'n blote bestaan los van die Britse gesag.

Die volharding „in de regtvaardige zaak van vryheid" by die republikeinsgesindes in die Soewereiniteit sou ook saamval met die strewe om met hul Oor-Vaalse land- en geesgenote staatkundig verenig te wees. Vir hulle was die Britse besetting van die landstreek tussen die Groot- en Vaalriviere slegs 'n tydelike beproewing wat in die toekoms ongedaan gemaak moes word. Hoewel hierdie eenheidstrewe in die praktyk nooit verwesenlik is nie, is die belangrikheid en besonder betekenis daarvan in die ontluiking van die Afrikaner se volksgevoel in die voorgemelde werk van dr. F.A. van Jaars-

---

95) Ibid. R.189/49. D. Verwy e.a. aan A.W.J. Pretorius, 25.12.1849.

veld breed uitgewerk.[96] Die ideaalstelling van die eenheid van alle „ware Maatschappijers" sou voortspruit uit die mate van samehorigheid wat reeds onder die Emigrante aanwesig was en waarvan die onderbou berus het op die strewe na 'n onafhanklike maatskappy wat na buite ook erkenning moes geniet. Vanselfsprekend sou ook hul gemeenskaplike afkoms en bloedverwantskap, hul gemeenskaplike opofferinge en ervaringe in die verlede in die binneland, hul verknogtheid aan die „land die reeds mit goed en bloed betaald"[97] is en hul eenselwige lewensbestaan as landbouers en veeboere steeds tot groter inwendige toenadering en solidariteit meewerk. Omdat die republikeinse Emigrante in die Soewereiniteit van hul geesgenote in die Oor-Vaalse gebied staatkundig afgesny was, m.a.w. die volledige eenheidsband tussen alle „Maatschappijers" verbreek was, sou hulle volhard om hierdie ideaal te probeer herstel,[98] wat ook beteken dat hulle hul onafhanklikheid sou herwin. Die feit dat hulle, volgens hul eie sienswyse, in 'n toestand van sogenaamde verknegting onder die Britse bestuur verkeer het, sou dit beteken dat hulle met groter bewustheid as hul Oor-Vaalse landgenote van hierdie eenheidstrewe probeer rekenskap gee.[98] Juis hierdie gedwonge afsondering en skeiding tussen rasgenote met gemeenskaplike ideale het as 'n besonder

---

96) Van Jaarsveld, op. cit., pp.26, 36-38, 87, 101 et seq. Die hele opset van dr. Van Jaarsveld se werk toon die neiging om hierdie eenheidstrewe en die republikeinse strewe wat noodwendig daarmee saamhang te lokaliseer enkel tot die Winburg- en Vaalrivierdistrikte en derhalwe word streng regionale of afgebakende grense getrek. (Vgl. ook bylaag E van die aangehaalde werk). In sy werk word nie duidelik aangetoon dat die republikeinse gedagte ook deur Emigrante selfs tot aan die Oranjerivier gehuldig is nie. Dit ly geen twyfel nie dat republikeinsgesindes veral in die Winburg- en Vaalrivierdistrikte gekonsentreer was nie, maar terselfdertyd kan die Vetrivier allermins as 'n skeidslyn beskou word wat die sogenaamde lojaalgesindes van die republikeinsgesindes afgeskei het. Die „oorgang" van die republikeinsgesindes se woongebied na die lojaalgesindes se woongebied was te geleidelik en daarby te onegalig om dit aan bepaalde grense te onderwerp.

97) Voortrekker-Argiefstukke. R.189/49. D. Verwy e.a. aan A.W.J. Pretorius, 25.12.1849.

98) Ibid., en R.182/49. ?? aan A.W.J. Pretorius, 12.9.1849.

prikkel gedien om die Afrikaner later in die republikeinse jare in die Vrystaat op 'n vroeër stadium as in Transvaal tot selfbewustheid te bring.

Teenoor hierdie bewuste eenheidstrewe van die „Maatschappijers" in die Soewereiniteit sou ook diegene staan wat nie as uitgesproke lojale aanhangers van die Britse gesag beskou kon word nie, maar ook nie met 'n deurdrywende strewe na eenheid van alle Emigrante besiel was nie. Die geskille onder Trekleiers, onderlinge persoonlike twiste en verskil van beginsels en optrede oor sake van gemeenskaplike belang, wat sedert hul verhuising uit die Kaapkolonie onder hulle aan te tref was en met die jare veral in die felle partyskappe in die Oor-Vaalse gebied toegeneem het, sou wel by sommige die twyfel laat ontstaan het of die staatkundige eenheid van alle Emigrante tot aan die Grootrivier wel die verwagtinge sou vervul wat eenmaal gekoester is. Die ideaal van 'n onafhanklike maatskappy wat die landstreek tussen die Vaal- en Grootriviere sou behels en ekonomies met die Kaapkolonie verbind sou wees, het weliswaar nog nie by Emigrante in die Soewereiniteit posgevat nie, maar dit is nie onwaarskynlik nie dat daar 'n toenemende afkeer teenoor die Oor-Vaalse maatskappy met al sy verdeeldheid en onbestendigheid bestaan het.[99] Hierdie houding teenoor die inwoners noord van die Vaalrivier, kon eenderssyds op intieme en persoonlike kennis berus het,[100] of ontstaan het ingevolge kwaadwillige en valse gerugte wat deur die aanhangers van die Britse gesag in die Soewereiniteit versprei is. Die kwaadstokery vind veral sy oorsprong daarin dat die lojaalgesindes en die Britse handelaars en spekulante voortdurend gevrees het dat die Oor-Vaalse Emi-

---

99) Omgekeerd sou die begeerte van die Emigrante in Transvaal om die republikeinse eenheid tot aan die Oranjerivier te herstel, ook as prikkel vir die republieke in die Soewereiniteit dien om in hul strewe te bly volhard. Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.101-104.

100) Aangaande die partyskappe in Transvaal vgl. Van Jaarsveld, op. cit., p.99 et seq., en Wichmann, op. cit., pp.83-85, en pp.86-101.

grante die Soewereiniteit met geweld sou binneval om dit van die Britse gesag te bevry.[101] Hoe dit ook al sy, dit bly 'n ope vraag of alle Emigrante wat nie onder die Britse juk wou staan nie, hulle wel met die Oor-Vaalse gebied staatkundig wou verbind.

* * *

Omdat die blanke veeboere en landbouers in die Soewereiniteit op hul gevestigde maar betreklik geïsoleerde plase steeds die tradisionele boerderymetodes van hul voorvaders beoefen, en daarbenewens 'n eenvoudige en bykans selfgenoegsame lewensbestaan gevoer het, en omdat hulle andersins in 'n half-pioniers samelewing so te sê geen aandeel in die landsbestuur gehad of enige kultuurbydrae gelewer het nie, kan die mate van volksgevoel en selfbewussyn van hul aparte en eiesoortige volksaard wat aanwesig was, slegs in hul verhouding tot die Britse gesag en die reaksie wat hierdie gesag by hulle uitgelok het, bepaal word. Die faktore wat die Britse beleid in Suid-Afrika bepaal het, o.m. as protégé van die inboorlinge op te tree, Britse handelsbelange te bevorder en die Britse ryksprestige te handhaaf,[102] sou uiteraard daarop ingestel wees om die onafhanklikheidstrewe en selfstandigheidsin van die Afrikaner te dwarsboom. Soos reeds aangedui is, sou die hysing van die Britse vlag oor die landstreek tussen die Groot- en Vaalriviere veral by die republikeinsgesinde Emigrante die ongewildheid van die Britse gesag verhoog.

Terwyl rassegevoel by die Emigrante se antipatie jeens die Britse gesag wel 'n rol sou gespeel het, moet die grondrede vir hierdie afkeer van 'n vreemde gesag, waarby die gesaguitoefening meesal onsimpatiek was, steeds gesoek word by die innerlike drang om in 'n selfdaargestelde maatskappy,

---

101) Vgl. McGill, D.C., British Policy and the Emigrants, p.179 en Van Jaarsveld, op. cit., pp.

102) Vgl. Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, (Kaapstad/Johannesburg, 1948), p.

ooreenkomstig tradisioneel-gevormde aspirasies, hul eie lot te bepaal. Afgesien van die sware eise wat hul half-nomadiese bestaan vir baie jare aan hulle gestel het, hul stryd en lyding teen die inboorlinge en die moeisame taak om gevestigde plase en wonings aan te lê, sou die Britse owerheid reeds vir ruim tien jaar hul staatkundige ideale op so 'n wyse teenwerk dat dit nouliks op 'n permanente grondslag gerealiseer kon word. Dat hul ideale in Natal en Transgariep tydelik in die praktyk in toepassing gebring is en toe vanweë Britse geweld en oormag meteens opgehef is, het die republikeinse strewe nie gedemp nie, maar eerder daaraan nuwe stukrag verleen. Diegene wat eens en vir altyd die gemeenskaplike vryheidstrewe versaak het, moes uiters gering gewees het.[103] In hierdie tydperk van Britse agtervolging sou hul voortdurende kontak met en verhouding tot die verskillende inboorlinggroepe en -stamme hul rassebewussyn en -onderskeid steeds tot voller ontluiking laat gedy. Hulle is steeds in hul oortuiging gesterk dat die toepassing van hul inboorlingbeleid, wat op eie ervaring gegrond is, en met sy beginsels van eie ontwikkeling onder blanke voogdyskap en territoriale segregasie, die enigste waarborg vir 'n veilige en bestendige lewensbestaan te midde van al die omringende en half-vyandige inboorlingstamme sou bied. Juis hierdie gemeenskaplike stryd teenoor en ervaringe met die inboorlinge en Britse gesag in die binneland het bygedra tot die vorming van 'n groepsbewussyn wat blyke gegee het dat dit in die veertiger jare alreeds gegaan het om die handhawing van 'n vae en ongeformuleerde volksbesef. Onderling was hulle dus verbonde om hul onaf-

---

103) Die enigste republikeine van aansien wat heelhartig met die Britse owerheid saamgewerk het, was J.M. Bester, 'n eertydse kommandant van Andries Pretorius te Boomplaats, wat as magistraat te Harrismith aangestel is, en veldkornet J.J. Fick van die wyk Witteberge, wat kort-kort in sy lojaliteit teenoor die Britse owerheid gewankel het. Merkwaardig genoeg, albei hierdie twee persone het as ondertekenaars van die Bloemfontein-konvensie opgetree.

hanklikheid as 'n gemeenskap te probeer verwesenlik ten einde hulself teen die Britse owerheid as 'n staatkundige bedreiging en teen die Bantoe as 'n fisieke gevaar te verweer.

Die innerlike geestesverset teen die Britse gesag sou hom na buite op tweërlei wyse openbaar. Aan die een kant was daar diegene wat steeds die gedagte getroetel het om hulle met geweld van die Britse juk te bevry en hulle met hul landgenote oorkant die Vaalrivier te verenig. Daar is veral na hul beproefde leier, Andries Pretorius, opgesien om leiding te gee, en veral D. Verwey en J.F. Otto het onderskeidelik onder die range van veldkornet en kommandant as Pretorius se agente in die Soewereiniteit opgetree.[104] Teenoor diegene het Emigrante met meer gevestigde boerderybelange in die Soewereiniteit gestaan, wat ewe sterk teen die Britse gesag gekant was, maar die les van Boomplaats nog nie vergeet het nie. Vir hulle was dit duidelik dat solank die Britse regering vasbeslote was om sy gesag in die binneland te handhaaf, sou dit futiel wees om hulle met wapens daarteen te verset. Uitgesonderd die lojaalgesindes wat die Britse gesag ingeroep het, sou die Emigrante in die Soewereiniteit van die staanspoor 'n afsydige en onverskillige houding teenoor die Britse Resident en sy amptenare in die verskillende distrikte inneem, d.w.s. anders as in Natal waar verskeie Emigrante ná die Britse oorname in 1843 heelhartig met die Britse owerheid saamgewerk en selfs in sy diens gestaan het. Voor die voldonge feit gestel dat hulle onder 'n gedwonge en ongevraagde gesag moet leef, het hulle die posisie lydelik aanvaar en die Britse gesag nóg openlik gedwarsboom, nóg openlik gesteun.[105] Hoe diep gewortel die afkeer van die Britse gesag wel was,

---

104) Vgl. Voortrekker-Argiefstukke. R.131/47.

105) Vgl. Barnard, B.J., 'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, I, (Kaapstad, 1948), p.464 et seq. Toe majoor Warden in Desember 1851 uit sy amp as Britse Resident ontslaan is, het verskeie Boere hul misnoë daaroor te kenne gegee. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp. 146-147.

sal aanstonds blyk toe hulle tydens die inboorlingonsluste met 'n doelbewuste lydelike verset teen die Britse owerheid volhard het.

Die apatie teenoor die Britse gesag sou nie net voortspruit uit die ervaring met hierdie gesag in die verlede nie, maar dit sou steeds gevoed word ingevolge die aard van die Britse bestuur wat oor die Emigrante ingestel is en die wyse waarop dit sou funksioneer en uitgeoefen sou word. Waar die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit reeds strydig met die Brits-imperiale beleid van geen-gebiedsuitbreiding was, en Boomplaats sir Harry Smith se bewering geloënstraf het dat die proklamering in ooreenstemming met die wense van die meerderheid van die blankes geskied het en die Britse regering geen bykomende koste op die hals sou haal nie, is dit te begrype dat Smith nou besonder begerig was dat die Soewereiniteit „be moulded into a permanency of harmony and union."[106] Die wese van die Britse administrasie sowel as die optrede van die amptenare sou egter op sigself één van die grootste struikelblokke wees wat in die weg van 'n versoening en harmonie tussen die Britse gesag en die Emigrante gestaan het. Die administrasie het op die kenmerkende Britse opvatting van die oppergesag van die staat berus en was om ekomomiese en veiligheidsredes op 'n kwasi-militêre lees geskoei. Uiteraard sou dit nie met die demokratiese inslag van die Emigrante rekening hou, of die ervaring wat hulle in hul eenvoudige bestuursinstellinge en bestuursbeoefening opgedoen het, in ag neem nie.

Vir administratiewe doeleindes is die Soewereiniteit in vier magistraatsdistrikte verdeel oor wie majoor H.D. Warden, die Britse Resident, „paramount authority, under his Exellency the High Commissioner" uitgeoefen het. Naas sy uitvoerende, wetgewende en regterlike magte, was hy ook die militêre

---

106) Aangehaal by Midgley, op. cit., pp.160-161.

bevelvoerder van 'n klein troepemag, wat te Bloemfontein gestasioneer was, en van die blanke inwoners, wanneer hulle tot krygsdiens opgeroep word. Oor elke distrik is 'n siviele kommissaris en magistraat aangestel, wie se magte en pligte in 'n enkele persoon saamgetrek was. In hul ampspligte is hul gewoonlik deur 'n klerk en een of twee konstabels bygestaan.[107] Nouliks twintig persone het dus die hele siviele en judisiële administrasie van die Soewereiniteit uitgemaak.

In ag geneem dat die Soewereiniteit se administrasie hom uit die skrale en ongereëlde inkomste van die blanke inwoners in stand moes hou, en boonop 'n yl, polities-verdeelde blanke gemeenskap en 'n hetrogene, talryke en meesal vyandige inboorlingbevolking oor 'n uitgestrekte gebied moes bestuur, spreek dit boekdele dat die Britse gesag hom nog enigermate effektief gehandhaaf het.[108] Nogtans was die werksaamhede van die administrasie nie van so 'n omvang en betekenis dat dit in besonder die vyandiggesinde Emigrante met groter waardering of simpatie daarteenoor laat staan het nie. Hulle sou nog altyd kon opwerp dat hul eie instellinge, ten spyte van al die leemtes, daaraan verbonde ewe goed in hul behoeftes

---

107) Vgl. die regulasies vir die regering van die O.R.S. soos afgedruk in Eybers, G.W., Select Constitutional Documents....., p.275 et seq. In S.C.1/ . Clerk aan Newcastle, 25.8.1853, verklaar Clerk dat die administrasie uit 'n Resident, 'n sekretaris, twee klerke, vier distriksmagistrate, drie magistraatsklerke en 'n publieke aanklaer bestaan het.

108) Vgl. Midgley, op. cit., p.172. 'n Belemmerde faktor vir die uitoefening van 'n behoorlike administrasie moet ook gesoek word in die feit dat amptenare nie altoos volgens die bevindinge en praktiese waarneminge kon optree nie. Hulle bestuurshandelinge was altoos onderhewig aan die goedkeuring van die Britse Resident, wat weer op sy beurt aan die Hoë Kommissaris vir al sy handelinge en besluite verantwoordelik was. Ook die Hoë Kommissaris was nie altyd met outonome gesag in Suid-Afrika beklee nie, sodat ook sy beslissinge aan die goed- of afkeuring van die Sekretaris van Kolonies onderhewig was. Vandaar dikwels die onsekere en halfhartige optrede, by en teenstrydighede in die handelinge van die amptenare. Vgl. ook Egerton, H.E., A Short History of Colonial Policy, 1606-1909, (10de uitgawe, London, 1941), p.224 en Muller, op. cit., pp.2-9.

voorsien het.

Die amptenare se persoonlike optrede was ook nie altyd daarop bereken om die vyandiggesinde Emigrante met die Britse owerheid te versoen nie. Hoewel majoor Warden self met 'n Afrikaner-nooi, Susannah Elizabeth Minnaar, getroud was en hy met die Emigrante in hul eie taal kon omgaan, gee sy optrede en amptelike korrespondensie deurgaans blyke dat hy slegs die guns en medewerking van die lojaalgesindes wou behou. By laasgenoemde was hy dan ook algemeen gewild, maar hy gee nêrens blyke dat hy 'n wesenlike begrip van die strewe van die republikeinsgesindes gehad het nie. Vir hom was hulle 'n opstandige en hardkoppige groep mense wat uit onkunde nie die voordele van die Britse gesag wou insien nie, en derhalwe sy ingewikkelde bestuurstaak nog verder bemoeilik het. Omgekeerd was Warden vir die republikeinsgesindes die verpersoonliking van die ergelike en gehate Britse gesag wat hulle agtervolg het en moes hy derhalwe hul politieke gramskap verduur. Teen sy persoon of karakter sou niemand iets kon inbring nie, maar hy was klaarblyklik nie met 'n persoonlikheid bedeeld wat aanhangers vir die Britse gesag gewerf het nie.[109]

Thomas Biddulph, die magistraat en siviele kommissaris van Winburg wat in 'n sekere sin 'n sleutelpos beklee het, het vanweë 'n gebrek aan morele en selfs fisiese moed nóg die Hoë Kommissaris, nóg die Britse Resident se volle vertroue geniet. Om 'n onverklaarbare rede is hy nooit vervang nie. As iemand wat boonop 'n swak beheer oor die Hollandse taal gehad het, van sy vrou geskei was en met sy huishoudster

---

109) Vgl. Barnard, op. cit., p.317. Hoe simpatiek 'n mens ook al teenoor Warden wil staan, waar hy 'n praktiesonmoontlike naturrellebeleid van sy heer en meester, sir Harry Smith, moes uitvoer, en waar hy boonop die vyandskap van sy rasgenote, die Britse handelaars en spekulante, moes verduur en origens geen samewerking van die oorgrote meerderheid van republikeinsgesinde Boere ondervind het nie, is Barnard se gevolgtrekking in sy verhandeling dat Warden „pro-Boers" was (vgl. pp.319, 470 en 473), beslis van die merk af, tensy hy daarmee slegs tekenne wil gee dat Warden pro-„well disposed and loyal" Boer was.

saam geleef het, het sy persoon dus geensins daartoe bygedra om die Britse gesag in daardie streek enigsins gewilder te maak nie. Hoewel Biddulph self geen boerehater was nie, „I don't dislike them on the whole," het hy eenmaal verklaar, is daar niks wat enige blyke gee dat hy as Britse gesagsdraer groot respek en agting veral by die republikeine afgedwing het nie.[110] Eweneens was Charles U. Stuart, magistraat en siviele kommissaris van Bloemfontein-distrik, as eentalige en vriend van die handelaars- en spekulante-gemeenskap nie in staat om die Boere se vertroue te wen nie.[111] Thomas Vowe, wat as 'n meer gematigde persoon die bitsige en uitgesproke James O'Reiley as siviele kommissaris en magistraat van Caledon-rivier-distrik in 1849 opgevolg het, het soos al die ander amptenare nooit uit sy pad gegaan om die guns van die Boere vir die Britse saak te wen nie.[112]

Naas die funksies wat die amptenare moes vervul, is 'n Wetgewende Raad in die lewe geroep om die Hoë Kommissaris en Britse Resident in hul regeringstaak te ondersteun. Die Raad is saamgestel uit die Britse Resident, die president, die vier siviele kommissarisse as ex officio lede en twee grondbesitters vir elke distrik wat vir drie jaar deur die Goewerneur benoem is.[113] Toe die name van die onoffisiële lede aangekondig is, was dit al te duidelik dat daar sorg gedra is dat geen Emigrante met republikeinse oortuiginge in die Raad sitting sou hê nie.[114] Omdat die lede van die Raad geensins verteenwoordigend van die verskillende politieke oortuigings in die Soewereiniteit was nie, het dit allermins die vertroue

---

110) Vgl. Southey Papers, Biddulph aan Southey, 12.4.1949 en 7.6.1949, soos aangehaal by Midgley, op. cit., p.183 en 184. Vgl. ook Midgley, p.183, vn.119.
111) Vgl. Midgley, op. cit., p.168 en p.185.
112) K.A. G.H.10/3. J. O'Reiley aan R. Southey, 31.7.1848.
113) Vgl. Eybers, Select Documents....., p.275.
114) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.95 vir die lys van name van die Wetgewende Raad, en Midgley, op. cit., pp. 187-188 wat daarop wys dat die persone uit 'n groslys vir elke distrik deur die Hoë Kommissaris aangestel is.

van die gematigde of uitgesproke republikeinsgesindes geniet. Vir hulle was dit selfs 'n liggaam wat die lojaalgesindes vir Britse diens teen die republikeine ingespan het. Hoewel die taak van die Raad deels adviserend en deels wetgewend was, en tewens die begroting en uitgawe van die Soewereiniteit bespreek het, het dit so selde vergader dat in die praktyk feitlik geen invloed daarvan uitgegaan het nie. Die beoefening van die administrasie in die Soewereiniteit het oorwegend deur middel van proklamasies op verantwoordelikheid van die Britse Resident geskied.[115]

Die howe in die Soewereiniteit het op dieselfde grondslag as die Kaapse howe gefunksioneer, m.a.w. die magistrate sou as enkelinge kleiner siviele en kriminele sake verhoor, terwyl groter sake deur 'n verenigde hof van twee of meer magistrate behartig sou word. Die ou gewilde instelling van landdros en heemrade wat deur die Trekkers in ere herstel is, nadat dit in 1828 in die Kaapkolonie afgeskaf is, is dus hier ook nie langer gehandhaaf nie. 'n Belangrike beginsel is oor die hoof gesien nl. dat die Emigrante soos die koloniste vanouds „in die kollege van landdros en heemrade reeds 'n deel van hulself gesien het, 'n liggaam deur middel waarvan die plaaslike sake en eie minder belangrike geskille deur hulself bestuur en besleg kon word."[116] Dit moet egter tot eer van die Britse magistrate gesê word dat hulle, ten spyte van hul beperkte regskennis, die regspraak op 'n besondere lofwaardige en onpartydige wyse beoefen het, sodat die Emigrante in die opsig weinig rede tot klagte of ontevredenheid gehad het, anders as dat dit nie deur hul self en hul eie mense beoefen is nie.[117]

Terwyl die Hoëkommissaris se proklamasie van 8 Maart 1848 bepaal het dat die Soewereiniteit in veldkommandantskap-

115) Vgl. Barnard, op. cit., p.453.
116) Van der Walt, Viid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, II, (Kaapstad, 1951), p.42.
117) Vgl. Midgley, op. cit., p.172, voetnoot 63.

pe en veldkornetskappe verdeel sou word en dat die keuse van die ampte vir hierdie gebiede deur die meerderheidstem beslis moet word, het die regulasies vir die bestuur van die O.R.S. van 14 Maart 1849 bepaal dat vrederegters en veldkornette deur die Hoëkommissaris aangestel sou word.[118] Oor die aangeleentheid is daar nie volkome duidelikheid nie, maar dit wil voorkom asof die kommandante en veldkornette wel by sekere geleenthede deur die burgers gekies is en by ander geleenthede deur die owerheid aangestel is. In die reël is die ampte deur lojaalgesinde burgers beklee met die gevolg dat hulle nie op die vertroue van al die burgers kon staat maak nie.[119]

Ten opsigte van grondtoekenning is bepaal dat „all lands within the Orange River Sovereignty, not alloted to any native chief or people, shall be held of Her Majesty the Queen, by grant, on such moderate quitrents as may be fixed,"[120] en by 'n vorige geleentheid is bepaal dat dit sou geskied op voorwaarde „that every able-bodied man turns out on the defence of Her Majesty and her allies, either with arms, or as special constables....."[121] Die Britse beskouing was dus dat die grond in sy wese nie die eiendom van die blanke bewoners self was nie, maar as kroongrond op sekere voorwaardes aan hulle verpag word. Sedert die Kompanjiesdae was daar 'n teësin by die Afrikaner om sy jaarlikse huur- of rekognisiegeld te vereffen, wat tot 'n groot mate voortgespruit het uit die feit dat die regering werklik niks gedoen het wat hom sy aanspraak op rou grond bo dié van die opofferinge van die individuele baanbreker in die binneland geregverdig het nie. Vir die ingevorderde huurgeld, hoe luttel ook al, is karige diens van die kant van die owerheid gelewer. Indien die huurgeld ook gereëld ingevorder en vereffen is, sou die griewe daar-

---

118) Eybers, Select Documents....., p.275 et seq.
119) Vgl. Midgley, op. cit., p.141 en Barnard, op. cit., pp. 453-454.
120) Regulasies vir die regering van die O.R.S. afgedruk in Eybers, op. cit., p.275 et seq.
121) V.A. H.C.3/8. Proklamasie deur H.G. Smith, 3.2.1848.

teen minder omvangryk gewees het, maar met die verloop van jare het die verskuldigde bedrag dikwels so hoog opgeloop dat dit moeilik te vereffen was. Met hul verhuising sou die Emigrante in die binneland aanvanklik nie aan hierdie verpligting onderworpe wees nie. Toe grond egter in volle eiendom aan hulle as burgers van die Republiek Natalia toegeken is, is 'n jaarlikse heffing van Rds. 12 op elke plaas tussen 1-3,00 morge ingestel.[122] Omdat die streke op die Hoëveld vóór die Britse besetting nooit onder 'n effektiewe bestuur gestaan het nie, is grondbelastings hier selde of ooit ingevorder. Die Emigrante het dus allermins die feit verwelkom dat hulle deur die ongewilde Britse owerheid 'n huurgeld opgelê is op grond wat hulle boonop as hul eie beskou het.

Hoewel die huurgeld wat die Britse owerheid van die grondbesitters in die Soewereiniteit gevorder het, besonder billik was — ongeveer £3 p.j. vir 3,000 morge — moet dit in gedagte gehou word dat in die gebied 'n ruilekonomie in swang was en dat dit vir die Emigrante dikwels besonder moeilik was om die vereiste kontantbedrag byeen te bring.[123] Die klerk van die magistraat te Winburg het die Boere se houding raak opgesom, t.w. die Boere is soos baie ander in die wêreld „you may do almost what you like with them, but you must not touch their pockets. They would have a government but supported without their aid."[124] Vir baie jare sou ook die administrasie van die Oranje-Vrystaat met presies dieselfde probleem opgesaal sit. Uiteraard sou hierdie heffing van huurgeld op grond geensins tot die gewildheid van die Britse bestuur bydra nie. Boomop het die grondkommissie, wat vir die toekenning van plase ingestel is, in die reël te oorhaastig te werk gegaan met die gevolg dat baie plase nie eers besoek is nie en onregmatige

---

122) Du Plessis, A.J., Die Republiek Natalia in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, I, (Kaapstad, 1943), p.181.
123) Vgl. Midgley, op. cit., p.176 en p.182.
124) Aangehaal by Midgley, op. cit., p.274. Southey Papers. R. Dyason aan R. Southey, 29.9.1849.

toekenning gemaak is. Die verwarring en ontevredenheid wat daaruit voortgespruit het, is gevolglik op rekening van die Britse bestuur geplaas. Ook die koste van die opmeet van plase deur geoutoriseerde landmeters sou ernstige beswaar uitlok.[125]

Die prestasies van die Britse bestuur om 'n betreklik effektiewe staatsdiens teen soveel moeilikhede en faktore in te handhaaf; die oprigting van kerkgeboue en skole in verskeie dorpe, en die instelling van posdienste sou die republikeinsgesinde Emigrante egter as „buitestanders" beleef, maar met argwaan waarneem.[126] Hulle sou nie met enige bewondering daarteenoor staan nie, maar veeleer die houding ingeneem het dat hulle eventueel self hierdie dinge tot stand sou gebring het indien die Britse regering hulle aan hul eie lot oorgelaat het. Juis omdat hierdie bestuursontwikkeling en -prestasies nie uit hulleself was nie, het hulle ewe as onder die Britse bewind in die Kolonie apaties daarteenoor gestaan. Hul geesteshouding teenoor die Britse gesag wat oor hulle ingestel is, word besonder raak saamgevat in die woorde van James Burnet, waarnemende siviele kommissaris van Vaalrivier: „No Boer was ever heard to apply the word 'My' or 'Our' to the British Government. In twelve years of constant intercourse with Boers and loyal Boers, in the Colony, the writer never heard the expressions used. 'Het Gouvernement' or 'Het Engelsche Gouvernement' are the most respectful terms ever used."[127] Die grief dat hulle bestuur en bereg is deur vreemdelinge en boonop in 'n vreemde taal word nêrens in sulke woorde uitgedruk nie, maar Burnet se woorde getuig van 'n diepe waarheid, nl. dat in hul onderbewussyn die gevoel sterk aanwesig was dat die „Gouvernement" nóg uit hulself was, nóg as

---

125) Ibid., pp. 177-183, waar die werksaamhede van die verskillende grondkommissies bespreek word.
126) Midgley, op. cit., pp.172-174.
127) V.A. S.C.3/2. Memorandum van J. Burnett oor die inboorling-onluste van 1851, p.35.

wesenlik hul eie beskou is.

In die Soewereiniteit was daar weliswaar geen sprake van 'n verengelsingsbeleid wat die Emigrante se lewenswyse of kultuur — hoe eenvoudig ook al — enigsins aangetas het nie. In die daaglikse lewe was die blankes op hul plase ook aan weinig staatsinmenging onderworpe. Naas die griewende bepaling dat hulle in krisis tye aan diensplig onderworpe was, was hulle hoogstens die verpligting opgelê om jaarliks hul huurgeld te vereffen. Desnieteenstaande het die gedwonge onderwerping aan 'n vreemde gesag meegebring dat die republikeinsgesinde Emigrante hul bewustelik van die owerheid geïsoleer en hul eie staatsideale bly troetel het.

Terwyl die Emigrante se selfbewussyn enersyds versterk is ingevolge die reaksie wat die beoefening en toepassing van die Britse administrasie en bestuursinstellinge uitgelok het, het dit andersyds onbewus tot hul solidariteit bygedra. Al sou die blankes, behalwe as lede van die Wetgewende Raad, die verskillende grondkommissies en as kommandante en veldkornette, geen aktiewe aandeel in die Soewereiniteitsbestuur hê nie, sou hulle ten minste as toeskouers die beoefening van 'n gesentraliseerde bestuur meemaak. Hulle sou 'n veel intiemer kennis van die uitoefening van gesag deur 'n enkele bestuurshoof wat deur ondergeskiktes in sy taak bygestaan is, as hul landgenote in die Oorvaalse gebied opdoen. Naas ordonnansies wat o.m. boedels, die belange van wese, die daarstelling van skutte, grondtransaksies en die regspraak gereël het, sou hulle van die dienste van 'n siviele kommissaris, 'n siviele hof om hul onderlinge verskille te besleg, 'n huwelikshof, 'n weeskamer, 'n betreklik gereëlde posdiens tussen die dorpe in die Britse geweste, en elementêre onderwys in staatskooltjies op die dorpe gebruik kon maak.[128] Trots die gespanne toe-

---

128) Vgl. Midgley, op. cit., hoofstukke LL, V en VIII; Barnard, op. cit., hoofstuk XV en Fourie, P.C., Die Administrasie van die O.V.S. tot 1859, (Ongepubliseerde Ms. U.O.V.S., 1960), pp.4-9.

stande wat die inboorlingonluste langs die grense meegebring het, het die Britse administratiewe en staatsregterlike reëlings 'n maatskaplike ordening geskep wat 'n bestendigheid verseker het waaraan die Transvaalse gebied so mank gegaan het. Hoe onwillig en teësinnig 'n groot deel van die blanke bevolking in die Soewereiniteit hulle ook al aan die gevestigde owerheid onderwerp het, het dit desondanks tot die koördinering van hul belange meegewerk en hulle gekanaliseer vir gereëlde owerheidsinstellings. Soveel so dat hulle later hierdie Britse administratiewe reëlings sito-sito aanvaar het. Omdat hulle aan 'n gereëlde en gemeenskaplike bestuur onderwerp is, het dit opsigself besinning en inkeer gebring na 'n tydperk van verwildering en ietwat arbitrêre gesagsbeoefening op die Hoëveld.

* * *

Soos in die dertiger jare aan die Kaapse oosgrens en in die veertiger jare in Natal sou die Britse naturellebeleid opnuut en by uitstek die skerpste reaksie by die Hollands-Afrikaanssprekende veeboer en landbouer in die Soewereiniteit uitlok. Nie net die republikeinsgesindes nie maar ook die res van die blanke bevolking het gevrees dat die Britse beleid die gevaar inhou om dieselfde toestande as aan die Kaapse oosgrens te skep wat hul lewensbestaan ernstig sou bedreig of onuithoudbaar sou maak. Die beleid wat sir Harry Smith voorgestaan het, het boonop vir die blankes soveel filantropiese trekke vertoon dat hulle heimlik gevrees het dat dit

uiteindelik op gelykstelling kon afstuur.[129]

Die wrywing en geskille wat tussen blank en nie-blank in die Soewereiniteit ontstaan het, is in sy wese na die besitreg om grond te herlei. Die brandpunt van die botsing wat tot aan die einde van die sestiger jare sou voortduur, het veral in die vrugbare vallei tussen die sameloop van die Caledon- en Oranjeriviere gelê. Die blankes was vas oortuig dat hulle aanspraak onbetwisbaar was op die grond, wat 'n driehoek gevorm het tussen die gemelde riviere en suid van 'n lyn, wat ongeveer van die huidige dorp Wepener tot by die sameloop van Kornetspruit en die Oranjerivier getrek kon word. Sedert die twintiger jare het hulle hierdie streek as veeboere binnegetrek en die grond van Boesman- en Korannastammetjies verruil.[130] Nadat sendelinge van die Paryse Sendinggenootskap hul onder die Basotoe's gevestig het, het ook die Basoeto-opperhoof, Mosjesj, op hierdie vallei tot aan die mees suidelike punt en gronde ten weste van die Caledonrivier aanspraak begin gemaak. Namate die blankes se getalle in die vallei vermeerder het, het Mosjesj hom op die Britse owerheid beroep om hom teen hulle oorskryding te beskerm. Ingevolge die sterk filantropiese druk wat daar in die dertigerjare van die verskillende sendinggenootskap op die ower-

---

129) Hoewel filantropiese invloede teen 1848 vinnig aan die taan was en die sendelinge haas geen invloed op die Britse owerheid meer uitgeoefen het nie (vgl. Muller, op. cit., pp.280-281), was die blankes in die Soewereiniteit nie juis van hierdie feit bewus nie. Desondanks het die beleid wat Smith vir die O.R.S. neergelê het en deur Warden in die praktyk toegepas is, nog steeds daarop neergekom dat die grondregte van die inboorlinge op 'n besondere wyse deur die Britse owerheid beskerm is, terwyl die blankes se grondregte voortdurend deur dieselfde inboorlinge bedreig is. Terwyl die Britse sendelinge sedert 1848 grootliks uit die prentjie verdwyn en hoofsaaklik net as raadgewers van die inboorlingkapteins opgetree het, sou die Britse owerheid nou self as die beskermheer van die inboorlinge teen die belange van die blankes optree.

130) Theal, G.M., Basutoland Records, II, (Kaapstad, 1883), pp.424-438; Van Schoor, op. cit., p.98 en Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoevraagstuk in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, II, Kaapstad, 1939, p.xvii.

heid uitgeoefen is en die Emigrante met hul verhuising na die binneland die owerheid in verleentheid gestel het, was die Britse gesaghebbers aan die Kaap feitlik van die staanspoor met argwaan teenoor die blankes vervul en het die belange van die inboorlinge voorkeur geniet.[131]

Vanweë die uitgestrektheid van die landstreek ten noorde van die Oranjerivier kon die Britse owerheid sy koloniale wette nie doeltreffend op die Emigrante toepas nie, maar hulle is nietemin van tyd tot tyd gewaarsku om die inboorlinge op generlei wyse te veronreg nie.[132] Omdat die proklamasies haas geen indruk gemaak het nie, is veral op aandrang van dr. John Philip in 1843 met Adam Kok en Mosjesj 'n traktaat gesluit, waarvolgens die Britse owerheid hom gebind het om die Griekwas en Basoeto teen die Emigrante te beskerm.[133] Toe twiste tussen die Griekwas en die blanke veeboere uitbreek, het dit uiteindelik op die skermutseling te Swartkoppies uitgeloop, waardeur die Britse owerheid blyke gegee het dat hy bereid was om sy inboorling-bondgenoot met troepe by te staan. Die onderhandelinge wat daarop in Junie 1845 by Touwfontein gevolg het, het opnuut berus op die beginsel „to secure the lands and freedom of the numerous native tribes.....against the encroachment and agression of self-expatriated British subjects."[134] As in gedagte gehou word dat dit veral die lojale blanke trek- en veeboere was wat hulle in die suidelike dele van Transgariep en die Caledonriviervallei gevestig het en dat hulle hul voortdurend op die uitbreiding en beskerming van die Britse gesag beroep het, moes hierdie voortrekkery van die inboorlinge vanselfsprekend by hulle wrewel en ergenis verwek het.[135]

131) Vgl. Muller, op. cit., pp.38-40, p.216, pp.250-251, pp. 253-254 en Theal, Basutoland Records, I, pp.42-45.
132) Vgl. proklamasies in The Cape of Good Hope Government Gazette, 9.9.1842 en 4.11.1842.
133) Theal, Basutoland Records, I, p.48, vir die Napier- verdrae.
134) Ibid., Maitland aan Stanley, 1.6.1845 en Van Schoor, op. cit., p.19 e.v.
135) Vgl. ook Hoofstuk IV van hierdie verhandeling.

Omdat die Basoeto se uitbreidingsplanne nie net teen die blanke veeboere gemik was nie, sou dit weldra hulle ook met die Britse gesag en ander omliggende inboorlingstamme in botsing bring. Die Basoeto sou uiteraard hul stamgebied aan geen vaste grense laat bind nie. Hoewel sir Harry Smith ingesien het dat die oorsaak van die rassebotsinge in Transgariep nie net by die blankes gesoek moet word nie, was die proklamering van die Soewereiniteit tog daarop bereken „of establishing an amicable relationship with (the) native chiefs, of upholding them in their hereditary rights and protecting them from any further agression, or location of Her Majesty's Subjects."[136] Watter ander skone beloftes en voordele die proklamasie van 3 Februarie 1848 ook al vir die blankes ingehou het, het hierdie kardinale punt bly vassteek, nl. dat hulle daarvan aangekla word dat <u>hulle</u> die inboorlinge veronreg het. Dit kon nie anders as om die indruk op hul gemoedere te laat dat die inboorlinge soos vanouds aan die Oosgrens en in Natal voorgetrek en hul bestaansveiligheid daardeur ernstig bedreig sou word nie. Andries Pretorius sou hom hieroor skerp uitlaat, o.m. met die woorde „dat (het) Britsche Gouvernement, voorregten en vryheden schenkt aan alle andere schepselen, en dat wy gestadig worden gedreven in boeyen en bannissementen... ..."[137] 'n Sekere komdt. J.J. Jacobs van Magaliesberg het die Emigrante in die Soewereiniteit dan ook aangeraai om in die Oorvaalse gebied te kom woon, aangesien dit veel beter is om arm en vry te leef as om welgesteld onder 'n regering te woon waar die blankes uiteindelik die diensbodes van die gekleurdes sal word.[138]

Tot 'n groot mate gerugsteun deur die voorgemelde proklamasie, wat immers hul grondregte gewaarborg het, sou die

---

136) <u>The Cape of Good Hope Government Gazette</u>, No.2204 - 24.2.1848. Proklamasie van H.G. Smith 3.2.1848.
137) <u>Ibid</u>., No.2236. Algemene Kennisgewing van die Krygsraad, onderteken deur A.W.J. Pretorius, 12.7.1848.
138) V.A. H.C.1/10. Omsendbrief van J.J. Jacobs, ongedateerd.

Basoeto met die verloop van tyd die blankes in die Caledon-riviervallei van hulle plase verdring. Dit het geskied in streke waar die Basoeto nog nooit gewoon het nie of op plase wat met die toestemming van Mosjesj deur die blankes bewoon is.[139] Selfs Richard Southey, wat in Desember 1848 'n grenslyn tussen die blankes en Basoeto wou bepaal, moes saam met majoor Warden erken dat die blankes in die vallei hul plase nie sonder regmatige aanspraak bewoon nie.[140] Hoewel die Britse owerheid hierdie groeie reg van die blankes ingesien het, het die getalm om 'n grenslyn vas te stel wat territoriale skeiding tussen blank en nie-blank sou verseker, 'n toestand van verwarring en onsekerheid geskep wat selfs die gevestigde blankes van die Caledonrivier-distrik gedwing het om te verhuis of vir die behoud van lewe en hawe in laers saam te woon. Toe die grens in 1849 wel deur majoor Warden vasgestel is, het die reaksie wat op hierdie inkamping van die Basoeto se Lebensraum gevolg het, 'n veilige en rustige lewensbestaan vir die blanke in die Caledonrivier-distrik bykans onmoontlik gemaak. Die Britse owerheid was nie by magte om die grenslyn met beslistheid te handhaaf en die Basoeto se sug na meer grond effektief teen te gaan nie. Dieselfde stel faktore wat die Kaapse grensboere gedwing het om die Kolonie te verlaat, het hom nou aan die Soewereiniteit se oosgrens laat geld.[141] By die blankes in hierdie distrik, wat altyd as die mees lojale aanhangers van die Britse gesag beskou is en tydens die Boomplaats-episode hulle openlik in laers van die republikeinsgesindes afgeskei het, was daar reeds teen die einde van 1849 'n politieke kentering waar te neem. Éér van hulle het op 'n openbare vergadering dan ook nadruklik verklaar dat hulle net so goed sonder die Britse regering kan klaarkom, aangesien hulle geen beskerming ontvang vir die belastings wat hulle

---

139) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.101.
140) Ibid., pp.101-102.
141) Vgl. Hoofstuk IV van hierdie verhandeling.

moet vereffen nie.[142] Dr. C.F.J. Muller merk dus tereg op dat die oorspronklike Trekboere, d.w.s. die lojaalgesindes „ook in die Transoranje deur die Britse beleid in Voortrekkers omskep"[143] is.

Hoe graag Warden ook al met sy beperkte troepemag die blankes teen die inboorlingstropers wou beskerm, het sy eie pogings om deur middel van direkte inmenging in inboorlingstamtwiste en territoriale skeiding tussen hulle af te dwing, olie op die vuur gegiet.[144] Om sy gesag enigsins teenoor die inboorlinge te handhaaf, was hy genoodsaak om hom op die proklamasie van 3 Februarie 1848 te beroep, waarvolgens „every able bodied man turns out with arms or as a constable for the defence of Her Majesty and Her allies," indien die Resident dit nodig ag.[145] Naas die feit dat hulle die ongestadige toestande in die oostelike streke van die Soewereiniteit aan die optrede van Warden gewyt het, moes hulle boonop onder moeilike omstandighede krygsdiens verrig om twiste onder die inboorlinge te besleg waarvan hulle nóg die oorsaak, nóg enige belang in gehad het.

Die oproep tot kommandodiens sou nie net die republikeinsgesindes in die harnas ja nie, maar ook die lojaalgesindes is met weersin daarteenoor vervul. Sedert die vroegste jare van die Kaapse volksplanting was die Afrikaner nooit onwillig om <u>vrywillige</u> burgerdiens te verrig, indien die blanke gemeenskap deur inboorlinge bedreig word nie, maar die gedagte om as „soldaat" <u>per se</u> opgeroep te word, sou hom diep krenk.[146]

---

142) V.A. B.R.1/3 A. Smit aan H.D. Warden, 18121849.
143) Muller, <u>op. cit.</u>, p.207.
144) Vgl. Van Schoor, <u>op. cit.</u>, pp.103-104 en p.106, en vgl. ook die bo-aangehaalde werke van McGill, Barnard en Midgley.
145) <u>The Cape of Good Hope Government Gazette</u>, No.2204 - 24.2.1848. Proklamasie van H.G. Smith, 3.2.1848. Dit was ook die voorwaarde waarop die Boere in die O.R.S. hul grond behou het.
146) Vgl. Hoofstuk IV van hierdie verhandeling, en Van Schoor, <u>op. cit.</u>, p.106 e.v.

Toe Warden reeds in Mei 1849 vir die eerste keer burgers opkommandeer, het sommige verkies om liewer oor die Vaalrivier te trek. Die onwilliges is boonop gewaarsku dat boetes hul opgelê en hul plase verbeurd verklaar sou word, indien hulle die Soewereiniteit verlaat. Warden en sy magistrate se optrede het skerp reaksie uitgelok en op een van die kennisgewings het 'n inwoner die volgende aangeteken: „Disen drijgementen gaf ook aanlijding van ongehoorsaamheid onder die burgers."[147]

Die weiering om kommandodiens te verrig, het die merkwaardige kenmerk vertoon dat dit in feitlik alle dele en by alle groepe in die Soewereiniteit spontaan ontstaan het. Daar is geen aanduiding dat dit op enige wyse of persone vooraf gepropageer is nie. Eers nadat hierdie gedragslyn oral voor die dag getree het, het ook die redakteur van The Friend of the Sovereignty, as mondstuk van die handelaars en spekulante, op 'n subtiele wyse die Boere aangemoedig om hul nie vir krygsdiens aan te meld nie, en die feit gelaak dat hulle beboet word omdat hulle nie wou veg teen 'n vyand met wie hulle geen twis gehad het nie.[148]

Nadat die Boere vir langer as 'n jaar in hierdie gedragslyn volhard het, het Warden in die winter van 1851 in wanhoop verklaar: „The fact is that $^{2}/_{3}$rds of the Boere of the Sovereignty are in their hearts decided Rebels and consequently do all in their power to thwart Government."[149] Hier-

---

147) Van Schoor, op. cit., p.107 en p.111.

148) The Friend of the Orange Free State, 23.6.1851, vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp.108-109. Die radakteur van die blad was gekant teen Warden se beleid van inmenging met die inboorlingtwiste aangesien dit die O.R.S. in 'n staat van voortdurende oorlog gedompel het en derhalwe die handel met die inboorlinge ernstig belemmer of gestrem het. Redakteur Thomas White en sy plaasvervanger, D.C. Grant, en die handelaar- en spekulante-gemeenskap het ook voortdurend op die versterking van die handjievol troepe in die Soewereiniteit gepleit, aangesien dit vanselfsprekend 'n groter garnisoen en 'n groter handelsomset sou beteken.

149) V.A. B.R.2/2. H.D. Warden aan H.G. Smith, 20.7.1851.

die woorde is van besonder betekenis waar dit afkomstig is van iemand wat nog altyd wou voorgee dat die lojaalgesindes 'n invloedryke en sterk element van die blanke bevolking van die Soewereiniteit uitgemaak het. Dit kan wees dat Warden die woorde in 'n oomblik van wanhoop geskryf het of daarmee gewig wou gee aan sy herhaalde pleidooie dat hy alleen met 'n groter Britse troepemag die rus en orde sou kon herstel en handhaaf. Andersyds is dit nie uitgesluit dat Warden in sy magtelose posisie ook bereid was om teenoor homself en sy bewindhebbers die wesenlike toedrag van sake te erken nie. Die oorgrote meerderheid van die blanke inwoners mag nie almal oortuigde en doelbewuste republikeine gewees het nie, maar die toenmalige toestande bevestig Warden se bewering dat 'n aansienlike getal in hul harte „rebelle" was, d.w.s. geen toegewyde en lojale onderdane van Haar Majesteit nie.

Aanvanklik sou die Boere van die Caledonriviervallei en die omliggende streke die meeste van die wraaksugtige Basoeto's te verduur gehad het, en soos reeds in die vorige hoofstuk breedvoerig aangetoon is, het hierdie Boere meerendeels uit Koloniale Trekboere bestaan wat hulle reeds vóór die Groot Trek in hierdie vallei gaan vestig het. Hulle het hul, ten spyte van hul verhuising oor die grens nog as Britse onderdane beskou en by verskeie geleenthede gepleit dat die Britse gesag met sy voordele van 'n magistraat en kerklike bediening oor hulle uitgebrei word.[150] In die voorgemelde hoofstuk is ook mening uitgespreek dat die lojaliteitsbetuiginge en -gevoel van hierdie eertydse Trekboere nie so diepgewortel is as wat deur geskiedskrywers al beweer is nie, en dat dit eerder voortgespruit het uit hul godsdienstige opvattinge dat die wettig-daargestelde owerheid gehoorsaam en geëerbiedig moet word.[151]

---

150) Van Schoor, op. cit., p.111 en pp.87-88, veral voetnote 62 en 64.

151) Vgl. ook Spies, F.J. du Toit, Engelse Gesindhede in die Vrystaatse Republiek in Hertzog Annale, Derde Jaargang, p.44.

Al het hulle hulself as Britse onderdane beskou, het hulle desondanks op generlei wyse die Britse lewenswyse, -beskouinge, kultuur of politieke denke hul eie gemaak nie. Derhalwe was hierdie „lojaalgesindes" veelmeer die potensiële en onbewuste lede van 'n wordende Afrikanervolk as wat hulle self ooit kon vermoed het. Hul lojaliteit teenoor die Britse gesag berus dan ook op geen ander gronde as wat so ewe genoem is, en die feit dat hul geïsoleerde lewensbestaan meegebring het dat daar geen wrywing met die Britse administrasie, maatskaplike lewe of kultuur ontstaan het nie en hulle buite die invloedsfeer van die Britse grens- en inboorlingbeleid geleef het. Hoewel daar eintlik geen besonder sterk faktore was wat hul kragtig aan die Britse bewind gebind het nie, het hulle andersyds ook geen „onreg" van die owerheid te verduur gehad wat hulle bepaald anti-Brits kon maak nie. Toe omstandighede egter wel geleentheid vir griewe teen en misnoeë met die Britse owerheid geskep het, was daar in werklikheid niks wat die geestelike en daadwerklike eenwording met die republikeinsgesindes kon verhoed nie.

Ingevolge die verwarring en bedreiging langs die oosgrens van die Soewereiniteit en die wyse waarop die Hoë Kommissaris en die Resident die toestande hanteer het, sou hierdie eertydse Trekboere vir die eerste keer tot 'n groot mate aan dieselfde faktore onderwerp word as waaronder die Kaapse oosgrensboere hul al 'n dekade en meer bevind het. Uit wanhoop en waarskynlik ook na analogie van die optrede van die Kaapse oosgrensboere, sou ook hier geleidelik die gedagte posvat of dit nie op die weg lê om uit eie krag hul bestaansveiligheid te verseker, indien die Britse owerheid nie daartoe in staat is nie. Die druk wat van die Basoetoe oormag en die Britse onmag uitgegaan het, sou dus tot 'n geleidelike omvorming van lojaalgesinde tot republikeinsgesinde meewerk. Kort na afloop van Boomplaats sou komdt. J.T. Snyman en ander persone van die Caledonrivier- en Bloemfontein-distrikte

namens die lojaalgesindes hul onverdeelde trou jeens Haar Majesteit betuig en beloof om burgers in tye van onluste aan die Resident beskikbaar te stel.[152] Pas twee jaar later sou dieselfde komdt. Snyman deur die magistraat van die Caledonrivierse distrik daarvan beskuldig word dat hy hom vir 'n bondgenootskap met die Transvaalse Emigrante beywer en openlik simpatiseer met diegene wat weier om op kommando te gaan.[153] 'n Byeenkoms van ongeveer 120 Boere van dieselfde distrik, wat volgens die magistraat tot 'n „regular Maatschappij Meeting" sou ontaard het as hy nie teenwoordig was nie, het die Britse owerheid versoek om onmiddellik die vrede in die Soewereiniteit te herstel en die versekering gegee dat indien hulle weer gedwing word om onluste onder die inboorlinge te besleg, hulle die land vir goed sou verlaat.[154]

* * *

In die noordelike streke was die posisie ietwat anders. Hier was die verskil tussen die republikeine en lojaalgesindes veel skerper, vanweë onderlinge wrywinge wat direkte kontak met mekaar meegebring het. Die lojaalgesindes se getal kon ten noorde van die Vetrivier nie groot gewees het nie, waarskynlik nie meer as 'n honderd hoofde van gesinne nie. As diegene wat die Britse gesag oorspronklik help inroep het, het hulle egter die „inveterate hatred" van die republikeine op hul hals gehaal. Die houding van laasgenoemde is te begrype, want hulle het nog altyd die Winburg-streke as wettigverkreë Emigrante-grond beskou, wat wederregterlik deur die Britse gesag in besit geneem is, ingevolge die pleidooie van 'n handjievol Winburgse lojaalgesindes waarvan M.H. Wessels

---

152) Van Schoor, op. cit., p.112.
153) V.A. B.R.1/s. T.W. Vowe aan T.J. Biddulph, 3.10.1858 en The Friend, 27.10.1851. (The Friend of the Orange River Sovereignty word voortaan afgekort as The Friend)
154) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.107-108.

as die voorbok beskou is.[155]

Aan viktimisasie van die kant van die republikeine het dit nie ontbreek nie, met die gevolg dat die lojaalgesindes van Winburg en omgewing steeds hul toevlug tot en enigste heil gesien het in die Britse gesag. Omdat hul grondregte vir baie jare nie soos diegene in die Caledonrivier-distrik bedreig was nie, was daar ook minder rede vir misnoeë met die Britse gesag. Ook hierdie groepie lojaalgesindes sou egter met verloop van tyd rede hê om hul vertroue in die daargestelde owerheid te verloor. Teen 1851 sou Warden se voortdurende inmenging in die inboorlingtwiste ook hulle posisie gevoelig raak.[156] Terwyl hulle nog bereid was om op kommando te gaan, moes hulle ondervind dat hulle in gevaar gestel word „om geheel en al gerueneerd, ja uitgeroeit, te word, alleen te oorzaken dat zy bekend zijn als Hare Majestyds getrouwen, standvastigen onderdanen."[157] Die Basoeto-stropers het hulle by uitstek as prooi uitgesoek, en boonop was dit die Barolong van Thaba 'Nchu en nie hulle wat die beskerming van die handjievol Britse troepe teen Mosjesj geniet het nie.[158]

Die gevolg van dit alles was te voorsien, want die magistraat van Winburg moes kla: „It grieved me to hear some of our staunchest friends express their intention of joining the rebellious."[159] Uit wanhoop het die lojaalgesindes op 'n vergadering wat deur magistraat Biddulph belê is, besluit om

---

155) Vgl. V.A. H.C.1/6 Memorie van G.H. Meyer en 63 ander aan H.G. Smith, 31.7.1851, en H.C.1/1. T.J. Biddulph aan H.G. Smith, 23.8.1851.

156) Die redakteur van The Friend som die posisie o.m. as volg op in die uitgawe van 20.10.1851: „It would appear that the loyal farmers of Winburg, have not received from Government that support and protection which their unprecedented situation seem to demand..., and it must be remembered that the whole of the sufferings of the farmers of Winburg have been brought about through their going, at the call of the Government, to the assistance of Chief Moroko, against Molitsani, with whom they had always lived on the best feelings."

157) Vgl. dieselfde bronne as vir vn. 155 hierbo.

158) Van Schoor, op. cit., pp.116-117.

159) V.A. B.R.1/4. T.J. Biddulph aan H.D. Warden, 7.8.1851.

sake in hul eie hande te neem en self onderhandelinge met die inboorlinghoofde aan te knoop ten einde die vyandelikhede te probeer beëindig.[160] Warden het dit as die openlike verwerping van die Britse gesag beskou, maar die besluit was nie geneem met die gedagte om hul onderdaanskap af te sweer nie, maar hoogstens om hul haglike posisie te verhelp.[161] Die Winburgse lojaliste sou ook langer in hul lojaliteit as diegene in die Caledonrivierse distrik volhard. Ten tye van die inboorlingonluste het die lojaalgesindes van hierdie streek hulself van die republikeinsgesindes ten suide van die Sandrivier in 'n laer afgeskei.[162] Omdat die owerheid egter in gebreke gebly het om aan hulle die nodige beskerming te verleen, het die eise vir 'n volhardende lojaliteit ook te hoog geword, en moes die magistraatsklerk van Winburg in November 1851 verklaar: „I have great doubts if the least spark of loyalty left in the breasts of the hitherto well affected has not given place to perfect contempt for and hatred to the Sovereignty Government."[163] Tydens 'n ondersoek ter plase in die Winburg-distrik moes kommissarisse Hogge en Owen bevestig dat nouliks veertig burgers bereid was om teen die inboorlinge op kommando te gaan.[164]

* * *

Die Britse Resident se oproepe tot burgerdiens in die Winburg-distrik sou uiteraard by die republikeinsgesindes skerp reaksie uitlok en het hulle geweier om daaraan gehoor te gee. Hierdie gedragslyn van lydelike verset wat op so 'n

---

160) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.117.
161) Ibid., en B.R.2/2. H.D. Warden aan die inwoners van Winburg, 9.8.1851 en B.R.2/2. H.D. Warden aan T.J. Biddulph, 9.8.1851.
162) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.120 en p.122.
163) B.R.1/4. J. Burnet aan T.J. Biddulph, 6.11.1851.
164) H.C.1/14. W.S. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 25.1.1852. Hulle voeg by: „Those influential persons who followed Your Excellency after the interview at Sand River (nl. in Januarie 1848) were willfull deceivers, as they have since opposed the Government in every way."

spontane wyse ontstaan en eendragtelik volgehou is, was vir die republikeinsgesindes dan ook niks anders as 'n demonstrasie teen die Britse gesag en 'n behoefte om aan hul opgekropte republikeinse gevoelens uiting te gee nie.[165] Hul aksie gee dan ook blyke van 'n onderlinge samehorigheidsgevoel wat op hul gemeenskaplike republikeinse ideale berus het. Daar moet egter ook met die feit rekening gehou word dat hul optrede vir hul onmiddellike praktiese gewin ingehou het. Die Basoeto's het, waarskynlik op aanbeveling van die Franse sendelinge, slegs diegene beroof wat teen hulle op kommando gegaan het.[166] Biddulph, die Winburgse magistraat, som vir die Britse Resident die optrede van die republikeine raak op in die volgende woorde: „One thing is certain the Boers whom you relied upon for support, have by a well organized and extensive system of passive resistance completely frustrated the plans and operations of Government and have thus discovered a fact which before was beyond their comprehension namely, that passive resistance will do more to paralize the Government than their long Roers, and they hope to see THAT effection by the Kaffir Chief in 1851 which they vainly attempted in 1848."[167]

Terwyl Warden aan die Goewerneur skryf dat twee-derdes van die Boere „<u>are on the verge of Rebellion</u>, and the remainder in the absence of a strong military force, can't be trusted,"[168] berig Biddulph aan Warden: „It is evident and plain to every one that the Country is bordering a Rebellion."[169] Aan die Goewerneur skryf hy „that nine-tenths of the Boers of the

---

165) Vgl. Van Schoor, <u>op. cit.</u>, p.118.
166) <u>Ibid.</u>, p.113, p.126 en p.127. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die redakteur van <u>The Friend</u> en die handelaars en grondspekulante in die O.R.S., ook hul morele steun aan die Boere gegee het wat nie op kommando wou gaan nie (vgl. Van Schoor, pp.108-109, p.121, pp.122-125 en p.126), aangesien die Britse Resident se twis met die inboorlinge tot die gevolg gehad het dat die handel met laasgenoemde feitlik tot 'n stilstand gekom het. Ook die waarde van grond het as gevolg van die ongestadigde toestande gedaal.
167) B.R.1/4. T.J. Biddulph aan H.D. Warden, 16.8.1851.
168) B.R.2/2. H.D. Warden aan H.G. Smith, 12.8.1851.
169) B.R.1/6. T.J. Biddulph aan H.D. Warden, 12.7.1851.

Sovereignty have such an inveterate hatred to the British Government and everything English, that unless some measures are speedily adopted, supported by the presence of a sufficient Military Force, their feelings will find vent in acts of open hostility."[170] Hierdie uitlatings mag oordrewe wees, eenersyds omdat hulle onder spanning geskryf is en andersyds om die Goewerneur te beweeg om groter militêre steun te verleen, maar dit gee nietemin blyke van die omvang en draagkrag van die republikeine se optrede. Teen die einde van Augustus 1851 verklaar Warden: „Her Majesty, I believe, throughout her wide Dominions, has not such a disloyal set of men as 2-3rds of the Inhabitants are known to be."[171] Marthinus H. Wessels herbevestig ook sy woorde wat hy reeds in 1848 teenoor sir Harry Smith uitgespreek het, nl. dat daar nie dertig persone in die Winburg-distrik was wat hul met die Britse gesag vereenselwig nie.[172] Warden se opvolger, Henry Green, som die hele posisie later as volg op: „Thus I found one portion of the white community sullen and discontented at their losses in support of Government (although still willing to obey its behests) and the other (the larger one) defiant and elated at the success which had attended the first opposition of their rulers."[173]

Al het die republikeinsgesindes deur hul lydelike verset die situasie deeglik uitgebuit ten einde die Britse gesaghebbers in diepe verleentheid te bring, was hul optrede eerder op leedvermaak ingestel as 'n doelgerigte aksie om hul onafhanklikheid te herwin. Heimlik sou hulle seker die hoop gekoester het dat dit uiteindelik daarop moes uitloop,

---

170) H.C.1/6. T.J. Biddulph aan H.G. Smith, 23.8.1851.
171) B.R.2/2. H.D. Warden aan J. Garvock, 31.8.1851. Merkwaardig genoeg toe daar teen Desember 1851 sprake van opsegging van die Soewereiniteit was, het Warden sy radikale uitsprake oor die Boere in die algemeen sterk gewysig en selfs verontskuldiginge vir hulle probeer aanvoer. (Vgl. van Schoor, op. cit., p.138).
172) A.C.2/1. Vrae aan M.H. Wessels deur W.S. Hogge en C.M. Owen, 10.12.1851.
173) H.C.2/2. H. Green aan G. Cathcart, 1.11.1854.

maar dit het ten enemale aan doelbewuste leiding en leierskap ontbreek om die geleentheid aan te gryp en die Britse gesag in die Soewereiniteit in 'n onuithoudbare posisie te plaas. Die gevolge van gewapende verset was waarskynlik nog te vars in die geheue.

Terwyl die republikeine aanvanklik te midde van onluste en chaos in betreklike rus en vrede kon leef en hul per abuis gesteelde vee met vrymoedigheid van Mosjesj en sy onderdane kon opeis, het die Basoeto se sukses teen die Britse Resident grootse planne by Mosjesj laat posvat. Van die blankes eis nou dat hulle hul naamtekening aan hom moet voorlê met die belofte dat hulle „afziet van den Britse Goewerment en erkennen niet meer de Britse gezag."[174] Kort te vore het Mosjesj Andries Pretorius ook 'n bondgenootskap aangebied met die doel om die Soewereiniteit van die Britse gesag te bevry en die gebied dan tussen die Basoeto en die blankes te verdeel.[175] Hoe diep gewortel die afkeer van die Britse gesag ook al mag gewees het, en hoe onmagtig die Britse administrasie ook al was om vrede en orde in die Soewereiniteit te herstel en te handhaaf, was nóg die republikeinsgesindes, nóg die teleurgestelde lojaalgesindes bereid om met onbeskaafde inboorlinge 'n bondgenootskap aan te gaan, ten einde hul eie ideale te bereik of hul bedenklike posisie te verhelp. Selfs Warden, wat op hierdie stadium die Boere van vele dinge sou wou beskuldig, was nie bereid om aan te neem dat hulle met die Basoeto geme-

---

174) Vgl. T.A. R224a/51. A. v.d. Colff e.a. aan die Emigrante, 19.8.1851. Vgl. ook A.C.1/5. A. v.d. Colff aan die Emigrante, 18.8.1851 en Van Schoor, op. cit., p.127. Mosjesj het met die oog op 'n uitgebreide aanvalsplan op Britse gesag ook die steun en hulp van Andries Pretorius probeer verkry. (Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.126-128).

175) T.A. R297/51. A. v.d. Colff, Mosjesj e.a. aan A.W.J. Pretorius, 30.7.1851; R308/51. A. v.d. Colff, Mosjesj e.a. aan A.W.J. Pretorius, 22.8.1851, en R315/51. A. v.d. Colff aan A.W.J. Pretorius, 3.9.1851.

ne saak sou maak nie.[176]

Uit hoofde van die feit dat die blankes nie met die Basoeto wou saamspan nie en die Batuang-kaptein, Sekonyela, ook met 'n inval gedreig het, het die posisie veral in die noordoostelike streke bra onveilig begin word. Dit verbaas dus nie dat 'n aantal Wittebergse boere, in die Winburg-distrik, in hierdie noodtoestand hul op hul eertydse leier, Andries Pretorius, beroep het nie. Dit is gedoen „uit hoofde wij Burgerij van't Britsche Gouvernement geene bescherming kan krijgen" en „wij ten enemaal besloten..... van het Britsche gezag af te zien." Pretorius word ook herinner aan 'n eed wat hy en ander eens te Bloemfontein afgelê het om vyf jaar vol te hou „ten einde wij te eenemaal de verdrukte Juk van onzen hals wilde hebben."[177] Op 25 Augustus 1851 is 'n byeenkoms by Tafelberg, wyk Witteberge, belê waarop A.J. Smit en 168 ander Pretorius tot hul „Generaal Hoofbestierder" verkies is.[178] Onder druk sou hul sluimerende strewe om hul onafhanklikheid te herwin en desnoods met hul gees- en landgenote oorkant die Vaalrivier verenig te wees, opnuut met volle bewussyn na vore tree.

Vir die republikeine was die Britse besetting van die landstreek tussen die Groot- en Vaalriviere nog geen rede om te aanvaar dat dit vir hulle saak onherroepelik verloor was

---

176) B.R.2/2. H.D. Warden aan J. Garvock, 31.8.1851. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., p.128. Pretorius het op heel taktiese wyse Mosjesj se aanbod van die hand gewys, hoewel hy in 'n besondere gunstige posisie verkeer het om duisende Zoeloes en Basoeto's teen die Britse gesag op die been te bring. Uitvaagsels soos Van der Colff, Viljoen en ander het wel by Mosjesj se planne ingeval en heelwat kwaad probeer stig.

177) A.C.1/5. F.P. Senekal e.a. aan A.W.J. Pretorius, 25.8.1851. Vgl. ook A.C.1/5 Inwoners van Sand- en Vetrivier aan A.W.J. Pretorius, ongedatteerd. Die „eed" waarna verwys word, is waarskynlik by Bloemfontein onmiddellik na die slag van Boomplaats geneem. Vgl. in die verband ook R.246/50. Die vernaamste leiers van hierdie beweging was A.J. Smit, F.P. Senekal, N.J. Grobbelaar en C.H. van den Heever. (Vgl. Van Schoor, op. cit., p.143).

178) V.A. A.C.1/5 en T.A. R311/51. Verklaring van A.J. Smit en 160 ander, d.d.25.8.1851.

nie, en hulle was waarskynlik daarvan bewus dat Pretorius na die Boomplaats-episode nog nie van sy ideaal afgesien het om eenmaal al die Emigrante benoorde die Grootrivier in een groot maatskappy of republiek te verenig nie.[179] Uit gebrek aan 'n eie leier sou hulle dus steeds na Pretorius as hul „hoof en regter" bly opsien en deur middel van briewe of agente met hom in verbinding probeer bly.[180] Hoe vaag hul eie volksgevoel ook al was, die persoonlikheid van Pretorius met sy meerdere bewussyn van die aspirasies en lotsbeskikking van die Afrikaner van sy eie tyd het hul onweerstaanbaar aangetrek en was sy blote naam dikwels genoegsaam om hulle aan te spoor om in hul republikeinse strewe te volhard. Voortdurend was gerugte, wat eerder op wensdenkery as die waarheid berus het in omloop, dat Pretorius met 'n kommando vanuit Transvaal die Soewereiniteit sou binneval om dit van die Britse juk te bevry.[181]

Blankes, veral in die Bloemfontein-distrik waaronder bekende lojaalgesindes hulle ook bevind het, het die ongestadige toestande ingevolge die inboorlingstrooptogte so onuithoudbaar gevind dat hulle dit op hulself geneem het om met Mosjesj 'n ooreenkoms te sluit. Hiervolgens sou hulle neutraliteit in 'n oorlog tussen die Basoeto's en die Britse owerheid gewaarborg word.[182] Op ondubbelsinnige wyse het hierdie vyftigtal persone dan te kenne gegee dat hulle alle vertroue in Warden se hantering van die inboorlingvraagstuk verloor het. Die Resident sou hulle, ewe as diegene wat Preto-

---

179) Van Schoor, op. cit., p.130 en Van Jaarsveld, op. cit., p.110.
180) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.130.
181) Ibid., pp.130-131, Van Jaarsveld, op. cit., pp.102-103, 105 en 110-111. Die omvang van die gerugte en aanhang wat Pretorius steeds in die O.R.S. geniet het, was vir die Britse Resident voortdurend 'n bron van kommer. Juis om Pretorius se invloed in die O.R.S. tot 'n groot mate te neutraliseer is die Sandrivierkonvensie in Januarie 1852 met die Transvalers gesluit. (Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.140-141.
182) Vgl. The Friend, 22.9.1851; B.R.2/2. H.D. Warden aan J. Garvock, 31.8.1851; T.A. R.303/51. Memories van C.W. Els, G.F. Linde en 51 ander aan Mosjesj, 16.8.1851.

rius se hulp ingeroep het, in 'n goewermentskennisgewing ernstig vermaan dat hulle hul aan sedisie skuldig gemaak het.[183]

Nie net die plundertogte nie, maar ook 'n knellende droogte in 1851 het die boerdery ernstig belemmer met die gevolg dat die geledere van misnoegde en teleurgestelde blankes steeds toegeneem het. Die magistraatsklerk van Winburg getuig: „I have great doubts if the least spark of loyalty left in the breasts of the hitherto well affected, has not given place to perfect contempt for, and hatred to the Sovereignty Government."[184] Ook Warden verklaar: „There are however, many good and worthy Burghers scattered throughout the Sovereignty who fully appreciate the advantages of being under British Rule, but even these are for the most part unwilling to do Burgher duty. Dutch and English are constantly at work in the Sovereignty to thwart us."[185] Die gemeenskaplike afkeer by lojaal- en republikeinsgesindes van die Britse inboorlingbeleid en veral die milisiediens wat daarmee ten nouste verband gehou het, en deur Britse medelandsburgers as „extremely distasteful, inconvenient and harassing" beskryf is, was dus besonder gewigdraend om 'n toenadering tussen die twee groepe teweeg te bring. Omdat die toedrag van sake nooit aan die tussen-groep se vereiste van 'n rustige lewensbestaan voldoen het nie, is dit vanselfsprekend dat hulle al hoe meer die gedagte sou troetel om selfstandig 'n eie weg op te gaan. Die teleurstellende ervaring met die Britse bewind, na wie se heilsame bestuur die lojaalgesindes aanvanklik so sterk uitgesien en dit ook ingeroep het, moes hul lojaliteitsgevoel aanmerklik laat verswak het. Dit het hulle nie alleen begin speen van die gedagte dat hul heil slegs by die Britse gesag te vinde was nie, maar hulle ook 'n insig verleen van wat in die gemoedere omgegaan het van diegene wat na staat-

---

183) The Friend, 22.9.1851. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp.129-130.
184) B.R.1/4. J. Burnet aan T.J. Biddulph, 6.11.1851.
185) B.R.2/2. H.D. Warden aan J. Garvock, 24.8.1851.

kundige onafhanklikheid gestreef het. Vanweë gemeenskaplike gevare, ervaringe en swaarkry sou die skerp verskille onder die blankes in die Soewereiniteit nou begin wegval.

H O O F S T U K VI

„DE ZAAK IS ZEER GEWIGTIG."

Omdat die imperiale regering nie langer bereid was om uit hoofde van die Britse belastingbetaler se besware groot somme geld aan die verdediging van koloniale gebiede te bestee nie, is daar eendersyds besluit om aan die kolonies groter vryheid toe te staan met die voorwaarde dat hulle vir hul eie verdediging sou sorgdra. Andersyds is daar selfs die mening uitgespreek om sogenaamde nie-winsgewende gebiede prys te gee.[1] Verskeie faktore, o.m. die reuse uitgawe verbonde aan die Kaapse grensoorloë, die vervanging van die assegaai met die geweer en die feit dat die binneland teen die helfte van die neëntiende eeu geen besondere handelsbelangrikheid of mineraalontginning gebied het nie, het daar 'n kentering in die Britse koloniale beleid ingetree. Waar dit daarop ingestel was om die Britse invloedsfeer oor heel suidelike Afrika uit te brei, het die doel nou geword „om onafhanklike Trekker-republieke in die Suid-Afrikaanse binnelande te erken en die grense van die Britse gebiede tot die kuskolonies te beperk. Die argument het ingang gevind dat daar aansienlike uitgawes gemaak moes word om die Oranjerivier-Soewereiniteit te ontruim ten einde toekomstige swaarder uitgawes te bespaar, "aldus dr. C.F.J. Muller.[2]

Voordat die gedragslyn van die ontruiming van die Soewereiniteit sonder meer gevolg is, is twee Britse kommissarisse, W.S. Hogge en C.M. Owen, o.m. na die gebied gestuur om sake *in loco* te ondersoek en verslag uit te bring.[3] Hulle het

---

1) Uys, C.J., *In the Era of Shepstone....1842-1877*, (Lovedale, 1933), pp.30-31; De Kiewiet, C.W., *British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872*, (London, 1929), p.42, en Muller, C.F.J., *Die Britse Owerheid en die Groot Trek*, (Kaapstad, 1948), p.121.

2) Muller, *op. cit.*, p.289. Vgl. ook p.107 e.v. van dieselfde werk.

3) De Kiewiet, *op. cit.*, p.42 en Uys, *op. cit.*, pp.30-31.

egter nog nie in die Soewereiniteit aangekom nie, of burggraaf Grey, Sekretaris van Kolonies, skryf in September 1851 aan sir H.G. Smith: „If the inhabitants will not support the authority of the Resident, he must be withdrawn, together with the detachment of troops hitherto kept there, as soon as this can be done with safety and with honour," en 'n paar weke later laat hy volg: „The ultimate abandonment of the Orange River Sovereignty should be a settled point in our policy."[4] Sterk beïnvloed deur sir Harry Smith en waarskynlik ook uit eie oortuiging het die kommissarisse hul tot die uiterste ingespan om sake in die Soewereiniteit egter so te reël „as may render the Evacuation of the Orange River Territory undesirable."[5]

Één van die eerste take van die kommissarisse was om hulle met die Transvaalse Emigrante in verbinding te stel. Om aan die onsekere staatkundige posisie van Transvaal 'n einde te maak, het Andries Pretorius heel diplomaties die moeilike posisie waarin die Britse gesag oral teenoor die vyandige inboorlinge in Suid-Afrika verkeer het, uitgebuit om „een goede verstandhouding met het Britsche Gouvernement..... te open," wat dan moes uitloop op die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal.[6] Ook om 'n ander rede sou Pretorius die Soewereiniteit wou besoek, want soos reeds hoër op aangetoon is, is hy van verskeie kante uitgenooi om die moeilikhede tussen die blankes en die Basoeto te besleg, aangesien eersgenoemdes die prooi van Britse onmag geword het.

---

4) Britse Imperiale Blouboek van 3.2.1852. Grey aan Smith, 15.9.1851.

5) H.C.2/1. W.S. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 29.11.1851. Vgl. ook Orpen, J.M., Reminiscenses of Life in South Africa....., (Durban, 1908), p.153, en Van Schoor, M.C.E., Politieke Groeperinge in Transgariep in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Dertiende Jaargang, Deel II, (Kaapstad, 1950), p.137 en p.137.

6) H.C.1/6. A.W.J. Pretorius aan H.D. Warden, 9.9.1851. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., p.132 e.v., en Van Jaarsveld, Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, Deel I, (Johannesburg, 1951), p.47.

Toe Pretorius sy voorgenome besoek openlik bekend maak, het die Britse Resident gevrees dat hy nie van plan was om in vrede te kom nie, en het dit by diegene wat sy hulp ingeroep het, sowel as by alle ander „Maatschappijers" groot opgewondenheid en verwagtinge verwek.[7] Die beroeringe veral in die noordelike streke was 'n aanduiding van hoe sterk Pretorius se aanhang en die navolging van sy ideale nog in daardie dele was. Trouens die gemoedere het so hoog geloop dat hy van sy besoek moes afsien uit vrees dat die teleurgestelde en ontevrede blankes die leiding van 'n opstand teen die Britse bewind op hom kon afdwing. Sy ideaal om Transvaal se onafhanklikheid erken te kry, sou daardeur onberekenbare skade ly. Sy seun Marthinus Wessel, en Dawid Botha is toe afgevaardig om sake te ondersoek, terwyl Pretorius sy aanhangers in die Soewereiniteit maan: „De zaak is zeer gewigtig, het moet op een voorzigtige wyze dog (met) vasberadenhyd behandelt worden, want een onrype of onvoorzigtige beweging zal ons zeker meer kwaad als goed doen.[8] Beide Pretorius en die republikeine in die Soewereiniteit het nou 'n afwagtende houding ingeneem, hoewel laasgenoemde steeds op sy tussenkoms gehoop het. Die unieke en hartroerende pleidooi van Cornelia Fransina Swanepoel en 43 ander vroue, ná die moord van die Basoeto op 'n vader en drie seuns, weerspieël die verhouding waarin Pretorius se volgelinge in die Soewereiniteit tot hom gestaan het, nl. dat hy „als vaader en vrint" na hulle moes kom en in hul verdrukking nie hulpeloos moes laat nie.[9]

---

7) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.132-133 en Van Jaarsveld, op. cit., p.111. Die gerug dat Pretorius met 'n gewapende kommando in aantog was het nie net by sy aanhangers die ronde gedoen nie, maar is ook deur sy politieke vyande in die Soewereiniteit verkondig waarskynlik met die doel dat die Britse gesaghebbers moet wakker loop dat die Soewereiniteit nie uit Britse hande moet raak nie.

8) H.C.1/5. A.W.J. Pretorius aan F. Pretorius e.a., 4.10.1851 en H.C.1/2. A.W.J. Pretorius aan H.D. Warden, 4.10.1851.

9) T.A. R361/52. C.F. Swanepoel en 43 ander aan A.W.J. Pretorius, 4.1.1852.

Ten einde die voortsetting van die Britse gesag in die Soewereiniteit te handhaaf, het die kommissarisse ingesien dat Pretorius as 'n faktor in die politieke situasie tussen die Oranje- en Vaalriviere geheel en al uitgeskakel moet word. Boonop het die vyandige verhouding waarin die inboorlinge dwarsdeur Suid-Afrika teenoor die Britse gesag gestaan het, lsg. gedwing om met die oog op die grensverdediging van die Britse gebiede na die blankes in die binneland as bondgenote om te sien.[10] Op 17 Januarie 1852 is die Sandrivier-traktaat dan ook tussen die kommissarisse en Pretorius en ander afgevaardigdes onderteken waardeur die staatkundige onafhanklikheid van Transvaal erken is.

Met groot verwagtinge maar ook met spanning het die republikeine in die Soewereiniteit na die uitkoms van die onderhandelinge te Sandrivier uitgesien en derhalwe in groot getalle die samesprekinge bygewoon. Hoewel Pretorius hom dit ten doel gestel het om die onafhanklikheid van al die Emigrante tot aan die Grootrivier erken te kry, moes hy swig voor die kommissarisse se reëling dat beraadslaginge alleen oor die gebied ten noorde van die Vaalrivier gevoer kon word. Die republikeine moes dit te hore gekom het, want die kommissarisse verklaar dat hulle die onderhandelinge met intimidasie en selfs geweld wou verongeluk.[11] Hierdie wanhoopspoging is te begrype, want op die grondslag wat die kommissarisse 'n ooreenkoms met Pretorius wou sluit, sou dit beteken dat hul ideaal om hul onafhanklikheid te herwin en met landsliede oorkant die Vaalrivier verenig te wees, vir goed verydel sou word. Só groot was hul teleurstelling oor die traktaat dat hulle Pretorius daarna as 'n verraaier beskou en hom selfs beskuldig dat hy hulle mislei het.[12] Amptelike stukke getuig

---

10) Vgl. Muller, op. cit., p.209 en p.289.
11) H.C.1/14. W.S. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 25.1.1852 en Orpen, op. cit., p.91.
12) A.C.2/1. W.S. Hogge aan H.G. Smith, 25.1.1852 en A.C.1/5. Hofsaak i.s. die invordering van die boetes.

dat Pretorius wel nog vir sy „landslieden nu nog onder de Britsche bestuur" in die bres getree en vir hul onafhanklikheid gepleit het, maar hiervan was die republikeine klaarblyklik nie bewus nie.[13]

Die Sandrivier-traktaat het opnuut aan die republikeine die onaangename feit tuis gebring dat hul onderwerping aan die Britse gesag voorasnog 'n voldonge feit was. Op die lange duur sou die Britse gesaghebbers en nie Pretorius nie vir die voortsetting van die Britse gesag gewyt word, want na alles was dit hulle wat die Vaalrivier as die verdelingslyn vasgestel het. Terwyl Hogge die Transvaalse gebied met 'n mate van verligting as 'n „safety valve for disaffected spirits" beskou en beweer het dat die misnoegdes in die Soewereiniteit hulle daar gaan vestig, getuig beskikbare bronne nie van enige noemenswaardige verhuising na Transvaal nie.[14] Dr. van Jaarsveld beweer dat „die aangrensende vrye land.... menigeen van die afgesnyde republikeine geïnspireer het om oor die Vaalrivier te trek."[15] Dr. Spies voer aan dat „die heftigste teenstanders van die Britse bewind weer oor die Vaal (getrek het) sodat daar 'n suiwering van die gebied plaasvind."[16] Hierdie laaste bewering geskied waarskynlik in navolging van dr. Eybers se oordrewe stelling dat „many of the effecient fighting men among the white inhabitants had

---

13) Vgl. H.C.1/1. W.S. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 26.1.1852, The Friend, 19.2.1852, T.A. R376/52 of A.C. 1/8. A.W.J. Pretorius aan W.S. Hogge en C.M. Owen, 5.2.1852, T.A. R393/52 A.W.J. Pretorius aan H.G. Smith en W.S. Hogge, 24.3.1852, en Van Schoor, op. cit., p.142.

14) A.C.2/1. W.S. Hogge aan H.G. Smith, 1.2.1852. Die Kommissaris se bewering dat die volhardende republikeinsgesindes na Transvaal verhuis het, is moontlik gedoen om by die Britse bewindhebbers die indruk te skep dat daar van diegene in die toekoms niks meer in die Soewereiniteit te vrees sal wees nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die twee assistentkommissarisse daarop ingestel was om die soewereiniteit in so 'n gunstige lig as moontlik te probeer voorstel ten einde die gebied binne die Britse Ryk te behou.

15) Van Jaarsveld, op. cit., p.119.

16) Spies, F.J. du T., Hamelberg en die Oranje-Vrystaat, (Amsterdam, 1941), p.49.

proceeded across the Vaal, and under the circumstances the majority of the inhabitants were strongly desirous of retaining British protection...."[17] Die Sandrivier-traktaat het aan die feitlike posisie waarin Transvaal verskeie jare verkeer het, geen verandering meegebring nie, en dit is te betwyfel of dit nou as „vry land" enige groter aantrekkingskrag as in die verlede gehad het. Die verdere verloop van gebeure in die Soewereiniteit getuig ook nie van enige „suiwering" in hierdie gebied nie. Nie om rede van die Sandrivier-traktaat nie, maar wel vanweë die onbeholpe Britse bestuur was daar weliswaar sprake van verhuising na Transvaal, maar met die oog op die behoud van plase in die Soewereiniteit en om daarheen terug te keer sodra die rooftogte van die inboorling gestaak word.[18] Om so 'n verhuising te voorkom, het Hogge dan ook in die openbaar gewaarsku dat plase gekonfiskeer sou word indien die bewoners nie binne tien dae soheen terugkeer nie.[19] Dit is boonop sterk te betwyfel of geskikte grond in Transvaal nog so volop was dat menige gevestigde inwoners geredelik soheen sou verhuis.

* * *

Met Pretorius se invloed in die Soewereiniteit uitgeskakel, sou die kommissarisse 'n ander aspek van hul taak as volg omskryf: „They have thought it their duty to spare no pains in ascertaining by what means the dissatisfied portion of the inhabitants can be reconciled to the British Rule and to each other."[20] Dit sal weldra blyk dat hul optrede in die praktyk die teenoorgestelde uitwerking gehad het.

Ten einde die ondersteuners van die Britse owerheid in die Soewereiniteit te vergoed vir die skade wat hulle inge-

---

17) Eybers, G.W., Select Constitutional Documents....., (London, 1918), p.282.
18) Vgl. Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty, 1848-1854 in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Twaalfde Jaargang, Deel II, (Kaapstad, 1949), p.397.
19) Ibid., vgl. veral voetnoot 141.
20) A.C.2/1 W.A. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 5.1.1852.

volge die optrede van die onwilliges tydens die inboorling-onluste gely het, is die weerspanniges o.m. daarvan aangekla dat hulle met die hulp van die inboorlinge die landstreek van die Engelse en ongewensde persone wou skoonvee; of Pretorius as bemiddelaar of sy aktiewe hulp ingeroep het; of die getroue ondersteuners van die Britse bewind aan die invallers uitgewys het.[21] Die kommissarisse het aan die „skuldiges" van die Winburg-distrik 'n geleentheid gegee om skulderkentenisse te onderteken en toe op arbitrêre wyse boetes opgelê. Sodoende is 'n bedrag van £2,300 geïn, waartoe die sogenaamde leiers, A.J. Smit „de oude," F.P. Senekal, N.J. Grobbelaar en C.H. van den Heever elk £100 gestort het.[22] Die feit dat die boetes so geredelik buite die gewone hof betaal is, moet daaraan toegeskryf word dat diegene, wat geweier het om diensplig te verrig, hulle na die koms van die kommissarisse in 'n moeilike posisie bevind het. Die vyandelikhede van die inboorlinge het nie alleen in omvang afgeneem nie, maar die feit dat daar ook van Pretorius geen hulp meer te wagte was nie, het enige vorm van verdere verset 'n gewaagde onderneming gemaak. Dit is ook nie uitgesluit nie dat hulle die teenwoordigheid van die kommissarisse in die Soewereiniteit as 'n regstreekse uitvloeisel van hul optrede en gedragslyn beskou het nie. Die kommissarisse het boonop ook nog gedreig dat hulle die militêre koste sou moes bestry, indien wapens gebruik moet word om die boetes van hulle in te vorder.[23]

Hoe inskiklik die „skuldiges" ook al teenoor die kommissarisse was, en ten spyte van hul skulderkentenis en die plegtige belofte van sommige om die Britse owerheid in die toekoms te gehoorsaam, sou die optrede van die kommissarisse nie die gewensde versoening met die Britse gesag teweeg bring nie. Trouens dit wil voorkom asof diegene wat die Britse ge-

---

21) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.142 en Midgley, op. cit., pp.394-395.
22) Van Schoor, op. cit., p.143.
23) A.C.1/14. C.M. Owen aan H.G. Smith, 1.2.1852 en 29.2.1852.

sag enigsins geduld het, alle rede gehad het om met wrewel daarteenoor vervul te wees, aangesien hulle gestraf is omdat hulle uit gebrek aan bystand van die Britse Resident hul lewe en eiendom op hul eie manier wou beveilig en nie soos ander die omverwerping van die Britse gesag beoog het nie. Twee honderd inwoners van die Winburg-distrik „who have either been fined, threatened with fines or who dread the imposition of fines for alleged crimes or misdemeanours against the Queen's Majesty" het deur middel van 'n agent dan ook by die kommissarisse beswaar gemaak dat die oplegging van die boetes onregverdig en onwettig was.[24] Al hierdie besware en misnoë, wat tot in Transvaal weerklank gevind het, het die kommissarisse egter koud gelaat.[25]

Met die koms van die kommissarisse het grensoorskrydings enigsins afgeneem, maar met die verloop van tyd sou veediefstalle en plakkery op die blankes se plase weer 'n wye omvang aanneem.[26] Ongetwyfeld moes die lojaalgesindes al hul hoop daarop gestel het dat die kommissarisse gekom het om deur middel van kragdadige grensmaatreëls eens en vir altyd rus en vrede in die oosgrensstreke te herstel. Mosjesj wou hom egter tot niks verbind nie, met die gevolg dat die geroofde vee nie uitgelewer is nie. Sy voorwaardes van uitlewering sou ook 'n grensverskuiwing beteken waardeur 50-70 plase van die blankes aan die Basoeto's toegesê sou word.[27] Die gebrek aan 'n besliste en duidelike gedragslyn teenoor die inboorlingstamme binne en buite die O.R.S. en vergoeding van die verliese wat hulle tydens die onluste moes ly, sowel as die

---

24) A.C.2/1. D.C. Grant aan W.S. Hogge en C.M. Owen, 1.3.1852.
25) A.C.1/8. A.W.J. Pretorius aan W.S. Hogge en C.M. Owen, 3.3.1852; H.C.1/10. A.W.J. Pretorius aan Geo. Cathcart, 24.6.1852. Met die koms van die Spesiale Kommissaris, sir Geo. R. Clerk, in 1853 na die Soewereiniteit is die boetes weer aan die Boere terugbetaal waardeur ook onregstreeks erken is dat 'n onreg teenoor hulle gepleeg is. Vgl. The Friend, 18.8.1853, Van Schoor, op. cit., pp.144-145 en Van Jaarsveld, op. cit., p.118.
26) Vgl. Midgley, op. cit., pp.415. 431, 461-463 en 465.
27) The Friend, 8 en 13.3.1852 en H.C.1/6. G.H. Meyer aan Geo. Clerk, d.d. ?

finale bylegging van grondgeskille met die Griekwas in die Philippolisstreek wat al sedert die proklamering ernstige wrywing en 'n gespanne toestand meegebring het, kon nie anders as om onvergenoegdheid en diepe teleurstelling by die lojaalgesindes te verwek nie.[28] Die kommissarisse se optrede het geensins diegene wat reeds in hul lojaliteit gewankel het, oortuig dat 'n vreedsame bestaan onder die Britse bewind wel moontlik was nie.[29] Die kommissarisse was self onder die indruk van „the contempt with which (British authority) is regarded by black and white," en het as poging tot „vindication" voorgestel dat die verskillende inboorlingstamme toegelaat moet word om hul vetes op hul eie manier te besleg.[30]

Met die oog op die Imperiale regering se beleid om uitgawes in Suid-Afrika ernsig te besnoei, het sir Geo. Cathcart, Smith se opvolger as Kaapse goewerneur en Hoë kommissaris, van die standpunt uitgegaan „(that) I cannot on my own authority sanction anything that may tend to further compromise Her Majesty's Government in respect of claims for support of the minory against a decided majority should the community which inhabits the Orange River Sovereignty prove unworthy of or decidedly averse to the benevolent rule and government which has been extended to them." Die kommissarisse het derhalwe van hom opdrag ontvang om die behoeftes en begeertes van die blanke inwoners vas te stel, sowel as na die omstandighede „under which it might be desired on the one part and desirable on the other that Her Majesty's Sovereignty should continue to be extended over that district."[31] In 'n proklamasie van 12 Mei 1852 wat aan alle blanke inwoners van die Soewereiniteit gerig is, word nie 'n woord gerep van 'n moont-

---

28) Die Griekwa-moeilikhede word volledig deur Midgley, op. cit., pp.410-413, 467 en 471 behandel.
29) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.145.
30) A.C.2/1. W.S. Hogge en C.M. Owen aan H.G. Smith, 29.121851. Vgl. ook Midgley, op. cit., p.419 en p.422.
31) H.C.2/1. Geo Cathcart aan W.S. Hogge en C.M. Owen, 14 en 20.5.1852.

like terugtrekking van die Britse gesag oor die gebied nie, maar moes die inwoners eerder daaruit aflei dat die goewerneur die wysheid van sy voorganger om „eener goedgunstige en magtige Soewereine gezacht" oor die gebied te bevestig, goedkeur. Ten einde hulle behoeftes en wense vas te stel, het hy die kommissarisse gelas om 'n byeenkoms van „verstandige en voorzigtige mannen van elk distrikt" byeen te roep om o.m. die vermeerdering van die aantal Wetgewende Raadslede te oorweeg.[32]

Die gedagte was dat verteenwoordigers van alle partye en standpunte verkies moes word „in order that several shades of feelings which prevaded the respective districts, might fairly brought before him (Cathcart)."[33] Omdat die kommissarisse self ook by geen geleentheid die moontlikheid van die prysgawe van die Soewereiniteit in die openbaar opgehaal het nie, was die blanke inwoners salig onbewus van die feit dat die aangeleentheid wel in Imperiale kringe in die weegskaal gewerp is. Die saak is egter teen die einde van 1851 in die inleidingskolomme van Bloemfonteinse weekblad vir die eerste keer opgehaal, toe die redakteur sterk daarteen te velde getrek het, en in Mei 1852 met konsternasie uit die jongste Imperiale Blouboek moes verneem dat „the ultimate abandonment of the Orange River Sovereignty should be a settled point in our policy."[34] Dieselfde blad het as mondstuk van die Engelse handels- en spekulantebelange dan ook gevrees dat die verkiesing van die plattelandse afgevaardigers vir die byeenkoms aan sake 'n verkeerde wending kon gee want „the sober minded might be intimidated by a few madmen (wild men in the Winburg and Harrismith Districts) who compare England to the Babylon of the Revelations."[35] Dat die byeenkoms nie as geleentheid

---

32) T.A. R401/52. Proklamasie van Geo. Cathcart, 12.5.1852. Uitgevaardig vanaf Fort Beaufort.
33) Vgl. The Friend, 19.6.1952 en 26.6.1952.
34) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.148-150.
35) The Friend, 5.6.1852.

van die propagering van republikeinse ideale moet geld nie, is die Hollandsprekende lesers pertinent ingelig dat Cathcart se proklamasie geen woord „van zulk een verschrikkelyk iets" as die opsegging van die gebied bevat het nie.[36] Hoewel die gerugte van die Britse ontruiming van die gebied wel die platteland kon bereik het, is dit te betwyfel of dit op daardie stadium die verkiesing van afgevaardigers enigsins beïnvloed het. Hoe die 79 afgevaardigdes, wat o.m. drie kommandante en een-en-twintig veldkornette ingesluit het, in die verskillende wyke aangewys is, is nie duidelik nie. Waarskynlik het dit op openbare byeenkomste in die wyke geskied.

Omdat dit by die republikeinsgesindes en diegene wat met die Britse gesag ontevrede was aan doelgerigte aksie en 'n sterk leierspersoonlikheid ontbreek het, is dit nouliks te wagte dat hulle hierdie geleentheid sou aangryp om as „protesterendes" hul standpunt op die byeenkoms te verteenwoordig. Trots Cathcart se uitnodiging om die behoeftes en wense van een en almal te verneem, was dit in die lig van ervaringe uit die onmiddellike verlede nie gerade om jou teen die Britse gesag te verset en derhalwe openlik daarteen uit te laat nie. Soos tevore sou die republikeinsgesindes hulle eenvoudig terugtrek en na alle waarskynlikheid van benoeming of deelname aan die verkiesing van afgevaardigers weerhou het.[37] Teenoor al die gerugte en beweringe van opsegging het hulle rede gehad om skepties te staan, want die boetes wat die assistentkommissarisse hul so ewe opgelê het en die feit dat die Sandrivier-konvensie enkele maande tevore die eertydse Emigrantegronde ten suide van die Vaalrivier finaal van die republikeinse streke afgesny het, moes twyfel verwek of die Britse

36) The Friend, 19.6.1852.
37) Dat daar wel 'n gees van „weier om saam te werk" op die byeenkoms aanwesig was, blyk uit die feit dat vyf van die Vaalrivier-distrik se verteenwoordigers geweier het om hul stem vir sekere voorstelle uit tebring omdat hulle konstituente nie vooraf ingelig was oor die onderwerpe wat bespreek sou word nie. Vgl. The Friend, 26.6.1952.

owerheid ooit werklik soveel grootmoedigheid aan die dag sou lê om sy gesag oor hulle terug te trek. Soos by 'n latere byeenkoms sou hulle ook hierdie byeenkoms van 21 Junie 1852 as 'n toets van lojaliteit kon beskou het en derhalwe met agterdog bejeën.

Die lojaalgesindes daarenteen, hoewel baie van hulle al erg teleurgesteld met die Britse optrede veral teenoor die inboorlingstamme was, het op grond van Cathcart se proklamasie alle rede gehad dat hul griewe uit die weg geruim sou word en 'n nuwe bedeling vir hulle sou aanbreek. Naas Engelssprekendes en uitlanders wat veral die dorpe verteenwoordig het, was die meeste plattelandse afgevaardigdes persone wat by een of ander geleentheid hul lojaliteit teenoor die Britse gesag betuig het.[38] Die afgevaardigdes het die Engelssprekende dr. A.J. Fraser tot voorsitter verkies, en D.C. Grant, die redakteur van The Friend of the Sovereignty sou 'n leeue aandeel in die bespreking en formulering van besluite hê. Die kwessie van opsegging is hoegenaamd nie bespreek nie. Die voorstel van Owen om die Wetgewende Raad met 'n groter aantal verkose lede te vergroot, ten einde groter verantwoordelikheid in die bestuur te aanvaar, is eenparig aanvaar. Verder was die afgevaardigdes bereid dat die inwoners d.m.v. 'n kommandowet opgeroep word om agressie van Haar Majesteit se vyande te straf, maar met voorbehoud dat 'n beleid van geen-inmenging t.o.v. inboorlingstamtwiste gevolg, genoegsame militêre steun verleen en bestaande geskille eers besleg moet word.[39] Ten slotte het die afgevaardigdes deur middel van 'n memorie hul „unfeigned loyalty" teenoor die koningin betuig.[40]

---

38) Vgl. The Friend, 8.9.1853; Midgley, op. cit., p.516 en Van Schoor, op. cit., pp.163-164.

39) The Friend, 26.6.1852. Die minderheid (slegs met een stem minder as die meerderheid) het voorgestel dat tot kommandodiens toegestem word mits die bestaande geskille met Mosjesj eers besleg en 500 troepe na die Soewereiniteit gestuur word.

40) Vgl. Van Schoor, op. cit., pp.151-152.

Hoe wenslik hy ook al die uitvoering van die besluite van die byeenkoms beskou het, wou Cathcart hom tot niks verbind wat die Britse gesag verder in die Soewereiniteit sou bestendig alvorens hy bepaalde opdragte van die Imperiale regering daartoe ontvang het nie. Indien die Imperiale regering nie bereid was om verdere onkostes in die gebied aan te gaan nie, was hy van oortuiging dat die gebied dan liefs ontruim moet word.[41] Intussen was die nuwe Resident, Henry Green, besonder aktief, en weë en middele is geskep waardeur die toekenning, opmeet en registrasie van plase en die invordering van agterstallige „quitrents" verhaas is. Verder is J. Burnet as magistraat in die Vaalrivier-distrik aangestel en Orpen gestuur om H. Ford met die opmeet van die plase in dieselfde distrik by te staan.[42] Vir die blankes sou dit alles op 'n bestendiging van die Britse gesag dui, maar vanweë die hernude onluste langs die oosgrens kon hierdie maatreëls nie juis effektief toegepas word nie.

Voordat daar nog geleentheid vir misnoeë was omdat daar met die uitvoering van die byeenkoms se besluite getalm is, het die Basoeto-gevaar opnuut die toneel oorheers, want daar was alle aanduidings dat Mosjesj besig was om sy eie mense en al die onliggende inboorlingstamme in 'n grootskaalse opstand teen die Britse gesag te organiseer.[43] Omdat Mosjesj geweier het om sy belofte teenoor Owen na te kom om al die geroofde vee uit te lewer, het Cathcart, na die suksesvolle beëindiging van die agste grensoorlog, besluit om met 2,500 man na die Soewereiniteit op te ruk. Daarmee wou hy Mosjesj dwing om sy verpligtinge na te kom en by die Basoeto's vrees en respek vir die Britse gesag inboesem.[44] Die uitslag van die

---

41) Vir 'n vollediger uiteensetting van die standpunt van goewerneur Cathcart oor Soewereiniteitsaangeleenthede vergelyk Midgley, op. cit., pp.445-446, 452 en 456-457.
42) The Friend, 16.7.1852, 1.9.1852 en 11.9.1852.
43) Vgl. Midgley, op. cit., pp.464-465.
44) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.153 en Midgley, op. cit., p.467.

slag van Hereaberg op 20 Desember 1852 is bekende geskiedenis. Mosjesj het geweier om onmiddellik 10,000 beeste en 1,500 perde uit te lewer en toe die troepe self die vee wou bymekaar maak, is hulle in 'n hinderlaag gelei. Omdat Cathcart van die staanspoor nie van begeerte was om 'n grootskaalse stryd te ontketen of verdere onkostes aan te gaan nie, het hy Mosjesj se diplomatiese pleidooi om vrede aanvaar en homself op die rug geklop vir die 5,500 beeste wat hy wel buitgemaak het.[45]

Die republikeine het oor die uitslag waarskynlik in hul mou gelag, en opnuut bewys gevind dat daar onder die Britse gesag vir die blanke veeboer geen heil te wagte was nie. Op die gemoedstoestand van die lojaalgesindes moes die gebeurtenis egter 'n skokkende uitwerking gehad het. Dit was veral hulle wat in die jare 1850, '51 en '52 die meeste van die roofsugtige Basoeto's te verduur gehad het. Terwyl 'n eisekommissie die totale verlies aan vee in die vermelde tydperk op meer as £36,000 vasgestel het, blyk dit dat die Caledonrivier-distrik met die grootste konsentrasie van lojaalgesindes 'n verlies van £16,644 gely het.[46] Afgesien van die ontevredenheid wat die ontslag van majoor Warden as Britse Resident by 'n aantal lojaalgesindes verwek het,[47] en die ernstige en langdurige wrywing oor grondbesit in die Griekwagebied, wat mettertyd ook 'n skuilplek vir rowers en rowerbendes geword het,[48]

---

45) Ibid., pp.477-485.
46) Grobbelaar, op. cit., pp.16-17.
47) Teen die helfte van 1852 is ook majoor Warden as Britse Resident ontslaan omdat hy volgens die Koloniale Sekretaris, burggraaf Grey, nie oor die nodige oordeel en wysheid beskik het om die Britse gesag in die bepaalde omstandighede in die Soewereiniteit te handhaaf nie. Dit het by 'n aantal lojaalgesindes te Bloemfontein, Smithfield en Harrismith onsteltenis verwek en hul segsman komdt. Piet Erasmus het by die Goewerneur om sy heraanstelling gepleit, maar tevergeefs. (H.C. 1/12. P. Erasmus aan H.G. Smith, 24.4.1852 en ingeslote memories. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp. 146-147). Die nuwe Britse Resident, H. Green, is egter sonder enige teenstand aanvaar.
48) Vgl. Midgley, op. cit., p.467 en p.471.

was die lojaalgesindes verbitterd en teleurgesteld omdat daar sedert die proklamering van die Britse gesag oor die gebied en in wie hulle aanvanklik soveel vertroue gestel het, weinig gedoen het om hulle teen die inboorlinge te beskerm en 'n veilige lewensbestaan te verseker.

Juis omdat hulle die lojale ondersteuners van die regering was, moes hulle viktimisasie van die kant van die vyandige inboorlinge verduur. Boonop het die owerheid haas geen kragdadige stappe geneem om hulle vir hulle verliese te vergoed deur die Basoeto's te straf nie.[49] Aangesien die lojaalgesindes verskeie male sterk militêre optrede teen Mosjesj bepleit het, moes die verwagtinge met Cathcart se koms groot gewees het, want daardeur is gehoop dat hul grondregte, lewe en eiendom vir goed van bedreiging gevrywaar sou word. Die slag van Bereaberg het egter net die omgekeerde uitwerking gehad, want in hul oormoed sou die Basoeto's steeds op die blankes se grond aanspraak maak en hul opnuut aan plakkery en veediefstal skuldig maak. Die feit dat hulle nie vir hul verliese vergoed is nie en dat die toekoms dieselfde vrees as die verlede ingehou het, moes menige lojaalgesinde opnuut laat twyfel het of daar wel nog enige heil van die Britse owerheid te wagte was.[50] Soos 'n briefskrywer in die Bloemfonteinse weekblad daarop gewys het, het Cathcart by wyse van demonstrasie die opvatting van die Boere versterk dat die Britse owerheid onwillig en onmagtig is om hulle te beskerm.[51]

* * *

Teen die einde van 1852 sou die mate van volksgevoel wat reeds by die Hollands-Afrikaanssprekende Boere in die Soewereiniteit aanwesig was, in sy waarneembare vorm 'n ietwat verwarrende en onduidelike beeld vertoon. Van buite af beskou,

---

49) Ibid., p.470.
50) The Friend, 6 en 13.1.1853. Memories uit Smithfield aan Cathcart. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp.154-155.
51) The Friend, 3.2.1853.

wil dit selfs voorkom asof daar 'n totale gemis aan so 'n gevoel of bewussyn was. Die feit dat daar by die blankes twee uiterste groepe, t.w. republikeinsgesindes en lojaalgesindes te onderskei was, veronderstel egter dat daar ten minste 'n mate van politieke bewussyn veral by eersgenoemdes aanwesig moes gewees het. Hierdie politieke bewussyn in sy uiting as 'n strewe na staatkundige onafhanklikheid en selfstandigheid moet egter as een van die manifestasies van 'n ontluikende volksgevoel gesien word. Daar kan ook op grond van die republikeinsgesindes se volhardende, gemeenskaplike en reeds tradisionele strewe om van die Britse gesag los te kom en 'n eie staatsbestuur in te rig, 'n bewussyn van hul andersheid teenoor die lojaalgesindes en veral die Engelse in die gebied aangedui word. Dat hulle hul teen die einde van 1852 veral op hul plase teruggetrek het en leierloos, ongeorganiseerd en sonder aksie voorgekom het, wek die indruk dat hul selfbewussyn as 'n lotsgroep vir 'n groot deel verlore gegaan het, maar die toekoms sou wel laat blyk dat hul onafhanklikheidstrewe, wat sedert die Groot Trek vanweë persoonlike opofferinge en stryd en die volgehoue Britse dwarsboming so 'n besondere inhoud verkry het, slegs op die geleentheid vir verdere ontplooiing gewag het. Juis die situasie waarin hulle verkeer, nl. dat die Britse owerheid hul ideale gesmoor, hul daadwerklik beheers en boonop van hul land- en geesgenote oorkant die Vaalrivier afgesny het, sou op hierdie selfbewussyn bly inwerk. Die aanduidinge was steeds aanwesig dat hulle hul bewustelik „voor vryheid" beywer het, en met woord en daad het hulle betuig dat hulle nie met die houding of opvattinge van die lojaalgesindes vereenselwig wou wees nie.

Daar is reeds hoërop aangetoon hoedat dieselfde stel faktore wat gedurende die dertiger jare langs die Kaapse oosgrens geheers het, vir 'n groot deel ook in die Soewereiniteit aanwesig was en bygedra het om talle lojaalgesindes tot poten-

siële of volle republikeine te omskep. Terwyl sommige sonder meer by die republikeinse strewe van hul landgenote aansluiting gevind het, was daar ander wat voor die tweesprong gestaan het om óf hul lot by die republikeinsgesindes in te werp, óf hul hoop in die Britse owerheid te bly vestig. Die keuse sou egter afhang van wie die grootste sekerheid in hul onveilige posisie te midde van die vyandige inboorlinge kon waarborg. Nie soseer die positiewe aantrekkingskrag van die republikeinse strewe nie, maar die negatiewe of gebrek aan optrede van die Britse owerheid sou waarskynlik in baie gevalle die deurslag gee.

Verskeie ander faktore sou ook in die Soewereiniteit tot 'n geleidelike ontplooiing van die Afrikaner se volksbewussyn bydra. Omdat die toestande en omstandighede binne die gebied die verskille tussen die aanwesige politieke groepe só sterk beklemtoon het, sou dit uiteraard aan 'n breë politieke eenheidstrewe ontbreek. Desnieteenstaande sou verskeie faktore buite die politiek steeds op al die Afrikaner veeboere en landbouers in die Soewereiniteit bly inwerk, wat tot hul solidariteit en inwendige toenadering sou bydra. Wat dr. M.J. Swart van die vroeë Kaapse koloniste opmerk is hier ewe van toepassing: „'n Opvallende verskynsel is dit dat die pioniers wat oor so 'n wye gebied in die loop van die agtiende en negentiende eeu versprei het, en hoegenaamd nie vaste kontakte met dorpsgebiede gehad het nie, so 'n groot ooreenstemming in hulle lewensidees en karakter in die algemeen getoon het. Hoewel geïsoleer na die dinge van die gees en van die liggaam, moet daar tog stille kragte aan die werk gewees het, dieperliggende geestesinvloede wat hierdie mense in hoofsaak tot enersheid in lewe en strewe laat ontwikkel het."[52]

---

52) Swart, M.J., Die invloed van die isolasiefaktor op die Afrikaner tot 1850 in die Hertzog Annale, (Desember 1958, 7de Jaargang, nr.11 van die reeks).

Op ander terreine as die politieke was daar besliste aanduiding dat hulle hul andersheid en onderskeiding as Hollands-Afrikaanssprekende volksgroep wou handhaaf. Haas sonder uitsondering was hierdie Afrikaner-pioniere in die Soewereiniteit boere[53] en het meegebring dat hul daaglikse en afgeslote landelike lewe ten nouste met die natuur verweef was. Nóg die daarstelling van eie Trekkerbesture in die binneland, nóg die uitbreiding van die Britse gesag oor hulle, het hierdie tradisionle afgeslotenheid verbreek. Dit het niks daaraan verander dat die hoof van elke gesin hom en sy afhanklikes steeds afgesonderd teenoor die natuur bevind het nie. Naas sy eie gewete en die gehoorsaming van die natuurwette was elke boer feitlik volkome vry om te handel soos hy wou. Selfs die uitbreiding van die Britse gesag oor die Oranjerivier het op hierdie selfstandige posisie van die boer weinig inbreuk gemaak. Afgesien van die toekenning en registrasie van grond en die voorgeskrewe rekonie, wat jaarliks vereffen moes word, het die eenvoudige en selfgenoegsame aard van die boerderybestaan geen dwingende kontak met die landsadministrasie vereis nie. Omdat daar van Britse kant geen monopolistiese beheer oor die handel of boerdery uitgeoefen is nie, was elke boer vry om te produseer hoeveel en wat hy wou en derhalwe slegs aan die voorskrifte van vraag en beheer onderworpe.

In sy beroep as boer en as hoof van sy gesin en besittings, ook teenoor sy diensknegte, het hy sy volledige baasskap uitgeoefen. Noodwendig sou die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gegaan het, bydra om karaktertrekke van persoonlike moed, durf, inisiatief en selfstandigheid te kweek en sy indiwidualisme te versterk. In ag geneem dat sedert die eerste jare van vryburgerskap aan die Kaap, d.w.s. vir bykans twee eeue en oor 'n tydperk van vyf-ses geslagte, dieselfde situasie hom dag vir dag voorgedoen het, nl. dat die

---

53) Vir jagters was daar reeds voor 1850 geen geleentheid om 'n onafhanklike bestaan in die O.R.S. te voer nie.

Afrikaner-veeboer en -landbouer in sy afgesonderde bestaan in die binneland suiwer op homself aangewys was om vir hom en sy gesin besluite te fel waarvoor hy volle verantwoordelikheid moes dra, kon dit nie anders as om 'n uiters bewuste self-standigheid te kweek wat nie net tradisioneel geword het nie, maar ook dinamies van aard was. Hierdie persoonlike en sterk ontwikkelde onafhanklikheidsin, wat aan alle Afrikaner-boere gemeenskaplik was en ook die Afrikaanse vryheidsin van dertig-er en veertiger jare van die 19de eeu ten grondslag gelê het, sou selfs ook nie by die lojaalgesindes in die Soewereiniteit ontbreek nie. Waar die republikeinsgesindes se onafhanklik-heidsin onder druk van die inboorlinggevaar en die optrede van die Britse owerheid, eers in die Kolonie en later te weer in die binneland, in 'n gemeenskaplike en bewuste politieke vryheidstrewe ontluik het, het dit by die lojaalgesindes latent gebly totdat dit eventueel ook tot ontwikkeling sou kom, veral toe hul selfstandige bestaan deur Britse optrede in gevaar gestel is.

Afgesien van hierdie politieke verskille sou daar ten opsigte van alle ander lewensverhoudinge geen verskil tussen lojaal- en republikeinsgesinde bestaan nie. As boere het hulle presies dieselfde bestaan gevoer. Lojaal- sowel as re-publikeinsgesinde sou daagliks dieselfde seëninge of teenslae van die agraïese lewe ervaar. Naas die moontlikheid van goeie oeste en die snelle vermeerdering van die kuddes, wat een en almal kon te beurt val, moes veral die gemeenskaplike ervaring van die bedreiginge en rampe, soos veesiektes, roofdiere, trekbokke, sprinkane, droogtes en snerpende koue, tot 'n enerse uitkyk oor boerderysake bydra. Die ooreenstemming in hul lewenswyse as boere en in hul afgesonderde patriargale huishouding sou dus onbewus 'n geestelike eenheidsband tussen lojaal- en republikeinsgesindes verseker, waarop hul verskil in politieke uitkyk haas geen inbreuk sou maak nie. In same-hang met ander faktore en invloede van ooreenstemming en ge-

lyksoortigheid, sou dit onwetend die gevoel versterk dat hulle tog aan dieselfde lotsgroep of volk behoort.

Op dieselfde wyse as wat die beoefening van en belewenis binne die selfstandige en selfgenoegsame boerelewe een en almal 'n gelyksoortige indiwidualisme en onafhanklikheidsin verskerp het en onderlinge bande sou smee, sou ook die lojaal- en republikeinsgesindes se gemeenskaplike Calvinistiese geloofsoortuiging en agtergrond innerlike toenadering en geestelike saamhorigheid verseker. Die Calvinisme het hom immers oor die wêreld heen laat ken vir die beklemtoning van die vryheid en roeping van die enkeling en sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor sy Skepper.[54] Omdat lojaal- en republikeinsgesindes dieselfde godsdienstige beskouing en belewenis deelagtig was, sou hul selfbewuste indiwidualisme ook nog vanuit 'n geestelike hoek gemeenskaplike versterk word.

Sedert Trekboer en Trekker die Kolonie verlaat het, was albei van gereëlde kerklike bediening verstoke en sou hul godsdienstige lewe by uitstek deur die lees en bestudering van Gods Woord gerig word. Soos reisbeskrywers en ander ooggetuies meermale getuig het,[55] was dit met weinig uitsondering die gebruik dat elke Boeregesin daagliks om die Bybel vergader. Vir moeders en rondgaande onderwysers, waar hulle dienste beskikbaar was, het die Skrif as vernaamste, soms ook as die enigste lees- en leerboek gedien.[56] By elke betreklikgeïsoleerde huisgesin is dieselfde godsdienspraktyk gevolg en omdat die gesag van die Skrif, in samehang met die eenvoud van die Calvinistiese leerstukke, onvoorwaardelik in die geloof aanvaar is, is haas geen dogmatiese bespieëlinge of

---

54) Vgl. Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, (Stellenbosch, 1938), p.105.

55) Gerdener, G.B.A., Ons Kerk in die Transgariep, (Kaapstad), pp.65-67.

56) Ibid., p.78. „Die geleerdheid van hierdie baanbrekers was gering," aldus dr. Gerdener, „maar dit was genoeg om vir hulle die wysheid van die Ewige Woord te ontsluit, dit was genoeg vir hulle eenvoudige behoeftes, dit was die grondbeginsels van alle beskawing en kultuur waaraan hulle vasgehou het."

sektariese afwykinge aangetref nie.[57] Hierdie godsdienstige eenheid en eendersheid moes vanweë sy besonder inhoud konsoliderend op die deelgenote inwerk en tot hul innerlike en geestelike samesnoering bygedra het.

Ook op ander terreine sou daar ooreenstemming tussen lojaal- en republikeinsgesindes op te merk wees. Gemeenskaplike herkoms en noue bloedverwantskap, waarvan hulle in hul isolement besonder bewus moes gewees het, sou altyd as 'n blywende grondslag vir inwendige toenadering geld. Daar is nêrens aanduiding dat huwelike tussen lojaal- en republikeinsgesindes onderling afgekeur is nie, sodat ook langs die weg van ondertrouery verskille tussen die groeperinge geleidelik verminder is. Van taalbewustheid as sodanig was daar nog geen sprake nie, maar die gemeenskaplike gebruik van 'n spreektaal, wat regstreeks deur hul voorouers gevorm is, moes vanselfsprekend ook in dié opsig die onderlinge ooreenkoms beklemtoon. Terwyl dit in die ganse binneland en ook in die Soewereiniteit aan 'n onderwysstelsel en -organisasie ontbreek het wat tot 'n geestelike en hoër kulturele ontluiking en ontwikkeling kon bydra, het die heel eenvoudige maar ernstige onderwysideaal wat deur beide lojaal- en republikeinsgesindes nagestreef is, presies dieselfde ooreenkoms getoon, nl. dat die opvoeding en onderwys bo alles op voorbereiding vir kerklidmaatskap gerig moet wees.

---

57) Hierdie behoud van die eenvormigheid van hul godsdiens is merkwaardig as die Afrikaner-boer se isolasie in die binneland en gebrek aan gereëlde kerklike bediening deur vaste geordende predikante in aanmerking geneem word, en veral ook die feit dat elke vader en moeder vir 'n groot deel op hulself aangewys was om die Woord van God aan hul kinders te verduidelik en uit te lê. Die snelle ontstaan en veelvuldigheid van sektariese bewegings onder pionierstoestande in die Verenigde State van Amerika gedurende die 17de en 18de eeue vorm 'n sterk kontras met kerklike toestande onder die Afrikaner-boer. Die totale afwesigheid aan godsdienstige of kerklike invloed van buite af wat tot sektarisme kon lei, het ook onteenseglik veel daartoe bygedra dat die Afrikaner-boer se godsdiens 'n kenmerkende eenvormigheid behou het. Vergelyk verder Gerdener, op. cit., p.67.

Terwyl hul godsdiens die grondslag van 'n dieper geestelike eenheid was, moet daar egter op gewys word dat die kerk waartoe hulle nominaal as lidmate behoort het, bloed weinig tot hul solidariteit in die binneland bygedra het. Trouens die uitbreiding van die Nederduits Gereformeerde Kerk na die noorde was in sommige opsigte selfs die oorsaak van verdere verdeeldheid onder die Afrikaner-boere. Waar die Trekkers die Kaapkolonie verlaat het om weg te kom van die Britse gesag, was dit egter nie die bedoeling om daarmee hulle ook van die Kaapse Kerk af te skei en 'n nuwe kerk te stig nie. Desnieteenstaande het hul toenemende anti-Britse gevoel ook in hul verhouding tot die Kaapse Kerk sterk op die voorgrond getree. Soos dr. G.B.A. Gerdener aantoon, is dit begryplik hoedat die Skotse predikante in die oosgrensdistrikte se „toegeneentheid teenoor die Regering, waarvan hulle destyds amptenare was, enigsins vervreemding gebring het teenoor die groot aantal lede van hulle gemeentes wat alle vertroue in daardie Regering verloor het, vanweë sy swakke toegeeflikheid."[58] Dit is seker geen toeval nie dat Andries Pretorius nie aan één van die Skotse predikante nie, maar aan ds. G.W.van der Lingen van die Paarl geskryf het om vir die Trekkers 'n leraar aan te wys, „terwijl wij weet dat UEd. een ware Afrikaan ben,"[59] Die uitspraak van die Sinode in 1837, wat die Trek openlik as 'n daad van opstand teen die owerheid veroordeel het, sowel as die feit dat geen enkele leraar die Trek wou meemaak nie, het die agterdog van die uitgeweke lidmate oor die „Britsgesindheid" van die Kaapse Kerk verhoog.[60] In April 1838 het goewerneur Napier selfs so ver gegaan om in 'n openbare kennisgewing alle predikante ernstig te versoek om hul invloed teen „deze rasernij van Emigratie" te gebruik,

---

58) Gerdener, op. cit., pp.5-6.
59) Voortrekker-Argiefstukke. R18/38. A.W.J. Pretorius aan G.W.A. v.d. Lingen, 23.7.1838.
60) Vgl. Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, (Kaapstad, 1929), pp.3-6.

wat hulle trouens ook gedoen het.[61]

Omdat aan die Trekkers se ernstige versoeke geen gehoor gegee is nie, nl. dat leraars hul in die „Maatschappij" moet kom vestig, het hulle hul na die buiteland gewend en al hul hoop op predikante uit Nederland gevestig.[62] Dat hierdie verwagtinge nie verwesenlik is nie, het die feit nog verder onderstreep dat die Kaapse Kerk die Trekkers vir etlike jare aan hul eie lot oorgelaat het. Toe daar wel van kerkweë na hulle omgesien is, was die aard van die optrede ook nie van so 'n aard dat dit 'n snelle toenadering verseker het nie.

Tot aan die begin van die veertiger jare het die drie sendelinge Erasmus Smit, Daniel Lindley en Jakob Döhne alle herderlike werk onder die Trekkers verrig. Na die anneksasie van Natal in 1843 is ds. Abraham Faure deur Napier soheen afgevaardig, maar volgens dr. A. Dreyer het sy „hele optrede in Natal.... onderwerping aan die Britse gesag voorgestaan, waardeur hy groot aanstoot gegee en só groot agterdog teen homself verwek het dat hy aangesien is as 'n afgesant van die Britse regering."[63] Ook in Transgariep sou die gemoedstoestand van die republikeine teenoor die Kaapse Kerk nie van die hartlikste wees nie. Terwyl die lojaalgesinde Trekboere in die suidelike streke by nagmaalsgeleenthede die kerk te Colesberg besoek en herhaaldelik gesmeek het dat 'n leraar hulle in die „wildernis" moes kom opsoek, het komdt. J.G. Mocke op 'n besluit van die Ring van Graaff-Reinet in Oktober 1845 om 'n afvaardiging na die „uitgewekene Boeren" te stuur, as volg gereageer: „Ik moet UEd. melden dat ik zeer daar oover verwondert ben, van mijn oude leeraar (ds. G. Fraser), dat

---

61) Vgl. Dreyer, A., Die Voortrekkers en hul Kerk, (Kaapstad, 1932), pp.11-12; ook Scholtz, G.D., Die Geskiedenis van die Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1885, pp. 20-22, en Engelbrecht, S.P., Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, (Kaapstad/Pretoria,1953), 3de hersiene en vermeerderde uitgawe, pp.44-45 en p.54, voetnoot 1.
62) Vgl. Dreyer, Die Kaapse Kerk...., pp.10-26 en pp.47-48.
63) Ibid., p.40.

hij mijn en mijn onderhoorige burgers, zoo lang vergeeten heeft." Tot 'n traktement vir 'n vaste leraar sou hulle nie bydrae nie, aangesien ds. Lindley reeds as geordende predikant onder hulle werksaam is en met „moeijte en koste" reëlinge getref is dat 'n leraar vanuit Nederland onder hulle sou kom arbei. Mocke se brief aan ds. Fraser sluit met die betekenisvolle verwyt: „Het spyed mijn mijnheer, dat UE. niet eerder aan uwe oude vrienden heef gedag."[64] Sy teenhanger, komdt. M.A. Oberholster het ook „tot pyn" gewag gemaak van „veele verschelende gemoederen onder de menschen welks harte maar al te veel med voor oordeele seyn ingeenomn" omdat J.A. Smellekamp die Emigrante behulpsaam sou wees om 'n predikant uit Nederland te laat kom, „en dat maak de ver skellende geemmoederen geedurig gaande."[65] Ds. W.A. Krige wat as eerste geordende Kaapse predikant Transgariep besoek het, moes ook ondervind dat die mense „van Modder rivier en verder wilden met mij niets te doen hebben, want seiden zij, wij willen geene leeraar van het Westen hebben — komt er een tot ons — hij moet van het Oosten (d.w.s. Natal en die buiteland) komen."[66]

Na die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 het die vooroordeel teenoor die Kaapse Kerk onder die republikeinsgesindes voortgeduur. Hoewel die Kaapse Sinode in 1847 onafhanklik van die owerheid besluit het dat 'n kerklike afvaardiging die emigrante in hierdie streek moes besoek, het die besoek net na die Britse proklamering plaasgevind.[67] Die gevolg was dat die republikeinsgesindes die sending direk aan sir Harry Smith se proklamasie gekoppel het, aangesien die stuk o.m. van die uitstuur van predikante na die Soewe-

---

64) Ibid., pp.78-79. J.G. Mocke aan ds. C. Fraser, 28.1.1845.
65) Ibid., pp.77-78. M.A. Oberholster aan ds. C. Fraser, 20.1.1846.
66) Ibid., pp.82-84. Verslag van ds. W.A. Krige aan die Ring van Graaff-Reinet, 7.10.1846.
67) Dreyer, Die Voortrekkers en hul Kerk, p.40 en verder, en Gerdener, op. cit., pp.44-46.

reiniteit gewag gemaak het. Uit Smith se manifes van Maart 1848, wat kort op die proklamering gevolg het, kon die Emigrante ook aflei dat hy hulle onafhanklikheidstrewe met die geestelike swaard sou weerstaan, d.w.s. deur Engelsgesinde predikante en skoolmeesters onder hulle te laat arbei.[68] Die kommissie, bestaande uit di. A. Murray, snr. en P.K. Albertyn, sou self verslag doen dat die dienste op Winburg nie so talryk bygewoon was as tydens ds. Lindley se besoek nie, omdat „de bekendmakingen van de godsdienst door sommigen die bevooroordeeld waren tegen de Commissie met opzet werden teruggehouden, en als eene andere dat velen den schimp en de vervolging vreesden van diegenen die tegen Hare Majesteits regering zijn, wanneer zij aan de verrigtingen der Commissie deelnamen."[69] Dit ly egter geen twyfel nie dat die kommissie self nie afsydig teenoor die heersende politieke verhoudinge, of selfs onbevooroordeeld teenoor die republikeinsgesindes gestaan het nie.

Hierdie antipatie teen die Kaapse Kerk onder die republikeinsgesindes sou dus verhoed dat daar van kerksweë 'n bindende krag tussen hulle en die lojaalgesindes uitgaan. Die gebrek aan vaste leraars en gereëlde kerklike bediening sou buitendien enige konsoliderende invloede van kerklike kant uitskakel. Teen 1849 was daar reeds vier gemeentes, Bloemfontein, Fauresmith, Winburg en Smithfield gestig, maar eers in Mei 1849 is die eerste predikant in die persoon van ds. Andrew Murray te Bloemfontein georden. Nie net die Soewereiniteit nie, maar ook Transvaal sou sy arbeidsveld wees. Eers in Desember 1850 het verligting gekom toe ds. Dirk van Velden die geestelike werk in die vakante gemeente Winburg op hom geneem het. Veel later, in Mei 1855, is ds. P. Roux as

---

68) Cape Government Gazette, No.2209, 30.3.1848. Manifes van H.G. Smith, 29.3.1848. Vgl. ook Engelbrecht, op. cit., p.57.

69) Dreyer, Die Kaapse Kerk....., pp.96-105. Verslag van die kommissie se werksaamhede.

derde leraar van die Soewereiniteit te Smithfield geordend.[70] Die ganse kerklike organisasie in die Soewereiniteit het slegs van hierdie drie leraars en hul onderskeie kerkrade afgehang. Kerklike organisasie as sodanig sou dus in hierdie pioniersjare uiteraard weinig tot die solidariteit van die lede van die N.G. Kerk kon bydra. Soos reeds aangetoon, was dit veeleer hul gemeenskaplike Calvinistiese geloofsoortuiging wat onbewus tot 'n dieper geestelike eenheid meegewerk het.

Ten spyte van verskille ten opsigte van hul politieke ideale, wat enersyds deur 'n lojaliteit teenoor die Britse owerheidsgesag en andersyds 'n selfstandige republikeinse strewe gekenmerk is, sou daar tog langs die weg van hul gemeenskaplike afkoms, bloedverwantskap, tradisies, hul beroep en godsdiens 'n eenheidsgevoel deurwerk wat as noodsaaklike onderlaag vir 'n ontluikende volksgevoel moes dien. Dat dit hierdie gevoel van solidariteit grootliks nog aan breedte sowel as diepte ontbreek het, val nie te ontken nie, maar dit staan vas dat die republikeins- sowel as lojaalgesinde Afrikaner-boere, vanweë die gemeenskaplike faktore wat hierbo aangevoer is, tog op een of ander wyse van hul andersheid of indiwidualiteit teenoor die uitlander of Engelse in die dorpe bewus moes gewees het. Sonder hierdie gevoel of bewussyn van onderskeid sou daar beswaarlik van 'n ontluikende volksgevoel sprake kon wees.

* * *

Die aanwesigheid van 'n invloedryke Engelse bevolkingselement in die dorpe van die Oranjerivier-Soewereiniteit, waardeur Britse invloed op 'n besondere wyse verstrek is, sou van meet af die wordende volksgevoel van die Hollands-Afrikaanssprekendes in die gebied prikkel, maar veral gedurende die republikeinse tydperk hierdie groeiende volksbewussyn stimuleer. Andersyds sou die proses waardeur baie lojaalge-

---

70) Vgl. Gerdener, op. cit., p.159 e.v., p.162 en p.176 e.v.

sindes in die Soewereiniteit geleidelik tot die republikeinse standpunt oorgehaal is na alle waarskynlikheid vir 'n groot deel voltrek en die verset teen die Britse gesag omvangryker gewees het, as dit nie vir die rol en invloed van hierdie element was nie. Dit sou dus beide prikkelend en remmend op die ontluikende volksgevoel inwerk.

Nadat kapt. H.D. Warden in Maart-April 1846 die plaas Bloemfontein as setel vir die Britse Residensie uitgekies en hom met 'n afdeling van die Cape Mounted Riflemen en 'n aantal pandoere aldaar gevestig het, het sakemanne van handelssentrums soos Grahamstad en Port Elizabeth die geleentheid ten baat geneem om hul kommersiële bedrywighede soheen uit te brei. Naas die soldate te Bloemfontein het die Boere sowel as die inboorlinge in die streke ten noorde van die Oranjerivier goeie handelsvooruitsigte gebied. Veral na die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit in Februarie 1848 het die binneland vir die Engelse sakewêreld nog groter aantrekkingskrag verkry.[71] W.W. Collins, wat die gebied in 1849 besoek het, verklaar „the Orange River Territory was..... attracting the attention of many Colonists and other persons of various nationalities throughout South Africa and elsewhere."[72] Naas die gewone handel in allerlei ware, sou die winkeliers hul veral op die florerende smokkelhandel in vuurwapens en ammunisie met die inboorlinge toespits, selfs nadat die invoer en verkoop daarvan sedert April 1852 onder die toesig van die Britse Resident geplaas is.[73]

Veral Bloemfontein het as die hoofsetel van die Britse burgerlike en militêre administrasie die grootste aftrek geniet en die tuiste en werkkring van 'n invloedryke Engelse element in die gebied geword. Op die dorpie Smithfield is

71) Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, (Kaapstad, 1948), pp.168-170.
72) Collins, W.W., Free Statia, (Bloemfontein, 1907), p.11.
73) Midgley, op. cit., p.479, The Friend, 20.1.1851 en C.J. Uys, Loopbaan van 'n Stigter, in Die Huisgenoot, 29.3.1946.

die tweede sterkste sametrekking van Engelssprekendes aangetref, waarskynlik omdat in die vrugbare Caledonrivierdistrik, ook as buitedistrik van die Kaapkolonie, die grootste opbloei verwag is. In kleiner getalle sou Engelse handelaars hul ook in die ander dorpies, t.w. Fauresmith, Harrismith en Winburg vestig. Onder hierdie handelaars en winkeliers was ook enkele Duitsers en Jode aanwesig.

Hierdie handelaars, winkeliers en wolkopers het van die staanspoor hul op grondspekulasie toegelê, maar ook ander grondspekulante en avonturiers sou op hul hakke volg. In teenstelling met die Kolonie, waar die gebrek aan plaasgrond al akuut geword het, en die wegtrek van die grensboere uit die Kolonie nie juis tot 'n verlaging van die grondpryse meegewerk het nie,[74] is die groot geleentheid om in die Soewereiniteit goedkoop grond vir spekulasie-doeleindes met albei hande aangegryp. In groot hoeveelhede is grond opgekoop met die oogmerk om dit later, na die konsolidasie van die Britse gesag, teen 'n buitensporige wins te verkoop. Met watter ywer grond opgekoop is, blyk uit die feit dat hierdie „landjobbers", soos goewerneur Cathcart hulle genoem het, teen 1853 meer as een-vyfde van al die toegekende plase in die Soewereiniteit in hul besit gehad het. Uit 'n totaal van 1,265 grondbriewe is 264 aan 139 Engelssprekendes toegeken, waarvan slegs 40 die grond self bewoon het. Van die elf miljoen akkers grond wat aan blankes in die Soewereiniteit toegeken is, het hulle byna twee-en-'n-half miljoen besit. Dit kom gemiddeld op 17,754 akkers per Engelssprekende te staan, terwyl die Hollands-Afrikaanssprekende Boere gemiddeld elk 5,500 akkers be-

---

74) Muller, op. cit., pp.52-53.

sit het.[75] Ten spyte van die feit dat die regulasies verbied het dat Britse amptenare grond mag aankoop, het die twaalf hoofamptenare van die Soewereiniteit lustig aan die spekulasie meegedoen en teen 1853 gesamentlik meer as 300,000 akkers besit.[76]

Terwyl sommige historici hierdie spekulante as „geweten-loos" afmaak, het ander weer hul handelswyse verdedig op grond van die feit dat daar genoeg grond vir bona fide boere beskikbaar was en dat spekulasie met grond in 'n pioniersland niks buitengewoon was nie.[77] Sir George Clerk, die Spesiale Kommissaris, het na hierdie handelselement en spekulante as „enterprising men, for the most part without any capital" verwys,[78] terwyl ds. Andrew Murray van „zowat dertig fatzoenlike Engelse gezinnen buiten een aantal onaanzienlike Engelschen" in Bloemfontein melding maak.[79] Die „onaanzienlikes" sinspeel na alle waarskynlikheid op die soldate, wat hul veral aan drankmisbruik en omgang met die gekleurdes skuldig gemaak het. Die Winburgse magistraat beny weer sy kollega in Smithfield,

---

75) Vgl. Van Schoor, op. cit., p.162; V.A. S.C.2/2. G. Clerk aan Newcastle, 25.8.1853; Britse Imperiale Blouboek van 31.5.1853. Geo Cathcart aan J. Packington, 13.1.1853; Muller, op. cit., p.171; Spies, op. cit., pp.41-42; Barnard, B.J., 'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden, in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, (Kaapstad, 1948), dl. I, p.355, Cory, Geo., The History of South Africa, Vol.VI in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1939, dl. I, p.99; en Midgley, op. cit., p.515.

76) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 14.1.1854 en Cory, op. cit., p.99. Green wat die pos van Britse Resident beklee het, beweer dat gedurende sy bewind die twaalf Soewereiniteitsamptenare slegs 11 plase van 'n gesamentlike grootte van 100,000 akkers besit het, ~~en dat Vowe, die Magistraat van die Caledonrivier-distrik.~~ Green het regverdiging vir die amptenare se boerdery-aktiwiteite probeer soek in die feit dat hulle salarisse te gering was om die uiters hoë lewenskoste in die binneland te bekamp. (S.C.1/2. H. Green aan G. Clerk, 1.11.1854.

77) Vgl. Midgley, op. cit., p.514 et seq., en De Kiewiet, op. cit., p.72 wat as pleitbesorgers vir die saak van die spekulante optree.

78) S.C.2/2. G. Clerk aan Newcastle, 25.8.1853.

79) Du Plessis, J., Het leven van Andrew Murray, Kaapstad, 1920, pp.96-97. A. Murray aan J. Murray, 14.6.1849.

wat oor 'n aantal „active young spirited Englishmen" beskik.[80] Sonder deugde en talent was hulle beslis nie, en dit is veral opvallend dat hulle onderling 'n besonder hegte eenheid uitgemaak het. Waar hul kommersiële belange in die gedrang was, sou hulle nie skroom om selfs die Britse Resident openlik te opponeer nie. Hoewel ver in die minderheid in verhouding met die res van die bevolking, sou veral die Engelse gemeenskappe te Bloemfontein en Smithfield in die politieke lewe van die Soewereiniteit 'n rol speel, wat in omvang en invloed selfs dié van die lojaalgesindes of republikeine sou oortref.

Hierdie oorheersende politieke invloed van die Engelse spekulante, winkeliers, handelaars, grondbesitters en ander beroepslui, moet vir 'n groot deel daaraan toegeskryf word dat hulle tot 'n meer politiek bewuste volk behoort en 'n breër opvoeding as die Hollands-Afrikaanssprekende bevolking geniet het. Die feit dat hulle oor 'n nuus- en weekblad, die enigste in die Soewereiniteit, beskik het om nougeset en ywerig hul belange te verdedig en te bevorder, sou waarskynlik die meeste tot hul politieke konsolidasie en samehorigheid bygedra het. Hoewel die redakteur van The Friend of the Sovereignty[81] aangevoer het, dat die blad daarna streef om die belange van al die inwoners van die Soewereiniteit te behartig en dit ook ten sterkste ontken het dat persone met grondbelange die blad se beleid voorskryf, het die inhoud van sy inleidingsartikels en die latere agitasie vir die behoud van die Soewereiniteit op 'n ondubbelsinnige wyse getuig watter belangegroep die steun en simpatie van die eienaars en redak-

---

80) K.A. G.H.10/3. T.J. Biddulph aan R. Southey, 29.6.1848. Van Schoor, op. cit., p.68.

81) Die blad is in Junie 1850 deur die firma Godlonton and White van Grahamstad opgerig, en die redakteurskap het eers in die bekwame hande van Thomas White en later D.C. Grant berus. Die blad het terselfdertyd ook as staatskoerant gedien teen 'n vergoeding van £150 per jaar. Vgl. Van Schoor, op. cit., p.96, Collins, op. cit., p.17, Muller, op. cit., p.171, Barnard, op. cit., pp.354-355 en Spies, op. cit., p.54.

sie van die blad geniet het.[82] Binne enkele maande na sy oprigting het die blad met die Britse Resident se inboorlingbeleid verskil, en hoewel 'n goeie begrip van die boere se omstandighede openbaar is, is hulle belange onderstreep slegs in soverre dit nie met dié van die handelaars en grondspekulante gebots het nie.[83]

Die Engelse bevolkingselement het van die standpunt uitgegaan dat die Britse administrasie oor die Soewereiniteit verstewig moes word, ten einde bestendigheid en opbloei vir die handel en styging van grondpryse te verseker. Warden se beleid, wat die Britse owerheid voortdurend in allerlei inboorlingtwiste betrek het, het vanselfsprekend nie hulle steun geniet nie. Om begryplike redes het hulle selfs openlik met die Boere en Barolongs, wat die vernaamste prooi van hierdie beleid was, gesimpatiseer en hul openlik aangehits om nie op kommando te gaan as hulle teen die vyand opgeroep word nie.[84] Nieteenstaande hierdie vete met die Britse Resident, wat selfs 'n verdeling binne eie geledere veroorsaak het, was die Engelse element dit volkome eens oor die handhawing van die Britse gesag oor die gebied en die teenwerk van enige republikeinse invloed in die Soewereiniteit. Die inleidings- en briewekolomme van The Friend het nie net bedekte dreigemente teen die propagering van die republikeinse gedagte in die Soewereiniteit bevat nie, maar in besonder is daar 'n skinder-

---

82) Vgl. Midgley, op. cit., p.491 et seq., en p.512 et seq.; Barnard, op. cit., p.430, p.438 en p.458, en Van Schoor, op. cit., pp.96-97, p.109, p.122, p.146 en p.153.

83) Van Schoor, op. cit., pp.104, 108, 109 en p.146. The Friend se antipatie teenoor majoor Warden was oogloopend.

84) The Friend, 1.2.1851 en H.C.1/11. Vrae aan H.D. Warden deur W.S. Hogge en C.M. Owen, 7.2.1851. Hoewel dit aan regstreekse bewyse ontbreek wil dit voorkom as die redakteur van The Friend en die Engelse gemeenskap druk uitgeoefen het om lede van die Wetgewende Raad vir hul standpunt en siening van sake oor te haal. (Vgl. die besluite van die Wetgewende Raad, W.R.1/1 Notules van die Wetgewende Raad, 2.2.1852, wat presies ooreengestem het met die gedagtegang van The Friend wat al maande lank in die Soewereiniteit gepropageer is.

veldtog teen die Transvalers en die toestande oorkant die Vaalrivier gevoer met die oogmerk om die republikeinsgesindes in die Soewereiniteit van vereniging met hul geesgenote in Transvaal af te skrik.[85]

By hul toonbanke of negosiewaens sou Engelse handelaars en winkeliers om besigheidsredes wel 'n oënskynlike toegeneëntheid teenoor die Hollands-Afrikaanssprekende openbaar het, maar ewe as die meeste Britse amptenare, na wie se posisie reeds verwys is, sou die Engelse element van dieselfde hooghartige houding teenoor die Boere blyke gee, en by tye op hul neergesien. 'n Smithfieldse grondeienaar, C.S. Halse, het verklaar dat „the Boers are not capable, nor have the ability to represent and advocate their interests."[86] Om taktiese redes het die redakteur van The Friend nooit gewaag om neerhalende beskouinge oor die Boere in sy kolomme te publiseer nie, maar dat hy nie 'n besondere dunk van hul bekwaamheid, oordele en vermoë om hul self te bestuur gehad het nie, en dat dit liefs deur die Engelssprekendes beoefen moes word, kon by meer as een geleentheid tussen die reëls gelees word.[87] Die strekking was deurgaans dat die Boere hul liewer op hul boerdery moet toelê en die politiek aan hul Engelse broeders met hul meerdere agtergrond, insig en kennis moet oorlaat.

Deur middel van The Friend het die Engelse element hul veral tydens die ondersoek van die assistent-kommissarisse, Hogge en Owen, geroepe gevoel om die inwoners ten sterkste teen die moontlike terugtrekking van die Britse gesag oor die Soewereiniteit te waarsku. Vir twee jaar lank is alles in die stryd gewerp om enersyds die Britse Koloniale Sekretaris te beweeg om af te sien van die neergelegde beleid om uiteindelik van die Soewereiniteit prys te gee, en andersyds die

---

85) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., p.126 en p.129.
86) H.C.1/4. C.S. Halse aan H.G. Smith, 25.4.1850; vgl. ook Van Schoor, op. cit., pp.95-96.
87) Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853. R.448/52. Thos. White oor die Transvaalse boere in sy brief aan eerw. W. Inglis, 8.11.1852.

inwoners met 'n mengsel van gesonde argumente, drogredenasies en vreesaanjaging van die dwaasheid en gevare van so 'n stap te probeer oortuig.[88] Waar die koms van sir George Cathcart met 'n reuse-troepemag die hoop hoog laat opvlam het dat die vrede herstel en die Britse gesag vir goed in die Soewereiniteit gekonsolideer sou word, het die uitslag van Berea self groter verontwaardiging by die Engelssprekendes as by die lojaalgesinde Boere verwek.[89]

Met die aanstelling van sir George Clerk was die toekomstige lot van die Soewereiniteit feitlik beklink en met die gevolg dat die propaganda en agitasie teen die opsegging, veral sedert die begin van 1853, in felheid toegeneem en met Clerk se aankoms sy hoogtepunt bereik het. Lang inleidingsartikels, talryke briewe, waarvan baie na alle waarskynlikheid hul oorsprong by die redakteur se lessenaar gehad het, en ander artikels het week na week die kolomme van die blad gevul. Die inhoud en aard was pleitend, uitdagend en soms wanhopig, en by tye ook misleidend en opsetlik vals. Daar is 'n legio redes aangevoer waarom die Soewereiniteit behou moes word, maar al die argumente het kortom daarop neergekom dat die beskawing in die gebied sou verval en anargie en bloedvergieting sou heers as die Britse gesag teruggetrek word, omdat die Boere te onryp was om hulleself te bestuur. Soos meermale tevore, is dit in 'n ryke mate aan die lesers opgedis dat die vooruitgang van die beskawing in die binneland, sosiale vordering en die handhawing van die christelike godsdiens en morele standaarde slegs deur middel van die Britse gesag en administrasie verseker sou kon word -- daarsonder sou agterlikheid en demoralisasie intree.[90]

---

88) Van Schoor, op. cit., pp.148-149.
89) Ibid., pp.155-156 en Midgley, op. cit., p.482 et seq.
90) Ibid., p.486 et seq. en Van Schoor, op. cit., pp.158-159.

Die verset van die Engelse element sou ook 'n wyer omvang aanneem as mondelinge proteste en skriftelike agitasie in die pers of petisies aan die Britse owerheid. Politieke sette, manipulasies en selfs ondemokratiese metodes sou aangewend word om die sogenaamde ramp af te wend. Die verkiesing van afgevaardigdes wat Clerk moes ontmoet, is nie net vooraf gereël nie, maar die verkose persone is daarna opsetlik mislei. In die Smithfieldse distrik is selfs goud „ontdek" om die Britse owerheid onder die indruk van die minerale betekenis van die Soewereiniteit vir die Britse ryksbelange te bring.[91]

Van betekenis egter is die indruk wat die agitasie van die Engelse element op die Boere self gemaak het. Hoewel die meeste inleidingsartikels en baie briewe ook in Nederlands in die plaaslike weekblad verskyn het, is dit moeilik vas te stel hoeveel daarvan hulle oë en ore bereik het. Dit kan egter vrywel aangeneem word dat hulle tog op een of ander wyse van die vernaamste argumente van die Engelse op die dorpe teen die opsegging van die Soewereiniteit kennis gedra het, o.m. dat hulle nie bevoeg sou wees om hulself te bestuur nie en hul politieke heil en bestaansveiligheid alleen onder die Britse gesag verseker sou wees. Met die koms van Clerk in Augustus 1853 was lewenstoestande bowendien erg onseker en wisselvallig. Die administrasie van die land het onder verdenking gestaan, veral omdat die amptenare saam met spekulante druk besig was om hulself te bevoordeel.[92] Die betreklike rus langs die Basoeto-grens het nie die spanning verdryf dat strooptogte op enige tydstip weer kon plaasvind nie. In hierdie jaar het ook swaar reëns en kapok op 'n langdurige droogte gevolg en duisende beeste laat vrek. „The majority of the farmers," verklaar Theal, „appeared to be waiting to see what

---

91) Ibid., p.153.
92) Vgl. Britse Imperiale Blouboek van 10.4.1854. Clerk aan Newcastle, 2.8.1853, en Van Schoor, op. cit., p.159.

the future would bring them, colourless in their views and clay in the hands of the potter."[93]

Vir die republikeinsgesindes sowel as die lojaalgesindes, wat die saak enigsins oorpeins het, moes dit al te duidelik gewees het dat die agitasie van die Engelse element in die eerste plek nie om die bevordering van die landbouer en veeboer se belange gegaan het nie, maar wel om die handels- en grondbelange van diegene wat die heftigste teen die opsegging geprotesteer het. Dit was bloot toeval of om eie gewin dat die boere se belange in die argumente teen opsegging opgehaal is. Dat daar op hul politieke onbekwaamheid gesinspeel is, sou ook wel hul ore op een of ander wyse bereik het. Hierdie geringskatting van die Hollands-Afrikaanssprekende Boere kon reeds gedurende die laaste maande van die Soewereiniteitstydperk tot toenadering tussen lojaal- en republikeinsgesindes meegewerk het, maar dit sou veral gedurende die eerste republikeinse jare daartoe bydra om die verskille tussen die twee groepe uit te wis. Dat daar egter nog skerp verskille tussen hierdie twee groepe bestaan het, het selfs Clerk kon waarneem. Hy skryf aan Newcastle: „Though, for some time past, there has in fact been little or no material difference between the behaviour of boers here called loyal, and of those called disloyal, nevertheless, the distinctive appellation is still too frequently and invidously applied to admit of my indulging sanguine hope that I shall be able to induce such as have ranked among the latter, to unite cordially with those of their countrymen who have at all times held more moderate views respecting the grievances enduced by them, for the formation of a mode of selfgovernment suited to promote a good understanding among all of them."[94] Hoe dit ook al sy, dit wat

93) Theal, History of South Africa since 1795, Vol.III, p.72. Vgl. ook Orpen, op. cit., p.266 en The Friend, 15.10.1853.
94) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 10.11.1853 en Van Schoor, op. cit., pp.162-163.

Clerk betwyfel het, sou tog binne enkele maande daarna verwesenlik word.

* * *

Die koms van sir George Clerk moes ongeveer dieselfde reaksie op die republikeinsgesindes as die besoek van die twee assistent-kommissarisse, Hogge en Owen, gehad het. Teenoor die gerugte dat hy sou gekom het om die landstreek aan die Boere terug te gee, sou hulle waarskynlik uiters skepties gestaan het. Toe dit formeel deur die veldkornette tot hul kennis gebring is dat Haar Majesteit se regering besluit het om die Britse gesag oor die Soewereiniteit prys te gee, en dat openbare byeenkomste belê moes word om afgevaardigdes te kies ten einde oor middele en weë vir selfbestuur te beraadslaag, het die republikeinsgesindes nie op die aanbod gereageer nie.[95] Soos dit in die geval van die vergadering van Junie 1852 was, wat deur goew. Cathcart belê is, kon dit wees dat hulle ook hierdie oproep as 'n set beskou om hulle lojaliteit te toets.[96] Sonder kennis van die jongste Britse politieke verwikkelinge, koloniale beleid en finansiële probleme waarby die Soewereiniteit betrokke was, en boonop leierloos sedert die heengaan van Andries Pretorius in Julie 1853, was dit nouliks moontlik dat hulle die koms van Clerk en die konsekwensies van sy oproep ten volle sou begryp. Sedert die besoek van die assistent-kommissarisse het toestande vir die landbouer en veeboer onder die Soewereiniteitsbewind nie juis gunstiger geword nie, maar andersins het niks op die plaaslike politieke front plaasgevind wat hulle sou oortuig dat Brittanje om finansiële redes dit erns was om die gebied aan sy oorspronklike inwoners terug te gee nie. Toe hulle in die

---

95) Cory, op. cit., p.93, Van Schoor, op. cit., p.160 en Spies, op. cit., p.50. Vgl. ook S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 8.10.1853.

96) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 10.9.1853.

dertigerjare die Kolonie verlaat het, het hulle wel die verwagting gekoester dat die Britse owerheid hulle sou toelaat om hulself te bestuur, maar na die anneksasie van Natal, die proklamering van die Soewereiniteit en die erkenning van die „buite streek," Transvaal, se onafhanklikheid, moes dit aan die ongelooflike gegrens het dat Brittanje nou ewe skielik bereid sou wees om ook die onafhanklikheid van die republikeine in die Soewereiniteit te erken en dit soos 'n ryp appel in hul skoot te laat val.

Dit kan ook wees dat die republikeinsgesindes deur die felle agitasie van die Engelse party aanvanklik mislei is. Op openbare byeenkomste en in hul koerant het hulle die oningeligte Boere wysgemaak dat die opsegging van die Soewereiniteit om talle en talle redes net nie sou of kon geskied nie. Die republikeinsgesindes sou dus na aanleiding van hierdie agitasie van die standpunt kon uitgegaan het dat hulle aan die meedoen van openbare vergaderings en die verkiesing van afgevaardigdes eintlik tog niks sou kon vermag om hul eie ideale te verwesenlik nie, en eerder weer soos in die verlede gevaar loop om opnuut hulle vingers te verbrand. Daar is immers geen aanduiding dat vurige republikeine of sterk voorstanders van 'n vereniging met Transvaal as afgevaardigdes verkies is nie. Dit het ook mettertyd geblyk dat talle inwoners van die verkiesing van afgevaardigdes weinig of geen kennis gedra het nie, en oor die hele aangeleentheid van opsegging taamlik in die duister verkeer het.[97] Naas die 19 Engelssprekendes sou die oorgrote meerderheid van die 76 Afrikaans-Hollandssprekende afgevaardigdes waarskynlik tot die groep met gematigde beskouinge behoort het, d.w.s. diegene

---

97) Vgl. Cory, op. cit., Vol.IV, pp.97-98 en Wichmann, F.A.F., Die Wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838-1860 in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel II, p.138.

wat bereid was om die Britse owerheid te steun in soverre dit by magte was om gesag en orde te handhaaf en op generlei wyse direkte inbreuk maak op of eise stel aan hul eenvoudige en half-geïsoleerde landelike lewe as boere nie.

Oor die wyse van die verkiesing van die afgevaardigdes, sowel as die optrede van die Engelssprekende afgevaardigdes tydens die byeenkoms van 5 September sou daar later heelwat bedenkinge uitgespreek word.[98] Nie alleen is die verkiesing vooraf tot 'n mate gemanipuleer en die afgevaardigdes voor die byeenkoms beïnvloed nie, maar besluite en voorwaardes is op die vergadering op so 'n wyse geformuleer en aanvaar dat Clerk se taak daardeur onmoontlik gemaak sou word om die opsegging deur te voer.[99] Hul optrede was klaarblyklik daarop gemik om die opsegging te vertraag totdat 'n afvaardiging hul saak voor die Imperiale regering kon lê. Daar is selfs getrag om Clerk se opdrag te vertolk as die toekenning van selfbestuur onder die Britse kroon. Ook by die samestelling van 'n komitee, wat deur die afgevaardigdes benoem is, om die onderhandelinge met Clerk voort te sit, is van die sogenaamde „undesirable men" in hul midde ontslae geraak.[100] Die afgetrede Britse Resident, majoor Warden, het Clerk ook daarop gewys dat die wyse waarop „the Dutch delegates generally were deceived, and not allowed to express their real sentiments, was clear to every one observing what was going on."[101] Hierdie eiegeregtige optrede en opsetlike misleiding van die kant van Engelse handelaars en spekulante en die monopolisering van die komitee van afgevaardigdes om hul eie belange te bevorder, sou ook eventueel daartoe lei dat die ondersteuners wat hulle

---

98) Van Schoor, op. cit., pp.164-165 en Midgley, op. cit., p.521.
99) Vgl. The Friend, 18.8.1853 en Van Schoor, op. cit., p.163.
100) Orpen, op. cit., pp.276-277 en Van Schoor, op. cit., p.165.
101) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 8.10.1853.

nog onder die Boere gehad het, totaal van hulle vervreem is.[102] In die jare wat voorgelê het, sou hierdie optrede van die Engelse nie lig vergeet word nie.

Dit blyk dat die afgevaardigdes van die Winburg-distrik in 'n onvergenoegde stemming van die byeenkoms op 5 September te Bloemfontein huiswaarts gekeer het, omdat die verwagting om hulle self te kon bestuur nie verwesenlik is nie.[103] Hierdie misnoeë onder die gematigde Boere-afgevaardigdes het na alle waarskynlik hede die ore van die republikeinsgesindes bereik, wat geleidelik tot die besef gekom het van wat alles met die koms van Clerk op die spel was. Clerk self het ook nie teruggedeins om die republikeine te beweeg om die bestuur van hom oor te neem, toe dit blyk dat die byeenkoms van 5 September hom hierin nie sou steun nie.[104] Die Spesiale Kommissaris het hom hierdie optrede geoorloof omdat hy dit ten sterkste betwyfel het of die „two small sections, one the English speculators in land and trade.....(and) the other some respectable Dutch settlers and the benevolent but delusive expectation of the Church" werklik die meerderheid van die inwoners se politieke gevoelens vertolk. Dit is sy beskouing dat „the majority have been averse to British administration, on the account of wrongs which they remember to have endured under its rule in the Cape Colony. I have not here heard a disrespectful word or an insinuation from a boer's lips nevertheless, I have met with only very few so far who have not, by some observation or another made it apparent to me that they do not highly appreciate the foresight, wisdom or effeciency of our political or administrative measures on the Orange River frontier."[105]

---

102) Vgl. De Kiewiet, op. cit., p.176 en Van Schoor, op. cit., p.171.
103) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 8.10.1853.
104) Orpen, op. cit., p.286 oor Clerk se rol. Vgl. ook Midgley, op. cit., p.535.
105) S.C.2/2. Clerk aan Newcastle, 1.10.1853.

Dit is ook nie uitgesluit nie dat die wyse waarop geprotesteer is en die inhoud van die proteste van die anti-abendoniste die republikeine mettertyd dwars in die krop begin steek het nie, veral toe Clerk self van sy kant blyke sou gee dat sy oproep tot die Bloemfonteinse byeenkoms geen poging was om hul lojaliteit te beproef nie. Terwyl sekere persone van Wilgeboomspruit in die Caledonrivierdistrik reeds met die verkiesing van die afgevaardigdes gekla het dat hulle nie van die verkiesing verwittig is nie, voeg hulle by dat „ons stemme worden zelde mit waarheid gehoord."[106] Intussen het ook lede van die komitee wat die afgevaardigdes gekies het, bedank omdat die komitee volgens hulle nie die werklike gevoelens en belange van die inwoners vertolk of verteenwoordig het nie.[107] G.P. Visser, 'n gesiene boer in die suidelike dele van die Soewereiniteit het veral beswaar gemaak teen die komitee se besluit om dr. A. Fraser, voorsitter van die komitee, en ds. Andrew Murray, wat al 'n geruime tyd onder sy gemeentelede die opsegging sterk afgeraai het, na Engeland af te vaardig om die opsegging ten alle koste te verhoed. Visser gee Clerk die versekering dat „de Deputatie die naar Engeland gaat, niet door het Committee is gezonden en dat de zending tegen den wel is van de meerderheid des Publieks.....(en) het is myne overtuigen, dat door het Publiek wordt gewenscht, dat de Regering des Lands uit uwe handen wordt over genomen." Hy voeg daaraan toe dat die verkiesing van 'n nuwe groep afgevaardigdes die bewys sal lewer dat hy nie in sy oortuiging dwaal nie.[108] Ook die Fauresmithse onderwyser, J. Groenendaal, afkomstig uit Nederland, skryf teen die helfte van Desember 1853 aan

106) S.C.1/1. M.J. Wessels en 21 ander aan Clerk, 29.8.1853. Cory, op. cit., Vol.IV, p.97 verwys na 'n memorie wat reeds op 16 Augustus 1853 deur 24 inwoners van die Winburg-distrik aan Clerk gerig is.

107) Vgl. S.C.1/4. P.J. Naude aan Clerk, 17.11.1853, S.C.1/2. G.P. Visser aan Clerk, 7.12.1853, S.C.1/2. J. Groenendaal aan Clerk, 14.12.1853.

108) S.C.1/2. G.P. Visser aan Clerk, 7.12.1853.

Clerk dat „de tegenwoordige tyd schijnt beter dan de 5e Septemb. geschikt om de openbare meening des Volks te verstaan... Immer uit meer dan eene daadzaak na dien tyd is het blykbaar dat door het ligchaam van Delegaten de eigenlyke opinie voor het publiek niet juist is verteenwoordigd."[109]

Terwyl daar reeds in verskeie oorde misnoeë oor die besluite van die byeenkoms van 5 September en die optrede van die komitee van afgevaardigdes uitgespreek is, het die inisiatief om die landsbestuur van die Spesiale Kommissaris oor te neem aanvanklik van 'n sekere Adriaan Stander uitgegaan. Stander, wat tydens die slag van Boomplaats as een van Andries Pretorius se kommandante opgetree het, het hom na die episode in Transvaal gaan vestig, en het nou die geleentheid ten baat geneem om sy gestorwe leier se ideaal te verwesenlik, nl. om die landstreek tot aan die Grootrivier by Transvaal in te lyf.[110] Met so 'n stap was hy waarskynlik van oortuiging dat hy na die wense van alle republikeine handel omdat hul eenheidstrewe daarmee grotendeels verwesenlik sou word. Deur sy toedoen het meer as vyfhonderd persone 'n versoekskrif onderteken wat die onafhanklikheid van die gebied verwelkom het. Veral persone soos W.J. Pretorius, C. du Plooy en W. van Aardt, wat Pretorius in die verlede trou ondersteun het, het Stander se optrede verwelkom. Ook M. Cauvin, 'n welgestelde inwoner van die Harrismith-distrik, Adolf Coqui, 'n handelaar van Joodse afkoms en Paul M. Bester, voorheen 'n ruk lank Britse magistraat en siviele kommissaris te Harrismith, het die nuwe beweging om die landsbestuur oor te neem volmondig en aktief

---

109) S.C.1/2. G.P. Visser aan Clerk, 7.12.1853.
110) Vgl. The Friend, 21.1.1854 en 11.2.1854; ook Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853. R.571/53. Opdrag van ingesetenes van die distrik Vaalrivier aan A.H. Stander om met Geo. Clerk te onderhandel, d.d.12.11.1853.

gesteun.[111] Hoewel hierdie figure almal op een of ander wyse met Clerk in kontak was en van hom ondersteuning vir hul optrede ontvang het, het die gedagte om die Soewereiniteitsgebied by Transvaal in te skakel klaarblyklik nie algemene byval gevind nie, en is Stander en du Plooy se byeenkomste om steun vir die beweging te vind nie juis in besonder groot getalle bygewoon nie.[112] Die ongestadige politieke toestande in Transvaal en die verdagmakery teen die Transvalers, veral in die Bloemfonteinse koerant, het moontlik ook nou sy rol begin speel.[113]

Ook boere van die suidelike streke van die Soewereiniteit, bekend as Griekwaland, het hul steun toegesê aan die gedagte om die landsbestuur van Clerk oor te neem. Naas P.J. Naudé van die Witteberge, in die oostelike streke, en J.J. Venter van suidelike dele van Bloemfontein-distrik, het ook G.P. Visser en J. Groenedaal, albei van Fauresmith, die komitee van afgevaardigdes bedank. Venter het nie minder as 700 handtekeninge in die Bloemfontein-distrik en omgewing verkry wat die aanname van onafhanklikheid bepleit het nie.[114]

Dat die beweging ook in die Griekwa-streke ondersteuning ontvang het, is begryplik, veral as hul lotgevalle sedert die vroeë dertigerjare in hierdie streke in ag geneem word. Hoewel Griekwa-tradisie en -wette die verkoop van grond sonder toestemming van hul kaptein, Adam Kok, en die Griekwa-raad van Philippolis verbied het, het talle Griekwas hul gronde

---

111) Ibid., S.C.1/4. P.M. Bester e.a. aan Clerk, 2.11.1853; S.C.1/4. A. Coqui en 47 ander aan Clerk, 12.11.1853 en Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853. R.572/53. A.H. Stander e.a. aan Clerk, 12.11.1853. Vgl. ook Van Schoor, op. cit., p.170, Midgley, op. cit., p.535 en vn. 36 en Van Jaarsveld, op. cit., pp.134-135.

112) Midgley, op. cit., p.536 en p.538.

113) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., pp.126-129.

114) S.C.1/1. Groenendaal en Visser aan Clerk, 7.12.1853; en vgl. ook S.C.1/1, S.C.1/4 en die Britse Imperiale Blouboek, LXVIII (1758), pp.61-69 waarin talle van hierdie memories aangetref word, en Van Jaarsveld, op. cit., p.134.

geredelik vir vee, kontant of ander geskenke verruil of verhuur.[115] Uit vrees dat hulle heeltemaal uit hul gronde kon raak, het Kok in 1838 neergelê dat sy onderdane wel hul grond aan blankes vir 'n tydperk van hoogstens veertig jaar kon verhuur, maar nie kan verkoop of verruil nie.[116]

Soos in Hoofstuk IV van hierdie werk aangetoon, was die veeboere wat hul alreeds voor die Groot Trek in die suidelike dele van Transgariep gevestig het, erg misnoegd oor die groot stukke grond wat die Griekwas, met die ondersteuning van hul sendelinge, vir hulself toegeëien het, en die feit dat die Britse owerheid die blankes nie wou beskerm teen die Griekwa-kaptein se pogings om van tyd tot tyd direkte jurisdiksie oor hulle uit te oefen nie. Met die sluiting van die Napier- en Maitland-verdrae is egter formeel erkenning verleen aan die Griekwas as 'n onafhanklike stamgroep, en volgens laasgenoemde ooreenkoms is die Griekwa-reservaat in vervreemdbare en onvervreemdbare streke verdeel. Die verdrae het ook die Griekwas se eiendomsreg erken op die gronde wat hulle bewoon of aanspraak gemaak het, terwyl die blankes ewe sterk en dikwels met meer reg daarop aanspraak gemaak het. Dit het die blankes binne die sogenaamde Griekwa-gebied in 'n uiters moeilike posisie geplaas, en toe Kok sy gesag formeel oor hulle wou toepas, het beide lojaal- en republikeinsgesindes hierteen in verset gekom.[117] Kok sou hom wel van 'n soortgelyke optrede in die toekoms weerhou, maar die bepaling dat die blankes die vervreemdbare Griekwa-gronde na die verstryking van hul huurtydperk moes verlaat en dat grondkope, wat reeds aangegaan is, voortaan as 'n huurkontrak van veertig jaar beskou sou word,

---

115) Vgl. Midgley, op. cit., p.17.
116) Van der Merwe, P.J., Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842, (Den Haag 1937) p.350.
117) Van Schoor, op. cit., pp.12-20 en Midgley, op. cit., pp.27-32.

het talle blankes steeds in uiters onsekere posisie geplaas. Bowendien was hulle nog aan 'n grondbelasting onderhewig waarvan die helfte aan Kok en sy raad betaal moes word.[118]

Met die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit deur sir Harry Smith is wel aan die vervreemdbare Griekwagronde 'n einde gemaak en daarmee 'n groot grief uit die weg geruim, aangesien die Griekwas se grondaanspraak in hierdie gebied uiters buitensporig en meesal sonder grond was. Die blankes se posisie binne die onvervreemdbare of eintlike Griekwa-gebied het egter onveranderd gebly. Terwyl hulle die toekoms met onsekerheid afgewag het, het Kok weer by die Britse owerheid gekla dat blankes binne sy reserwe grond onwettig bewoon en versoek dat hulle verwyder moet word.[119] Die gespanne toestand is vererger toe Kok ook geweier het dat die blankes 'n kerkgebou op Zuurfontein binne sy reservaat oprig. Die Britse Resident het later toegestem dat 'n kerkgebou van 'n tydelike aard by Sannaspoort (Fauresmith) opgerig kon word.[120] Gaandeweg het die Griekwa-reservaat ook asiel vir boosdoeners uit die Katrivier-nedersetting en ander rondloper naturelle gebied. Die Griekwas sou hulle self ook aan veediefstalle en brutale optrede teenoor die blankes in die gebied skuldig maak. Die blanke veeboere wat hulself nog altyd as troue Britse onderdane beskou het, het hul onsekere bestaan ook hoofsaaklik gewyt aan die feit dat die Griekwas self nie in staat was om wet en orde te handhaaf nie, en daarbenewens was die Britse owerheid klaarblyklik ewe magteloos om strawwe op te lê.[121] Wat hul egter die meeste gegrief het, was die feit dat hulle nie grond binne die reservaat in volle eiendom kon besit nie. „Dit verbod is door Sir Maitland bekrachtig,"

---

118) Ibid., p.57 en p.259.
119) Ibid., p.260.
120) Ibid., p.252, vn.39.
121) Vgl. o.m. A.C.1/2. Sestig Rietrivierse Boere aan Hogge en Owen, 8.12.1851.

skryf J. Groenendaal en 19 ander toe hulle om 'n Britse magistraat gevra het, „en wy durven het een verkrachting noemen van de regten van H.M. onderdanen en zullen het te allen tyde aanmerken als een staatstuk waarmede die Hooge Commissaris den roem van H.M. regering heeft bevlekt."[122]

Dat die blankes strydig met die bepalings van die Britse ooreenkomste met die Griekwas en die wense van Adam Kok en sy raad gehandel het om grond van die Griekwas te bekom, het hulle skynbaar weinig geskeel. Baie het van die standpunt uitgegaan dat hulle al van die allervroegste jare die gebied bewoon en daarom ewe veel reg op die gronde as die Griekwas gehad het. Wat hulle veral gegrief het was die feit dat die Britse owerheid nooit hul grond-regte in Griekwaland wou erken nie, hulle aan die jurisdiksie van 'n bastervolk onderwerp, geen behoorlike beskerming aan hulle verleen en hul toekomstige posisie in onsekerheid gelaat het. Met die koms van die twee assistent-kommissarisse, Hogge en Owen, het die hoop opgevlam dat aan hulle saak reg gedoen sou word, maar toe hulle hierdie netelige kwessie heel takties links laat lê het, het die blankes, wat hulself nog altyd as troue Britse onderdane beskou het, hulle vertroue in die Britse gesag verloor. Clerk se aanbod om die staatsbestuur aan die oorspronklike inwoners van die Soewereiniteit te oorhandig, het vir hulle dus 'n geleentheid gebied waarop hulle gewag het, nl. om sonder die hulp van die Britse owerheid die gedane onreg in die Griekwagebied eens en vir altyd uit die weg te ruim. Dit is na alle waarskynlikheid hierdie faktor meer as enigiets anders wat daartoe bygedra het dat die eertydse lojaalgesindes in die suidelike streke van die Soewereiniteit besluit het om hul lot by die republikeine in te werp.[123] Dit is dus geen toe-

---

122) Aangehaal by Midgley, op. cit., p.410.
123) Ibid., p.540.

val dat diegene wat bereid was om die gebied van Clerk oor te neem die „regeling van zaken, het Griqualand betreffende" as 'n voorwaarde gestel het nie.

* * *

Stander sowel as die ander persone se besluit om die landsbestuur van Clerk oor te neem, het dus voortgespruit óf uit ontevredenheid met die Britse bestuur tydens die Soewereiniteitsjare omdat die Britse gesagvoerders hulle nie kon of wou beskerm nie, óf uit die tradisionele versetgees teen die Britse bewind omdat hierdie bewind nog steeds hul bewuste strewe om 'n staatkundig-onafhanklike bestaan te voer, verhinder het. Nie een van die voormanne van die oorname-beweging het egter oor die vermoë of talent van 'n doelbewuste en heldersiende leier beskik om die geleentheid wat Clerk hulle aangebied het met albei hande te gryp en hul onafhanklikheid met krag van die Britse regering af te dwing nie. Hoewel hulle geneë was om die bewind oor te neem, het Clerk steeds die inisiatief behou. Dit het die Hollands-Afrikaanssprekendes op hierdie stadium ten enemale aan 'n sterk leier van die kaliber van 'n Andries Pretorius ontbreek wat hulle die sin, betekenis en moontlikhede van hierdie aangebode onafhanklikheid kon laat begryp of selfs láát aangryp en dit veral in lyn te bring met hul jarelange republikeinse strewe.

Dit was egter van meet af duidelik dat diegene wat bereid was om die landsbestuur oor te neem, verdeeld was oor die wyse waarop hul onafhanklikheid in die toekoms gehandhaaf en gewaarborg moes word. P.E. Scholtz skryf op die dag toe die Bloemfontein-konvensie onderteken is aan M.W. Pretorius in Transvaal dat „een gedeelte (is) voor afzonderlyke regering ma(ar) de grootste gedeelte voor een bant met die van Overvaal."[124] M.a.w. Stander en sy geesgenote het verlang dat

124) T.A. R.618/54. P.E. Scholtz aan M.W. Pretorius, 23.2.1854.

die gebied met die Transvaalse gebied moet verenig, waardeur 'n langgekoesterde ideaal van talle republikeine in die Soewereiniteit verwesenlik sou word. Of daar reeds op daardie stadium regverdiging vir Scholtz se bewering bestaan dat die grootste gedeelte van die inwoners amalgamasie met Transvaal verlang, word slegs deur sy eie woorde gestaaf, want in die praktyk het die meerderheid nie hul begeerte kragdadig op diegene afgedwing wat wel 'n „afzonderlyke regering" vir die gebied voorgestaan het nie. Dit kan ook wees dat Scholtz hom aan wensdenkery skuldig gemaak het. Dr. Midgley beweer in sy verhandeling oor die Soewereiniteit dat daar „a substantial body of moderate opinion" was wat teen vereniging met Transvaal gekant was.[125] Ten spyte van die kwaaie gevoelens wat The Friend teen die inwoners van Transvaal by sy lesers opgewek het, val dit nie te ontken nie dat die Transvaalse onbestendigheid op politieke sowel as kerklike terreine, geen besondere aantrekkingskrag vir die voorstanders van die afsonderlike handhawing van die staatkundige onafhanklikheid van die gebied tussen die Groot- en Vaalriviere nie.[126]

Daar is ook weinig grond vir dr. Van Jaarsveld se stelling dat na die Bloemfontein-konvensie „die afgesnyde Engelse en Engelsgesinde elemente tussen die Vet en Oranje sou hulle steeds oriënteer op die Suide waarvan hulle voorheen deel was, terwyl die republikeine tussen die Vet en die Vaal, hulle na die Noorde sou rig."[127] Sy regionale indeling van die politieke situasie is veels te skerp, en soos meermale tevore en later in sy werk laat dr. Van Jaarsveld ook die sterk onafhanklikheidsgroep hier buite rekening. Nóg die afgevaardigdes, nóg die Volksraadslede van die sogenaamde Vet-Vaal-streek het in 1854 enige blyke gegee dat hulle 'n vereniging met Transvaal

125) Midgley, op. cit., p.539 en -.551.
126) Van Jaarsveld, op. cit., p.144-145, p.146, p.150 en p.151.
127) Ibid., p.137.

voorstaan. Ook die stelling van dieselfde skrywer: „Deur behendige optrede het die regering daarin geslaag om die eerste span onervare Volksraadslede agter hom te skaar, maar val daardeur juis van die begin af in ongenade by die breë laag van die ‚Maatschappij gezinde harten'," is ongemotiveerd.[128] Tussen die „regering" en die Volksraad was daar die nouste samehang en het aan/presies dieselfde „onervarendheid" as die Volksraadslede gely. Dit ly geen twyfel dat daar persone was wat hulle nie agter die nuwe owerheid wou skaar nie, maar dit is onbegryplik hoedat die gedagte „om die staat 'n selfstandige weg te laat opgaan" deur 'n redelik onbeholpe regering op die Volksraadslede afgedwing en die staat se onafhanklikheid in stand gehou is, sonder dat dit wel wydverspreide steun geniet het. Die neiging was nog altyd om die politieke groeperinge in die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere te verabsoluteer, nl. deur slegs te onderskei tussen republikeinse verenigingsgesindes en Engels- of Koloniaalgesindes. Die krag en omvang van die republikeine wat 'n band met Transvaal wou vorm mag nie onderskat of geringgeskat word nie, maar hul teenhangers kan nie sonder meer as Koloniaal-geöriënteer of Engelsgesind uitgemaak word nie. Daar was onteenseglik 'n sterk groep republikeinse Boere of Hollands-Afrikaanssprekendes wat reeds tot die stille of selfs passiewe oortuiging gekom het dat hul republikeinse staatsideale die beste langs 'n selfstandige weg gedien kan word. Indien hul geledere weinig aanhangers uit die kamp van die verenigingsgesindes getrek het, het hulle hul getal getrek uit diegene wat eenmaal as lojaalgesinde trek- of veeboere bekend gestaan het.

Sir George Clerk het self niks gedoen om uitvoering te gee aan Cathcart se gedagte, wat hy reeds in Desember 1852

---

128) Ibid., p.143.

gehuldig het nie, nl. „to bring about an amalgamation of the burgher population on both sides of the Vaal."[129] Die beweging was óf nie sterk genoeg dat Clerk sy aandag daaraan geskenk het nie, óf die groep persone wat wel bereid was om die regering van hom oor te neem was fel gekant teen Stander se gedagte van vereniging met Transvaal en om hulle nie van hom te vervreem nie het Clerk niks gedoen om die gedagte te bevorder nie.[130] Dat Clerk nie die vereingingsbeweging sou wou bevorder uit vrees dat 'n verenigde Boere-republiek eventueel 'n bedreiging vir die Britse kolonies kon wees, is nie uitgesluit nie. Toe M.W. Pretorius, wat seggenskap in die opstel van 'n grondwet vir die gebied geëis het, die vrees uitgespreek het dat, hoewel hy nie sy gesag wou uitbrei „binnen 'tgeen ik bestuure kon," daar moeilikheid in Transvaal kon ontstaan as die Britse gesag oor die Soewereiniteit teruggetrek word, het Clerk dit laat deurskemer dat hy geen inmenging van Transvaal in die opsegging van die Soewereiniteit sou duld nie. Clerk was trouens die mening toegedaan dat diegene wat uiteindelik die bestuur van die land sou oorneem, bes sou weet hoe om vir die voorspoed, vrede en veiligheid van die gebied op te tree.[131]

Hoe die Boere in die Soewereiniteit ook al oor hul toekomstige onafhanklikheid verskil het, nl. of dit in 'n eenheidsband met Transvaal moes opgaan en of dit op eie wieke moes vaar, met die geskiedskrywer Cory moet 'n mens volkome saamstem: „They were greatly in favour of abandonment by the British and the taking over of the government themselves."[132] Ook die tydgenoot Orpen erken dat die oorgrote meerderheid

---

129) K.A. C.H.31/1. D.33., 12.10.1852.
130) Vgl. Midgley, op. cit., p.551.
131) S.C.1/6. M.W. Pretorius aan Clerk, 14.1.1854 en S.C.2/1. Clerk aan M.W. Pretorius, 17.1.1854.
132) Cory, G.E., The Rise of South Africa, Vol VI, in Argiefjaarboerk vir S.A. Geskiedenis, Deel I, (Kaapstad, 1939), p.97.

van die inwoners van die Britse gesag ontslae wou wees.[133] „The great bulk of the Dutch are certainly now in favour of abandonment," skryf die redakteur van The Friend.[134] Meer as 'n duisend persone het ook memories onderteken wat die oorname van die Soewereiniteit bepleit het.[135] Een en almal wat vir die oorgawe was, het hulle ook skerp uitgelaat teenoor die optrede van die Komitee van Afgevaardigdes wat nie die gevoel van die algemene publiek sou vertolk het nie en dus koud gestaan het teenoor die verlange en wense van die meerderheid om 'n onafhanklike staat in die lewe te roep.[136]

Dit kan weliswaar ook sterk betwyfel word of die onafhanklikheidsbeweging wat deur Stander en sy „Maatschappijers" aan die gang gesit en daarna deur die meer gematigdes van die suidelike dele van die Soewereiniteit ondersteun is, deur 'n sterk ontluikende volksgevoel gedra is.[137] Selfs die aanhangers van die gedagte dat alle republikeine een maatskappy of staat moet vorm, het beswaarlik die begrip van volkseenheid in 'n volksbewuste sin begryp, en dit veeleer intuïtief nagevolg omdat die skeiding hulle van hul bloedverwante afgesny het en so 'n skeiding as onnatuurlik voorgekom het. Dit wil voorkom asof die ideaal van Andries Pretorius om alle Afrikaners rondom die republikeinse vryheidsgedagte tot 'n selfbewuste eenheidsvolk saam te snoer, maar vir baie 'n vae skim geword het, want in Transvaal, waar hul staatkundige onafhanklikheid reeds vir twee jaar deur Brittanje erken en gewaarborg is, het die praktyk 'n jammerlike gemis aan volkseenheid openbaar. Die bestaande eenheidstrewe was hoogstens deur tradisionele en emosionele faktore gekondisioneer — dit was 'n eenheid

---

133) Orpen, op. cit., p.306.
134) The Friend, 11.2.1854. Vgl. ook The Friend, 10.12.1853.
135) S.C.1/6. Memories aan Clerk, November 1853; The Friend, 31.12.1853 en Van Schoor, op. cit., p.171, oor die betroubaarheid van hierdie memories as 'n weergawe van die wil en wense van die inwoners van die Oranjerivier-Soewereiniteit.
136) Vgl. Van Jaarsveld, op. cit., p.135.
137) Spies, op. cit., p.58.

wat geen bepaalde doelgerigtheid vir die toekoms ingehou het nie; minstens nie 'n eenheid wat toentertyd 'n sterk prikkel tot 'n ontluikende volksbewussyn gehad het nie.

Ook diegene wat ten volle bereid was om die landsregering oor te neem, maar hulle nie by Transvaal wou laat inskakel nie, het dit gedoen nie soseer uit enige brandende volksbewuste vryheidsgedagte nie, maar eerder omdat hulle alle vertroue in die beleid en optrede van die Britse owerheid verloor het om aan hulle 'n veilige en bestendige bestaan in die Soewereiniteit te verseker. Die gees waarin die Soewereiniteit deur diesulkes oorgeneem is, word weerspieël in die woorde van 'n ou Dopper-patriarg in antwoord op 'n vraag wat van die land sou word as die Engelse dit sou verlaat: „Ach laat hulle maar loop, want wanneer het schlecht met ons gaat dan loop hulle weg en wanneer het goed gaan het ons hulle niet noodig."[138] Van die vryheidswoorde wat so sterk in die aanvangsjare van die Groot Trek verneem is, is hier dus weinig sprake. Dit was eerder 'n besondere sameloop van omstandighede, o.m. ook die bevreemde feit dat die Britse owerheid bereid was om sy gesag oor hulle terug te trek, wat die Boere tot 'n slotsom gebring het dat hulle net sowel self die landsbestuur en waarskynlik met groter welslae as die Brit kan behartig. Die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat op 23 Februarie 1854 kan daarom nouliks aan 'n volgehoue strewe na selfregering as uiting van 'n sluimerende volksgevoel toegeskryf word. Die oorname van die regering van sir George Russell Clerk dra eerder die kenmerk van 'n verwisseling van administrasie, eerder as die totstandkoming van onafhanklike Boere-staat. In die eerste artikel van die Bloemfontein-konvensie lui dit wel dat Brittanje „de Ingezetenen vrijspreekende van Haare Onderdaanschap aan den Britschen Kroon; en ze

---

138) Herinneringe van G.A. Fichardt, (Ms. in die Vrystaatse Argief), p.6.

verklaarende, in alle opzigten, en geheel en al, eene vrij en onafhankelijk volk,"[139] en in die eerste oproep aan „Landgenooten! Medeburgers!" deur die waarnemende en eerste president, J.P. Hoffman, kom o.m. ook die woorde voor: „de geboortedag onzer onafhankelykheid;" „tot een in alle deelen vry en onafhankelyk volk verklaard"[140] en „bolwerk van ons Volksbestaan," maar dit was asof hierdie woorde en begrippe nie die hartsnare soos tien - twintig jaar tevore geroer het nie. Die byna onbewoë ontvangs van die nuwe republiek by sy inwoners getuig dat hierdie vryheidsverklaringe heelwat van hul trefkrag verloor het.

Aan bloot uiterlike maatstawwe gemeet was daar dus weinig tekens van 'n volksgevoel onder diegene wat die teuels van sir George Clerk oorgeneem het. Nie dat dit in sy grondslae enigsins afwesig was nie, want juis die bepaalde eenheidstrewe by diegene wat aansluiting by Transvaal wou vind en die doelbewuste strewe by ander om 'n eie selfstandige bestuur te handhaaf, is genoegsame bewys dat daar reeds duidelik voortekens van 'n volksbesef by die Afrikaanssprekendes tussen die Oranje- en Vaalriviere aanwesig was.

---

139) S.A. Argiefstukke. O.V.S., No.1., Volksraadsnotule met bylae, 1854-1855. Bylaag 87(a), p.213.

140) Ibid., Bylaag 82, V.R.16, p.14. Circulaire aan Landgenooten en Medeburgers get. deur J.P. Hoffman, 23.3.1854.

B I B L I O G R A F I E.

1. ARGIVALE BRONNE.

A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

(a) Vrystaatse Staatsargief, Bloemfontein.

1. Argief van die Oranjerivier-Soewereiniteit.

Stukke van die Britse Resident:

Inkomende briewe van die—

Hoëkommissaris, 1847-1852	B.R. 1/1
Distrik Bloemfontein, 1850-1854	B.r. 1/2
Distrik Caledonrivier, 1847-1853 ..	B.R. 1/3
Distrik Vaalrivier en Winburg, 1849-1853	B.R. 1/4
Inboorlinge en Sendelinge, 1848-1853	B.R. 1/5
Transvaal, 1848-1853	B.R. 1/6

Uitgaande briewe van die—

Britse Resident, 1847-1851	B.R. 2/1
Britse Resident, 1850-1851	B.R. 2/2
Britse Resident, 1851-1854	B.R. 2/3

Stukke oor byeenkomste en onderhoude met Inboorling-opperhoofde .. .. B.R. 3/1

Stukke van die Hoëkommissaris:

Inkomende briewe en aangehegte stukke van die—

Britse Resident, 1846-1850	H.C. 1/1
Britse Resident, 1850-1855	H.C. 1/2
Distrik Bloemfontein, 1850-1854	H.C. 1/3
Distrik Caledonrivier, 1848-1852 ..	H.C. 1/4
Distrik Vaalrivier, 1849-1851	H.C. 1/5
Distrik Winburg, 1848-1852	H.C. 1/6
Inboorlinge en Sendelinge, 1848-1854	H.C. 1/7
Kaapkolonie, 1848-1853	H.C. 1/8
Natal, 1851-1852	H.C. 1/9
Transvaal, 1847-1854	H.C. 1/10
Colonial Office, 1841-1851	H.C. 1/11
Richard Southey, 1848-1849	H.C. 1/12
Richard Southey (Memos), 1848-1851 ..	H.C. 1/13
Assistent-kommissarisse, 1851-1853 ..	H.C. 1/14
Spesiale Kommissaris, 1853-1854	H.C. 1/15
Uitgaande briewe	H.C. 2/1
Proklamasies en Goewermentskennisgewinge	H.C. 3/8
Verdrae met Inboorling-opperhoofde ..	H.C. 3/9

Stukke van die Assistent-kommissarisse:

Inkomende briewe en aangehegte stukke van die—

Hoëkommissaris, 1851-1853	A.C. 1/1
Distrik Bloemfontein, 1850-1853	A.C. 1/2
Distrik Caledonrivier, 1851-1852 ..	A.C. 1/3
Distrik Vaalrivier, 1852-1853	A.C. 1/4
Distrik Winburg, 1851-1852	A.C. 1/5
Inboorlinge en Sendelinge, 1851-1853	A.C. 1/6
Kaapkolonie, 1851-1853	A.C. 1/7

Transvaal, 1852 - 1853 .. .. A.C. 1/8

Uitgaande briewe van die—
Assistent-kommissarisse, 1851-1853 .. A.C. 2/1

Stukke van die Spesiale Kommissaris:

Inkomende briewe en aangehegte stukke van die—
Hoëkommissaris, 1853-1855 .. .. S.C. 1/1
Distrik Bloemfontein, 1853-1854 .. .. S.C. 1/2
Distrik Caledonrivier, 1854-1854 .. S.C. 1/3
Distrik Vaalrivier, 1853-1854 .. .. S.C. 1/4
Inboorlinge en Sendelinge, 1853-1855 S.C. 1/5
Memories, 1853-1854 .. .. S.C. 1/6
Kaapkolonie, 1854-1855 .. .. S.C. 1/7
Transvaal, 1854-1855 .. .. S.C. 1/6

Uitgaande briewe van die—
Spesiale Kommissaris, 1853-1855 .. .. S.C. 2/1
Dito. (aan die Colonial Office), 1853-1855 .. .. S.C. 2/2
Stukke oor die Inboorling-grense, 1834-1852 .. .. S.C. 3/1
Memorandum oor die Inboorling-onluste van 1851 .. .. S.C. 3/2
Verbeurdverklaring van opgelegde boetes, 1852 .. .. S.C. 3/7
Terugbetaling van boetes in 1852 opgelê S.C. 3/8
Plase aan Britse setlaars toegeken .. S.C. 4/2

Notule van die Wetgewende Raad, 1849-1852 W.R. 1/1

2. Argief van die Oranje-Vrystaat.
Notule van die Raad van Representanten .. V.R. 16
Bylaes van die Volksraad van die O.V.S... V.R.
Aanwinste:
Brieweboek van Andrew Hudson Bain, Boer en Spekulant, 1840-1845 .. .. Ms.
Brieweboek van James Cameron, Wesleyaanse Sendeling, 1830-1849 .. .. Ms.
Herinneringe van Gustav A. Fichardt, Handelaar .. .. Ms.

(b) Transvaalse Staatsargief, Pretoria.

1. Argief van die Volksraad.
Notule van die Volksraad, 1845-1849 .. EVR. 1
Notule van die Volksraad, 1845-1849 .. EVR. 2
Notule van die Volksraad, 1849-1856 .. EVR. 3

2. Inkomende Stukke aan die Volksraad
Inkomende en uitgaande briewe, ens., 1845-1849 .. .. EVR. 104
Inkomende stukke, 1850-1851 .. .. EVR. 105
Inkomende stukke, 1852-1853 .. .. EVR. 106

3. Departement van die Staatsekretaris.
Ontvange stukke (vgl. Voortrekker-Argief-stukke) S.S.1. R1/R189
Ontvange stukke, 1850-1851 .. .. S.S.2. R190/359A
Ontvange stukke, 1852 .. .. S.S.3. R360/479A
Ontvange stukke, 1853 .. .. S.S.4. R.480/596
Ontvange stukke, 1854-1855 .. .. S.S.5. R597/852

4. Argief van Prof. Lauts.
   Oorspronklike briewe, kopieë, memoranda, koerante en koerant-uitknipsels, 1844-1864

(c) Kaapse Staatsargief, Kaapstad.

1. Government House Records.
   Verslae van die Lt.-goewerneur van die Oostelike Provinsie .. .. G.H. 8/10
   Inkomende briewe van die Inboorling-opperhoofde en Kommissarisse en Resident Magistrate .. .. G.H. 8/47
   Stukke ontvang van die—
   Britse Resident, Bloemfontein, 1845-1847 .. .. G.H. 10/1
   Britse Resident, Bloemfontein, 1847-1849 .. .. G.H. 10/2
   Britse Resident, Bloemfontein, 1848-1849 .. .. G.H. 10/3
   Verdrae met die inboorling-opperhoofde en ander stukke, 1833-1834 .. .. .. G.H. 19/4
   Stukke oor die Noord-oostelike grens, 1843-1847 .. .. G.H. 19/7
   Verskeie stukke ontvang, 1848 .. .. .. G.H. 22/3
   Verskeie stukke ontvang, 1848 .. .. .. G.H. 22/4
   Verslae aan die Sekretaris van Staat, Londen, 1847-1849 .. .. G.H. 23/18

2. Argief van die Colonial Office.
   Verskeie stukke uit .. .. C.O. 367 en C.O. 4899

B. GEPUBLISEERDE BRONNE.

(a) Amptelik:

Imperiale bloubceke:

Correspondence re the establishment of the settlement of Natal, and the rebellion of the Boers.

Despatches from Sir. H. Southey and Earl Grey re the Emigrant Boers, Panda and the battle of Boomplaats, (1849-1850).

Correspondence ... relative to assumption of Sovereignty over the territory between the Vaal and Orange Rivers. 19 May, 1851 (1851-1860).

idem. 31 May, 1853 (1853-1646).

idem. 10 April, 1854 (1854-1758).

Cape of Good Hope Blue Books, 1838-1852.

(b) Ander:

Bell, K.N. en Morell, W., Select on British Colonial Policy, 1830-1860, (Oxford, 1928).

Bird, J., The annals of Natal. 1495-1845, (Pietermartizburg, 1888).

Cathcart, G., Correspondence of Lieut.-General the Hon. George Cathcart, K.C.B., relative to his military operations in Kaffraria, until the termination of the Kafir war, and to his

measures for the future maintenance of peace on that frontier, and the protection and welfare of the people of South Africa, (Londen, 1856).

Chase, J., Natal, a re-print of all the authentic ncties - descriptions - public acts and documents - petitions - manifestoes - correspondence - government advertisements and proclamations - bulletins and military despatches relative to Natal, with a narrative of events at that settlement, (Grahamstad, 1843).

Daghregister gehouden by den Oppercoopman Jan Authonisz Van Riebeeck, 1652-1662, versorg deur D.B. Bosman en H.B. Thom, drie dele, (Kaapstad, 1955-1957).

De Mist, J.A., Memorie houdende de consideratiën en advijs van het Departement tot de Indische Zaaken, etc., afgedruk in die Van Riebeeck-vereniging-uitgawe, No.3, (Kaapstad, 1920).

Dreyer, A., Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Amptelike en ander stukke versamel, van aantekeninge voorsien, (Kaapstad 1929).

Eybers, G.W., Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop (1805) in Werken uitgegeven door het Historisch Genootschap, (Amsterdam, 1922).

Eybers, G.W., Select constitutional documents illustrating South African history, 1795-1910, (Londen, 1918).

Gerdener, G., Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde kerk in die Transgariep, (Kaapstad, 1930).

Molesworth, W., Materials for a speech in defence of the policy of abandoning the Orange River Territory. May 1854, (Londen, 1854).

Molesworth, W., Selected speeches on colonial policy, (Londen, 1903).

Preller, G.S., Voortrekkermense ... oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek, met aantekeninge en bijlaë, Ses dele, (Kaapstad, 1918, 1920, 1922, 1925 en 1938).

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat, No.1, Volksraadnotule met bylae, 1854-1855; afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur W.B. Van der Vyver, (Kaapstad, Staatsdrukker, 1952).

Theal, G.M., Belangryke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika. Deel III (Londen, 1911).

Theal, G.M., Basutoland records Copies of official documents of various kinds, accounts of travellers, Dele I en II, (Kaapstad, 1883).

Theal, G.M., Records of the Cape Colony, 32 dele, (Londen, 1897-1905).

Transvaalse Argiefstukke. Staatsekretaris; Inkomende Stukke, 1850-1853, afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur D.W. Krynauw en H.S. Pretorius, (Pretoria, 1949).

Treaties entered into by Governors of the Colony

of the Cape of Good Hope and other British Authorities with Native Chiefs, tains and others beyond the Border of the Colony between the years 1803 and 1854, (Kaapstad, 1857).

Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849, afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur H.S. Pretorius en D.W. Kruyer met medewerking van dr. C. Beyers, (Pretoria, Staatsdrukker, 1937).

Voortrekker wetgewing. Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845. Met inleiding en aantekeninge van G.S. Preller. (In opdrag van die Suid Afr. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns), (Pretoria, 1924).

II. LETTERKUNDIGE BRONNE.

A. PERIODIEKE PUBLIKASIES.

(a) Amptelik:

Cape of Good Hope Government Gazette, 1800-1854.

The Bloemfontein Gazette, 10.6.1850-1854. (Ingelyf by The Friend of the Sovereignty).

(b) Ander:

The Eastern Province News and Port Elizabeth Journal of Commerce, 1850-1854.

The Friend of the Sovereignty and Bloemfontein Gazette, (De Vriend van de Souveriniteit en Bloem Fonteinsche Courant), 10 Junie 1850-1854.

The Grahamstown Journal, 1831-1854.

Het Kaapsche Grensblad, 1844 - Apr. 1851; 22.5.1852 - 1854.

The Mediator, 1838.

Natal Witness, 1846-1854.

De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aanteekenaar, 1844-1846.

Port Elizabeth Telegraph, 1848-1854.

The S.A. Commercial Advertiser, 1824-1854.

De Ware Afrikaan, 1838-1842.

De Zuid-Afrikaan, 1830-1854.

Het Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift.

B. KONTEMPORÊRE WERKE, REISBESKRYWINGE, HERINNERINGE, DAGBOEKE, ens.

Adderley, C.B., Review of "The colonial policy of Lord John Russel's administration," by Earl Grey, 1853; and of subsequent colonial history, (p.o., 1869).

Arbousset, T. en Daumas, F., Narrative of an exploratory tour to the North-East of the Colony of the Cape of Good Hope, (Kaapstad, 1846).

Backhouse, J., A narrative of a visit to the Mauritius and South Africa, (Londen, 1844)

Barrow, J., An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, II, (Londen, 1804).

Bird, J., The Early days of Natal, (p.o., 1886).

Boyce, W.B., Notes on South African Affairs from 1834 to 1838, (Grahamstad, 1838).

Bredell, H.C. en Grobler, P., Gedenkschriften van Paul Krüger, (Pretoria, 1902).

Broadbend, S., A narrative of the first introduction of Christianity amongst the Barolong tribe of Bechuanas, South Africa with a brief summary of the subsequent history of the Wesleyan mission mission to the same people, (Londen, 1865).

Campbell, J., Travels in South Africa, (Londen, 1815).

Casalis, E., The Basutos; or, Twenty-three years in South Africa, (Londen, 1861).

Chapman, J., Travels in the interior of South Africa, comprising fifteen years hunting and trading; with journeys across the continent from Natal to Walvisch Bay, and visits to Lake Ngami and the Victoria Falls, Dele I en II, (Londen, 1868).

Cloete, H., Five lectures on the emigration of the Dutch farmers from the Colony of the Cape of Good Hope, and their settlement in the district of Natal, until their formal submission to her Majesty's authority, in the year 1843, (Kaapstad, 1856).

Collins, W.W., Free Statia, (Bloemfontein, 1907).

Cumming, R.G., The lion hunter of South Africa; five year's adventures in the far interior of South Africa, with notices of the native tribes and savage animals, (Londen, 1904).

Dehérain, H.,L'Expansion des Boers au xixe siècle, etc. (Parys, 1905).

Edwards, J., Reminiscences of the early life and missionary labours of the Rev. John Edwards, fifty years a Wesleyan missionary in South Africa, geredigeer deur eerw. Wm. Clifford Holden, (Grahamstad, 1883).

Fouché, L., Het Dagboek van Adam Tas, 1705-1706, (Londen, 1914).

Fouché, L., Evolutie van die Trekboer, (Pretoria, (1909).

Freeman, J.J., A tour in South Africa, with notices of Natal, Mauritius, Madagascar, Ceylon, Egypt, and Palestine, (Londen, 1851).

Godlonton, R., Case of the Colonists of the Eastern Frontier of the Cape of Good Hope in reference to the Kafir wars of 1835-1836 and 1846, (Grahamstad, 1879).

Grey, H., The colonial policy of Lord John Russell's administration, Dele I en II, (Londen, 1853).

Harris, W.C., The wild sports of Southern Africa; being the narrative of an expedition from the Cape of Good Hope, through the territories of the chief Moselekatse, to the tropic of capricorn, (Londen, 1839).

Holden, W.C., History of the colony of Natal, South Africa. To which is added an appendix, containing a brief history of the Orange-River Sovereignty and of the various races inhabiting it, the great lake N'Gami, commandoes of the Dutch boers, etc., etc., (Londen, 1855).

Hofstede, H.J., Geskiedenis van den Oranje-Vrijstaat, ('s-Gravenhage 1876).

Kestell, J.D., Die Voortrekkers; 'n kort geskiedsverhaal, (Kaapstad, 1920).

Lauts, U., De Kaapsche Landsverhuizers of Meerlands Afstammelingen in Zuid-Afrika, (Leyden, 1847).

Lichtenstein, Reizen in het zuidelyk gedeelte van Afrika in de jaren 180?-1806, II, (Vertaal deur W. Goede, Dordrecht, 1813).

Lucas, T.J., Camp life and sport in South Africa. Experiences of Kaffir warfare with the Cape Mounted Rifles, (Londen, 1878).

Moodie, D., Saxon Nomads, in The Annals of South Africa, (Pietermaritzburg, 1855).

Murray, A.S., Memoir and correspondence of the late capt. Arthur Stormont Murray, of the 1st Battalion of the rifle brigade. By his father, General the Hon. Henry Murray, C.B., (Londen, 1859).

Norris-Newman, C.L., With the Boers in the Transvaal and the Orange Free State in 1880-1881, (Londen, 2de. uitgawe).

(Orpen, J.M.), History of the Basutos of South Africa, (Cape Town, 1857).

Orpen, J.M., Reminiscences of life in South Africa from 1846 to the present day, with historical researches, (Durban, ? ?).

Philip, J., Researches in South Africa; Vol.I & II, (Londen, 1828).

Shaw, B., Memorials of Southern Africa, (Londen, 1841).

Smith, A., The diary of Dr. Andrew Smith, director of the "Expedition for exploring Central Africa," 1834-1836, (Van Riebeeck-vereniging, No.'s 20 en 21, Kaapstad, 1939, 1940).

Steedman, A., Wanderings and adventures in the interior of Southern Africa., (Londen, 1835).

Steenkamp, A., Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek, deur 'n paar saamwerkers, (Pietermaritzburg, 1939).

Stuart, J., De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, (Amsterdam, 1854).

Trichardt, L., Dagboek van Louis Trichardt, 1836-1838, geredigeer en van aantekeninge voorsien deur C.S. Preller, (Kaapstad, 1938).

Thompson, G., Travels and adventures in Southern Africa, (Londen, 1827). Comprising a view of the present state of the Cape Colony, with observations on the progress and prospects of the

British emigrants.

Uys, D.C., Die Voortrekkers. De Trek van 1835 ... ens., (plek en jaartal onvermeld).

III. LITTERATUUR.

A. GEPUBLISEERDE WERKE EN ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE.

Agar-Hamilton, J.A.I., The native policy of the Voortrekkers. An essay in the history of the interior of South Africa - 1836-1858, (Cape Town, 1928).

Badenhorst, J.D., The abandonment of the Sovereignty, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1931).

Badenhorst, W.J., Andries Pretorius en die totstandkoming van die Sandrivier-konvensie, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1931.

Barnard, B., 'n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1948, I, (Kaapstad, 1948).

Berliner Missionare und Missionarskinder; Süd-Afrika, 1833-1930. Herausgegeben von Nachkommen Berliner Missionare in Süd-Afrika, (1930).

Berlynse sending-genootskap, Honderd jaar Berlynse sending, (Pretoria, g.d.).

Beyers, C., Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, (Kaapstad, 1941).

Beyers, C., Die Kaapse Patriotte, 1779-1791, (Kaapstad, 1929).

Blok, P.J., Geschiedenis van het Nederlandsche Volk, deel VI, (Groningen, 19).

Boëseken, A.J., Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1944, (Kaapstad, 1944)

Boshoff, S.P.E., Volk en Taal van Suid-Afrika, (Pretoria, 1921).

Bosman, F.C.L., Drama en toneel in Suid-Afrika, (Kaapstad, 1928).

Botha, P.R., Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds. Transvaal 1844-1899, (Amsterdam, 1926).

Brookes, E.H., The history of native policy in South Africa from 1830 to the present day, (Kaapstad, 1924).

Bryden, H.A., The victorian era in South Africa: a short history of progress from the Cape to British Central Africa during her majesty's reign, 1837 to 1897, (Londen, "The African Critic," 1897).

Bryden, H.A., A history of South Africa, from the first settlement by the Dutch, 1652, to the year 1903, (Edinburgh, 1904).

The Cambridge history of the British Empire,

Volume VIII: South Africa, Rhodesia and the protectorates, (Cambridge, 1936).

Cana, F.R., South Africa from the Great Trek to the Union, (Londen, 1909).

Coetzee, F., Lewensbeskrywing van Kommandant-Generaal J.I.J. Fick, 1816-1892, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.) 1947).

Coetzee, J.A., Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, (Johannesburg, 1941).

Colenbrander, H.T., De Afkomst der Boeren, (A.N.V., 1902).

Conradie, E., Hollandse skrywers uit Suid-Afrika, 1652-1875, Deel I, (Pretoria, 1934).

Cory, G.E., The Rise of South Africa. A history of the origin of South African colonisation and of its development towards the East from the earliest times to 1857, Deel 4-6 (Londen, 1921). (Deel 6 is in Die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1939, I, gepubliseer).

De Kiewiet, C.W., British colonial policy and the South African republics, 1848-1872, (Londen, 1929).

Dower, W., The early annals of Kokstad and Griqualand East, (Port Elizabeth, 1902).

Dreyer, A., Die Voortrekkers en hul kerk. Sketse uit die kerklike geskiedenis van die Groot Trek, (Kaapstad, 1932).

Du Plessis, A.J., Die Republiek Natalia in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1942, I, (Kaapstad, 1942).

Du Plessis, J., Het leven van Andrew Murray, (Kaapstad, 1920).

Du Plessis, J., A history of christian missions in South Africa, (Londen, 1911).

Du Plessis, J.S., Die Ontstaan en Ontwikkeling van die amp van Staatspresident in die Z.A.R., 1858-1902, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis 1955, I, (Kaapstad, 1955).

Du Toit, A.G. en Steenkamp, L., Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek, (Pietermaritzburg, 1939).

Duvenhage, G.D.J., Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld, 1847-1852, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1955). Sedertdien in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1956, I , verskyn).

Eerste Nederlandse Systematisch Ingerichte Encyclopaedie, Deel III, (Amsterdam, 1947).

Edwards, I., Towards Emanicipation. A Study in South African Slavery, (Cardiff, 1942).

Egerton, H.E., A Short History of British Colo- Policy, 1606-1909, (Londen, 1932).

Ellenberger, D.F., History of the Basuto; ancient and modern, (Londen, 1912).

Engelbrecht, S.P., Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, (Kaapstad/

Pretoria, 1953).

Fauresmith, N.G. gemeente, Ons jubelfeest 1848-1898, (Kaapstad 1898).

Fourie, P.C., Die Administrasie van die O.V.S. tot 1859, (Tesis: M.A. (Universiteit Pretoria) 1960).

Franken, J.L.M., Piet Retief se Lewe in die Kaapkolonie, (Kaapstad, 1949).

Fruin, R., Verspreide Geschriften, Deel IV,

Geen, M.S., The influence of the Missionaries on the History of Basutoland from 1833 to the Annexation by the British Government in 1868, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1928).

Gerdener, G.B.A., Ons kerk in die Transgariep. Geskiedenis van die Ned. Geref. kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal, (Kaapstad, 1934).

Gerdener, G.B.A., Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag. Lewenskets van die grote Voortrekker, (Kaapstad, 1919).

Gerdener, G.B.A., Deur 'n eeu gelei. Gedenkskrif by die eeufees van die gemeente Smithfield, O.V.S., (Smithfield, 1948).

Geyl, P., Geschiedenis van de Nederlandse Stam, dele I en III, (Amsterdam, 1930).

Gey van Pittius, E.F.W., Aktuele Politieke Vraagstukke, (Pretoria, 1945).

Gey van Pittius, E.F.W., Staatsopvattinge van die Voortrekkers en die Boere, (Pretoria, 1941).

Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, (Stellenbosch, 1924).

Godée Molsbergen, E.C., De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck, (Amsterdam, 1912).

Gray, M.W.T., Stories of the early American missionaries in South Africa, (Cape Town,).

Greswell, W., Our South African Empire, Dele I en II, (Londen, 1885).

Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, Tweede Jaargang, Deel II, 1939, (Kaapstad, 1939).

Groen van Prinsteren, Handboek der Geschiedenis der Vaderland, (Amsterdam).

Herz, F., Nationality in History and Politics. A study of the Psychology and Sociology of National Sentiment and Character, (Londen, 1944).

Hoge, J., Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1946, (Kaapstad, 1946).

Huizinga, J., Nederland's Beschaving in de Zeventiende Eeuw, (Haarlem, 19).

Huizinga, J., Tien Studien, (Haarlem, 1926).

Jansen, E.G., Die Voortrekkers in Natal, (Kaapstad, 1938).

Jooste, H.S.J.R., Die Verdragstelsel met spesiale

verwysing na die verdrae met A. Kok en Mosjes, (Tesis: M.A. (Universiteit van Stellenbosch) 1939).

Kotze, C.R., Die geskiedenis van die Barolong, tot 1851, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1938).

Kotzé, D.J., Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Matabeles, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1950, I, (Kaapstad, 1950).

Kruger, D.W., Die Weg na die See, (in Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, deel I, 1938).

Liebenberg, B.J., Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan, (Tesis: M.A. (Universiteit van die O.V.S.) 1959).

Leipoldt, C.L., Die Groot Trek, (Kaapstad, 1938).

Lenk, von, H., Die Geschichte der Buren. 1652-1899, (Leipzig, 1901).

Leyds, W.J., ...De eerste annexatie van de Transvaal, (Amsterdam, 1906).

Lubbe, J.J., Lewensomstandighede en opvoeding van die Voortrekkerkind, (Bloemfontein, 1942).

MacCrone, I.D., Race Attitudes in South Africa, Historical, Experimental and Psychological Studies, (Oxford, 1937).

McDougall, W., The Group Mind, (Cambridge, 1927).

McGill, D.C., The British policy and the emigrants, (Tesis: M.A. (Universiteit van S.A.), 1934).

McGill, D.C., A history of the Transvaal, 1833-1864, (Proefskrif: Ph.D. (Universiteit van Kaapstad), 1943).

Macmillan, W.M., Bantu, Boer and Briton: the making of the South African native problem, (Londen, 1929).

Macmillan, W.M., The Cape Colour Question, (Londen, 1927).

Malan, J.H., Boer en Barbaar of die lotgevalle van die Voortrekkers veral tussen die jare 1835 en 1840, (Potchefstroom, 1913).

Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek of die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863, (Bloemfontein, 1929).

Marais, J.S., Maynier and the first Boer Republic, (Kaapstad, 1944).

Meyer, P.J., Die Afrikaner, (Bloemfontein, 1940).

Midgley, J.F., The Orange River Sovereignty, 1848-1854, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1949, I, (Kaapstad, 1949).

Mohl, M.O., Die Boers. Bilder und Schilderungen aus den? Leben der Freiheitskämpfer, in Süd-Afrika, (Leipzig, 1881?).

Moodie, D.C.F., The history of the battles and adventures of the British, the Boers, and the Zulus, etc., in Southern Africa from the time of Pharaoh Necho, to 1880, Deel II, (Cape Town, 1888).

Moorrees, A., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, (Kaapstad 1837).

Muller, C.F.J., Die Britse Owerheid en die Groot Trek, (Kaapstad/Johannesburg, 1948).

Muller, C.F.J., Waarom die Groot geslaag het, (Medeling van die Universiteit van S.A., B.12, Pretoria, 1960).

Muller, H.P.N., Oude Tijden in den Oranje-Vrystaat, (Leiden, 1907).

Nathan, M., Die Epos van Trichardt en Van Rensburg, (Pretoria, 1938).

Nathan, M., The Voortrekkers of South Africa: from the earliest times to the foundation of the republics, (Londen, 1937).

Nepgen, C.C., Die Sosiale Gewete van die Afrikaanssprekendes, (Stellenbosch, 1938).

Nienaber, P.J., (Samesteller), Spore van die Kakebeenwa. 'n Terugblik oor die Groot Trek, (Johannesburg, 1949).

Noble, J., South Africa, Past and Present, (Londen, 1877).

Oberholster, J.J., Die Burger-Senaat, 1795-1828, (Tesis: M.A. (Universiteit van Stellenbosch), 1937).

Pelzer, A.N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare, (Kaapstad/Amsterdam, 1950).

Postma, W., (Dr. O'Kulis), Doppers, (Bloemfontein, 1918).

Potgieter, C. en Theunissen, N.H., Kommandant-generaal Hendrik Potgieter, (Johannesburg, 1938).

Preller, G.S., Andries Pretorius; lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal, (Johannesburg, 1937).

Preller, G.S., Piet Retief. Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker, (Pretoria, 1930 - 10de druk).

Renan, E., Qu 'est-ce qu'une nation?, (Paris, 1822).

Romein, J., In Opdracht van de Tijd, (Amsterdam, 1946).

Rooseboom, H. (red.), The romance of the Great Trek; a collection of authoritative articles on the life and times of the Voortrekkers, (Pretoria, 1949).

Roux, P.E., Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die H.O.I.K., 1652-1795, (Kaapstad, 1925).

Schmidt, W., Der Kulturaanteil des Deutschtums am Afbau des Burenvolks, (Hannover, 1938).

Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Deel I, (Johannesburg, 1947?).

Scholtz, G.D., Die Geskiedenis van die Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1885, (Johannesburg, 1956).

Scholtz, G.D., Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952, (Johannesburg, 1954).

Scholtz, J. du P., Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875, (Kaapstad, 1939).

Schutte, C.E.G., Dr. John Philip's Observations regarding the Hottentots of South Africa in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1940, I, (Kaapstad, 1940).

Smith, E.W., The life and times of Daniel Lindley, (Londen, 1949).

Smith, H.G., The autobiography of Lieutenant-General Sir Harry Smith ... edited with the addition of some supplementary chapters by G.C. Moore Smith, Deel II, (Londen, 1901).

Spoelstra, C., Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, (Kampen, 1915).

Spies, F.J. du T., Hamelberg en die Oranje-Vrystaat, (Amsterdam, 1941).

Steenkamp, L.S., Onderwys vir blankes in Natal, 1824-1910, (Pretoria, 1941).

Stockenström, A., The Autobiography of A. Stockenström (uitgegee deur C.W. Hutton), (Kaapstad, 1887).

Stow, G.W., The native races of South Africa, (Londen, 1910).

Theal, G.McC., The history of South Africa, Vol.1: Etnografie en toestande in Suid-Afrika voor A.D. 1505; Vol. 2-4 (of serie 1, vol. 1-3): Geskiedenis van Suid-Afrika vanaf 1505 tot 1795; Vol. 5-9 (of serie 2, vol. 1-5): Geskiedenis van Suid-Afrika vanaf 1795 tot 1872.

Theal, G.M., Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches, (Kaapstad, 1913).

Thom, H.B., Die Geloftekerk en Ander Studies oor die Groot Trek, (Kaapstad, 1945).

Thom, H.B., Die Lewe van Gert Maritz, (Kaapstad, 1947).

Tudhope, J., The Voortrekkers of South Africa, (Durban, 1891).

Uys, C.J., In the Era of Shepstone....1842-1877, (Lovedale, 1933).

Van Biljon, P., Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika, (Kaapstad, 1947).

Van den Heever, C.M. en Pienaar, (redakteurs), Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, dele I, II en III, (Kaapstad, 1945-1850).

Van der Merwe, P.J., Die Noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek, (Den Haag, 1937).

Van der Merwe, P.J., Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, (Kaapstad, 1938).

Van der Merwe, P.J., Trek, (Kaapstad, 1945).

Van der Walt, A.J.H., Die Ausdehnung der Kolonie

am Kap der Guten Hoffnung, 1700-1779, (Berlin, 1928).

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, dele I en II, (Kaapstad, 1951).

Van der Walt, L.B., Die ontstaan en groei van Winburg, (Bloemfontein, 1928).

Van Jaarsveld, F.A., Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaner, Deel I, Pioniersharts-togte, 1836-1864, (Johannesburg, 1951).

Van Jaarsveld, F.A., Die Ontwaking van die Afri-kaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881, (Johannes-burg, 1957).

Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek, (Amsterdam, 1898).

Van Schoor, M.C.E., Politieke groeperinge in Transgariep. 'n Differensiëring van politieke groepe tussen die Groot- en Vaalriviere van die vroegste jare tot en met die Bloemfontein-kon-vensie 23 Februarie 1854, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1950, Deel II, (Kaapstad, 1950).

Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., Republieke en Republikeine, (Kaapstad, 1960).

Venter, P.J., Landdros en Heemrade (1682-1827) in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1940, II, (Kaapstad, 1940).

Venter, W.A., Die geskiedenis van die Nederduitse-Gereformeerde gemeente Bloemfontein gedurende die pioniersjare, 1848-1880, (Tesis: M.A. (Uni-versiteit van die O.V.S.), 1953).

Visser, C.A., The Great Trek and Transorangia; or the immediate effect of the Great Trek on the Cape Colony's relation with the tribes living on its northern and north-eastern frontiers. (Thesis: M.A. (Universiteit van Witwatersrand), 1938).

Voigt, J.C., Fifty years of the history of the republic in South Africa 1795-1845, Dele I en II, (Londen, 1899).

Vogel, J.A., Konstitusionele eksperimente van die Boere 1836-1877. (Tesis: M.A. (Universi-teit van Pretoria), 1932).

Walker, E.A., A history of South Africa, (Londen, 1941, tweede uitgawe).

Walker, E., The Frontier Tradition in South Africa, (Oxford, 1930).

Walker, E.A., The Great Trek, (Londen, 1938, tweede uitgawe).

Warden, C., Reminiscences of the early days of the Orange Free State; lecture delivered at the literary institute, Harrismith, on Thursday, May 18, 1899, (Harrismith, 1899).

Weilbach, J.D., en Du Plessis, C.N.J., Geschiede-nis van de emigranten boeren en van den Vrij-heidsoorlog, (Kaapstad, 1882).

Wieringa, P.A.C., De oudste Boeren-republieken

Graaff-Reinet en Swellendam van 1775 tot 1806, (Den Haag, 1921).

Wichmann, F.A.F., Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860, in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1941, II, (Kaapstad, 1941).

Wilmot, A., Life and Times of Richard Southey, (Londen, 1904).

Wypkema, A., De invloed van Nederland op de ontstaan en ontwikkeling van de Staatsinstellingen der Z.A. Republiek tot 1881, (Pretoria, 1937).

B. ARTIKELS.

Blok, T., Die Oranje-Rivier-Soewereiniteit in die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, II, 1923-1924.

Bokhorst, M., Nederlands of Duits in Historiese Studies, Jaargang 2, no's. 1 en 2, 1940.

Bosman, F.C.L., Die Invloed van die Hugenote op die Afrikaanse Volkskarakter en Kultuur in Historiese Studies, (Jaargang I, no. 3), Des. 1939.

Bosman, I.D., Die Voortrekkers en hul Britse Onderdaanskap in Voortrekker Gedenkboek van die Universiteit Pretoria, (Pretoria, 1938).

Bosman, I.D., Wet en Orde deur Voortrekkers gehandhaaf in Byvoegsel tot Die Burger, 1.12.1938.

Bosman, I.D., Die ontruiming van die Oranjerivier-Soewereiniteit 1854 in Historiese Studies, Jaargang I, no. 1, Julie 1939.

Coetzee, P.C., Gert Maritz vs. Piet Retief in Historiese Studies, Jaargang III, no's. 3-4, Okt.-Des. 1942.

Franken, J.L.M., Hendrik Bibault - 'n Opkoms van 'n volk in Die Huisgenoot, 21.9.1928.

Fouché, L., Die Karakter van die Voortrekkers in die Gedenkuitgawe, Die Huisgenoot, Desember 1938.

Gey van Pittius, D.F.W., Die Vryheidsideale van die Voortrekkers in Voortrekker-Gedenkboek van die U. Pretoria

Malan, F.S., Wat ons aan die Hugenote verskuldig is in Die Huisgenoot, 15.9.1939.

Muller, J.W., Die uitbreiding van ons taalgebied in de seventiende eeuw in De Nieuwe Taalgids, deel XV.

Pelzer, A.N., Die Drang na Vryheid die vernaamste oorsaak van die Groot Trek in Die Huisgenoot.

Pont, D., Die Betekenis van die Groot Trek vir ons Gemenereg in Voortrekker-Gedenkboek van die U.P., (Pretoria, 1938).

Preller, G.S., Voortrekker en Trekboere in die Vaderland, 7.12.1938.

Pretorius, H.S., Die Eerste Grondwet in Gedenkuitgawe, Die Huisgenoot, Desember 1938.

Scholtz, G.D., Die Ontstaan en Wese van die Suid-

Afrikaanse Rassepatroon, referaat in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Jaargang 9, no. 4.

Spies, F.J. du T., Engelse Gesindhede in die Vrystaatse Republiek in Hertzog Annale, Jaargang III, no. 7, Desember 1954.

Spoelstra, J., Waarom Retief vermoor is, in Gedenk-uitgawe, Die Huisgenoot, Desember 1938.

Spranger, E., Wohlfarhtsethiek und Opferethiek in der Weltenscheidungen der Gegenwart in Die Erziehung 5 Jahrg./Heft 7 April 1930.

Swart, M.J., Die invloed van die isolasiefaktor op die vorming van die Afrikaner tot 1850 in die Hertzog Annale, Jaargang VII, no. 11, Desember 1958.

Uys, C.J., Christianity and Democracy in South Africa in The Friend, 14 en 18.4.1856 (ook as afsonderlike pamflet uitgegee).

Uys, C.J., Die Moord op Retief, in Die Huisgenoot, 18.12.1942.

Uys, C.J., Loopbaan van 'n Stigter, in Die Huisgenoot, 29.3.1946.

Van den Heever, Die Afrikaanse Gedagte in Die Kultuur-geskiedenis van die Afrikaner, Deel I, (Kaapstad, 1945).

Van der Merwe, P.J., Die nuwe Vaderland in Die Huisgenoot, 15.9.1939.

Van der Walt, A.J.H., Exodus van die Boervolk in Koers, Deel IV, no. 3, Desember 1938.

Van der Walt, A.J.H., Hlomo Amabutho, in Gedenk-uitgawe. Die Huisgenoot, Desember 1938.

Van der Walt, A.J.H., Die Agtergrond in Die Huisgenoot, 15.9.1939.

Van der Westhuizen, H.M., Die Kultuurbewuswording van die Afrikaner in Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel III, (Kaapstad, 1950).

Van Jaarsveld, F.A., Om die Wieg van Suid-Afrika in Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, Nuwe Reeks, Deel XII, Eerste Aflewering, April 1952.

Viljoen, S.P., Die Wording van die Trekboer in Voortrekker Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, (Pretoria, 1938).

Wiid, J.A., Die Betekenis van die Groot Trek in Gedenkuitgawe, Die Huisgenoot, Desember 1938.

Wypkema, A., Die Nederlandse Staatsverwantskap en Kulturele Bydrae, in Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel I, (Kaapstad, 1945).

Wypkema, A., Die Volkstemidee in Suid-Afrika in Historiese Studies, Jaargang I, no. 1, 1939.